



VAN DER VYVER, E.Y.

'N KONTEKS VIR DIE BEPALING VAN 'N INHOUD VAN 'N KURSUS OOR DIE
ARGITEKTUURGESKIEDENIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING.

MArch

UP

2001

Die finansiële bystand van die Sentrum vir Wetenskap Ontwikkeling (RGN Suid-Afrika) tot hierdie navorsing word erken. Menings wat hierin uitgedruk word en gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die outeur en nie noodwendig dié van die Sentrum vir Wetenskap Ontwikkeling nie.

'n Konteks vir die bepaling van 'n inhoud van 'n kursus oor die argitektuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse omgewing.

deur

Elizabeth Yolanda van der Vyver

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereiste vir die graad MArch
In die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingstechnologie
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Pretoria

Oktober, 2001

INHOUDSOPGAWE

	p.
LYS VAN FIGURE	xii
VOORWOORD	xii
BEDANKINGS	xiii

HOOFSTUK 1

DIE PROBLEEM EN SY OMGEWING

1.1	PROBLEEMSTELLINGS EN HIPOTESES	1
1.1.1	Hoofprobleem	1
1.1.2	Hoofhipotese	1
1.1.3	Subprobleem 1	1
1.1.4	Subhipotese 1	1
1.1.5	Subprobleem 2	1
1.1.6	Subhipotese 2	1
1.1.7	Subprobleem 3	1
1.1.8	Subhipotese 3	2
1.1.9	Subprobleem 4	2
1.1.10	Subhipotese 4	2
1.1.11	Subprobleem 5	2
1.1.12	Subhipotese 5	2
1.2	BEPERKINGS	2
1.3	AANNAMES	3
1.4	DEFINISIE VAN TERME	3

HOOFSTUK 2

DIE NUWE PARADIGMA VAN DIE OMGEWING

2.1	PROBLEEMSTELLING	5
2.1.1	Subprobleem 1	5
2.1.2	Subhipotese 1	5
2.2	OORSIG VAN HOOFSTUK 2	5
2.3	AGTERGROND: DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, DEPARTEMENT ARGITEKTUUR	6

2.3.1	Credo	6
	Ekologie	6
	Metabletika	6
2.3.2	Tekortkoming in Omgewingsgeskiedenis	7
2.4	"N EKOSISTEMIESE ROL VIR ARGITEKTONIESE STYL"	8
2.5	METODOLOGIE	8
2.6	DIE KANDIDAAT	9
2.7	PARADIGMAS	10
2.7.1	Inleiding	10
2.7.2	Die paradigma as intellektuele model	10
2.7.3	'n Paradigmatiese onderrig van argitektuurgeskiedenis	11
2.7.4	Die verklarende hiërargie	11
2.7.5	Paradigmatiese episodes	14
2.8	ALGEMENE STESELDENKE	14
2.8.1	Definisie	14
2.8.2	Oop stelsel	14
2.8.3	Vloeistelsel	15
2.8.4	Stelselteorie	15
2.8.5	Stelsel filosofie	18
2.8.6	Interdissiplinêre studie	18
2.8.7	Omgewingstelsels	20
2.8.8	Kontemplasie	22
2.9	OMGEWINGSOPVOEDING	23
2.9.1	Inleiding	23
2.9.2	Die oorsprong van omgewingsopvoeding	23
2.9.3	Die omgewing as natuur- en geesteswetenskap	23
2.9.4	Ekologie in omgewingsopvoeding	24
2.9.5	Definisie van omgewingsopvoeding	25
2.9.6	Die doel van omgewingsopvoeding	25
2.9.7	Die belang van omgewingsopvoeding	26
2.9.8	'n Leerplan van omgewingsopvoeding	27
2.9.9	Omgewingsopvoeding in Afrika	28
2.9.10	'n Behoefte aan stedelike ekologie	29
2.10	OPSOMMING	30

HOOFSTUK 3

DIE BESTAANSREG VAN GEESTESWETENSKAPPE

3.1	PROBLEEMSTELLING	31
3.1.1	Subprobleem 2	31
3.1.2	Subhipotese 2	31
3.2	OORSIG VAN HOOFSTUK 3	31
3.3	METABLETIESE VERGELYKING	31
3.4	REDDY SE KRITIEK OP DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDINGSTELSEL	34
3.5	PARADIGMAVERSKUIWING –'N NEIGING NA TEGNOLOGIE WORD AANBEVEEL	36
3.6	INVLOED VAN PARADIGMAVERSKUIWING OP DIE EKONOMIE	38
3.7	DIE BRUIKBAARMAKING VAN GEESTESWETENSKAPPE	39
3.8	DIE BELANG VAN GEESTEWETENSKAPPE	40
3.9	DIE OORSPRONG EN BETEKENIS VAN DIE BEGRIP 'WETENSKAP'	40
3.9.1	Wysbegeerte as oorkoepelende wetenskap	40
3.9.2	Die Renaissance en die opkoms van moderne wetenskap	41
3.9.3	Wetenskap as gevolg van menslike denke en die werklikheid	41
3.10	OORSPRONG EN BETEKENIS VAN DIE BEGRIP 'GEESTESWETENSKAP'	42
3.10.1	Die Griekse beskawing	42
3.10.2	Van die Middeleeue tot by Descartes (1596 – 1650)	42
3.10.3	Hegel (1770 – 1831)	42
3.10.4	Mill (1806 – 1873)	42
3.10.5	Dilthey (1833 – 1911)	43
3.10.6	Verset teen die natuurwetenskaplike metode	43
3.10.7	Die historiese metode	43
3.10.8	Die fenomenologiese metode	43
3.11	BEPALING VAN DIE PLEK VAN GEESTESWETENSKAPPE	43
3.11.1	Die werklikheid	43
3.11.2	Die klassifikasie van Hessen in ideële en reële wetenskappe	43
3.12	DIE ONDERSKEIDING TUSSEN NATUUR- EN GEESTESWETENSKAPPE	44



3.12.1	Inleiding	44
3.12.2	Stuart se indeling	44
3.12.3	Die eie aard van die natuurwetenskappe	44
3.12.4	Indiividualiteit	44
3.12.5	Vryheid	44
3.12.6	Die rif tussen geestes- en natuurwetenskappe	45
3.12.7	Die stryd tussen feit en waarde	45
3.12.8	Lewe en waarde	46
3.12.9	Skeiding tussen natuur en kultuur	46
3.12.10	Skeiding tussen natuur- en geesteswetenskappe	46
3.12.11	Die eenheid van die wetenskappe	47
3.12.12	'Verstaan' as wetenskaplike bedrywigheid	47
3.12.13	Die sin van menslike handelinge	47
3.12.14	Argitektuur as natuur- en geesteswetenskap	47
3.13	OPSOMMING	49

HOOFSTUK 4

TERMINOLOGIE

4.1	PROBLEEMSTELLING	51
4.1.1	Subprobleem 3	51
4.1.2	Subhipotese 3	51
4.2	OORSIG VAN HOOFSTUK 4	51
4.3	BEGRIP	52
4.4	DIE PARADIGMA IN DIE HIÉRARGIE VAN KOGNISIE	53
4.5	'N KLEMVERSKUIWING IN DIE BETEKENIS VAN DIE TERM 'TEORIE'	53
4.5.1	Inleiding	53
4.5.2	Die term 'teorie'	54
4.5.3	'n Herlewing van die oorspronklike 'teorie'	55
4.6	KONTEMPLASIE	56
4.7	SOEKE NA ABSOLUTE WAARHEID	58
4.8	OPSOMMING	60

HOOFSTUK 5

DIE BELANG VAN GESKIEDENIS

5.1	PROBLEEMSTELLING	61
-----	------------------	----

5.1.1	Subprobleem 4	61
5.1.2	Subhipotese 4	61
5.2	OORSIG VAN HOOFSTUK 5	61
5.3	AARD EN DEFINISIES	62
5.4	GESKIEDENIS AS AKADEMIESE DISSIPLINE	65
5.4.1	Inleiding	65
5.4.2	Geskiedenis as wetenskap	66
5.4.3	Geskiedenis en ander dissiplines	67
	1. Geskiedenis en Natuurwetenskap	67
	2. Geskiedenis en Sosiale Wetenskap	67
	3. Geskiedenis en Geografie	67
	4. Geskiedenis en Sielkunde	68
	5. Geskiedenis en Ekonomie	69
	6. Geskiedenis, Hoeveelhede en Rekenaars	69
	7. Sosiologie, Antropologie en Staatsleer	69
	8. Geskiedenis, Filosofie en ander geesteswetenskaplike dissiplines	69
5.5	DIE ROL VAN TEORIE IN GESKIEDENIS	71
5.5.1	Inleiding	71
5.5.2	Probleme	72
5.5.3	Verwerping van teorie deur sommige historici	73
5.5.4	Paradigmas en Skole	75
	1. Negentiende en twintigste eeu	75
	2. Positiewisme	76
	3. Marxisme	77
	4. Idealisme	77
	5. Steeds belangrike verskille tussen natuurwetenskappe en Geskiedenis	77
	6. Die Franse Annalesskool	78
	7. Die 'nuwe' Amerikaanse skool	78
	8. Postmodernisme	79
5.5.5	Historiese bewustheid	80
	1. Definisie	80
	2. Distorsies van historiese bewustheid	80
5.5.6	Die beperkinge van historiese kennis	81
5.5.7	Kan geskiedenis objektief wees?	82
5.5.8	Argument teen objektiwiteit	83
5.5.9	Waarde-oordele	84
5.5.10	Objektiwiteit bestaan, maar in 'n beperkte sin	85
5.6	DIE NUT VAN GESKIEDENIS	88
5.6.1	Die noodsaak van Geskiedenis (volgens Marwick)	88



5.6.2	Die gebruike van Geskiedenis (volgens Tosh)	89
5.6.3	Hamerow se sienswyse	90
	1. Die voorspellingswaarde / adviserende waarde	91
	2. Wetenskaplike metodologie en positivistiese filosofie	92
	3. Wetenskap en geesteswetenskap	93
	4. Die inspirasie-argument	93
	5. Pedagogiese argument	94
	6. Ontologiese argument	95
5.7	INTERNE KRITIEK	96
5.8	EKSTERNE KRITIEK	97
5.8.1	Inleiding	97
5.8.2	Bepaling van outeur en datum	97
5.8.3	Inhoudsontleding	98
5.8.4	Vergelyking met inhoud van ander bewysmateriaal	98
5.8.5	Fisiese eienskappe van bewysmateriaal	98
5.8.6	Vervalsings	98
5.8.7	Herstel van teks	98
5.8.8	Hulpwetenskappe	98
5.9	MONDELINGE BEWYSMATERIAAL	99
5.10	KULTURELE OSMOSE	101
5.11	ANALISE EN SINTESE	102
5.11.1	Inleiding	102
5.11.2	Analise en sintese	103
5.11.3	Die werkhipotese	103
5.11.4	Vooroordeel en subjektiwiteit	103
5.11.5	Toepaslikheid en seleksie	103
5.11.6	Finale sintese	103
5.11.7	Gevolgtrekkings maak	104
5.12	DIE SUBJEKTIEWE AARD VAN KENNIS	104
5.13	OPSOMMING	106

HOOFSTUK 6

ONDERRIG EN DIE BESKRYWING VAN 'N KONTEKS

6.1	PROBLEEMSTELLING	107
6.1.1	Subprobleem 5	107
6.1.2	Subhipotese 5	107
6.2	OORSIG VAN HOOFSTUK 6	107

6.3	DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS	107
6.3.1	Inleiding	107
6.3.2	Riglyne vir die onderrig van geskiedenis	108
6.4	DIE ONDERRIG VAN ARGITEKTUURGESKIEDENIS	108
6.4.1	Inleiding	108
6.4.2	Paradigmatiese episodes	109
6.4.3	Argitektoniese geskiedskrywing	109
6.4.4	Vooruitsig vir Argitektuurgeskiedenis	110
6.4.5	Die geskiedenis van die omgewing	110
6.4.6	Argitektuurgeskiedenis simposium	110
	1. Universiteit van Kaapstad – John Moyle	110
	2. Universiteit van Natal, Durban – Walter Peters	111
	3. Universiteit van Port Elizabeth – Eitel Max Malan	112
	4. Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Anton Roodt	112
	5. Universiteit van die Witwatersrand – Anne Fitchett	113
6.5	GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA	113
6.5.1	Inleiding	113
6.5.2	Voor 1652	113
6.5.3	Die Kaap as Hollandse besitting	114
6.5.4	Die Britse besetting	115
6.5.5	Die Unie van Suid-Afrika	115
6.5.6	Die 'nuwe' Suid-Afrika	116
6.6	VERTEENWOORDIGENDE PARADIGMAS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS: PRETORIA – HISTORIESE KONTEKS VAN PLEK	116
6.6.1	Inleiding	116
6.6.2	Argeologie van plek	117
6.6.3	Simpatieke paradigma	117
6.6.4	Kosmiese paradigma	118
6.6.5	Simbiotiese paradigma	119
	Kosmiese aspekte in die paradigma van die Voortrekkers	120
6.6.6	Meganistiese paradigma	121
	1. Die ZAR: 1885-1905	122
	2. Imperialisme: 1905-1930	122
	3. Meganistiese paradigma: 1930-1970	123
	4. Greinverandering: 1970-1990	123
6.6.7	Ekosistemiese paradigma	123
6.7	PRETORIA - FISIESE KONTEKS VAN PLEK	125



6.7.1	Inleiding	125
6.7.2	Geografie	125
6.7.3	Oriëntasie	125
6.7.4	Roetes en paaie	125
6.7.5	Die bou-omgewing	125
6.7.6	Plek- en aktiwiteitstruktuur	126
6.7.7	Terreinplasing	126
6.7.8	Ontwerpaanbevelings	126
6.8	DIE MEMETIESE BENADERING	126
6.8.1	Inleiding	126
6.8.2	Erfgenaam: Suid-Afrikaanse voorbeelde	126
6.9	GEVOLGTREKKING	127
6.10	OPSOMMING	128

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING, BYDRAES EN AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE

7.1	SAMEVATTING	130
7.2	GEVOLGTREKKING	131
7.3	BYDRAES VAN DIE STUDIE	132
7.4	AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE	132
	OPSOMMING	134
	SUMMARY	134
	BIBLIOGRAFIE	135

BYLAAG A

BIOGRAFIESE INLIGTING

BYLAAG B

AANVULLENDE NOTAS

AFRIKAANS

Week 1:	Die student in sy konteks
Week 2:	Geologie en geografie
Week 3:	Protomens
Week 4:	Gevolg van die ontdekking van die protomens
Week 5:	Khoi-san
Week 6:	Khoi-san kuns
Week 7 & 8:	Ystertydperk
Week 9:	Na Europese Kolonialisme (1652)
Week 10:	Bataafse Republiek
Week 11:	Britse besetting
Week 12:	Industrialisasie
Week 13:	Die Derde Volksboukuns
Week 14:	'n Paradigmatiese onderrig van argitektuurgeskiedenis

ENGLISH

Also available in English

LYS VAN FIGURE

	p.
Figuur 1: Popper se drie wêreld model (Popper & Eccles, 1981, p.359)	13
Figuur 2: Die gestratifiseerde struktuur van die werklike wêreld volgens Riedl (1984, p.182)	13
Figuur 3: Diagrammatiese voorstelling van interaksie tussen twee stelsels	16
Figuur 4: Interaksie tussen gebou en mens, beide as stelsels, volledig met beheerstelsels en terugvoer	17
Figuur 5: Argeologiese artefakte in die omgewing van Pretoria gevind (Walton, 1956)	117
Figuur 6: Ndebele-woning as kosmiese ronde artefak	118
Figuur 7: Plasing van die eerste Boerewonings (Skaal 1:40 000)	119
Figuur 8: Uitleg van Graaff-Reinet (1832)	120
Figuur 9: Mandala (Jordaan, 1987)	120
Figuur 10: Pretoria 1889 (Skaal 1:40 000) met Skoolplaatj noordwes van die dorp.	121
Figuur 11: Sammy Marksfontein (soos geskets deur Hannes Meiring)	122
Figuur 12: Hoofwegvoorstel van 1967 (Skaal 1:40 000)	123
Figuur 13: Palimpse van historiese konteks van plek, Pretoria.	124

VOORWOORD

Die doel van die studie is om ontdekkings te maak wat in lyn is met die belangrike en interessante gedagtegang van 'n nuwe paradigma. Die uiteindelijke mikpunt van die studie is om vertrouwd te raak met die gebied tot 'n mate waar onafhanklike kritiese bevoegdheid en ten volle bevryde kapasiteit bereik kan word.

Navorsing is gedoen volgens 'n induktiewe proses en berus op die beginsel van probleemoplossing deur insameling en aanwending van data. Die resultaat vergestalt die simboliese stryd langs die pad van data-insameling en interpretasie, wat deur die menslike verstand gevolg word.

'n Bespreking van relevante literatuur vind telkens plaas by elke subprobleem. Alhoewel daar na 'n wye verskeidenheid literatuur gekyk is, word slegs die relevante literatuur bespreek. So 'n bespreking geskied uit die kandidaat se eie oogpunt met haar eie voorgenome benadering in gedagte.

Aanhalinge word meestal nie in die taal waarin dit oorspronklik geskryf is gegee nie, maar word deur die outeur in Afrikaans vertaal.

Die hoofprobleem met sy subprobleme dien as gids hiervoor, stel relevante areas vir bespreking bekend en dui die rigting van bespreking aan. Die bespreking beweeg dan van die breë tot die spesifieke ten opsigte van die probleem. As opsomming word die doel en betekenis van die literatuurstudie met betrekking tot die studie in sy geheel genoem.

Bibliografiese verwysing word volgens die Harvard-metode gedoen.

BEDANKINGS

ROGER FISHER (studieleier),
wat die basis en inspirasie van hierdie studie verskaf het, vir die onskatbare bydrae, wat
hy bewustelik of onbewustelik tot hierdie studie gelewer het

JOHAN BERGH (mede studieleier),
wat deur sy onderrig by my 'n basis en liefde vir die teorie en metodiek van Geskiedenis
gekweek het en vir sy bydrae tot interdisiplinêre studie

SCHALK LE ROUX (departementshoof)
vir sy ondersteuning en vir my tydelike aanstelling as Omgewingsgeskiedenis 511 dosent

ANDRÉ DE VILLIERS (voormalige dosent)
wat die kennis oor die struktuurering van 'n skripsie in die verlede by my tuisgebring het

VYFDE JAARS 2000
vir hulle bywoning en entoesiasme ten opsigte van die vak Omgewingsgeskiedenis 511
en die studietoer

VRIENDE EN FAMILIE
vir hulle woorde van bemoediging
vir die voorreg om in Afrikaans te skryf



OPSOMMING

'N KONTEKS VIR DIE BEPALING VAN 'N INHOUD VAN 'N KURSUS OOR DIE ARGITEKTUURGESKIEDENIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING.

deur
Elizabeth Yolanda van der Vyver

Studieleier: Dr. R.C. Fisher
Departement Argitektuur en Landskapargitektuur
Mede-studieleier: Prof. J.S. Berg
Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis
Universiteit van Pretoria
Graad: Magister in Argitektuur

Die studie ondersoek die konteks, waarin 'n kursus oor die argitektuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse omgewing, gevind word. Die ekosistemiese en paradigmatische denkrigtings, volgens die credo van die Skool van Argitektuur van die Universiteit van Pretoria, word ondersoek en die beginsel van stelsels, veral in die omgewing, word daarvan afgelei. Hierdeur word interdisiplinêre studie geregtig. Die belang van omgewingsbewustheid, wat deur opvoeding bewerkstellig word, word beklemtoon. Die bestaansreg van geesteswetenskappe in Suid-Afrika, waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig, word bepaal, deur die begrip van waarde te beklemtoon. Terminologie, wat insig in die mens se leefwêreld gee, word ondersoek. Die teorie en metodiek van Geskiedenis word ondersoek, sowel as verskeie hulpmiddels, wat die historikus gebruik om sy interpretasie van die verlede te dokumenteer. Die ontwikkeling van 'n kursusinhoud word daardeur bepaal. Aanvullende notas vir die vak Omgewingsgeskiedenis word ontwikkel na aanleiding hiervan.

SUMMARY

A CONTEXT FOR DETERMINING A CONTENT OF A COURSE ON THE ARCHITECTURAL HISTORY OF THE SOUTH AFRICAN ENVIRONMENT.

by
Elizabeth Yolanda van der Vyver

Supervisor: Dr. R.C. Fisher
Department of Architecture and Landscape Architecture
Co-supervisor: Prof. J.S. Berg
Department of History and Cultural History
University of Pretoria
Degree: Master of Architecture

The study investigates the context in which a course on the architectural history of the South African environment can be founded. The ecosystemic and paradigmatic school of thought, according to the credo of the School of Architecture of the University of Pretoria, is investigated and from that the principle of systems, especially in the environment, is derived, after which interdisciplinary study is justified. The importance of consciousness of the environment, brought about by education, is emphasised. The right of existence of human sciences in South Africa, where technology education is encouraged to bring about economic recovery, is determined by emphasising the comprehension of value. Terminology, that gives insight into the world in which we live, is investigated. The theory and methodology of History is investigated, as well as several resources, used by the historian to document his interpretation of the past, from which the development of a content of a course is determined. Supplementary notes for the subject History of the Environment is developed accordingly.

HOOFSTUK 1

DIE PROBLEEM EN SY OMGEWING

1.1 PROBLEEMSTELLINGS EN HIPOTEESES

1.1.1 Hoofprobleem

Die hoofprobleem is om 'n konteks vir 'n kursusinhoud as 'n paradigmatische struktuur vir 'n kursus in die Suid-Afrikaanse omgewingsgeskiedenis te ontwikkel, waar die teorie en metodiek van Geskiedenis die aard van die kursusinhoud bepaal en ekosistemiese interdisiplinêre studie sy toepassing vind.

1.1.2 Hoofhipotese

Die hoofhipotese is dat 'n bruikbare kursusinhoud, gemik op die oplossing van kontekstuele probleme ontwikkel, waar die ekosistemiese interaksie tussen die individu en sy omgewing, die kondensasie van feite na 'n oomblik van begrip en gewaarwording teweegbring.

1.1.3 Subprobleem 1

Die eerste subprobleem is om uit die ekosistemiese denkrigting, binne 'n paradigmatische struktuur, volgens die credo van die Skool van Argitektuur van die Universiteit van Pretoria, die beginsel van stelsels af te lei, veral uit die omgewing, wat interdisiplinêre studie bevorder.

1.1.4 Subhipotese 1

Die eerste subhipotese is dat die ekosistemiese paradigma op die beginsel van stelsels berus en deur die integrasie van vakrigtings, omgewingsbewustheid deur opvoeding bewerkstellig.

1.1.5 Subprobleem 2

Die tweede subprobleem is om te bepaal of geesteswetenskappe bestaansreg in 'n leerplan in Suid-Afrika het, waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig.

1.1.6 Subhipotese 2

Die tweede subhipotese is dat geesteswetenskappe noodsaaklik is indien 'n begrip van waarde in ons hedendaagse situasie deur opvoeding bewerkstellig wil word.

1.1.7 Subprobleem 3

Die derde subprobleem is om die betekenis van terme, wat in opvoeding gebruik word, te ondersoek en om dit as integrale deel van menswees aan te voer.

1.1.8 Subhipotese 3

Die derde subhipotese is dat 'n begrip van die betekenis en waarde, asook kontemplasie, wat deur opvoeding bewerkstellig word, nodig is om sin aan die mens se lewe te gee.

1.1.9 Subprobleem 4

Die vierde subprobleem is om die teorie en metodiek van Geskiedenis te ondersoek wat aanleiding tot 'n kursusinhoud gee.

1.1.10 Subhipotese 4

Die vierde subhipotese is dat die teorie en metodiek van Geskiedenis die belang van Geskiedenis verduidelik en aan die mens betekenis in sy temporaliteitsbestaan gee.

1.1.11 Subprobleem 5

Die vyfde subprobleem is om die onderrig van (argitektuur)geskiedenis te ondersoek en 'n voorbeeld van 'n konteksondersoek te gee.

1.1.12 Subhipotese 5

Die vyfde subhipotese is dat die onderrig van argitektuurgeskiedenis tot die ontwikkeling van 'n konteksondersoek bydra.

1.2 BEPERKINGS

Van die begin af word keuses gemaak oor watter inligting belangrik is en watter nie. Deur die stel van hipoteses word die studie in 'n sekere rigting gelei en daar word selektief te werk gegaan om hierdie doel te bereik. In die proses word sekere inligting as onbelangrik opsy geskuif, byvoorbeeld as dit nie spesifiek bydra tot die onderrigaspek van argitektuurgeskiedenis nie.

'n In diepte ondersoek oor Opvoedkunde as vakgebied word nie in hierdie studie gedoen nie. Die studie is 'n interdisiplinêre ondersoek, wat uit die aard van die saak 'n wye gebied van vakdisiplines nader. Dit is onmoontlik om alles oor Opvoedkunde, Filosofie, Geskiedenis, Argitektuur, Kuns en Suid-Afrika te dek. Die hoeveelheid inligting wat oor alles oorgedra kan word, word dus beperk en die raakvlakke tussen die vakgebiede is eerder ten doel, om sodoende 'n gevoel en beter begrip daaroor te kry. Uit die aard van die dissipline van argitektuur word daar dikwels op hulpdisiplines staatgemaak. Beginsels word uit hierdie hulpdisiplines verleen, sonder dat daar noodwendig 'n uitgebreide studie oor die vakgebied gemaak word.

Argitekte dink kreatief en leen uit hulpdisiplines, soos Geskiedenis, Argeologie, Sosiologie, Ekonomie, Staatsleer en die natuurwetenskappe. Dit is belangrik dat argitekte kennis van die geskiedenis van hul omgewing het, maar dit is onmoontlik vir elke argitek om 'n historikus of omgewingskenner te wees. Dosente in argitektuurgeskiedenis is hoofsaaklik argitekte. 'n Vraag wat uit die studie ontstaan is of sulke dosente voldoende kennis van byvoorbeeld die metodiek van Geskiedenis het, om die geskiedenis van argitektuur te onderrig.

Die studie se uiteindelijke doel is die opvoeding van Argitektuurgeskiedenis. Die relevansie van die opvoedingsaspek is deurentyd 'n riglyn en sigbaar in die navorsing, sonder dat daar 'n dieper ondersoek oor Opvoedkunde op sigself gemaak word. Dit is nie

'n studie oor opvoedingsmetodes nie. Geskiedenis as vakgebied is meer deeglik ondersoek.

1.3 AANNAMES

Daar word aangeneem dat 'n interdisciplinêre studie geregverdig is in die gebied van Argitektuur. Daar word aangeneem dat die argitektuurhistoriese ekosistemiese benadering 'n geldige benadering binne die dissipline is en dat die toepassing daarvan tot geldige afleidings kan lei (na aanleiding van Bakker, 1992, p.9).

1.4 DEFINISIE VAN TERME

Alle terme het die betekenis soos deur die *Verklarende woordeboek* gegee. Name en terme wat nie in die woordeboek is nie, word in die teks verduidelik. Die gebruik van hoofletters en kleinletters word gebaseer op inligting soos gegee in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (1964, p.26 - 31). Vakname soos Geskiedenis en vakgebiede soos Argitektuur word met 'n hoofletter gespél, maar ons kan daarvan praat dat Suid-Afrika 'n geskiedenis het, veral ten opsigte van sy argitektuur, wat dan met kleinletters is.

In Hoofstuk 4 word semantiese ontledings, spesifieke verduidelikings en oorspronge van sekere terme gegee. Die volgende terme het betrekking op Fisher (kyk Biografiese inligting) se 'ekosistemiese rol vir argitektoniese styl' en word hier verduidelik: Aanhalings word nie in die taal waarin dit oorspronklik geskryf is gegee nie, maar word deur die outeur in Afrikaans vertaal. Slegs die vanne van persone waarna in die teks verwys word, word gegee. Verdere biografiese inligting, soos titels en voorname, word in Aanhangsel A: Biografiese Inligting gegee.

Anachronisme:

Die beginsel van waardes en betekenis wat nie in tydsverband pas nie. Waardes en betekenis van die verlede kan voortdurend in die hede oorgedra word (Fisher, 1992, p.17). Iets wat buite sy eie tyd voorkom; in geskiedenis handel dit spesifiek oor historici wat gedagtes, vreemd aan die tydperk van bespreking, gebruik (Jordonova, 2000, p.212).

Episteme:

Die dominante manier van kennis van 'n spesifieke tydperk, algemeen in feitlik alle vorms van kennis wat in 'n tydperk voortgebring word. Epistemologie of kenteorie is teorieë van kennis, hoe ons weet wat ons weet (Jordonova, 2000, p.212).

Fenomenologies:

'n Interpretasiesistelsel om ons wêreld binne ons ervarings te verstaan, soos wat dit bewustelik ondervind word.

Geesteswetenskappe:

'n Naam vir al die kennisgebiede wat op mense fokus. Dit is hoofsaaklik Psigologie, Antropologie en Sosiologie. Dit is moontlik om Geskiedenis en Filosofie as geesteswetenskappe te sien (Jordonova, 2000, p.212).

Heuristies:

Wetenskap wat langs 'n metodiese weg iets uitvind of ontdek. 'n Heuristiese middel is 'n aanname wat help om navorsing verder te voer. Dit is 'n nuttige instrument om mee te dink.

Historiografie:

Die skryf van geskiedenis en die studie van historiese geskrifte. In die wyer sin beteken dit 'n bewustheid van die verskillende maniere waarop geskiedenis beoefen kan word.

Memeties:

Boodskapdraend met betrekking tot die geheue ('memory'). Die memetiese inhoud word gedekodeer en **anachronistiese** idees en betekenis word op 'n nuwe manier heringevoer (Fisher, 1992, p.24).

Mite:

Stories wat gewoonlik oor bonatuurlike of buitengewone persone, aksies of gebeure handel, wat vir 'n gemeenskap spesifieke betekenis het en betrekking op 'n aangeleentheid het, wat deur die gemeenskap gekoester word, soos sy oorsprong, leierskap of bestemming. Dit is 'n fiktiewe weergawe en 'n uitkyk wat diep in die gemeenskap gewortel is en weerstand teen weersprekende bewyse bied (Jordonova, 2000, p.214).

Modernisme:

'n Westerse kunsbeweging wat gewoonlik met die laat negentiende, vroeg twintigste eeu geassosieer word. Gevestigde, tradisionele benaderings word hierin verwerp. Dit is veral duidelik in letterkunde, musiek, argitektuur en kuns (Jordonova, 2000, p.214).

Palimpses:

'n Handskrif, perkamentrol waarvan die oorspronklike skrif afgekrap is. In die ekosistemiese paradigma word die hede as 'n palimpses van al die verledes gesien en is erfgenaam van alle moontlike kennis (Fisher, 1992, p.24).

Post-Modernisme:

'n Reaksie op **modernisme** wat afhanklik daarvan, sowel as krities daarvoor is. 'n Skeptisisme van totaliserende verduidelikings, 'n aandrang op die onmoontlikheid van objektiewe kennis en 'n aanvaarding van wat gedeeltelik en gefragmenteerd is, beide in die menslike ervaring en weergawes daarvan. Dit is soms 'n amorfiese term vir onlangse kulturele neigings (Jordonova, 2000, p.215).

HOOFSTUK 2

DIE NUWE PARADIGMA VAN DIE OMGEWING

2.1 PROBLEEMSTELLING

2.1.1 Subprobleem 1

Die eerste subprobleem is om uit die ekosistemiese denkrigting, binne 'n paradigmatische struktuur volgens die credo van die Skool van Argitektuur van die Universiteit van Pretoria, die beginsel van stelsels af te lei, veral uit die omgewing, wat interdisiplinêre studie bevorder.

2.1.2 Subhipotese 1

Die eerste subhipotese is dat die ekosistemiese paradigma op die beginsel van stelsels berus en deur die integrasie van vakrigtings, omgewingsbewustheid deur opvoeding bewerkstellig.

2.2 OORSIG VAN HOOFSTUK 2

In hierdie hoofstuk word die credo van die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria verduidelik en die gebruik van hierdie credo as riglyn vir die daarstelling van 'n kursusinhoud word aanbeveel. Die kern van die credo word as navolgend van 'n ekosistemiese denkrigting opgesom. Die beginsel van so 'n denkrigting word verduidelik. Die goeie resultate wat by studente opgelewer is as gevolg van die navolging van hierdie denkrigting word bespreek. Die belangrike rol van Geskiedenis in die Departement word beklemtoon en die leemte wat in die Omgewingsgeskiedenis kursus bestaan het, na die verskuiwing van die vak vanaf die tweede jaar na die vyfde jaar, word ondersoek. Die PhD-verhandeling van Fisher word gekies as basis en riglyn vir die ontwikkeling van so 'n kursusinhoud. Die relevansie van hierdie keuse word bespreek. Die studie word uitgevoer onder die leiding van Fisher en die benadering en metodiek wat gevolg word, word verduidelik. Die kandidaat se gevolgtrekkings is afhanklik van die keuses wat tydens die studie gemaak word. 'n Kort agtergrond oor die kandidaat word daarom gegee.

Omdat hierdie studie 'n paradigmatische benadering volg, word 'n verduideliking van die term 'paradigma' gegee. Algemene stelsel denke word kortliks verduidelik as gevolg van die aard van die ekosistemiese paradigma. Die interdisiplinêre aard van die studie word verduidelik. Die konsep van 'stelsel' konstitueer 'n nuwe paradigma of 'n nuwe filosofie van die natuur. Die nege natuurstelsels word verduidelik en die verband tussen die omgewing en die aktiwiteit van kontemplasie word kortliks genoem.

Omgewingsbewustheid word deur omgewingsopvoeding gekweek. Die oorsprong van omgewingsopvoeding word eers verduidelik. Die omgewing as natuurwetenskap en geesteswetenskap word ondersoek en die belang van ekologie in omgewingsopvoeding word beklemtoon. Die definisie, doel en belang van omgewingsopvoeding word verduidelik en die onderrig daarvan deur middel van 'n leerplan, word uitgelig. Die noodsaaklikheid van 'n stedelike ekologie word genoem om die interafhanklikheid van elemente in die stad te beklemtoon.

Die omgewing, wat in hierdie verhandeling spesifiek ondersoek word, is die plaaslike omgewing van Suid-Afrika. Omgewingsopvoeding in Afrika word eers ondersoek as inleiding tot die vernouende konteks vanaf die wêreld oor die algemeen, na meer spesifiek Suid-Afrika.

Dit dien as inleiding tot die volgende hoofstuk, waar die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek word ten opsigte van die invloed wat die ekonomie en politiek op opvoedingstendense het. Die bestaansreg van die geesteswetenskappe, na aanleiding van hierdie tendense, word ook in die volgende hoofstuk bevraagteken.

2.3 AGTERGROND: DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, DEPARTEMENT ARGITEKTUUR

2.3.1 Credo

Die Skool van Argitektuur van Pretoria het 'n spesifieke credo, ondersteun deur die ekosistemiese denkgang, wat as riglyn vir die verskillende kursusse wat daardeur aangebied word, dien. Vir die vyftigste herdenkingsjaar van die Skool het Holm (kyk Biografiese inligting) in die artikel *Bestekopname / Our chosen course* (1994), die fokus van die Skool ten opsigte van onderrig en navorsing beskryf:

- Ekosistemiese denke in Omgewingsgeskiedenis en Ontwerpteorie
- Konteksbewuste ontwerp wat deur holisme ingelig word
- 'n Steiselbenadering tot volhoubare ontwikkeling
- Ontwerp wat op 'n streeksbasis simpatiek tot die omgewing is
- Bevordering van die landelike omgewing
- Gesondheids- en opvoedkundige instellings

Om die term 'ekosistemies' te verduidelik, word die oorsprong van die woord 'ekologie' ondersoek.

Ekologie

Dit is die studie van organismes in verhouding tot die omgewing. Die woord het sy oorsprong vanaf die Griekse woorde **oikos**, wat 'huis' beteken en **logos**, wat beteken 'diskoers, redevoering en gesprek'.

As gevolg van die navolging van hierdie strewes, is positiewe resultate deur die Skool getoon. Fisher skryf in sy artikel *Architects for Africa (And Abroad)* (1994, p.12) dat die graduandi van die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria meestal goeie verbintenisse met die landelike gemeenskappe het. 'n Groot gedeelte van hul werk is in diens van die gemeenskap gedoen. Hulle het begrip vir die vereistes van die klimaat en beperkings van beskikbare materiale en vaardighede en dit word in die beskeidenheid van ontwerpe wat vir die landelike en halfstedelike omgewing gedoen word, gereflekteer. Die lesse wat hulle geleer het om hierdie werk te doen het hulle simpatiek gemaak vir die vereistes van ander spesifieke plekke, al is dit anders ten opsigte van klimaat en boutradisie. 'n Mens vind 'n sensitiwiteit tot die skep van argitektuur wat gepas is tot sy betrokke plek (konteks). Die stylistiese eienskappe is die teenoorgestelde van die vereiste universiële estetika van die Internasionale Styl. Moderne argitektuur is nie vermy nie, maar is teenwoordig as 'n onderliggende abstraksie, eerder as 'n duidelike styl.

Alhoewel die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria nou deel is van die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingstechnologie (dit het voorheen geval onder die Fakulteit Natuurwetenskappe), is dit tesame met die ander

beplanningsdissiplines, die enigste dissipline in die Fakulteit wat kursusse in Geskiedenis aanbied. Die kursusse in Geskiedenis staan bekend as Omgewingsgeskiedenis. Die vierde jaar kursus is deur Holm ontwikkel en op die metabletika van Van den Berg gemodelleer (1974).

Metabletika:

Die benadering, wat deur die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria gevolg word, is gebaseer op die metabletika, soos eers gepubliseer is in 1956 deur Van den Berg in sy boek *Metabletika of leer der veranderingen: beginsele van een historiese psichologie*. Eerstens word 'n lengtesnit deur die kultuurgeskiedenis gemaak, omdat slegs een bepaalde onderwerp in sy veranderende aspekte bestudeer word. Dit is die eerste tipe metabletika. By die tweede tipe word meer as een lengte- en dwarsnit deur tyd gemaak, sodat verskillende onderwerpe gelyktydig in hul historiese verloop gevolg kan word. Hierdie ontwikkeling na parallelle denke registreer veranderinge op verskillende fronte en die verwante gelyktydige veranderinge word bespreek.

In 'n poging om 'n intellektuele verwysingsraamwerk te formuleer en om die kursussleerplan te sistematiseer, is daar geneig na Kuhn (kyk Biografiese Inligting) as kunshistorikus en sy formulering van paradigmas is aangewend. Die metavlak van begrip word nou geartikuleer, sodat die spesifieke benadering wat deur die Skool gevolg word, toeganklik gemaak kan word (Fisher, 1992, p.5). Die belangrikste oorweging in die ontwikkeling van 'n leerplan in die vak Omgewingsgeskiedenis, is dat dit ooreen sal stem met die credo van die Skool.

2.3.2 Tekortkoming in Omgewingsgeskiedenis

Ten spyte van goeie resultate is al die kursusse in Omgewingsgeskiedenis ondersoek. In 1995 het daar 'n leemte in die vyfde jaars vlak van die vak bestaan. In hierdie jaar is die geskiedenis van Suid-Afrika behandel. Die vakinhoud is in 1993 verskuif vanaf die tweede jaar na die vyfde jaar. Die aanbieding moes tot honneursvlak aangepas word. Die doel van die vak het ook verander. Aan die einde van hierdie kursus word daar van studente verwag om 'n hoofstuk oor die konteks van die gekose gebou te skryf. 'n Voorbeeld van so 'n konteksondersoek word in die laaste hoofstuk weergegee. Daar was geen gestruktureerde leerplan nie. Die vakinhoud het nie in 1995 aan die vereistes vir honneursvlak voldoen nie en het nie ooreengestem met die Skool se strewe van paradigmas na aanleiding van die *Structure of scientific revolutions* (1962) of onlangse verhandelings deur PhD- of Meestersgraadstudente van die Departement nie.¹ Die vakkursus was nog 'n goeie voorbeeld van werk wat in die meganistiese paradigma (kyk 2.7.5) gedoen word. In 1996 het die kandidaat met navorsing begin om hierdie leemte te vul. Dit was die uiteindelijke doel van hierdie studie. Die eindproduk sou afhang van die besluit of 'n nuwe leerplan gestruktureer moes word en of slegs 'n metodologie vir die onderrig van die vak daargestel moes word. Daar is ook besluit om as riglyn vir hierdie

¹ BAKKER, K.A. 1992. *Die Formulering van 'n vindingmodel vir die ekologie van die ioniese argitektoniese kapiteel*. MArch Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

FISHER, R.C. 1989. *A paradigmatic approach to architectural history: post-modernism*. Unpublished MArch thesis. Pretoria: University of Pretoria.

FISHER, R.C. 1992. *An ecosystemic role for architectural style: bearing the 'plan' in 'mind'*. Unpublished PhD (Architecture) dissertation. Pretoria: University of Pretoria.

studie die skoolcredo te gebruik en meer spesifiek die PhD-verhandeling van Fisher (1992), wat 'n paradigmatiese basis het.

2.4 "N EKOSISTEMISE ROL VIR ARGITEKTONIESE STYL"

Die ekosistemiese denkrigting, wat die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria kenmerk, word geartikuleer deur Fisher in sy PhD-verhandeling *An ecosystemic role for architectural style: bearing the 'plan' in 'mind'* (1992). Sy verhandeling dien as basis en riglyn vir die ontwikkeling van hierdie studie. Dit bevorder die metavlak van begrip, afgelei van die ekosistemiese denkrigting van die Argitektuurskool by die Universiteit van Pretoria, wat die heuristiese, fenomenologiese en kontekstuele leer van argitektuur deur duidelike artikulasie beklemtoon. Die toepassingsveld van die metabletika van Van den Berg en Kuhn se paradigma, asook die paradigmatiese benadering tot argitektuurgeskiedenis van sy meestersgraad, word uitgebrei in sy PhD-verhandeling (Fisher, 1992).

In die meestersgraad verhandeling word dit aanbeveel dat 'n studie van die plek wat die paradigmatiese benadering in die leerplan van argitektuur onderrig het, gemaak word (Fisher, 1989). Hierdie voorstel is gevolg en nagevors.

Die gebruik van Fisher se PhD-verhandeling as rolmodel, is geoorloof en word ook dikwels deur ander kandidate aan die Universiteit van Pretoria aangehaal.

In sy verhandeling kwoteer Bakker (1992) (kyk Biografiese inligting) gereeld vir Fisher (1992). 'Die uitvloeisel van die ekosistemiese denkmodel vind onlangs neerslag in die formulering van 'n ekosistemies gefundeerde argitektuurhistoriese benadering deur Fisher (1992).' Die toepassing van Fisher se benadering is gesien as geskik vir Bakker se studie.

Volgens Bakker is die ekologiese beskrywing die mees omvattende beskrywing van die betrokke realiteit wat moontlik is binne die raamwerk, alhoewel dit 'n onvolledige realiteit bly. Afhangende van die volledigheid van beskrywing, kan dit egter 'n meer waarskynlike realiteit as ander wees, sonder om laasgenoemde te ontken. Die ikonologie wat uit so 'n beskrywing volg, kan dus nie aanspraak maak om absoluut te wees nie (Bakker, 1992, p.8).

Bakker (1992) gebruik Howe (1985) as basis vir sy studie omdat dit vanuit 'n ekosistemiese benadering vertrek en op ekosistemiese beginsels berus, wat strook met die teoretiese benadering van die Skool.

Die raakvlakke tussen hierdie studie en dié van Fisher laat die gedagte ontstaan dat 'n geskikte kursusinhoud uit 'n beskouing van sy werk geformuleer kan word, eerder as wat 'n relevante leerplan van nuuts af geformuleer word.

Die studie van Fisher (1992) is gekies, omdat dit nuwe grond breek rakende riglyne vir die ekosistemiese benadering tot argitektuurgeskiedenis. Hierdie studie word aan die hand van die aanvaarde grondbeginsels van die ekosistemiese epistemologie en paradigma, asook Fisher (1992) se riglyne vir die ekosistemiese benadering tot die argitektuurgeskiedenis ge-evalueer.

2.5 METODOLOGIE

Fisher het in 1996 begin om die vak Omgewingsgeskiedenis vir studente in hul vyfde jaar aan te bied en is as studieleier gekies. Die studie het hom toegespits op 'n spesifieke

leerplan en die onderrig daarvan. Die klem was op die akademiese sy van argitektuur. Die vakinhoud behels die geskiedenis van Suid-Afrikaanse argitektuur. Die konteks van die vak is ondersoek. In die studie is daar vanaf die algemene na die spesifieke beweeg. Dit was belangrik om die Suid-Afrikaanse konteks van 'n internasionale konteks te onderskei. Die vak sou dus anders wees as ander vakke, wat wêreldgeskiedenis van argitektuur sou aanbied. Die Suid-Afrikaanse opvoedingskonteks moes ook ondersoek word. Veranderinge in die land was merkbaar gedurende die laaste paar jaar. Opvoeding in hierdie veranderende konteks van Suid-Afrika is ook ondersoek. Verskeie probleme is geïdentifiseer, wat nie net op opvoeding oor die algemeen gemik is nie, maar wat ook relevant was tot die opvoeding van argitektuur en dan meer spesifiek, van die Suid-Afrikaanse (argitektuur)geskiedenis.

Opvoeding is in sy verskillende kontekste ondersoek, naamlik internasionaal, in Afrika, in Suid-Afrika en in die spesifieke vakgebied. Die vak Geskiedenis is ook in sy konteks in die Departement, in Suid-Afrika en internasionaal ondersoek en vergelyk met vakke wat uit die natuurwetenskappe resorteer. Die verskille tussen natuur- en geesteswetenskappe en die posisie van die gebied van argitektuur tussen die twee is ondersoek en die waarde en belang van argitektuur en dan die opvoeding daarvan in hierdie twee skynbare uiteenlopende rigtings, is ondersoek.

Die aard van die vak Omgewingsgeskiedenis, beide as 'n studie van die **omgewing** en van **geskiedenis**, is ondersoek. Die paradigmatische benadering is deurgaans in die ondersoek van elke aparte konteks van die vak gevolg en kwantumspronge is tussen die verskillende konteksvlakke gemaak, omdat almal uiteindelik verbind en interafhanklik is. Die Suid-Afrikaanse konteks is byvoorbeeld onlosmaakbaar met die internasionale konteks verweef. So ook die kontekste van geesteswetenskappe en natuurwetenskappe wanneer dit by die gebied van argitektuur kom. Geskiedenis is so as geesteswetenskap, met ander woorde beide as 'geestes' en as 'wetenskap' ondersoek. Die omgewing is 'n ander belangrike konteks wat oral om ons is en daarom ook verweef is in die kontekste van wetenskap en geesteswetenskap. Die omgewing is belangrik vir die gebied van argitektuur en deurgaans word verskillende paradigmas, soos wat hul kronologies ondervind word, as basis vir die ondersoek gebruik.

2.6 DIE KANDIDAAT

Die kandidaat het in 1995 'n BArch en in 1996 'n BA honores in Frans behaal by die Universiteit van Pretoria. Die onderwerp wat gekies is as teoretiese aspek van die honoreskursus, is op die teorie van argitektuur toegespits en die letterkunde van Franssprekende Afrikalande is as keusevak bestudeer. Vanaf 1996 was die kandidaat in noue kontak met die argitekspraktyk en het in 1998, na twee jaar as argitek-in-opleiding by die Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte geregistreer. In 1999 was sy 'n interne eksaminator vir die vakke Omgewingsgeskiedenis 120, 223 en 224 en in 2000 en 2001 het sy die vak Omgewingsgeskiedenis vir tweede, derde en vyfde jaars aangebied. Die ontwikkeling van klasnotas het in oorleg met Fisher geskied. Hierdie notas, soos die vak in 2000 en 2001 aangebied is, word hierby in Afrikaans ingesluit as Bylaag B: Aanvullende Notas 2000. Dit is ook in Engels beskikbaar.

Die honoresvak Geskiedenis 702: Teorie en Metodologie, is in die eerste semester 2000 onder die leiding van Bergh (kyk Biografiese inligting) bygewoon en die inhoud van die kursus het grootliks bygedra tot 'n bewustheid en begrip van die vak Geskiedenis. Bergh is aangewys as mede studieleier vir die verhandeling.

2.7 PARADIGMAS

2.7.1 Inleiding

Die kunshistorikus, Kuhn, se definisie van 'n paradigma, soos gepubliseer in sy boek *The structure of scientific revolutions* (1962) is as volg:

'n Paradigma is 'n algemeen aanvaarde begripstelsel wat 'n wetenskaplike groep as waar aanvaar; dit is 'n skema, 'n globale raamwerk, waarvan die verteenwoordigende visie daarin nog aanvaar is (Parabirsing, 1974, p.219).

Die ontwikkeling van 'n wetenskap kan volgens Kuhn deur die volgende skema opgesom word:

voor-wetenskap normale-wetenskap krisis-rewolusie nuwe-normale - wetenskap
(Chalmers, 1980, p.90)

Bogenoemde skema beskryf 'n paradigmaverandering en is noodsaaklik vir die beskrywing van ontwikkeling in die ekosistemiese paradigma (kyk 2.7.5), in teenstelling met die voorafgaande paradigmas (Fisher, 1992, p.4).

2.7.2 Die paradigma as intellektuele model

Die paradigma as intellektuele model is verder deur Fisher (1989, p.4-13) in sy MArch-verhandeling verduidelik. Die term 'paradigma' is uit die taalwetenskap verleen, waar dit gebruik word om enige model vir woordvorming te beskryf. Die oorspronklike woord is die Griekse **paradeigma**, wat letterlik 'n model is. Dit was 'n volskaalse voorbeeld van die meer uitgebreide elemente soos kapitale. Bouers kon gedetailleerde dimensies vanaf hierdie modelle trek. Vanaf hierdie letterlike betekenis van 'model' is 'n abstrakte, metaforiese betekenis afgelei wat nader aan 'voorbeeld' is. Die metaforiese gebruik stel voor dat dit die ervaring in samehangende modelle enkodeer, sodat soortgelyke situasies verstaan kan word. Kuhn se keuse in sy metaforiese vorm impliseer dat as 'n mens 'n voorbeeld het, daar deur analogie voortgegaan kan word sonder die eksplisiete artikulasie van 'n stel reëls.

Kuhn se postulaat van 'n paradigma is geformuleer as 'n historikus wat poog om die diskontinuiteite van wetenskaplike vooruitgang te verduidelik. In die wetenskaplike dissipline word 'n poging aangewend om 'n patroon aan die fenomenologiese wêreld voor te skryf, sodat die mens in daardie wêreld kan deelneem. Wetenskap is maar een van die mens se aktiwiteite en al die aktiwiteite wat hy in gemeen het met ander, word deur die gedeelde skema of paradigma gerig. Nie net wetenskap nie, maar al die mens se gemeenskaplike ondernemings, word deur die heersende paradigma gerig.

Die mens enkodeer sy artefakte met die idees wat in die heersende paradigma gegenereer word. Die mens se kuns weerspieël sulke patrone van enkodering, wat uit die 'styl' van die artefak bestaan. Die heersende paradigma rig dus nie net wetenskaplike strewes nie, maar ook kunstige pogings. Die styl van kunstige uitdrukking is daarom 'n weerspieëling van die heersende paradigma.

Laszlo (1972) vergelyk die aard van wetenskaplike strewes met die ontwikkeling van styl in kuns. Volgens hom is 'n 'styl' in kuns die funksionele analoog van 'n 'paradigma' in wetenskap. Beide is saamgestelde stelle, wat betekenis aan die ervaring verleen. Deur die parallel te trek met wetenskap in die raamwerk van kuns as 'n kognitiewe dissipline,

kan 'n mens sê dat 'n styl, wat voldoende estetiese konstruksies behels, in die kunsgerigte subgroep van kultuur, die paradigma van daardie groep verteenwoordig. Die lede van die groep beoefen daardie styl, maar vernuwe dit nie. Die prentjie verander wanneer die styl nie meer deur die lede van die groep as uitdrukking van hulle persoonlike ervarings gesien word nie. Die konserwatiewe lede van die "normale kuns" word rewolusionêre "krisis-kuns" innoveerders. Hulle soek 'n nuwe paradigma, 'n styl wat met meer akkuraatheid die patrone van ervaring van hul kultuur uitdruk. Die tipe aktiwiteit wat deur die avant-garde onderneem word, het heelwat in gemeen met die aktiwiteite van wetenskaplikes in 'n krisistydperk.

Die sinkronisiteit in paradigmatverandering binne 'n spesifieke dissipline is bekend en kan maklik verstaan word, byvoorbeeld Darwin en Wallace (kyk Biografiese Inligting) se gelyktydige formulering van teorieë van ewolusie van organismes deur natuurlike seleksie. Dit is egter moeiliker om die gelyktydigheid in die ontwikkeling in uiteenlopende dissiplines te herken, veral as dit deur verskillende tegnieke oorgedra word, byvoorbeeld die abstrakte taal van wetenskap in teenstelling met die stylitiese taal van kuns. As die mens se ondernemings drasties verander, byvoorbeeld van jagter-versamelaar na witboordjier werker, van bosbewoner na stadsbewoner, van edel barbaar na ruimtevaarder, sal sy paradigmas uit noodsaak verander. As hy dit nie regkry nie, sal hy sleg vir sy veranderde intellektuele omgewing toegerus wees en die kultuur sal waarskynlik misluk.

2.7.3 'n Paradigmatiese onderrig van argitektuurgeskiedenis

In die verhandeling van Fisher word die paradigmatiese benadering tot die onderrig van argitektuurgeskiedenis aanbeveel. Dit is afgelei van hierdie begrip van Kuhn se paradigma en die gevolglike stratifisering van Westerse chronologie in paradigmatiese episodes. 'n Paradigma kan verder gedefinieer word as:

'n gedeelde tydgebonde intellektuele model wat die gewone werksaamhede van die gemeenskap rig en beperk, maar ook aanpasbaar is en dus na tye van verskuiwing of omwenteling kan verander.

Daar word voorgestel dat die hiërgiese interpretasie van die artefak – pre-ikonografies, ikonografies en ikonologies – die 'wêreld' van die fisiese (Wêreld 1) en die objektiewe (Wêreld 3) toeganklik maak vir die student, wat daardeur die kulturele verlede herskep. Dit stel die student in staat om sy kritiese en kreatiewe vermoëns (Wêreld 2) te ontwikkel (kyk Figuur 1). Die benadering word beskou as toepaslik vir die aanbieding van Geskiedenis binne die argitektuurkurrikulum. 'n Paradigmatiese benadering beteken die identifisering van krisisvoorvalle, die uitkenning en interpretasie van unieke artefakte en die sinergering van begrip tot die verteenwoordigende paradigma, wat 'n konteks vir die kritiese evaluering van verdere artefakte bied.

2.7.4 Die verklarende hiërgie

Die Deen Thomsen (kyk Biografiese Inligting) het 'n versameling artefakte, wat aan hom toevertrou is, volgens die materiale wat gebruik is gerangskik, eerder as volgens hul gebruik of funksie (Boorstin, 1983). Hierdie rangskikking het tot 'n begrip van die argeologiese stratifikasie van kulturele ewolusie gelei. Alhoewel die stratifikasie van fossielbevattende materiaal die plek van die organisme in die ewolusionêre ketting aandui, is die kulturele stratifikasie van artefakte aanduidend van hul kulturele status.

Die tipe en styl van die artefak moet vasgestel word en aan 'n sekere plek en tyd toegeken word. Panofsky (1967) het 'n kognitiewe hiërgie van interpretasie verskaf om

kunswerke as artefakte te ondersoek. Binne die verklarende hiërargie word elke handeling van interpretasie aan 'n spesifieke aspek van die artefak gerig en word daarom toeganklik deur sy eie analisestelsel. Alhoewel die toepassing van hierdie verklarende hiërargie spesifiek van die interpretasie van Renaissance kuns afgelei is, kan dit tot die volle spektrum van artefakte deur alle vakgebiede verbreed word. Die geskiedskrywer van argitektuur moet ook artefakte onder sy spesifieke sorg, soos geboue, planne en elemente, deur middel van ikonologie interpreteer.

Popper en Eccles (1981) (kyk Biografiese Inligting) se model vir die interafhanklikheid van die verstand en artefakte is belangrik wanneer die hiërargie van vereiste kundigheid die ondersoek na die verstand van die interpreteerder lei. Hulle stel die Drie Wêreld²-model voor (Figuur 1): Die Eerste Wêreld is die wêreld van 'natuurlike' objekte en is kumulatief, omdat artefakte ook deel word van die Eerste Wêreld. Dit is die wêreld van alles wat 'is', selfs die produkte van die natuurlike of biologiese mens. Dit is die wêreld van meemdraers volgens Dawkins (1967) se konsep van 'n 'meme' as die kleinste oordraagbare kulturele skema. Voorwerpe van pre-ikonografiese analise, naamlik die verduidelikende interpretasie van natuurlike materiaal en artefakte, word hier gevind.

As Riedl (1984) se hiërargie gebruik word (Figuur 2), word daar op die natuurwetenskappe, soos Fisika, Chemie en Biologie, staatgemaak om die materiaal wat deur argeoloë, paleo-antropoloë, antropoloë en soortgelyke dissiplines ontdek is, te analiseer en te kategoriseer.

Die Derde Wêreld is die objektiewe ryk van abstrakte idees; die wêreld wat deur die kulturele aktiwiteit van die mens teweeggebring word. Dit is die produk van die kulturele laag in Riedl se hiërargie en is uitsluitlik die gebied van die mens. Dit is ook kumulatief, omdat kultuur in 'n dinamiese toestand van verandering en groei verkeer. Hierdie ryk het betrekking op ikonografiese interpretasie, want dit vereis die oordeel van abstrakte idees, wat bewaar word in byvoorbeeld geskrifte, ideogramme, allegoriese verteenwoordiging en kunsvoorwerpe. Die kundigheid wat op hierdie ryk sy toepassing vind is dissiplines van geesteswetenskappe, soos Sielkunde, Sosiologie en Kultuur en Wetenskap, soos deur Riedl se hiërargie gewys word.


Die Tweede Wêreld is die innerlike ryk van die verstand en geestelike wese en is die gebied van die individu. Dit word direk met die lewe, ondervinding en bestaan van die individu verbind. Die geskiedskrywer, as individu, bring sy persoonlike kundigheid, wat afgelei is van sy ondervinding, tot die interpretasie van artefakte en lei betekenis daarvan af. Die doel van ikonologiese interpretasie is spekulatief en fokus op die simboliese inhoud waarna toegang verkry is deur 'n familiariteit en empatie met die aard van die menslike verstand, wat die artefak vervaardig het. Die Tweede Wêreld kan gesien word as die wêreld van memetiese enkodering. Ikonologiese studie is uiteindelik 'n kreatiewe daad. Die verhouding van die kreatiewe verstand met sy kultuur moet ondersoek word.

Neumann (1974) noem twee belangrike verwantskappe, naamlik die verwantskap van die kreatiewe individu met sy tyd en die geskiedskrywer s'n in die bepaling van die waarde van daardie verwantskap. Die geskiedskrywer se verstand (Wêreld 2) neem die artefak (Wêreld 1) in beslag en deur 'n identifikasieproses (Wêreld 2) onderskei hy die ikonografie (Wêreld 3) van die artefak (Wêreld 1). Betekenis word deur interpretasie (Wêreld 2) afgelei om van bekende materiaal (Wêreld 1) 'n ikonologie (Wêreld 3) te vervaardig, wat 'n bykomstige artefak word, indien dit aangeteken word.

² Die Drie Wêreld moet nie verwar word met die begrippe Eerste Wêreld, Tweede Wêreld en Derde Wêreld soos wat dit gebruiklik as staatkundige begrippe benut word nie.

WÊRELD 1	WÊRELD 2	WÊRELD 3
Fisiese objekte en toestande	Bewustheidstoestande	Kennis in objektiewe sin
1. Anorganies Materie en energie van die kosmos 2. Biologie Struktuur en aksies van alle lewende wesens, menslike brein 3. Artefakte Materiële substrate van menslike kreatiwiteit gereedskap masjiene boeke kunswerke musiek	Subjektiewe kennis Ervaring van persepsie denke emosies temperamentele bedoelings (dispositional intentions) herinneringe drome kreatiewe verbeelding	Kulturele erfenis gekodeer op materiële substrate filosofies teologies wetenskaplik histories letterkundig kunstig tegnologies Teoretiese stelsels wetenskaplike probleme kritiese argumente

Figuur 1: Popper se Drie Wêreld model (Popper & Eccles, 1981, p.359).



Figuur 2: Die gestratifiseerde struktuur van die werklike wêreld volgens Riedl (1984, p.182)

2.7.5 Paradigmatiese episodes

Die eerste paradigma word die **simpatieke paradigma** genoem en is analoog tot die harmonieuse resonansie van vibrasies in naaste liggame van simpatiese frekwensie. Dit is die animistiese wêreld waar bemiddeling deur shamaans plaasvind, wat met die geeste kommunikeer, wat die goeie kalmeer en die slegte afweer. Die metafore is van bome en woude en die mites is van Eden. In die kulturele ewolusie is dit die paradigma van beide prehistoriese en primitiewe mens.

Die tweede paradigma word die **kosmiese paradigma** genoem, na Rapoport (1969) se "geloofs en kosmologiese" houding. Die hemele word hier gesien as wêreld vanmekaar verwyderd en die hemelliggame as gode. Dit is die paradigma van antieke beskawings, vroeë Egipte en die Vruggbare Halfmaan.

Die derde paradigma word die **simbiotiese paradigma** genoem (Rapoport, 1969). Hier is die mens en die natuur in toestand van ewewig en die mens sien homself as verantwoordelik tot God vir die natuur en die aarde en as rentmeester en bewaarder van die natuur. Dit is die paradigma van enige monotheïstiese teokrasie, spesifiek dié van Europa in die Middeleeue.

Die vierde paradigma is die **meganistiese paradigma** en word deur Rapoport (1969) uitbuitend genoem. Die mens voltooi en verander die natuur, dan skep hy dit en uiteindelik vernietig hy die omgewing. Dit is die paradigma van die moderne mens en sy metafore word afgelei van die werking en funksie van masjiene. Die werking van die natuur kan rasioneel verstaan en verander word deur rede. Dit is die paradigma wat vandag nog heers.

Die vyfde paradigma is die opkomende een en word beskryf as **die ekosistemiese paradigma**. Die konsep van stelsels is sentraal tot hierdie paradigma.

Vir 'n verdere verduideliking van die aard van paradigmas, kan Fisher se verhandeling *A paradigmatic approach to architectural history: Postmodernism* (1989, p.3-13) nagegaan word. Laszlo (1972) gee 'n verduideliking van Kuhn se paradigmas ten opsigte van Wetenskap (p.213-219) en Kuns (p.229) en Grabow (1983, p. xiii) verhelder ook hierdie begrip.

2.8 ALGEMENE STESELDENKE

2.8.1 Definisie

'n Stelsel is 'n sisteem, geordende werkswyse, metode of model. Dit is enige samekewende versameling van items wat dinamies verwant is.

2.8.2 Oop stelsel

'n Oop stelsel is 'n stelsel wat inhoud of materie met sy omgewing uitruil en sodoende invoer en uitvoer oplewer. 'n Oop stelsel is interaktief ten opsigte van die omgewing en kan byvoorbeeld in groepe soos lewende wesens en organismes bespeur word. Die eienskappe van so 'n stelsel is heelheid, interafhanklikheid, hiërargie, selfregulering en –beheer, interaksie met die omgewing, aanpasbaarheid en dinamiese ewewig (homeostase). 'n Dinamiese stelsel is in dinamiese ewewig en pas by die veranderende omstandighede van die gemeenskap aan.

2.8.3 Vloeistelsel

'n Stelsel wat *insette* en *uitsette* het, word 'n vloeistelsel genoem. Die insette en uitsette is meetbare hoeveelhede energie, materie of inligting. Die funksie van 'n stelsel is om beskikbare insette in vereiste uitsette om te sit. Insette is van die *hulpbronomgewing* afkomstig en uitsette word in die *beheerde omgewing* uitgelaat. Produkte van omsetting wat nie bydra tot die vereiste uitset in die beheerde omgewing nie, soos rook, skadu, wind, weerkaatsing en temperatuurverhoging, asook vuil- en rioolwater as afvalprodukte, is *sekondêre uitsette*. Skommelings in die omgewing word *sekondêre insette* of versteurings vir die beheerde omgewing, byvoorbeeld eksterne temperatuur of verandering in die bewoning van die gebou. Steurings in die beheerde omgewing lei tot 'n verandering in die aanvraag in die vloeistelsel. Die stelsel moet dus voortdurend ingelig word oor die toestand van die beheerde omgewing, sodat regulering van die uitset kan plaasvind. Dit is die beheermeganisme van die stelsel. Hierdie terugvoer of *beheer* vanaf die beheerde omgewing, vestig 'n simmetriese verhouding tussen die beheerde omgewing en die stelsel (Figure 3 en 4) (saamgestel volgens Markus & Morris, 1980).

2.8.4 Stelselteorie

Hierdie beginsel word toegepas op meer as net beheerstelsels, wat sy oorsprong in die meganiese ingenieurswese het. Stelselteorie en stelsel filosofie spruit hieruit.

Die konsep van 'stelsel' konstitueer 'n nuwe 'paradigma', om Kuhn se uitdrukking te gebruik, of 'n nuwe filosofie van die natuur' soos Von Bertalanffy (1968) dit stel, wat die blinde natuurwette van die meganistiese wêrelduitkyk, asook die wêreldproses as 'n Shakespearese (kyk Biografiese Inligting) 'tale told by an idiot', met 'n organismiese uitkyk van die wêreld as 'n groot organisasie, kontrasteer (Laszlo, 1972, p.xix).

In die voorwoord tot Laszlo (1972, p.xvii) se boek skryf Von Bertalanffy dat die neiging wat in Biologie en ander dissiplines ontstaan het, hom gelei het om die idee van algemene stelselteorie te bedink. Dit is in die jare 1930 en 1940 bekendgestel. Dit is 'n interdissiplinêre leerstelling wat beginsels en modelle uitbou, wat van toepassing is op stelsels in die algemeen, ongeag hul spesifieke soort, elemente en 'kragte' betrokke.

Ons skuif vanaf 'n Cartesiese uitkyk van die heelal, waarin die klem op die dele en elemente gelê het, na 'n konfigurasie uitkyk, waar die klem op gehele en patrone gelê word en wat elke verdelende lyn tussen rigtings van kennis en studie gaan uitdaag. As daar enige manier is om by verandering aan te pas, moet dit die ontwikkeling van 'n metataal en metavaardighede insluit, sodat dit kontinuïteit in verandering kan hanteer. Die eerste reaksie van opvoedingstelsels wat so versnel word, is om tegnisi, wetenskaplikes en ingenieurs te produseer (kyk 3.5), maar dit word betwyfel of so 'n prioriteit produseer wat benodig word om die onderneming te bestuur. Geen spesifieke wetenskap of tegnologie verskaf 'n metataal in terme waarvan daar gedink word oor die samelewing, sy tegnologie, sy wetenskap en die konstante veranderinge wat hulle ondergaan tydens innovasie nie (Laszlo, 1972, p.303 - 304).

Figuur 3: Diagrammatiese voorstelling van interaksie tussen twee stelsels.

Figuur 4: Interaksie tussen gebou en mens, beide as stelsels, volledig met beheerstelsels en terugvoer.

2.8.5 Stelsel filosofie

Meer en meer mense word psigiatry behandel, omdat hulle nie betekenis in die lewe vind nie (kyk 3.12.7). Hulle kla oor 'n innerlike leegheid en 'n gevoel van betekenisloosheid. Mense word nie soos diere deur hulle instinkte gelei nie en kan nie bevrediging daaruit kry om geneties geprogrammeerde gedragspatrone uit te voer nie. In vroeë tydperke is hulle deur sintetiese denkwyses gelei, wat gedeeltelik berus het op geloof en verbeelding. Die groot mites van vroeë eeue en die geloof van ons onmiddellike erfenis het vir miljoene hul oortuigingskrag verloor. Volgens ideoloë kan dit vervang word deur aksie-geöriënteerde ideologieë soos Naziïsme en Kommunisme, wat 'n algehele wêrelduitkyk voorstel met eksplisiete voorskrifte vir aksie. Naziïsme was egter 'n perversie op die vlak van sosiale moraliteit en moes onderdruk word en Kommunisme openbaar sy volle krag om betekenis aan ons bestaan te gee slegs wanneer die rewolusie deur sy leiers versoek, in volle swang is. Die 'eksistensiële vakuum' omhels almal behalwe aktiewe rebellerende en militante nasies van die wêreld, maar die sogenaamde 'gevorderde samelewings' van die wêreld kan nie aan hulle lede betekenisvolle redes vir hul bestaan bied nie.

Die akkumulering van hoogs gespesialiseerde stukkie kennis, kan nie aan groter stukke van ondervinding betekenis gee nie en vul nie die bestaande vakuum nie.

Daar is vandag 'n behoefte om vars en betroubare empiriese inligting in filosofie in te bring om die laslappiewerkbenadering te oorkom, wat in kennis gebruik word as 'n manier om onself te beskerm teen onheil, as gevolg van onkunde van sistemiese interverbindinge in die natuur. Dit is ook nodig om insig te hê in algemene patrone van bestaan in hierdie wêreld as 'n metode om betekenis te verskaf aan die blote feit dat ons hier is (Laszlo, 1972, p.5 - 6)

Die mees koersvaste sowel as die mees algemene paradigma vandag beskikbaar, is die een wat toegepas word op die analise van die menslike ondervinding en sy probleme. Dit vorm stelsel filosofie en is die konseptuele raamwerk waarbinne klassieke filosofiese analise van ondervinding, kennis, kuns, geloof, waardes, vryheid, moraliteit, waardigheid en ander fasette van filosofiese belang plaas kan vind. Die stelselteoretiese paradigma neem die mens as een spesie van 'n konkrete en aktuele stelsel, ingesluit in omvattende, natuurlike hiërargieë of soortgelyke konkrete en aktuele fisiese, biologiese en sosiale stelsels (p.298).

2.8.6 Interdisiplinêre studie

Algemene stelselteorie is 'n interdisiplinêre leerstelling, soos hierbo genoem. In hierdie subprobleem word daar aangevoer dat interdisiplinêre studie in die gebied van argitektuur geregverdig is. Fisher (1992) verduidelik dat die dissipline van argitektuur erfgenaam van 'n magdom van idees uit historiese tyd is. As gevolg van die interdisiplinêre en kruis-kulturele aard van die praktyk van argitektuur, is dit goed geplaas om juis as laboratorium en innoveerder van die opkomende ekosisteem te dien. Ons behoort nie die kans verby te laat gaan nie.

Hierdie gevoel word gedeel deur ander nagraadse studente in die Skool. In sy verhandeling beklemtoon Bakker (1992, p.1) die belang van integrasie van werke.

Hierdie eeu sien 'n algemene denkerskuiwing in die argitektuurhistoriese benadering, wat veral te danke is aan die opkoms van die antropologiese, sosiologiese, strukturalistiese, fenomenologiese en kontekstuele sienings, en te dele aan die getuie van die steeds groeiende corpus artefakte vanuit die

argeologie. Hierdie denkverskuiwing het enersyds tot gevolg dat wegbeweeg word van etiologiese beskouings en andersinds dat daar naderbeweeg word aan 'n konteksgebonde realisme.

Bakker volg die ekosistemiese gefundeerde argitektuurhistoriese benadering en beskou as relevant die hiërargies gestelde interaktiewe verwantskap. Een van sy aannames is dat die argitektuurhistoriese ekosistemiese benadering 'n geldige benadering binne die dissipline is en dat die toepassing daarvan tot geldige afleidings kan lei (p.9). Dit word ook in hierdie studie aangeneem en word deur bewyse, veral uit die werke van Fisher, verdedig en gestaaf.

Die studie van Fisher (1992) is gekies, omdat dit nuwe grond breek rakende riglyne vir die ekosistemiese benadering tot argitektuurgeskiedenis. Hierdie studie word aan die hand van die aanvaarde grondbeginsels van die ekosistemiese epistemologie en paradigma asook Fisher (1992) se riglyne vir die ekosistemiese benadering tot argitektuurgeskiedenis evalueer. Bakker (1992, p.12) se studie is volgens dieselfde metodiek uitgevoer.

In 1983 het Holm 'n kort dokument geredigeer, genaamd *'n Konteks vir die argitektuur*. Dit som die gevoel van die Skool op. Volgens die dokument is die riglyne vir universitêre onderrig en in die besonder dié van argitekte, dat spesialiste vir stabiele tye nodig is, maar dat die samelewing in veranderende tye generaliste benodig (p.1). Carson (1978) noem reeds dat die samelewing spesialiste en generaliste in die vorm van omgewingswetenskaplikes nodig het, wat data vanaf 'n wye reeks dissiplines kan koördineer en interpreteer.

In die lesingreeks *'n Konteks vir die argitektuur* (Holm, 1983), word tendense in moderne Afrikaanse Prosa ingesluit. Dit dui op integrasie van vakrigtings, in die vorm van vergelykings tussen Letterkunde en Argitektuur.

'n Wye veld, wat verskeie vakgebiede dek, word dus deur die argitek vir homself as konteks toegeëien. Interdissiplinêre studie word deur hierdie wye konteks geregverdig. In sy boek *Christopher Alexander: The search for a new paradigm in architecture* dokumenteer Grabow (1983, p.xi) die bevindinge van Alexander. Volgens hom sal 'n mens nie argitektuur, en die probleem van orde, kan beskou as 'n vak wat apart gehou kan word van Fisika en Biologie nie, maar moet 'n mens dit beskou as die steunpunt van idees, wat rewolusionêre veranderinge in die gebied van al sy gedagtes sal veroorsaak.

Laszlo (1972, p.xix) beweer dat kennis nie 'n eenvoudige skatting van 'waarheid' of 'realiteit' is nie, maar dat dit 'n interaksie tussen die kenner en die gekende is en dus afhanklik is van 'n veelvuldigheid van faktore van 'n biologiese, kulturele en taalkundige aard.

Hy verduidelik verder (p.297) dat sintese nie beteken dat die mens moet strewe om alles oor alles te weet nie. Dit sou 'n onmoontlike taak gewees het. Dit is ook nie nodig nie, want uit die koördinasie van aparte items van kennis in elke spesifieke kennisveld, kom kernidees voor. Dit is algemene beginsels wat 'n intelligente mens, wat sy verstand geleer het om so te doen, sonder probleme kan verstaan en kan verwerk.

Die spesifikasies van die ekosistemiese paradigma kan baat vind by die wisselwerking van verskeie verstande, wanneer nie net 'n enkele ondersoeker met sy beperkte fonds van inligting en insig nie, maar verskeie werkers met verskillende agtergronde en belangstellings, hulle verbind om stelselfilosofie te beoefen, sal die foute van kommissie en weglating in die huidige werk oorkom word (p.299).

In die sinspeling op Hesse (1969) (kyk Biografiese Inligting) se fiktiewe spel waarin alle strukture – musikaal, matematies, sosiaal, polities, fisies, chemies, biologies en visueel – op 'n enkele manier verteenwoordig kan word (Grabow, 1983, p.9-10), het Alexander gepostuleer wat hy genoem het 'The Bead Game Conjecture'. Dit is volgens hom moontlik om 'n verenigende struktuurkonsep uit te dink, waarbinne al die vorige struktuurkonsepte, wat nou geldig is in die verskillende gebiede van kuns en wetenskap, gesien kan word vanaf 'n enkele uitgangspunt.

Vaardighede soos probleemoplossing, studie en kommunikasie wat fundamenteel is tot omgewingsopvoeding, is sentraal tot alle vakke van die *National Curriculum* van Brittanje. Omgewingsopvoeding is daarom ideaal gepas om onderrig te word as 'n kruis-kurrikulêre tema eerder as 'n individuele vak (Hale & Hardie, 1993, p.15-19). Die konseptuele basis en leermetodes in omgewingsopvoeding is interdisiplinêr en word geïmplementeer deur 'n ontwerpbenadering.

Die kruis-kurrikulêre vereistes van die *National Curriculum* help om die feit te versterk dat vakdisiplines nie diskreet is nie, maar dat daar oorvleueling en interaksie daartussen is. Ekologiese werk kan dus ingesluit word in aspekte van Geskiedenis, Moderne Vreemde Tale, Wiskunde, Engels, sowel as Biologie en Geografie.

2.8.7 Omgewingstelsels

Alles in die omgewing is interafhanklik. Geen kategorisering van die verskeidenheid van lewe kan ooit as volledig beskou word nie (UNESCO-UNEP, 1990). Die volgende nege hoof omgewingskonsepte (gebaseer op en gewysig van dié van Meadows in UNESCO-UNEP, 1990) word hier bespreek. Dié konsepte is deur Soerjani in Hale (1993, p.153 - 157) aangehaal om ekologie in opvoeding te beklemtoon:

1. Die Gaia hipotese

Die Gaia (aardgodin) hipotese verduidelik hoe organismes, veral mikro-organismes, tesame met die fisiese omgewing ontwikkel het, om 'n ingewikkelde beheerstelsel te verskaf wat die aarde se toestande gunstig vir lewe instand hou (Lovelock, 1982, p.24-26; Myers, 1985). Persepsie van die omgewing, etiek en aksies met betrekking tot die omgewing word dan op hierdie beginsels gebaseer. Almal is uit die grond van die aarde geskep. Hierdie konsep versterk altruïsme as 'n basis van die fisiese aspekte van omgewingsbestuur.

2. Noösfeer

In 1925 het Père Teilhard de Chardin (1955, p.14) (kyk Biografiese inligting) die term noösfeer (vanaf die Griekse **noos** of verstand) uitgedink om die sfeer van die verstand, in teenstelling met die biosfeer of lewensfeer, uit te beeld. Hiermee het hy die totale patroon van denkende organismes (menslike wesens) en hul aktiwiteite bedoel. Hy het dit 'n sfeer van refleksie, van bewuste uitvinding en van die unie van siele genoem. Later egter in *Le Phénomène Humain* (1955, p.201) verwys hy na die noösfeer as 'n nuwe laag of membraan op die aarde se oppervlakte, 'n 'denkende laag' wat op die lewendige laag of biosfeer en die lewelose laag van anorganiese materiaal of litosfeer geplaas is.

Die mens se rol as "geologiese" agent het so belangrik geword, dat Vernadsky (1945) voorgestel het dat die noösfeer die wêreld wat deur die menslike verstand gedomineer word geleidelik die biosfeer, die natuurlik ontwikkelende wêreld wat reeds vir biljoene jare bestaan, vervang. Odum (1983, p.53) voer aan dat die tyd nog nie werklik ryp is vir die

noösfeer konsep om die biosfeer konsep te vervang nie, aangesien die mens nou wyser is om die gevolge van sy aksies te verstaan. Volgens Odum kan ons nog nie ons biosferiese stelsel, wat lewe onderhou, bestuur en handhaaf of dit vervang met 'n ten volle kunsmatige omgewing nie. Natuurlike prosesse werk goed en is goedkoop.

In die noösfeer konsep kan mense natuurlike stelsels deur die vooruitgang van wetenskap en tegnologie verander. Die mens verstaan hoe die struktuur en funksie van 'n organisme dit in staat stel om te oorleef en voort te plant in die omgewing waarin dit woon, maar die mens se vermoë om die omgewing deur sy sintuie waar te neem en om die omgewing in sy verstand te konseptualiseer, is beperk. Daarom is die mens dikwels verbaas oor die onverwagse en onvoorspelbare impak van sy aksies (UNESCO-UNEP, 1990, p.4).

3. Vlakke van wese

Menselewe begin in natuurlike ekostelsels, die biosfeer en die ekosfeer. Deur huidige wetenskaplike en tegnologiese vermoëns word omgewings deur menslike aksie geskep. Dit is die tegnosoef. Daar is ook 'n derde komponent: die sosiale omgewing of sosiofeer. Deur die drie vlakke te balanseer, word die omgewing beter beheer en versorg.

4. Neutraliteit van die natuur

Die antroposentriese uitkyk van die natuur vergroot die gaping tussen die bekende en die onbekende. Gasheer-parasiet interverhoudings word nie ten volle verstaan nie. Roofdiere word as wrede, gulsige en skuldige diere gesien, terwyl die rol van hierdie interverhouding in die elasticiteit van 'n stelsel, dikwels in 'n gekontroleerde en gebalanseerde stelsel in die oorlewing van bestaan misgekyk word.

5. Vlakke van omvang

Fisiese, biologiese en sosiale faktore werk op 'n verskeidenheid van maniere in verskillende ekologiese areas, by verskillende vlakke van kompleksiteit en op verskillende tydskaal. Dit neem byvoorbeeld 'n honderd jaar vir 'n tropiese reënwood om te hervestig. Omgewingsopvoeding moet daarom progressiewe kontekstuele benaderings volg waarin sekere verskynsels geanaliseer moet word binne 'n progressiewe omvang van ruimte en tydskaal.

6. Biodiversiteit

Dit verhoog gewoonlik natuurlike elasticiteit. Natuurlike ekostelsels word gerangskik in hiërargieë wat fyn gestel word, stabiel en elasties is (UNESCO-UNEP, 1990, p.3). Hierdie konsep kan ook toegepas word op menslike biodiversiteit. 'Horisontale' menslike biodiversiteit, die bestaan van 'n kompleksiteit van etniese groepe, kulturele gemeenskappe en beroepe om 'n groter verskeidenheid van niches te kan vul, mag elasticiteit in die omgewing bevorder. Die 'vertikale' menslike biodiversiteit, of sosiale status diversiteit, met ander woorde die gapings tussen ryk en arm, moet oorbrug word. In omgewingsopvoeding kan horisontale menslike diversiteit bevorder word, terwyl vertikale sosio-ekonomiese diversiteit slegs kan bestaan nadat gelyke geleenthede aan almal in elke groep van die gemeenskap gegee is. Diversiteit kan dus slegs geduld word as dit gebaseer word op ge diversifiseerde verantwoordelikhede en bereikings.

7. Siklusse

Die wet van entropie hersien die fundamentele konsepte van materie en energie. Dit moet in verband met omgewingsopvoeding oorweeg word. Die aarde is 'n oop stelsel, wat energie in ruimte versprei en van die son opgeneem word. Materie op aarde word gewoonlik aanvaar in 'n geslote stelsel ingesluit te wees. In omgewingsbestuur is die herwinning van gebruikte hulpbronne soos yster, staal of ander uitputbare materiale duur en soms onmoontlik. Daarom moet omgewingsopvoeding alle moontlikhede insluit, soos vermindering van verbruik van hulpbronne, navorsing en ontwikkeling van plaasvervangers, bevordering van die gebruik van herwinbare hulpbronne en vervaardiging van duursame produkte.

8. Komplekse stelsels

Die belangrikste komponente van omgewingstelsels is materie en energie, onderlinge verbindings en funksies. Deur hierdie onderlinge verbindings is stelsels meer as die som van hul dele. In 'n hiërargiese organisasie word komponente gekombineer om groter, funksionele gehele te produseer en nuwe eienskappe kan te voorskyn kom, wat nie bestaan het by die vlakke van sy komponente nie. Net so kan 'n opkomende eienskap van 'n ekologiese eenheid nie voorspel word uit die studie van die komponente van die eenheid nie (Odum, 1983, p.5-8). Die onderlinge verbinding van komponente van 'n stelsel word in hiërargië gerangskik. Dit beteken dat die komponente van 'n stelsel nie ewe sterk onderling verbind is nie.

9. Lewensvatbaarheid

As regverdig menslike rykdom die doel van ontwikkeling is, moet lewensvatbare ontwikkeling versigtig beplan, geïmplementeer, bestuur en gemonitor word, met die ondersteuning van natuurlike hulpbronne en prosesse. Die natuurlike kragte van planetêre stelsels word vergelyk met menslik kragte. Dit is makliker om hierdie kragte aan te wend as om daarteen te werk (UNESCO-UNEP, 1990, p.3). Lewensvatbare ontwikkeling is ook ontwikkeling binne omgewingsparameters. Ontwikkelingsprojekte moet nie net tegnologie gepas wees nie, maar moet ook uitvoerbaar in terme van die omgewing en sosio-ekonomies lewensvatbaar wees. Dit beteken dat die projek deur die gemeenskap ondersteun moet word en dat 'n sin van eienaarskap onder lede van die gemeenskap bevorder moet word.

2.8.8 Kontemplasie

Die natuur, die heelal en oor die algemeen, die omgewing kan verbind word met die aktiwiteit van kontemplasie, wat eie aan die mens is. Volgens Thomson (1976, p.212) het Aristoteles (kyk Biografiese Inligting) die aktiwiteit van kontemplasie beskryf as kombinasie van sekere intellektuele deugde. Een van hierdie deugde is wetenskaplike wysheid, wat die vermoë is om 'n algehele en diepe begrip van die natuur te hê. Die wetenskaplike en intuitiewe kennis van wat in die natuur die kosbaarste is, kan as wysheid beskou word.

Die gedagte van kontemplasie is nou verbind met die natuur en 'n begrip van die heelal. Hutchinson (1995, p.196) beweer in *Ethics*, dat as die mens nog in die Paradys geleef het en bevry was van sy liggaamlike behoeftes, hy niks anders sou gedoen het, as om te kontempler en om die *heelal* te bewonder nie. Hy verskaf verder die antieke Griekse antwoord op wat die lewe beteken en hoekom iemand sal kies om in die wêreld in te kom en te lewe: 'Om waar te neem: die hemel en die sterre, maan en die son daarbinne'. Die

omgewing is dus 'n integrale deel van die mens se bewusheid. Die term 'kontemplasie' word verder in 4.6 verduidelik.

2.9 OMGEWINGSOPVOEDING

2.9.1 Inleiding

Opvoeding is 'n proses en omgewingsopvoeding is 'n styl van opvoeding. Volgens Carson (1978) is dit nie nuut nie, maar word dit elke jaar belangriker. 'n Studie van die oorsprong en betekenis van omgewingsopvoeding moet eers gemaak word, voordat dit op die gebied van Omgewingsgeskiedenis en dan van argitektuur toegepas kan word.

2.9.2 Die oorsprong van omgewingsopvoeding

Die moderne omgewingsopvoedingsbeweging het in Engeland begin in Maart 1965 tydens die Keele Konferensie. Die argiewe van die internasionale omgewingsopvoedingsprogram, wys dat omgewingsopvoeding, soos wat ons dit vandag ken, sy oorsprong gesamentlik gehad het in die belange van die Derde Wêreldse lande en in die belange van redelike ad hoc gemeenskapsgroepe. Die Derde Wêreldse lande is tot 'n mate omgewingsgewys gedegradeer deur die aktiwiteite van ontwikkelde (of eerder oorontwikkelde) lande en die ad hoc gemeenskapsgroepe se sigbare agteruitgaande omgewing het begin kommer wek. Hierdie oorsprong was dus hoofsaaklik polities.

Die beweging van omgewingsopvoeding het uitdrukking begin vind in skoolleerplanne, maar daar was 'n merkbare geneigdheid vir omgewingsopvoeding om geassumeer te word deur wetenskapsopvoeding. Die gevolg was dat die meeste van die vorige politiese voordeel verlore geraak het. Omgewingsprobleme is geïnterpreteer as hoofsaaklik tegniese probleme wat tegniese oplossings benodig het, soos wat deur die wetenskaplike vakgebied verskaf kon word. Omgewingsopvoeding is gedomineer deur die natuurwetenskaplike benadering. Sistemiese kennis is formeel verskaf, soos vir die tradisionele, wetenskaplike dissiplines van Geografie, Geologie en Biologie (Robottom, 1993, p.1 - 2).

2.9.3 Die omgewing as natuur- en geesteswetenskap

Die omgewing is nie iets wat 'n realiteit heeltemal buite of apart van die mens self en van sy sosiale omgewing het nie. Dit moet eerder verstaan word as die konseptuele interaksie tussen die fisiese omgewing en die sosiale, politiese en ekonomiese kragte wat die mens in die konteks van hierdie omgewings organiseer. Die studiegebiede van beide die geesteswetenskappe, sowel as van die natuurwetenskappe behoort by omgewingsopvoeding betrek te word.

As omgewingsprobleme slegs in die wetenskaplike terme van objektiewe verwantskappe tussen bestaande fisiese komponente beskryf word, word belangrike faktore soos bestaande menslike en staatsverwante belange misgekyk.

Omgewingsprobleme kan slegs opgelos word deur byvoorbeeld geskiedkundige en geografiese oorwegings te betrek. Die natuurwetenskappe behoort ook 'n geïntegreerde houding ten opsigte van die werklike situasie te toon. Die omgewing vorm deel van die werklike wêreld. Omgewingsbegrip bly dus nie in die natuurwetenskappe nie, maar beweeg oor na die gebied van die geesteswetenskappe (Carson, 1978, p.63).

Die woord 'omgewingsgeskiedenis' impliseer beide natuurwetenskap, omdat die omgewing deel van die natuur is; en geesteswetenskap, omdat geskiedenis 'n

geesteswetenskap is. Daar is dus 'n ekosistemiese interafhanklikheid in die integrasie van die twee vakrigtings.

2.9.4 Ekologie in omgewingsopvoeding

Die woord 'ekologie' het in die jare 1960 'n lewe van sy eie begin aanneem (Golley, 1993, p.ix). Die basiese denkraam in omgewingsopvoeding is ekologies. Dit word gewoonlik met Biologie geassosieer. Alhoewel die mens 'n dier is met die krag en vermoë (wat in wetenskap en tegnologie saamgevat word) om sy omgewing te verander, bly hy steeds 'n dier wat reageer met ander organismes in sy omgewing. Hierdie reaksie is ekologie (Carson, 1978, p.63).

Daar is 'n toenemende begrip van hoe mense onderling verbind is, hoe hulle op mekaar reageer en hoe hulle onderling afhanklik is van ander biotiese en nie-biotiese komponente van die lewensstelsel. Die lewende omgewing moet nie net die menslike nie, maar ook die nie-menslike komponente dra.

Aan die een kant is mense deel van die biotiese stelsel, maar aan die ander kant het hulle 'n algemene verantwoordelikheid vir die versorging van die omgewing. Dit vereis 'n begrip van wat die omgewing is en van die geleenthede, asook die beperkings, om die bestaan daarvan te dra en die welvaart daarvan te bevorder. Ekologie is 'n basiese dissipline wat omgewingsopvoeding ondersteun.

Ekologie word in wetenskaplike omgewingsopvoeding toegepas en tesame met Ekonomie, Geografie, Tegnologie en ander aspekte van sosiale wetenskappe geïntegreer. Omgewingswetenskap word gebaseer op ekologiese begrippe en hoe om dit as basis vir 'n manier van lewe toe te pas. Omgewingswetenskap word daarom verstaan as toegepaste ekologie (Soerjani, 1993, p.145).

Volgens Carson (1978) word ekologie in opvoeding, as hoofpunt in omgewingstudies, nie net gebruik vir die waarneming en analise van die omgewing op 'n plaaslike skaal nie, maar as manier om begrip te bevorder sodat kennis toegepas kan word op die plaaslike, nasionale en wêreldwye omgewing. Die breë doel van wetenskapopvoeding vir die jare 1970 (tydens die meganistiese paradigma) was die beperkende konteks van gespesialiseerde dissiplines. Wetenskapopvoeding het intussen ontwikkel en moet nou wetenskap in verhouding tot die mensdom se sake (ekosistemiese paradigma) oorweeg. Volgens Carson het kennis geen betekenis as dit nie tot probleme aangewend kan word of gebruik kan word om nuwe doelwitte te soek nie.

Thomas (1993, p.40-44) beskryf die benadering wat gevolg word om ekologie in kursusse by Keele en ander universiteite bekend te stel. Eerstens word ekologie in tradisionele, natuurhistoriese kursusse bekend gestel en tweedens word kursusse in praktiese habitatsbestuur ontwikkel.

Daar is niks nuuts daarin om ekologie in natuurhistoriese kursusse op hierdie manier bekend te stel nie, want dit gebruik die goed getoetsde leerfilosofie van volwasse opvoeding, naamlik om die nuuskierigheid te prikkel en self-verkenning van 'n probleem aan te moedig. 'n Meer onlangse ontwikkeling in volwasse opvoeding was die uitbreiding na opvoedkundige vakansies of studietoere.

Ekologie word die meeste waardeur wanneer dit bekend gestel word in 'n lyn van navraag om te help om waargenome fenomene te help verduidelik. Alle weë lei na ekologie eerder as om die beginpunt te wees. Tweedens moet ekologie gesien word

relevant te wees tot 'n situasie waargeneem in die veld eerder as 'n akademiese oefening.

Een van die hoofdoele van ekologiese opvoeding is die ontwikkeling van 'n sin vir omgewingsbewustheid in jong mense.

Berkowitz (1993, p.51) noem dat die opvoedingstelsel wat ekologiese beginsels inkorporeer, studente die geleentheid moet bied:

- a. om die relevansie van ekologie tot menslike sake te leer,
- b. om 'n interdisiplinêre benadering te neem tot die begrip van die omgewing
- c. om die verhouding tussen plaaslike-, streeks- en globale skale te leer en
- d. om gehelp te word om vaardighede en gesindhede geleer in ekologiese opvoeding, tot ander dissiplines en tot hul alledaagse lewe oor te dra

2.9.5 Definisie van omgewingsopvoeding

Carson (1978) en Hale (1993) se definisies (deur outeur vertaal) word hier gebruik om omgewingsopvoeding te verduidelik. Beide raak konsepte wat in die voorafgaande hoofstukke beklemtoon is as strewende vir die vak Omgewingsgeskiedenis. Hierdie konsepte is *waarde*, *ervaring* en *integrasie* van vakrigtings.

Carson se definisie (1978, p.3):

Omgewingsopvoeding is 'n proses wat *waardes* herken en konsepte opklaar om houdings en vaardighede te ontwikkel wat nodig is om die onderlinge verband tussen mense, asook hul kulturele en biofisiese omgewing te verstaan en te *waarddeer*. Dit is ook die beoefening van besluitneming en selfformulering van 'n gedragskode oor twispunte wat omgewingskwaliteit aangaan.

Die belang van waarde word in Hoofstuk 3 beklemtoon. Omgewingsopvoeding eis bewys van waarde-oordele te wees. Dit is die strewende om in die vak Omgewingsgeskiedenis, bewuswording ten opsigte van waarde en betekenis te kweek.

Hale se definisie (1993, p.133):

Omgewingsopvoeding handel oor die verbetering van die kwaliteit van *ervaring* van die hele leerplan en oor die meer effektiewe gebruik van leerplantyd, asook die verbeeldingryke gebruik van benaderings tot onderrig en hulpbronne. Alle vakke in die leerplan kan op verskillende maniere bydra tot die ontwikkeling van omgewingsbewustheid. Dit impliseer dus *integrasie* van vakrigtings en 'n bydrae van elk tot die studiegebied.

Indien die definisies van omgewingsopvoeding ooreenstem met die credo wat in hierdie verhandeling vir die Omgewingsgeskiedenis kursus aangemoedig word, kan die begrip soos deur hulle verduidelik, verder ondersoek word om ondersteuning te bied vir die daarstelling van 'n leerplan, toegespits op argitektuur.

2.9.6 Die doel van omgewingsopvoeding

Volgens die *National Curriculum Council* in Brittanje is die drie hoofdoele van omgewingsopvoeding die volgende (Hale & Hardie, 1993, p.10):

1. Om geleenthede te verskaf om kennis, waardes, gesindhede, verbintenisse en vaardighede nodig om die omgewing te beskerm en te verbeter, te verkry.
2. Om studente aan te moedig om die omgewing vanaf 'n verskeidenheid perspektiewe, naamlik fisies, geografies, biologies, sosiologies, ekonomies, polities, tegnologies, histories, esteties, eties en spiritueel te ondersoek en te interpreteer.
3. Om studente se bewustheid en nuuskierigheid oor die omgewing te prikkel en om aktiewe deelname in die oplossing van omgewingsprobleme aan te moedig.

Hierdie hoofdoele is ook in lyn met die hoofdoele van Omgewingsgeskiedenis soos aangebied deur die Skool van Argitektuur by die Universiteit van Pretoria en die bekendstelling van ekosistemiese denke in die leerplan. 'n Ekosistemiese uitkyk is nodig om die omgewing te beskerm en te verbeter. Die integrasie van vakrigtings is nodig vir die interpretasie daarvan. Die bewustheid word gereeld beklemtoon en die oplossing van omgewingsprobleme is tog die essensie van die kursus. Alles het 'n noue verband met die konteks van die omgewing. Die doel van die kursus is om studente te lei om 'n studie te doen oor die konteks van 'n gebou en om hierdie konteks in ag te neem tydens die ontwerp van die gebou.

Ekologie is gemoeid met die aanwending van ekologiese kennis vir die meer effektiewe versorging van die omgewing. Vir hierdie doel is daar 'n behoefte om ekologiese bewustheid oor die algemeen te bevorder en om 'n gesonde ekologiese basis op alle gebiede van opvoeding te bevorder (Hale & Hardie, 1993, p.20).

2.9.7 Die belang van omgewingsopvoeding

Om die realiteit van die omgewing te ignoreer is om die leerplan en formele opvoeding as sulks oneg, asook oneffektief te maak. Dit sal lei tot ontevredenheid van studente. Dit is byvoorbeeld belangrik dat chemici kennis het van die omgewing, anders kan hulle dit in hul onkunde vernietig. Dit is belangrik dat argitekte kennis het daarvan vir dieselfde rede.

Dit is ook belangrik dat geen kind, student of onderwyser die mense in hul landelike omgewing, hul aktiwiteite en hul benodighede moet ignoreer nie. Elke student moet die basis van oorspronklike landelike gemeenskapslewe geleer word (Carson, 1978, p.3). Hierdie bewustheid van die omgewing word deur omgewingsopvoeding verkry.

Dit is belangrik om 'n begrip van hoe plaaslike ekosistels werk, te kweek, asook 'n beter waardering van die behoefte aan beskerming en bevordering te skep. Dit is verder belangrik om globale ekologiese probleme in verband te bring met hul uitwerkings op die plaaslike gebied. Hierdie behoeftes word op twee maniere vervul: Eerstens deur ekologie in tradisionele natuurlike Geskiedenis kursusse bekend te stel, beide as binneshuise- en veldaktiwiteite en tweedens deur nuwe inisiatiewe bekend te stel in kursusse vir die algemene publiek in praktiese habitatsbeheer, gebaseer op historiese en teoretiese perspektiewe. Klem word dan gelê op 'n opwindende nuuskierigheid en op die aanmoediging van self-verkenning van 'n probleem bygestaan deur verduideliking van relevante teorieë (Thomas, 1993, p.35).

Omgewingsprobleme kan slegs aangespreek word deur identifikasie, ontwikkeling en bevordering van metodes van omgewingsbenutting en interaksie wat verantwoordelik, lewensvatbaar en versigtig is. Dit moet geïntegreer word in die manier waarop mense hul beroepe uitvoer. Omgewingsopvoeding is die sleutel tot die opvoeding van kinders en volwassenes en terselfdertyd verryk dit onderrig en ondersteun dit tradisionele opvoedingsmikpunte oor 'n wye reeks van vakke en ondervindingsvelde. Soos wat kennis oor die omgewing toegeneem het, het die behoefte aan toepassing van inligting van alle

dissiplines van natuur- en geesteswetenskappe op die oplossing van omgewingsverwante probleme merkbaar geword. 'n Globale perspektief van die omgewing het deurlopend geword.

Omgewingsopvoeding mik om mense se bewustheid van hul omgewing te verhoog deur hul kennis en begrip van die prosesse waardeur dit gevorm word, te ontwikkel. Dit behoort ook daartoe te mik om hulle te betrek in omgewingskwessies en waarde oordele wat op 'n persoonlike vlak gemaak behoort te word (p.132).

Deur persoonlike ervarings, ondervinding in die veld, of deur die verbeelding, kan internalisasie van waardes verkry word (Carson, 1978). As 'n student nie die konsep van omgewing en sy persoonlike verhouding met die omgewing verstaan nie, is hy ongeletterd (Golley, 1993, px).

2.9.8 'n Leerplan van omgewingsopvoeding

Robottom (1993, p.5-8) beweer dat die verhouding tussen sekere van die steunpilare van 'n leerplan in omgewingsopvoeding, hersiening benodig. Die gedagte van 'n universele, voorafgeordende omgewingsleerplan is een van die gedagtes wat volgens hom verander moes word. Dit beteken dat strukturering van die leerplan dit rigied sal maak en omdat studentebydrae so belangrik is in 'n omgewingskursus, kan dit interaksie tussen dosent en student ernstig verhinder.

'n Leerplan in omgewingsopvoeding behoort 'n nuwe manier te bied waarmee wetenskap en sy verhouding met die gemeenskap waargeneem word; 'n manier wat ons toelaat om van die beperkings van 'n tegnokratiese rasionaliteit af te skud. As wetenskap waargeneem word as sosiaal gekonstrueer, kan die spesiale aansprake oor die objektiwiteit, rasionaliteit en waarheid van die kennis daarvan, uitgedaag word.

In omgewingsopvoeding moet ons alternatiewe vasstel tot die dominerende, tegnokratiese rasionaliteit van tradisionele benaderings tot leerplanontwikkeling en professionele ontwikkeling.

Die doelwitte vir leerplanne in omgewingsopvoeding is as volg:

- a. Om veranderende verhoudings tussen die mens en sy omgewing in 'n dimensie van minimale tot maksimale menslike impak te waardeer. Dit verskil in verskillende soorte tegnologieë.
- b. Om die omgewings- en sosiale effekte te oorweeg om Derde Wêreldse ekonomieë in 'n globale, ekonomiese en politiese stelsel te integreer.
- c. Om te oorweeg hoe omgewingsake geformuleer word as besluitnemingsake en hoe opvoedingsprogramme gekonstrueer word.

Hierdie doelwitte moet in leerplanne gestalte vind. Die basiese denkpatoon in omgewingsopvoeding is ekologies. Daarom moet omgewingswetenskap deel wees van basiese opvoeding eerder as 'n aparte vak (Carson, 1978, p.63).

Ander kennisgebiede word deur die omgewingsrewolusie omvergewerp, soos Biologie (die mens se plek in die ekosisteem), geesteswetenskappe, Wetenskap, Geloof, asook Kernfisika (p.3).

Die rol van die akademie moet dalk geherdefinieer word. Die rol van akademici moet dalk verander word vanaf die rol van agentskap in die tegnokratiese model van professionele en kurrikulêre ontwikkeling, waarin die probleem van opvoedingsverandering

waargeneem word as een wat transmissie benodig van sentraal vasgestelde oplossings in die vorm van leerplanmateriaal, na die periferie (onderwysers in skole), na 'n rol van skepping van die ondersteunende toestande vir onderwysers en ander in hul onderskeie gemeenskappe om hulle eie kritiese reflektiewe navrae oor hulle teorieë, praktyke en opvoedkundige penaries en die verhouding tussen bogenoemde, uit te voer (Robottom, 1993, p.7).

'n Omgewingsgeöriënteerde kursus moet aanpas by elke student se belangstelling. Die entoesiasme wat daarin gaan om 'n omgewingsgeöriënteerde kursus te beplan is kenmerkend (Carson, 1978, p.114).

2.9.9 Omgewingsopvoeding in Afrika

'n Ondersoek na die konteks van die Suid-Afrikaanse omgewing is uiteindelik die doel van hierdie studie. Daar moet eers gekyk word na omgewingsopvoeding in Afrika voordat die studie verder geneem kan word na die Suid-Afrikaanse konteks.

Opvoeding oor die algemeen kan sistematies gesien word as die selfregenerasie, of outopoïese van die gemeenskap se kulturele stelsels. Hoe dit bereik word hang af van die kompleksiteit en vaardighede wat van die gemeenskap vereis word. Dié wat afhanklik is van die psigomotoriese vaardighede van jag en versamel, se jeug is uit saam met die ouer mense voordat hul tieners is, maar in die tipiese Westerse samelewing, met sy gespesialiseerde dissiplines en hoë vereistes op die kognitiewe en analitiese vaardighede, word die liggaam van kennis in leerplanne geformaliseer, wat dan deur geïnternaliseerde leer versprei word. Die jeug word soms tot gevorderde fisiese volwassenheid agter die skoolbanke gehou. Die einddoel in beide gevalle is die voortgang en regenerasie van hul kulturele sisteme (Fisher, 1992).

Volgens Carson (1978) benodig kinders in die platteland van Afrika opvoeding oor landelike ingewikkeldheid. Landelike opvoeding moet huidige waarneembare benodighede en funksies van die omgewing in ag neem. Elke detail moet vir die kind in die hele landelike sisteem ingepas word en die waarde daarvan vir die samelewing moet duidelik gemaak word. Dit moet die leerplan beïnvloed. Die mens bly 'n sinvolle deelnemer in die ekosisteem wat sy voortbestaan verseker.

Primêre opvoeding in Uganda is byvoorbeeld die mees betekenisvolle manier om basiese en essensiële idees vir gemeenskapsontwikkeling en transformasie te versprei. Kinders het in hierdie opsig 'n belangrike rol om te speel. Die voorsiening van omgewingsopvoeding in die primêre skoolleerplan gee kinders die geleentheid om na te dink en te fokus op hulle eie probleme in hulle huise en dorpe (Acar, 1993, p.24).

Kinders word die geleentheid gebied om die waarde van lewende en nie-lewende komponente in hul daaglikse lewens te bespreek en hoe hierdie komponente mekaar in die omgewing affekteer. Dit spreek van interafhanklikheid. Die *Education Policy Review Commission* van 1989 stel voor dat primêre opvoeding moet lei na die verkryging van:

- a. kennis van die natuurlike omgewing en sy gebruik, asook bewaring van fisiese en biologiese wetenskap; asook
- b. kennis van die sosiale omgewing en sosiale instelling, burgerlike regte en verpligtinge, die land se kultuur, geskiedenis en geografiese kenmerke

Die rol van omgewingsopvoeding is belangrik om kognitiewe begrip sowel as ontwikkeling van die nodige vaardighede en gesindhede te verskaf, wat lei tot aksie in die bewaring en lewensvatbare ontwikkeling van die omgewing (Acar, 1993, p.29 - 30).

Die konsep van omgewingsopvoeding is nie nuut in die laerskoolleerplan in Uganda nie. Voor die jare 1970 is omgewings- en gesondheidsopvoeding in skole as natuurstudie en higiëne onderrig. Vandag word omgewingsopvoeding in die Wetenskapleerplan geïntegreer, wat een van die kernvakke op laerskoolvlak is. Na amper twee dekades van politiese onstabiliteit, het sekere stelsels in die land, veral sosiale dienste, agteruit gegaan, of selfs heeltemal in duie gestort. Merkbare agteruitgang het veral plaasgevind in die gebiede van gesondheid en opvoeding. Sedert 1987 het omgewings- en gesondheidsopvoeding weer 'n belangrike element in laerskoolleerplanne geword.

'n Probleem oor die algemeen in opvoeding, is die tyd beskikbaar. In Afrika studeer mense vir 'n korter tyd. Die faktor van onderwyser tot student, asook finansiële aspekte speel 'n rol (Carson, 1978).

Vir 'n groot aantal kinders in landelike Afrika, mag laerskoolopvoeding die enigste opvoeding wees wat hulle kan bekostig. Kinders word gedwing om die skool te verlaat na voltooiing van die primêre fase. Groot families is algemeen onder landelike arm mense en skoolgelde vir die sekondêre vlak van opvoeding is slegs vir een kind in die familie beskikbaar. Die ander kinders moet die skool verlaat en met produktiewe en ekonomiese aktiwiteite help om die gelde te betaal van die een wat in die skool bly, wat gewoonlik 'n seun is (Acar, 1993, p.23).

'n Doelwit vir leerplanne met omgewingsopvoeding ten doel, is om die omgewings- en sosiale effekte te oorweeg sodat Derde Wêreldse ekonomieë in 'n globale ekonomiese en politiese sisteem geïntegreer kan word (Carson, 1978).

2.9.10 'n Behoeftes aan stedelike ekologie

'n Groot deel van stedelike probleme wat ervaar word, bestaan as gevolg van die onwyse bestuur van hulpbronne en van 'n versuim om te sien dat omgewingskwaliteit 'n belang het wat nie kan of behoort gemeet te word in oombliklike ekonomiese terme nie. Stedelike ekologie mik om na die stedelike omgewing as geheel te kyk en om die onderliggende prosesse, wat stedelike toestande bepaal, te ontdek en te verduidelik. Opvoedkundig speel dit 'n belangrike rol in die bewusmaking van mense (veral dié wat in stede bly) van ekologiese prosesse wat hul affekteer en wat hulle self beïnvloed. In teenstelling met natuurlike ekosisteme, word stedelike ekosisteme beïnvloed deur eksterne sosiale en ekonomiese faktore (Hale, 1993, p.134).

Dit is die onvoldoende aanpassing van menslike gemeenskappe tot hul omgewings wat ekologie in die middel van omgewingsbesprekings plaas. Daar is dus 'n behoefte aan ekologiese begrip oor die verhouding tussen ons samelewing en sy omgewing, gebaseer op kennis van natuurlike leefstoelnde.

Stedelike ekologie speel 'n belangrike rol omdat verskeie vorms van dorpe en stede, soos wat dit deur die geskiedenis ontwikkel het, belangrike vorms van menslike gelyktydige bestaan en verhoudings tussen mense en hul omgewing verteenwoordig. Dit is gewoonlik vir mense 'n verrassing dat daar in die bou-omgewing karakteristieke kombinasies van organismes onder soortgelyke toestande gevind kan word as bepaalde versamelings in verskillende dorpe en stede. Van die stedelike probleme is as gevolg van onvoldoende aanpassing van die samelewing by sy omgewing. Oplossings kan slegs gevind word as ekologiese vereistes en sosiale behoeftes van die gemeenskap in ag geneem word (Hale, 1993, p.135). Hierdie aspek is veral ook belangrik vir die studie van argitektuur, wat betrokke is by die skep van die stedelike konteks.

2.10 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die credo van die Skool van Argitektuur by die Universiteit van Pretoria verbind met ekosistemiese denke. Die studie van Fisher is as basis vir 'n paradigmitiese ondersoek gestel. Die beginsel van paradigmas is verduidelik en die ekosistemiese paradigma, wat die strewende van die Skool is, is verduidelik. Die verband tussen hierdie paradigma en stelsels is genoem en die basiese beginsels van stelsels is ondersoek, wat gelei het tot die nuwe paradigma of 'n nuwe filosofie van die natuur. Die nege natuurstelsels is genoem en die verband tussen die omgewing en die aktiwiteit van kontemplasie is verduidelik. Die belang van 'n interdisiplinêre studie is ondersoek en die toepassing daarvan in die gebied van argitektuur is aangevoer.

In die volgende hoofstuk word die Suid-Afrikaanse konteks ten opsigte van die invloede wat die ekonomie en politiek op opvoedingstendense het, ondersoek en die bestaansreg van die geesteswetenskappe, na aanleiding van hierdie tendense, word bevraagteken.

HOOFSTUK 3

DIE BESTAANSREG VAN GEESTESWETENSKAPPE

3.1 PROBLEEMSTELLING

3.1.1 Subprobleem 2

Die tweede subprobleem is om te bepaal of geesteswetenskappe bestaansreg in 'n leerplan in Suid-Afrika het, waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig.

3.1.2 Subhipotese 2

Die tweede subhipotese is dat geesteswetenskappe noodsaaklik is indien 'n begrip van waarde in ons hedendaagse situasie deur opvoeding bewerkstellig wil word.

3.2 OORSIG VAN HOOFSTUK 4

In hierdie hoofstuk word 'n vergelyking getref tussen gebeure in opvoeding in Europa in die twintigste eeu en onlangse gebeure in opvoeding in Suid-Afrika. Kritiek op die Suid-Afrikaanse opvoedingstelsel word gelewer. Die aanbeveling van kenners, naamlik 'n paradigmaverskuiwing in Suid-Afrikaanse opvoeding na 'n meer tegnologiese opvoeding, word bespreek. Die ekonomiese oplewing wat so 'n opvoeding weldra behoort te veroorsaak, word bespreek. Die reaksie in Westerse lande op die bevordering van tegnologiese opvoeding, naamlik dat die geesteswetenskaplike vakrigtings meer bruikbaar gemaak is, word bespreek. Die vraag word aangespreek of geesteswetenskappe (en veral dan daardie aspek van argitektuur), bestaansreg het in 'n wêreld en tyd waar tegnologie domineer. Die positiewe antwoord daarop word bespreek.

Die belang van die term 'geesteswetenskap' word ondersoek. Die twee komponente waaruit die begrip geesteswetenskap bestaan, naamlik 'geestes' en 'wetenskap' word bespreek. Voordat die term geesteswetenskap ondersoek kan word, moet daar eers gekyk word na elk van hierdie twee komponente. Duidelikheid moet verkry word oor die oorsprong en betekenis van die begrip 'wetenskap' en die oorsprong en betekenis van die begrip 'geesteswetenskap' moet ondersoek word. Die bestaansreg van hierdie begrip word beklemtoon. Die begrip 'geesteswetenskap' regverdig slegs bestaansreg indien 'n plek binne die klassifikasie van wetenskappe daarvoor ingeruim kan word. Die probleme wat geskep word deur die onderskeiding tussen natuur- en geesteswetenskappe word uitgelig en ten slotte word die belang van integrasie tussen die twee pole beklemtoon. Die noodsaaklikheid van waarde in die lewe word verduidelik, wat dan aanleiding gee tot die volgende subprobleem.

3.3 METABLETIESE VERGELYKING

Opvoeding in Suid-Afrika, soos dit vandag daaruit sien, is op 'n Westerse, of meer spesifiek, 'n Europese model gebaseer. Deur tendense in Europese opvoeding tydens die twintigste eeu te beskou, kan ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse toestand getref word. 'n Metabletiese vergelyking (sien 2.3.1) tussen Suid-Afrika en Europa word ten opsigte van opvoedkunde gemaak.

Tot die Industriële Rewolusie was die aanvaarde uitgangspunt dat die funksie van kolleges en universiteite prakties behoort te wees. Dit moes studente van gewoonlik middelklas agtergronde, voorberei vir een van die geleerde professies soos regte, administrasie, medisyne of die bediening. Aan die ander kant is daar nie van lede van die patrisiaat, wat bestem was om die leidende posisies in die staat en gemeenskap te vul, verwag om deur 'n tydperk van formele, geïnternaliseerde studie te gaan nie. Hulle het gewoonlik hul opleiding in die howe, in die diplomatieke diens, in die militêre magte of op die familie landgoed ontvang.

Dit het in die laat agtiende eeu verander toe 'n nuwe ideaal vir hoër onderwys na vore gekom het. Die hoofdoel van studie was nie om mense vir 'n beroep op te lei nie, maar om hulle te leer om beter menslike wesens te word. Die patrisiër-student het die opgeleide professionele persoon vervang as die toonbeeld van wat 'n universiteit behoort voort te bring. In 'n gemeenskap wat ekonomiese rasionalisering ondergaan, waar rykdom en vrye tyd vinnig versprei het, is die aristokratiese standaard van opvoeding en optrede uitgedaag deur die meer nugtere en moralistiese uitkyk van die middelklas. Studie is gesien as 'n manier van selfvervulling en selfperfeksie eerder as 'n instrument van professionele bekwaamheid of effektiewe staatkunde. Die uiteindelijke oogmerk van opvoeding het nie aksie geword nie, maar wysheid en nie sukses nie, maar kultuur en deug.

Hierdie idee van die patrisiër-student, van die afgeronde persoonlikheid, met 'n vrygewige uitkyk, 'n liberale gees en gekultiveerde maniere, was gepas vir 'n sosiale orde, wat deur 'n suksesvolle bourgeoisie gedomineer is. Die pre-industriële gemeenskap se kulturele stand is gevorm deur adellikheid wat geërf is. Die hoofdoel van opvoeding was prakties. Dit het gegaan oor die verkryging van 'n vaardigheid, dienslewering, die praktiseer van 'n profesie en die verdien van lewensonderhoud. In hierdie praktiese uitkyk is teksboekonderrig in die klaskamer gesien as ondergeskik tot direkte ondervinding wat in die hoflewe of in die militêre diens verkry is. Hierdie uitkyk het egter gedurende die Industriële Rewolusie plek gemaak vir die konsep van studie as 'n soeke na wysheid en deug. Die basiese doel van opvoeding volgens die nuwe leerstelling, was nie leierskap, vaardigheid, doeltreffendheid of veral lewensonderhoud nie, maar perfeksie van die self (Hamerow, 1981, p.234-238).

In hierdie tyd was universiteite tradisioneel bedoel vir ryk families waar die een geslag in die voetspore van die vorige een gevolg het. Omdat die families van die meeste studente verbonde aan universiteite gewoonlik reeds goed gevestigde rykdom gehad het, was hulle nie afhanklik van hul opvoeding om te oorleef nie. Die doel van opvoedingsinstansies was om te kultiveer, om 'menslike wesens' op te lei en om studente voor te berei op die lewe. Akademiese opvoeding het voorkeur geniet bo praktiese opleiding. Geesteswetenskap het 'n belangrike rol in opvoeding gespeel. Klem is gelê op Poësie, Latyn, Filosofie, Kuns en Letterkunde. Dit was nie moontlik vir armer mense om aan universiteite te studeer nie. Hulle was vasgevang in hul armoede en kon nie daaruit ontsnap nie. Ekonomiese oorwegings het dus bepaal wie opvoedingsinstansies bygewoon het en wie nie.

Laasgenoemde toestand is nie onbekend aan Suid-Afrika nie. Oor die algemeen was universiteite in die land gewoonlik bedoel vir meer goeie studente, waarvan die meerderheid gewoonlik blank was.

Met die bestudering van geesteswetenskappe het die mens gehoop dat sy intellek sou seëvier oor sy natuur, maar ten spyte van die bestudering van Filosofie het oorloë uitgebreek, wat nie maklik deur die studie van byvoorbeeld Humanisme, verduidelik kon

word nie. Die twee wêreldoorloë was van die belangrikste gebeurtenisse in die twintigste eeu.

Marx (kyk Biografiese inligting) het die gedagte van gelykheid en die demokratisering van regte bekend gestel. Dit was die taak van universiteite om die stryd van die klasse te ondersteun. Om ongelykheid uit te skakel het universiteite alle minderhede toegelaat. Die tendens en tradisie in opvoeding het verander. Na die oorlog het die 'massas' begin om aan universiteite te studeer.

Die gedagte van Humanisme is as hipokrasie en leuen beskou. Die waarde van universiteite is bevraagteken. Daar was werkloosheid en 'n tekort aan menslike produksie. Daar is van universiteite verwag om in hierdie behoeftes te voorsien. Politiese en ekonomiese oorwegings het nou 'n rol in opvoeding gespeel. Die universiteit moes 'n funksie hê. Studente wou waarde vir hul geld hê. Die onpraktiese studie van die geesteswetenskappe is vervang met die studie van menslike produksie. Praktiese opleiding het nou voorkeur geniet bo akademiese opvoeding. Die mens moes 'n beroep hê.

Die rol van opvoedingsinstansies soos universiteite het weer verander. Opvoeding was daar om die mens voor te berei om sy funksie te vervul in die samelewing. Die mens se bestaan is geregverdig slegs in sy nuttigheid. Die samelewing was soos 'n goed ge-oliede masjien. As daar 'n fout was, kon dit reggemaak word.

Die opvoeding en kultivering van 'menslike wesens' was nie meer prioriteit nie, maar wel die opleiding van potensiële broodwinners. Die vraag het ontstaan wat dan die bruikbaarheid was van die studie van Letterkunde en Poësie. Mense was op soek na 'n georganiseerde wetenskap, wat 'n graad en 'n beroep verseker het. Hierdie denkwysie was verteenwoordigend van die meganistiese paradigma.

Hierdie omstandighede kan vergelyk word met onlangse gebeure in Suid-Afrika. Die nuwe demokrasie het aan almal dieselfde regte gegee. Een van die belangrikste regte daarvan is die reg op opvoeding. Net soos vroeër in Europa het die rol van die universiteit verander. Dit is nie meer gesien as 'n 'afrondingskool' nie, maar het die belangrike rol aangeneem, naamlik om te help om die grootste gedeelte van die land se bevolking op te voed (Peeters, 1996).

Hierdie oorgangsfase het nie sonder probleme geskied nie. Die huidige opvoedingstelsel in Suid-Afrika is deur plaaslike en internasionale kenners ondersoek en sterk kritiek is daarteen gelever. In 1995 het Reddy 'n verhandeling geskryf getiteld: *The inclusion of technology as a subject in the National Curriculum – a significant paradigm shift for education in South Africa*. Hierdie verhandeling word gebruik omdat dit kritiek op die Suid-Afrikaanse opvoedingstelsel lewer en omdat dit as oplossing die bevordering van tegnologie gerigte vakke voorstel. Die ekonomiese toestand in die land word hierin direk aan die tekortkominge van die opvoedingstelsel gekoppel en die navolging van 'n meer tegnologiese benadering word voorgedra as moontlike oplossing of verligting van hierdie toestand.

Die gevolgtrekkings in die verhandeling word voorgedra as voorbeeld van huidige opvoedingstendense asook om die aanbevelings wat gemaak word om huidige probleme op te los, te verduidelik. Hierdie verhandeling is verder gebruik omdat dit reglynig verband hou met die metabletiese vergelyking tussen Suid-Afrika en Europa soos wat dit in hierdie gedeelte verduidelik is. Reddy se bevindinge verteenwoordig 'n skuif na tegnologie, wat 'n moontlike wegskuif vanaf geesteswetenskaplike vakrigtings kan beteken. Die gevaar dat dit in Suid-Afrika sal gebeur, word uiteindelik uitgelig. Dit is dus belangrik dat 'n skuif na

tegnologie ten koste van geesteswetenskaplike vakrigtings nie onkrities aanvaar moet word nie. Die kritiek van Reddy word dan soos volg opgesom:

3.4 REDDY SE KRITIEK OP DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDINGSTELSEL

Ongeag die kritieke skaarsheid van werk, word werkloosheid van jeugdige vererger deur 'n opvoedingstelsel wat leerlinge nie voldoende voorberei om die arbeidsmark te betree nie. In hierdie tyd van aansienlike werkloosheid van jeugdige, word 'n groot ondiens bewys wanneer leerplanne beperkend is vir instansies en lae verwagtinge van leerlinge 'n norm word. As daar reg deur die leerplan geskied wil laat word, moet dit in leerlinge die vermoë ontwikkel om kreatief te dink en probleme op te los (Reddy, 1995, p.7).

Die bestaande paradigma in opvoeding word gekenmerk deur 'n klem op inhoud, met gepaardgaande papegaaiwerk. Die dominante manier van instruksie blyk te wees 'onderrig is praat en leer is luister'.

Tradisionele benaderings tot die leerplan neig om op feite en figure te fokus, met min of geen klem op die realistiese toepassing van daardie kennis nie. Studente bevraagteken die toepaslikheid van inligting. Die ontwikkeling van vaardighede in probleemoplossing, asook kritiese en reflekerende denke, vertoon nie prominent in huidige benaderings tot die leerplan nie (p.12).

Die skoolstelsel lewer duisende skoolverlaters op, wat nie toegerus is om die 'regte wêreld' te hanteer of daarin te handel nie. Dit is 'n stelsel wat onvoldoende is om vaardighede en kwaliteite wat werkgewers vereis, te verskaf.

Kapiyo (1992, p.120) beweer dat skoolvakke neig om onbuigbare verstande te vorm en eng menings te kweek, veral binne die raamwerk van die leerplan. Probleemsituasies word met onkunde aangevat.

'n Skuif weg van tradisionele benaderings tot leerplanontwikkeling en die gebruik daarvan, waar die klem hoofsaaklik op die verkryging van kennis was, is nodig (Reddy, 1995, p.16).

Opvoeding en opleiding is fundamentele hefbome om die bekwaamhede van alle Suid-Afrikaners te ontwikkel en om hulle in staat te stel om betekenisvol deel te neem aan die ekonomiese aktiwiteite van die land en om bruikbare lede van die samelewing te word. Daar is toenemende besorgdheid dat die bestaande skoolleerplan nie ingestel is om hierdie behoeftes te vervul nie. Daar is 'n algemene ooreenstemming dat leerplanne verouderd is en akademies en oor die algemeen irrelevant tot die behoeftes van skoolverlaters is (p.1).

Die hoofprobleme van opvoeding in enige land is nie die leerplan, die standaard van leerlinge of beskikbare apparaat nie, maar eerder die kennis, opvoedingsvaardighede en motivering van onderwysers.

Daar is 'n krisis in die studiegebiede van wetenskap en tegnologie in Suid-Afrikaanse opvoedingsinstansies. Een van die hoof tekortkominge van die opvoedingstelsel is die mislukking van veral swart skole om 'n voldoende aantal matrikulante te verskaf soos wat vereis word vir wetenskaplike en tegnologiese studiegebiede. As gevolg daarvan is daar 'n ontstellende skuif op tersiêre vlak weg van hierdie dissiplines. Dit word gereflekteer in die skaarsheid van ingenieursgraduandi in hierdie land (p.92).

Carson het in 1978 beweer dat die beperkende faktor van historiese traagheid 'n probleem is. Volgens hom kyk die opvoedingswêreld binnetoe en weerstaan verandering. Praktyke hou aan lank nadat die oorspronklike benodigdhede waaruit dit voortvloei het, verdwyn het. Onderwysers se persoonlike status word bedryg. Verandering vereis risiko. Die twee meulstene van middeleeuse skolastisisme en Victoriaanse nuttigheidsleer hang nog om ons nekke. Om ons aktiwiteite te regverdig, dink ons eksamineringsdoele uit en belê ons dit met betekenisinhoud.

Die opvoeding- en opleidingstelsel onder die stelsel van aparte ontwikkeling in Suid-Afrika is deur drie hoofeenskappe gekenmerk:

1. Die stelsel was langs rasse- en etniese grense verdeel.
2. Daar was beperkte toegang tot opvoedings- en opleidingsvlakke. Daar was groot verskille tussen blanke en nie-blanke voorsiening van opvoeding.
3. Daar was 'n tekort aan demokratiese beheer binne die opvoeding- en opleidingstelsel (p.76).

Kahn (1994, p.25) beweer dat formele skoolstelsels die basis van die ekonomie is en dat dit die roete na beide werk en werkloosheid is. Hy wys daarop dat skoolleerplanne verouderd en akademies is en oor die algemeen irrelevant tot die behoeftes van skoolverlaters is. Toegepaste Wetenskap, Tegnologie en die sosiale en etiese aspekte van Wetenskap is uit die leerplan gesluit.

Vroeë differensiasie (vanaf veertien-jarige ouderdom) in die formele opvoedingstelsel dwing 'n onewewigtigheid tussen geesteswetenskappe en natuurwetenskappe. Die meeste swart skoliere word na geesteswetenskaplike rigtings gelei. Die gevolg is 'n lae sosiaal tegnologiese geletterdheid (p.84).

Akademiese opvoeding, wat gemik is om studente voor te berei om aan universiteite te studeer, het toegepaste, praktiese kennis verwaarloos. Tegniese skole het gemik om vaardighede te ontwikkel om spesifieke take te verrig, soos skrynwerkers, motor- en industriële werktuigkundiges en konstruksiewerkers. Die verbinding tussen teoretiese en praktiese kennis is geïgnoreer (p.64).

Suid-Afrika se navorsings- en ontwikkelingspraktyk oorbeklemtoon akademiese navorsing wat buite na die sekondêre opvoedingsektor plaasvind en onderbeklemtoon akademiese navorsing by universiteite (p.91).

Suid-Afrika het 'n diverse bevolking en daarom is die soeke na oplossings vir die vele probleme in opvoeding nie 'n maklike taak nie. Besluitnemers in opvoeding moet kennis neem van die unieke kulturele, sosiale en etniese veranderlikes wat die land se bevolking kenmerk. Die desegregasie van opvoedkundige instellings gedurende die afgelope paar jaar het die ongelyke opvoedkundige agtergronde van studente van verskillende rasse na vore gebring (p.124).

In 1993 het kenners in wetenskap en tegnologie na 'n drie weke lange besoek aan Suid-Afrika gevind dat daar 'n tekort aan koördinasie tussen die verskillende studies is en dat die toestand van wetenskap en tegnologie power is. Daar is 'n geneigdheid om voorafopgestelde, ingevoerde onderrigmateriaal te gebruik vir direkte gebruik in Suid-Afrikaanse opvoedingsprogramme (p.117).

Tradisionele basiese opvoeding het in die verlede geblyk voldoende te wees om basiese toegang tot werk en 'n inkomste te verskaf. Vandag is so 'n opvoeding egter nie 'n waarborg van indiensneming nie en mense vereis dus meer van hul basiese opvoeding.

Die snelle tempo van tegnologiese verandering impliseer die verandering van kennis en die konstante behoefte aan die opgradering van kennis.

Tradisionele opvoedingsmetodes het beperkte sukses gehad om die vinnige, hoë kwaliteit vereistes van leer in die omgewing te vervul. Tradisionele vakgeïntereerde benaderings lê klem op kennisinhoud, terwyl prosesgebaseerde benaderings meer besorgd is met vaardighede en onafhanklike denke (p.135).

'n Leerplan wat hoofsaaklik op vaardighede gebaseer is en wat slegs oor opleiding besorgd is en die konteks ignoreer waarin die finale produk gebruik word, hoort tot die verlede (p.136).

Die arbeidsmag in Suid-Afrika is relatief onopgevoed wanneer vergelyk word met ander lande by soortgelyke stadiums van ontwikkeling. Produktiwiteit is erg verhoed deur 'n akute tekort aan vaardighede in kritieke areas. Die toestand word vererger deur die feit dat die gebiede van wetenskap en tegnologie van die mees ongebalanseerde areas in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is (p.47).

3.5 PARADIGMAVERSKUIWING – 'N NEIGING NA TEGNOLOGIE WORD AANBEVEEL

Suid-Afrika benodig beslis graduandi van die handels-, kuns- en geesteswetenskaplike rigtings, maar die uitset van meer en meer van hierdie graduandi verseker nie ontwikkeling vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in die toekoms nie, waarin daar 'n groot behoefte sal wees aan vaardighede in tegnologie (Reddy, 1995, p.90).

Daar is kritiek teen die opvoedingstelsel in Suid-Afrika. Ons kan sê dat opvoeding in Suid-Afrika vandag nog grootliks verteenwoordigend van die meganistiese paradigma is. 'n Krisis het ontstaan en gaan oor in rewolusie. Volgens Reddy is die rewolusie een van 'n tegnologiese aard. Sy voorstel is 'n neiging na die natuurwetenskappe, weg van die geesteswetenskappe. Alhoewel omstandighede nie dieselfde is nie, kan ons weer hier 'n ooreenkoms met die Europese neiging na die Tweede Wêreldoorlog sien.

Die studie van Reddy (1995) ondersoek die behoefte om tegnologie as vak in die Nasionale Leerplan van Suid-Afrikaanse skole in te sluit. Volgens hom sal die insluiting daarvan 'n paradigmasverandering in opvoeding teweegbring wat die leerplan meer relevant sal maak. Opvoeding in tegnologie sal nie net tot lewensvatbare ekonomiese groei en stabiliteit lei nie, maar sal inwoners van die land voorberei om te leef en te funksioneer in 'n veranderende tegnologiese omgewing (p.1).

'n Manier om werkloosheid aan te spreek is om tegnologiese vaardigheidsopleiding en – opvoeding in die skoolleerplan, selfs al in die laerskool, bekend te stel. Die African National Congress (ANC) wat tydens die publikasie van Reddy se verhandeling aan bewind is, stel in hierdie verband voor dat opvoeding en opleiding, wat in die verlede aparte entiteite was, geïntegreer behoort te word. Die vorige bedeling het opvoeding as hoofsaaklik 'n akademiese aktiwiteit en opleiding as slegs 'n beroepsaktiwiteit gesien. Hierdie valse tweeledigheid vervul nie die behoeftes van die werksplek of die vereistes van die gemeenskapslewe nie (p.8).

Tegnologie as 'n vak in die skoolleerplan sal 'n paradigmasverandering in opvoeding teweegbring, omdat dit 'n verandering in die tradisionele benadering tot die leerplan verteenwoordig. Tradisionele vakgesentreerde benaderings lê klem op kennis van die inhoud, moedig papegaaiwerk aan en word deur eksamens voortgedryf (p.207).

3.6 INVLOED VAN PARADIGMAVERSKUIWING OP DIE EKONOMIE

Die apartheidstelsel het nie net die ekonomie direk beïnvloed nie, maar het ook reaksies veroorsaak wat 'n impak op die ekonomie gehad het. Die omvang van die impak kan nie gekwantifiseer word nie en kan maklik onderskat of oorskot word (Reddy, 1995, p.29).

'n Oplossing vir die land se probleme kan in die verskaffing van 'n goeie opvoedings- en opleidingsprogram met spesiale klem op vaardighede en bekwaamhede in tegnologie gesoek word. Dit word as 'n deurslaggewende faktor gesien, wat lewensvatbare ekonomiese groei beïnvloed (p.23).

Goeie opvoeding en opleiding vorm die basis vir groei en diversifikasie van die ekonomie. Die vinnige groei van nuut geïndustrialiseerde Asiese lande word deur hul relatief goed opgevoede werksmag beïnvloed. In Suid-Afrika kan kwaliteit opvoeding en opleiding met spesiale klem op tegnologiese vaardighede en bekwaamhede gesien word as 'n deurslaggewende strategie vir ekonomiese herstel (p.29).

Geen land kan verwag om vinnige ekonomiese vordering te maak as 60% van sy ekonomiese aktiewe bevolking funksioneel ongeletterd, soos in Suid-Afrika, is nie. Die dringendste taak wat die land te doen staan, is om die vaardigheidsvlak van die land te verbeter, om tegnologiese vooruitgang te onderneem en om verhoogde produktiwiteit van die werksmag aan te moedig. Daar is ook 'n behoefte om bekwaamhede, vaardighede en opvoeding tussen die burgers van die land te versprei.

As Suid-Afrika 'n welvarende ekonomie wil bou om die land terug te stoot in die wêreld ekonomie, moet die werksmag bekwaam wees. 'n Goeie ekonomie word gewoonlik gekenmerk deur indiensneming van bekwame mense (p.34).

Suksesvolle ekonomiese beleid sluit 'n hoë vlak van opvoedkundige bereiking vir die hele bevolking in, wat 'n essensiële basis vir verdere opleiding en ekonomiese sukses verskaf. Selfs al besit 'n land soos Suid-Afrika oorvloedige fisiese en menslike hulpbronne, kan dit nie vinnige ekonomiese vooruitgang maak tensy mense die nodige vaardighede deur toepaslike opvoeding en opleiding in tegnologie ontwikkel het nie. Daar is voorbeelde van lande wat skaars enige natuurlike of fisiese hulpbronne het, maar merkwaardige ekonomiese en sosiale vooruitgang maak. Japan is die merkbaarste voorbeeld daarvan (p.36).

Die ekonomiese krisis in die land kan gedeeltelik toegeskryf word aan probleme in die gebiede van Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie. Die land behoort sy plaaslike sektor, sowel as 'n internasionaal kompeterende uitvoersektor te ontwikkel, wat beide ontwikkeling in Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie op alle vlakke vereis (p.114).

Kahn (1994, p.25) het die krisis van opvoeding in Wetenskap en Wiskunde in die formele skoolstelsel ondersoek. Hy het tekortkominge in die skoolstelsel, veral in swart gemeenskappe, beklemtoon en die impak daarvan op die ekonomie ondersoek. Hy het beweer dat die herkonstruksie van opvoeding in Wetenskap en Wiskunde meer sal vereis as net die opleiding van onderwysers om die leerplan beter oor te dra, maar dat doelwitte en waardes hergedefinieer moet word.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is die enkel belangrikste faktor verantwoordelik vir die meeste probleme in die land. Suid-Afrika het een van die laagste koerse van arbeidsproduktiwiteit in die wêreld, maar die verhogingskaal is die hoogste wanneer dit

vergeelyk word met ander ekonomieë. Suid-Afrika het 'n lae waarde van 'menslike ontwikkeling' wanneer dit vergeelyk word met vyftien onlangs geïndustrialiseerde lande.

Die tekort in Suid-Afrika aan 'n opgeleide, vaardige en tegnologies geletterde werksmag het die produktiwiteit beïnvloed. Tensy die manier waarop die toekomstige werksmag opgelei word, verander, sal daar 'n verdere afname wees in die verskaffing van vaardige mannekrag aan die werksplek. 'n Gedeelte van die oplossing tot Suid-Afrika se ekonomiese probleme kan dus gesoek word in opvoeding in tegnologie (Reddy, 1995, p.202 - 203).

3.7 DIE BRUIKBAARMAKING VAN GEESTESWETENSKAPPE

Uit die vorige gedeelte kan gesien word dat 'n paradigmaterskuiwing weg van opvoeding in die geesteswetenskappe aanbeveel word. Die bevordering van opleiding in die natuurwetenskappe word aangemoedig en belofte dat dit die ekonomiese probleme in die land sal oplos, word gemaak.

Die natuurwetenskappe is 'n navorsingsgebied wat deur tegnologie blyk 'n verduideliking te gee van die werking van die realiteit. Teëspoed word so vermy, of deur ingryping, of deur herstel. Opvoeding van natuurwetenskap het so verskil van opvoeding van geesteswetenskap. Om die geesteswetenskappe net so bruikbaar soos die ander wetenskappe te maak, word die doeltreffende metodes van die natuurwetenskappe nageboots. Die geesteswetenskappe word dan so 'bruikbaar' gemaak. Om werklik doeltreffend te wees en om die studie wetenskaplik te maak, moet daar 'n 'teorie' wees wat die egtheid van die 'wetenskap' waarborg. In die oplossing van meetbare probleme, moet daar volgens sekere reëls gewerk word.

Die geesteswetenskappe is daarom na 'n wetenskaplike teorie gelei. Opvoeding van geesteswetenskappe het opvoeding van natuurwetenskappe nageboots. Die opvoeding van geesteswetenskappe het tydens die meganistiese paradigma verander. Psigo-analise het byvoorbeeld voorgegee om die gedrag van mense te verduidelik net soos atome se gedrag verduidelik kon word. Tegnologie laat die herorganisasie van die wêreld toe, maar die wêreld van denke kan nie geherorganiseer word nie. Drome kan nie voorspel word soos wat voorspellings in Wetenskap gemaak word nie. Taal kan nie opgebreek word soos wat elemente in atome opgebreek word nie. Letterkundige teorieë het hierdeur ontstaan. Letterkunde is egter nie altyd verteenwoordigend van die realiteit nie en is ook nie so rigied soos 'n wetenskap nie. Letterkundige teorieë word denkbeeldig en is nie so doeltreffend soos wetenskaplike teorieë nie. Verder het wetenskap berus op die beginsel van dehumanisasie. Die denkwyse van natuurwetenskappe is nageboots om geesteswetenskappe meer bruikbaar te maak. Integrasie tussen die twee is 'n beter doel om na te streef.

Die mens het in hierdie proses sy siel in sy eie hande geneem. Hy het die transendensie en permanensie van sy siel vergeet in die voorbereiding vir die beroepslewe. Die studie van Letterkunde kan nie meer geregverdig word as praktiese opleiding so belangrik geword het nie. Poësie is byvoorbeeld nie nuttig nie, maar digkuns is 'n belangrike deel van die mens se bestaan (Peeters, 1996).

Die paradigmaterskuiwing wat aangemoedig word in Suid-Afrika vandag (en die tendens is ook internasionaal), kan nie geïdentifiseer word as 'n skuif na die ekosistemiese paradigma nie. Dit is slegs 'n rondskuif in die meganistiese paradigma. Hierdie tendens in opvoeding kan nie in die Skool van Argitektuur nagevolg word as dit dwars teen die credo van die Skool en die aard van die rigting as sulks gaan nie.

Die Skool van Argitektuur moet nie hierdie voorbeeld volg en slegs die geesteswetenskaplike vakke, wat daardeur aangebied word, bruikbaar maak deur wetenskaplike teorieë daaraan te koppel nie. Die studierigting van argitektuur het wel bestaansreg in die huidige ekonomiese klimaat. Die probleem wat ontstaan is of die land kan bekostig om 'n handjievol studente op te lei in 'n tipe 'afrondingskool'.

Universiteite het vandag steeds die reg om 'menslike wesens' op te lei en voor te berei vir die lewe eerder as net amptenare, wat slegs 'n funksie in die samelewing vervul.

3.8 DIE BELANG VAN GEESTESWETENSKAPPE

Na aanleiding van die vorige gedeelte oor die toestand van opvoeding en opleiding in Suid-Afrika, is dit duidelik dat 'n verandering in die stelsel aanbeveel word. 'n Skuif word voorgestel wat sal neig na die tegnologiese studierigtings en daar word voorspel dat dit ekonomiese probleme in die land sal verbeter en uiteindelik sal oplos. Die wegbeweeg vanaf die geesteswetenskappe, word in hierdie opvatting geïmpliseer. Om die geesteswetenskappe heeltemal uit te skakel en net tegnologiese beginsels na te streef, is nie 'n oplossing nie. Om hierdie toestand te illustreer kan die eenvoudige voorbeeld van atoombomme geneem word. Al is die tegnologie en vaardigheid in 'n land beskikbaar om gesofistikeerde wapens te vervaardig, sal die gebruik van hierdie wapens tot katastrofe lei indien daar nie beheer oor die gebruik daarvan uitgeoefen word nie.

Daar word hierdeur aangevoer dat geesteswetenskappe steeds bestaansreg het. Om dit beter te illustreer, moet die oorsprong en begrip van die term ondersoek word. Die term 'geesteswetenskap' bestaan uit twee komponente, naamlik 'geestes' en 'wetenskap'. Elke term word eers apart ondersoek:

In 2.7.4 word Riedl (1984) se hiërargie verduidelik, wat volgens hom die struktuur van die werklike wêreld verteenwoordig (Figuur 2). Die stelsels van geesteswetenskappe en natuurwetenskappe word daarin in hul stratifikasies bevat. Die werking van stelsels is in 2.8 hierbo verduidelik. Die oorsprong van die terme word in hul historiese verloop verduidelik.

3.9 DIE OORSPRONG EN BETEKENIS VAN DIE BEGRIP 'WETENSKAP'

3.9.1 Wysbegeerte as oorkoepelende wetenskap

Die Griekse filosowe se begrip van 'filosofie' (wysbegeerte) was nie met enige spesifieke objeksg gebied verbind nie. Die destydse filosoof was iemand wat hom meer op kennis in die algemeen toegespits het sonder om 'n spesifieke objeksg gebied as vertrekpunt te neem (Benjamin, 1937, p.4). Wysbegeerte is gesien as daardie oorkoepelende en universele wetenskap wat hom oor ander wetenskappe uitgespreek het (Thomson, 1972, p.85).

Met die oorgang van die Griekse na die Romeinse tydperk het die woord 'wetenskap' na vore getree. Die begrip 'wetenskap' is toe gebruik om intellektuele vraagroepe te kwalifiseer wat óf deur sy metode, óf deur sy objeksg gebied van die wysbegeerte as moederwetenskap verskil het (Benjamin, 1937, p.5). Die differensiasie tussen die wysbegeerte en die ander wetenskappe was nog vaag. In werklikheid het daar toe steeds 'n hegte band tussen die twee bestaan (Stuart, 1980, p.2).

3.9.2 Die Renaissance en die opkoms van moderne wetenskap

Tydens die Renaissance het daar 'n skeiding tussen die filosofie en ander wetenskappe ontstaan en ook binne in die wetenskappe self. Wetenskap het meer die vorige posisie wat wysbegeerte bekleë het, oorgeneem. Daar was in hierdie tydperk 'n herlewing in 'n soeke na kennis waardeur die mens se belangstelling meer in die natuur en natuurverskynsels toegeneem het. Dit het bygedra dat die moderne begrip van 'wetenskap' meer op daardie dissiplines gedui het, wat weggebreek het van die filosofie (Benjamin, 1937, p.6).

Die moderne term van wetenskap het 'n geordende kennis van die fenomene of verskynsels van die natuur en van die verbindings of verhoudings wat daartussen ontdek is, geword. Dit gee 'n goeie aanduiding van die aard en wese van wetenskapsbeoefening sedert die begin van die Renaissance.

Die oënskynlike dualisme wat vandag tussen filosofie en wetenskap bestaan, behoort eerder gesien te word as 'n soort samehang. Benjamin (1937, p.8) sê dat die natuur een is, maar dat daar verskeie maniere bestaan waarop natuurlike objekte bestudeer kan word.

3.9.3 Wetenskap as gevolg van menslike denke en die werklikheid

Wetenskap is die uitkoms van 'n besondere wyse van die mens se omgang met die werklikheid. Wetenskap kan nooit losgemaak word van die mens se denke oor abstrakte konsepte nie. Wetenskap is nie iets wat objektief en onafhanklik van die mens bestaan nie. Dit moet steeds gesien word as 'n bepaalde vorm van die mens se aktiwiteite (Dreyer, 1974, p.9).

Ons sien wetenskap as een van die 'perspektiewe' wat die mens met sy biologiese, kulturele en taalkundige begaafdheid en gebondenheid geskep het, om met die heelal, waarin hy gegooi is of liewer waarby hy deur ewolusie en geskiedenis aangepas het, te handel en dit te hanteer (Laszlo, 1972, p. xix).

Wat wetenskap werklik is, sal duidelik wees uit die volgende argument. Ons neem almal aan dat wat ons weet nie anders kan wees as wat dit is nie, terwyl in die geval van dinge wat wel anders kan wees, wanneer dit uit ons sig verdwyn, kan ons nie meer sê of dit bestaan of nie bestaan nie. Daarom is die oogmerk van wetenskaplike kennis 'n noodsaaklikheid. Dit is ewig, omdat alles wat noodsaaklik is, in die ongekwalifiseerde sin ewig is. Dit wat ewig is kan nie geskep of vernietig word nie. Alle wetenskaplike kennis is veronderstel om onderrig te kan word en sy doel is om moontlik te wees om geleer te word. Alle onderrig begin van iets wat reeds bekend is, want dit gaan voort of met induksie of met deduksie. Induksie stel ons bekend aan eerste beginsels en universele, terwyl deduksie vanaf die universele begin. Daarom is daar beginsels wat vanaf deduksie begin, wat nie deduseerbaar is nie en dus deur induksie bereik word. Wetenskaplike kennis is dus 'n demonstratiewe toestand. 'n Persoon het wetenskaplike kennis as sy geloof op 'n sekere wyse gekondisioneer is en die eerste beginsels aan hom bekend is, want as hulle nie beter aan hom bekend is as die gevolgtrekkings wat daarvan gemaak is nie, sal hy slegs toevallige kennis daarvan hê. Dit kan dien as 'n beskrywing van wetenskaplike kennis (Thomson, 1976, p.207).

'n **Epistēmē** is 'n liggaam van kennis oor 'n spesifieke onderwerp, georganiseer in 'n stelsel van bewyse of demonstrasie. 'n Goeie moderne ekwivalent is 'wetenskap' as ons die konnotasie van staatmaak op die eksperimentele metode laat vaar. Aristoteles se

model vir 'n wetenskap was Rekenkunde en Meetkunde, wat in sy tyd reeds voorgestel is as 'n sistemiese reeks van deduksies vanaf basiese eerste beginsels. Aristoteles dink aan wetenskaplike kennis as kennis in 'n spesifieke sin: om iets wetenskaplik te ken is om die oorsaak of rede te ken waarom dit moet wees soos dit is en nie anders kan wees nie (Smith, 1995, p.47).

3.10 OORSPRONG EN BETEKENIS VAN DIE BEGRIP 'GEESTESWETENSKAP'

3.10.1 Die Griekse beskawing

Die onderskeid tussen natuurwetenskap en geesteswetenskap is vandag vanselfsprekend. Die begrip geesteswetenskap het eers in die middel van die negentiende eeu te voorskyn gekom. Sedert die tydperk van die Grieke is daar egter reeds 'n onderskeid gemaak tussen die twee begrippe. Tydens die Griekse beskawing is die werklikheid verdeel in 'stof' en 'gees'. Die begrip van 'gees' het toe 'n enger betekenisraamwerk gehad as wat vandag onder geesteswetenskappe verstaan word (Stuart, 1980, p.6).

3.10.2 Die Middeleeue tot by Descartes (1596 – 1650) (kyk Biografiese inligting)

Die teenstelling van sterflike liggaam en onsterflike siel, van stof en gees, van natuur en genade en van sintuiglike en abstrakte denke, was in hierdie tydperk prominent (Dreyer, 1974, p.13). Die eerste totale breek kom egter eers na Descartes.

Volgens Descartes kan die totale werklikheid in twee komponente verdeel word, naamlik gees (*res cogitans*) en stof (*res extensa*). Hy aanvaar dat daar geen direkte wisselwerking tussen die twee is nie. Die **stof** dui op die gebied van die kwantitatiewe, waar wette en die meganiese belangrike rolle speel, terwyl die **gees** die gebied van die kwalitatiewe, die bewuste en vryheid is. Die verdeling tussen natuur- en geesteswetenskappe kom hier werklik na vore. Descartes was egter 'n voorstaander van die natuurwetenskaplike en het aan die geesteswetenskappe 'n minderwaardige rol toegeken (Dreyer, 1974, p.3).

3.10.3 Hegel (1770 – 1831) (kyk Biografiese inligting)

Hegel kan gesien word as die vader van die geesteswetenskaplike denkrigting. Sy interpretasie van die woord **geist** het 'n weg geopen waarlangs die geesteswetenskappe kon ontwikkel (Oosthuizen, 1962, p.51).

Hy het tussen 'n subjektiewe, 'n objektiewe en 'n absolute gees onderskei, wat as grondslag vir die uitdifferensiering van geesteswetenskap, natuurwetenskap en fundamentele wetenskap gedien het.

3.10.4 Mill (1806 – 1873) (kyk Biografiese inligting)

Die begrip 'geesteswetenskap' het eers bekendheid verwerf toe Mill se werk *A System of Logic* in Duits vertaal is onder die opskrif *Von der Logik der Geisteswissenschaft oder moralische Wissenschaften*. Mill het al die wetenskappe, wat 'n studie gemaak het van die menslike wilshandeling, asook van die motiewe daaragter, saamgevat onder die versamelnaam 'geesteswetenskappe' (Oosthuizen, 1962, p.18).

3.10.5 Dilthey (1833 – 1911) (kyk Biografiese inligting)

Dilthey het **verstaan** gebruik in plaas van **erkl ren**, om die mens se geesteslewe te verduidelik. Om die mens se innerlike aktiwiteite te begryp, moes die begrip **verstaan** gebruik word. Omdat elke mens se lewe eg is, moes dit verstaan word, sodat 'n individu sinvolle gebeure uit sy lewe kon aktualiseer (Oosthuizen, 1962, p.105).

3.10.6 Verset teen die natuurwetenskaplike metode

Na Dilthey het verskeie leidende figure uit die Duitse historiese skool in verset gekom teen die verabsoluttering van die natuurwetenskaplike metode. (Sien 3.7 vir 'n verduideliking hiervan onder die *Bruikbaarmaking van die Geesteswetenskappe*.) Geskiedenis en kultuurwetenskappe was hoofsaaklik gemoeid met menslike waarderinge en met waardes wat individualisering tot gevolg gehad het. In die natuurwetenskappe is daar gesoek na veralgemenings, wette en kousale samehange, terwyl die menswetenskappe hulle toegespits het op die begryping van die individu en van sy prestasies (Stuart, 1980, p.9).

3.10.7 Die historiese metode

Verdere momentum is deur Duitse historici deur die historiese metode aan die beeld van die geesteswetenskappe gegee, veral as 'n beklemtoning van die **Volksgeist**. Ook in Suid-Afrika het die term (afgelei van die Duitse woord **Geisteswissenschaft**) 'n algemene konsep verteenwoordig (Stuart, 1980, p.10).

3.10.8 Die fenomenologiese metode

Fenomenologie wou die dualisme van mens en wêreld ophef. Die fenomenologie wou juis die verwantskap wat tussen mens en wêreld bestaan, aantoon. Bakker (1977, p.70) se uitspraak in die verband is dat fenomenologie 'n noue verband tussen die wêreld van die mens se ervaring en die ervarende mens skep. Vir fenomenologiese denke is daar nie 'n wêreld sonder onderwerp en 'n onderwerp sonder wêreld nie. Die menslike wese kan nie van die wêreld losgemaak word nie. Fenomenologie wil dus die saak beskryf soos dit is; soos wat die verskynsel homself openbaar.

3.11 BEPALING VAN DIE PLEK VAN GEESTESWETENSKAPPE

3.11.1 Die werklikheid

Die mens is in 'n gedurige interaksie met die werklikheid. Die wêreld van die mens bied 'n oneindige variasie van strukture en moontlikhede terwyl die mens van sy kant 'n ewe oneindige variasie van verhoudinge tot sy wêreld vertoon (Dreyer, 1974, p.9).

3.11.2 Die klassifikasie van Hessen in ide le en re le wetenskappe.

Volgens Hessen (1950) is die ide le wetenskappe Logika, Wiskunde en Waardeleer en die re le wetenskappe Fisika, Plantkunde, Sosiologie en Geskiedenis. Wysbegeerte met sy kenmerkende rasionaliteit, selfrefleksie, universaliteit en radikaliteit is die oorkoepelende wetenskap. Daar vind tussen Wysbegeerte en ander sogenaamde vakwetenskappe 'n gedurige wisselwerking en dialoog plaas. Elke wetenskaplike word op een of ander stadium gekonfronteer met 'n waarheidsprobleem of 'n synsprobleem, wat juis die terrein van wysbegeerte is. Oosthuizen (1962) het hierdie skema as volg opgesom:

Filosofie

Vakwetenskappe

Formele wetenskappe
(Ideële wetenskappe)

Materiële wetenskappe
(Reële wetenskappe)

Natuurwetenskappe

Geesteswetenskappe

Slegs die onderskeiding tussen die natuurwetenskappe en geesteswetenskappe as reële wetenskappe is vir die doel van hierdie studie belangrik.

3.12 DIE ONDERSKEIDING TUSSEN NATUUR- EN GEESTESWETENSKAPPE

3.12.1 Inleiding

Vanuit Hessen se klassifikasie ontstaan die vraag waar die onderskeid tussen die twee wetenskappe gevind kan word. Die gevaar bestaan vandag nog, soos in die verlede, dat die werklikheid as 'n losstaande komponent gesien word. Die werklikheid word dan as verskillende vakke bestudeer en die eenheid daarvan kan misgekyk word. Descartes het 'n indeling van *res cogitans* en *res extensa* gemaak, wat sonder wisselwerking langs mekaar bestaan. Sulke statiese indelings is foutief omdat gedurige interaksie en lewende kontak tussen die gebiede bestaan.

3.12.2 Stuart se indeling

Volgens Stuart (1980) bestaan daar in die Westerse wêreld twee radikaal verskillende tradisies, naamlik die idealistiese, wat klem op die innerlike perspektief (geesteswetenskap) lê en die naturalistiese, wat klem op die uiterlike perspektief (natuurwetenskap) lê.

3.12.3 Die eie aard van die natuurwetenskappe

Natuurwetenskappe se aard word bepaal deur die idee (norm) tot kousaliteit van alle natuurgebeure (Oosthuizen, 1962, p.129). Hierdie kousaliteit gee aan die natuurwetenskappe 'n konstantheid en groter eksaktheid. Die natuurwette bly onveranderd. Die eksakte karakter wat die natuurwetenskappe toon, stem nie ooreen met die veelvormigheid van menslike gedrag nie (Stuart, 1980, p.19). Die natuurwetenskappe is dus kennis van wat is, eerder as van wat behoort te wees.

3.12.4 Indiwidualiteit

Die geesteswetenskappe kan volgens Dreyer (1974) nie onder wette vasgevang word nie. Die oorspronklike en vrye van menslike beslissings en handeling word deur die geesteswetenskappe omvat en het altyd die kenmerk van indiwidualiteit.

3.12.5 Vryheid

Die term 'geesteswetenskappe' beskryf daardie groep wetenskappe wat die kern van die resultate van die mens se vry vormende handeling beoog. Die geesteswetenskappe

verskil van die natuurwetenskappe daarin dat die geesteswetenskappe hom nie deur 'n metode behoort te laat bind nie. Dit gaan by die geesteswetenskappe om 'n lewende mensheid en kan nooit eksak wees nie, omdat die lewe nooit eksak is nie (Oosthuizen, 1962, p.2).

Wanneer 'n mens iets maak wat "leef" volgens Alexander, bereik 'n mens die punt waar hy dit regkry om homself te laat gaan. Dit het te doen met vryheid. Vryheid van die tirannie van 'n mens se eie self en van ander s'n (Grabow, 1983, p.220). In Zen beteken vryheid, in plaas van om keuses te hê, daar eintlik net een keuse is, omdat 'n mens vry is om die mees gepaste ding te doen wat moontlik is in elke situasie wat 'n mens tegemoetkom. Daar is dus net een moontlikheid, wat 'n mens vry is om te kies en gevolglik is die mens vry wanneer hy die mees gepaste reaksie kan identifiseer en dit kan doen (p.221).

3.12.6 Die rif tussen geestes- en natuurwetenskappe

In sy voorwoord sê Laszlo (1972, p.vii) dat hy akademiese filosofieprogramme vermy het, omdat dit gebreinspoel het met komplekse teorieë van die geskiedenis van denke, wat grootliks daarin misluk het om te verwys na enige iets betekenisvol in die student se ondervinding. Hy het gevoel dat die meeste vroeë waarmee filosofie geworstel het, kon baat by die vindinge van die kontemporêre wetenskappe. Die antwoorde van groot filosofie, sowel as die inligting deur groot wetenskaplikes, het hom getref. Maar filosofiese antwoorde het 'n voldoende feitelike basis gekort en wetenskaplike antwoorde was beperkend of het naïewelik veralgemeen uit die oogpunt van 'n spesialiteit. Hy het die kombinasie van filosofiese geslepenheid en wetenskaplike ingeligtheid nagestreef. Hy het gevoel asof sy gedagtes 'n funksie behoort te hê anders as om sy eie vroeë te beantwoord en sy eie persoonlike dore vir betekenis te les. Die konsep van 'n dinamiese, selfvoorsienende 'stelsel' onderskei teen die agtergrond van 'n natuurlike omgewing, het verouderde begrippe vervang. Deur hierdie konsep te gebruik, kan die indrukwekkende bevindinge van die kontemporêre wetenskappe betekenisvol en relevant word en antwoorde kan voortkomend wees uit vroeë wat elke denkende persoon sekerlik op een of ander stadium in sy lewe vra.

Die huidige situasie in die gebied van teorie word gekenmerk deur die vrugte van die wetenskaplike 'inligtingsontploffing' aan die een kant en deur hoogs gesofistikeerde metodologieë en konseptuele analise aan die ander kant. Die ooglopende taak is om die twee saam te bring. Daar is 'n rykdom van wetenskaplike data wat kan dien as die basis van 'n ingeligte filosofie en daar is 'n soortgelyke rykdom van filosofiese metodes en konsepte wat die nodige toestande van die sintese van wetenskaplike bevindinge uitmaak. Algemene stelselteorie gee ons 'n teoretiese instrument om die gemeenskaplike toepaslikheid van wetenskaplike inligting en filosofiese betekenis te verseker.

Van die *malaise* in die kontemporêre lewenswyse kom van die rif van natuurwetenskappe en geesteswetenskappe (Laszlo, 1972, p.296).

3.12.7 Die stryd tussen feit en waarde

Ons huidige kosmologiese opvatting is hoofsaaklik dieselfde as wat eerste deur Descartes daargestel is. Hierdie opvatting was invloedryk – en moontlik verantwoordelik – vir die sukses van wetenskap in die laaste driehonderd jaar. Hierdie uitkyk het ons geleer en gehelp om die aard van die fisiese wêreld te ontdek. Nietemin is dit eensydig en dit bevat foute. Die bestaande uitkyk het nie plek daarbinne, op enige natuurlike manier, vir die kwessie van waarde of vir die eienskap van orde nie. Daar is geen plek vir daardie kwaliteit sonder naam nie (Grabow, 1983, p.x).

Daar is iets van waarde in 'n gebou, of in 'n dorp of in 'n oomblik in 'n persoon se lewe. Maar in wetenskap is gebeurtenisse neutraal. Die vraag is nie of dit goed, sleg, of onpartydig is nie. Die vraag is net of dit plaasvind of nie. Gebeurtenisse van waarde kan nie 'n kwessie wees van 'n objektiewe feit nie. Die uitspraak van 'waarde-oordele' plaas 'n mens outomaties in die subjektiewe gebied van persoonlike voorkeur en smaak, of in die geval van ontwerp, in styl (Grabow, 1983, p.72).

Volgens Grabow (1983, p.76) kan die wetenskaplike en filosofiese rewolusie rofweg beskryf word as die totstandkoming van die vernietiging van die kosmos. Dit is die verdwyning, vanaf filosofiese en wetenskaplike geldige konsepte van die konsepsie van die wêreld as 'n eindige, geslote en hiërargies gevorderde geheel en sy vervanging deur 'n onduidelike en selfs oneindige heelal, wat saamgebind word deur die identiteit van sy fundamentele komponente en wette en waarin al hierdie komponente op dieselfde vlak van wese geplaas word. Dit impliseer die verwerping deur wetenskaplike gedagte van alle oorwegings gebaseer op waardekonsepte soos perfeksie, harmonie, betekenis en mikpunt en ten slotte die totale waardevermindering van wese, die skeiding van die wêreld van waarde en die wêreld van feite.

Wetenskap het homself met reg in gelid gestel met die gebied van materie wat progressiewelik gestroop is van die waardekonsepte wat daarop voorgeskryf is deur die verstand. Hierdie totale waardevermindering van wese het beteken dat kwessies van waarde (en geloof) nie langer aangetrek kon word tot die 'feite' van die heelal nie. Wetenskap, Geloof en Filosofie het van toe af hul aparte rigtings ingeslaan. Wetenskap is progressiewelik gedehumaniseer, Geloof het hopeloos verbind gebly aan institusionele dogma en Filosofie het verval in eindelose biografieë van filosowe, waarvan die sentrale tema 'n eksistensiële wanhoop is in 'n wêreld sonder waardes (Grabow, 1983, p.76). Menslike waardes, wat stam van die mens se antieke ondervinding van ooreenstemming met die heelal, is aan sy eie lot oorgelaat.

3.12.8 Lewe en waarde

Die mens en sy lewe en wêreld kan nie geskei word nie. Hy bestaan slegs in en deur sy lewe in die wêreld. Die wesensaard van die mens kan dus alleen leer ken word deur die lewe en wêreld waarin hy homself gestalte gee (Dreyer, 1974, p.89). Waarheid by geesteswetenskappe is nie bloot 'n kwessie van ooreenstemming nie, maar 'n kwessie van sinvolheid, dit wil sê van waarde.

3.12.9 Skeiding tussen natuur en kultuur

'n Skeiding word dikwels gemaak tussen natuur en kultuur. Gees (natuur) is selfs al teenoor natuur gestel. Wetenskapsbeoefening kan egter slegs deur die mens uitgevoer word. Volgens Dreyer (1974, p.8) moet alle wetenskappe 'n antwoord gee op die vraag na die sinvolheid van menslike bestaan. Die mens word gebore in 'n wêreld van verhoudinge en norme wat in daardie menslike wêreld geld. Die mens vorm sy eie wêreld volgens sy oortuigings en norme van hoe die wêreld behoort te wees. Natuur is dus ook deel van die menslike wêreld, anders bestaan dit eenvoudig nie. Natuur is dus ook kultuur (Stuart, 1980, p.17).

3.12.10 Skeiding tussen natuur- en geesteswetenskappe

Geestelike gebeure is gedeeltelik ook natuurlik en nie los van natuurobjekte nie. Die geesteswetenskappe kan ook nie slegs as kultuur gesien word nie, omdat die terrein van

die geesteswetenskappe wyer as slegs kultuur is (Oosthuizen, 1962, p.30). Daar is sekere wetenskappe waarvoor daar moeilik in een van die twee aparte kategorieë 'n plek gevind kan word. Psigologie, Sosiologie, Ekonomie en Biologie is voorbeelde van sulke wetenskappe wat nie werklik net suiwer natuurwetenskap of net suiwer geesteswetenskap is nie. Argitektuur is ook een van hierdie wetenskappe. Daar is 'n onderlinge samehang van die vakwetenskappe en 'n integrasie van vakwetenskapsbeoefening met die res van die menslike aktiwiteite. Wanneer dit beseef word, word die problematiek rondom hierdie indeling eers sinvol (Oosthuizen, 1962, p.8).

Daar kan dus nie 'n skerp omlyning van die oorgang van natuur- en geesteswetenskappe gegee word nie.

3.12.11 Die eenheid van die wetenskappe

Die eenheid van die wetenskappe lê juis daarin dat elke wetenskap 'n deel van die totale wêreld van die mens is en as sodanig 'n sinvolle samehang binne die groter geheel van menswees uitmaak (Dreyer, 1974, p.9). Thomson (1972, p.118) onderstreep dit ook deur aan te voer dat die wetenskappe deel van een dissipline is. Dit is 'n uitbeelding van een metode en 'n poging om die een groot probleem van orde in die natuur duidelik te maak. Die wetenskappe vorm een liggaam van waarheid en word meer waardevol as dit gekorreleer word.

Tussen die idëele en reële wetenskappe van Hessen, sowel as tussen die natuur- en geesteswetenskappe, moet daar raakvlakke bestaan. Die geesteswetenskappe as ervaringswetenskappe moet dan ook in hierdie konteks gesien word (Stuart, 1980, p.18).

3.12.12 Verstaan as wetenskaplike bedrywigheid

Soos voorheen genoem het Dilthey heftig in opstand gekom teen die oorname van natuurwetenskaplike metodes in die geesteswetenskappe. In die geesteswetenskappe gaan dit nie oor die verklaring van kousale samehang nie, maar oor die begryp van sinvolle samehange. Die student wil **verstaan**, met ander woorde behoort hy antwoorde te soek oor die sin van 'n voorwerp of 'n historiese verskynsel. Verstaan is om die innerlike verband van iets te begryp terwyl by verklaar, ons die gebeure in hul uiterlike verband sien (Stuart, 1980, p.24).

3.12.13 Die sin van menslike handeling

Die geesteswetenskappe is verder gegrond op die menslike handeling in 'n situasie. Die mens **ontwerp** deur sy optrede 'n sinvolle wêreld. Die geesteswetenskappe is dus nie net gemoeid met 'n wêreld van voorwerpe of kultuurobjekte nie, maar met daardie handeling of gedrag waardeur die gees tot uitdrukking kom. Die oogmerk van die geesteswetenskappe is om die mens insig in sy leefwêreld te gee. Deur die mens se wetenskaplike bedrywigheide bring hy 'n nuwe sinveld tot stand en verbreed 'n reeds bestaande sinveld of leefwêreld. Die geesteswetenskappe is dus onder andere ook ingestel op die soektog na samehange van menslike handeling (Stuart, 1980, p.25).

3.12.14 Argitektuur as natuur- en geesteswetenskap

Argitektuur word op beide Wetenskap en Kuns gefundeer: Wetenskap vir tegnologieë en Kuns vir stylistiese uitdrukking; Wetenskap vir nuttige en ekonomiese oorweging en Kuns waarin hierdie materiële toestande opgelos word in 'n geordende gebou (Fisher, 1989).

Daar ontstaan egter 'n paradoks in die poging om Kuns en Wetenskap in argitektuur saam te smelt. Tussen 1600 en 1800, rofweg vanaf Descartes tot Leibniz, is God uit die wêreld geneem en vervang met 'n eindelose, isotropiese, homogene heelal, verteenwoordig deur 'n geometriese struktuur, waarin waarde geen natuurlike plek het nie: dit was waardevry en waarde kon nie in verband gebring word op enige sinvolle, begrypbare manier nie (Grabow, 1983, p.77).

Grabow (1983) verduidelik in sy boek oor Alexander dat laasgenoemde herken het dat dit essensieel is om 'n teorie te vind waarin waarde en feite een is, waarin die mens kon herken dat daar 'n sentrale waarde is, wat deur gevoel en verlies van self benader kon word, wat diep en innig tot die feite verbind is en 'n enkel, onverdeelbare wêreldprentjie vorm, waarin produktiewe resultate verkry kon word.

Is die bestaan van 'skoonheid' in iets 'n kwessie van persoonlike voorkeur of van 'n objektiewe feit? Bestaan dit in die verstand of daarbuite? Die vraag impliseer 'n skeiding wat eintlik histories is en ooreenkom met die Cartesiaanse debat oor die verhouding tussen verstand ('mind') en materie ('matter').

Voor die sewentiende eeu was God die verwysingspunt waarby verstand en materie dieselfde wette gevolg het; hulle ooreenstemming het die enigste rasoniele verduideliking vir die bestaan van 'n absolute standaard van waardes gegee. Die verwydering van die godheid uit die analise van die wette van die heelal van die sewentiende en agtiende eeu het gelei tot die skeiding van die feitewêreld en die wêreld van waardes. Teen die negentiende eeu het Positiewe wetenskaplike denke gedomineer. Teen die twintigste eeu het die fenomenologie openbaar dat Positiewe valslik die regte verhouding tussen verstand en materie onweersaambaar gemaak het en het die natuur gesplits in 'n kunsmatige dualiteit (Grabow, 1983, p.81) (Sien 5.5.4 vir verduideliking van Positiewe).

Alexander is daarvan oortuig dat dit moontlik is om 'n gewysigde opvatting van die natuur te konstrueer, wat behoorlik aandag sal skenk aan die kwessie van orde en dat hierdie nuwe uitkyk nie uit sy wêreldvoorstelling die begrippe van 'waarde' en 'betekenis' sal laat, soos wat ons huidige uitkyk, geskep deur onlangse wetenskap, gedoen het nie (Grabow, 1983, p.x).

In terme van tradisie is 'n argitek fundamenteel 'n kunstenaar, maar een wat wetenskap verstaan en dit kan toepas tot die probleem van bou. Die huidige rol van argitektuurteorie verduidelik hierdie onderskeid. So 'n teorie help nie om ontwerpe te skep nie, maar verduidelik dit net. Dit is 'n feit wat altyd as 'n skok kom vir die meeste argitekturstudente. Daarom het die daad van ontwerp 'n kreatiewe geheimenis gebly (Grabow, 1983, p7). Elke ontwerper moet die daad in homself herdink. Om die kwessie van ontwerp as 'n wetenskaplike probleem te hanteer, word 'n ander tipe teorie aangeneem. Hierdie teorie sal die daad van ontwerp vooraf moet gaan. Dit sal ontwerpe moet genereer, eerder as om dit net te verduidelik. 'n Ware wetenskaplike argitektuurteorie (in teenstelling met 'n tegnologiese argitektuurteorie), sal meer bemoeid wees met die onthulling van die kreatiewe proses wat geboue produseer, as in die toepassing van wetenskaplike tegnologieë op geboue wat reeds gebou is (Grabow, 1983, p.8). 'n Mens kan nie 'n gebou ontwerp deur eenvoudig sulke reëls te volg nie, alhoewel dit help om die finale produk te verduidelik (p.9).

Toe antieke beskawings na die natuur gekyk het, was hulle aangetrokke tot sekere toestande, meer as ander. Hierdie toestande, soos sonsopkoms of sonsondergang, het vir hulle die perfeksie van die heelal verteenwoordig, wat eerbied en respek werd was, asook studie en abstraksie in fundamentele eienskappe soos harmonie, ritme, proporsie en balans. Die uitdrukking van hierdie selfde eienskappe in musiek, dans, in atletiese

wedstryd of selfs in politiek, is gesien as 'n strewe na perfeksie en vorm die hoogste waarde van lewe, soos uitgedruk in die Griekse woord *arête* (Grabow, 1983, p.74).

3.13 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is kritiek op die Suid-Afrikaanse opvoedingstelsel in skole en op universiteite uitgelig. As reaksie daarteen is daar kenners in Opvoedkunde en in Ekonomie, wat beweer dat 'n paradigmaterskuiwing nodig is na meer tegnologiese vakrigtings wat dan ekonomiese herstel in die land sal help bewerkstellig. 'n Soortgelyke reaksie is gevind in Europa vroeër in die twintigste eeu. As teenreaksie is geesteswetenskappe in die Westerse samelewing tydens die meganistiese paradigma 'bruikbaar' gemaak deur allerhande teorieë en wetenskaplike beginsels daaraan vas te heg. Die foute wat reeds gemaak is, moet nou vermy word.

Dit is belangrik om nie 'n skuif na tegnologie te sien as 'n skuif weg van die geesteswetenskappe nie. Die kennis van geesteswetenskaplike vakrigtings is noodsaaklik vir die ontwikkeling van enige land, wat ekosistemiese beginsels wil nastreef. Die noodsaaklikheid van kennis van tegnologie en natuurwetenskaplike vakrigtings kan nie betwyfel word nie. Hierdie punt is volledig in die voorafgaande gedeelte geïllustreer. Om geesteswetenskappe as gevolg hiervan af te skeep is nie 'n oplossing nie.

Die begrippe 'geestes' en 'wetenskap' is ondersoek en die oorsprong en betekenis van elke begrip is bespreek. Uit hierdie studie het dit geblyk dat daar na Descartes 'n definitiewe rif ontstaan het tussen die twee begrippe, as gevolg van sy opdeling van die werklikheid in die twee komponente van stof en gees. Dit is bewys dat so 'n statiese opdeling foutief is, omdat gedurige interaksie tussen die twee gebiede bestaan. Hierdie opdeling het verskeie probleme geskep. Die belangrikste daarvan is die onderskeid wat gemaak is tussen feite, wat verteenwoordigend is van die natuurwetenskappe, en waarde, wat verteenwoordigend is van die geesteswetenskappe.

Die vrae wat elke denkende persoon op een of ander stadium van sy lewe vra, kon nie deur die komplekse teorieë wat ontstaan het uit elke denkrigting, beantwoord word nie, omdat dit selde verwys het na enige iets betekenisvols in die persoon se lewe. Die verwerping deur wetenskaplike gedagte van alle oorwegings gebaseer op waardekonsepte, het die wêreld van waarde en die wêreld van feite van mekaar geskei. 'n Wêreld sonder waardes is in 'n eksistensiële wanhoop.

Daar is dus eerstens aangevoer dat geesteswetenskappe wel bestaansreg het in 'n tyd en plek waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig en dat dit selfs noodsaaklik is indien 'n begrip van waarde in ons huidige situasie deur opvoeding bewerkstellig wil word.

Verder word die integrasie van natuur- en geesteswetenskappe deur hierdie argument as noodsaaklik beskou. Daar moet raakvlakke tussen die twee bestaan, omdat daar 'n onderlinge samehang van die vakwetenskappe en 'n integrasie van vakwetenskapsbeoefening, met die res van die menslike aktiwiteite bestaan. Die eenheid van die wetenskappe lê juis daarin dat elke wetenskap 'n deel van die totale wêreld van die mens is.

Indien waarde belangrik is in die opvoeding van die mens, soos wat beslis in die gebied van argitektuur die geval behoort te wees, moet die ontmoeting en integrasie van die twee begrippe bewerkstellig word.

Die gebied van argitektuur beklee 'n belangrike posisie in hierdie debat, omdat dit altyd geleë was op die grens tussen die geesteswetenskappe en die natuurwetenskappe. Waarde en betekenis is belangrik in die beoefening van argitektuur, waar kreatiewe fakulteite onder andere ontwikkel word. Die gebied van argitektuur het 'n bevoorregte posisie en kan belangrike baanbrekende presedente vir ander vakkrigtings stel. Ons kan nie hierdie kans verby laat gaan nie.

HOOFSTUK 4

TERMINOLOGIE

4.1 PROBLEEMSTELLING

4.1.1 Subprobleem 3

Die derde subprobleem is om die betekenis van terme, wat in opvoeding gebruik word, te ondersoek en om dit as integrale deel van menswees aan te voer.

4.1.2 Subhipotese 3

Die derde subhipotese is dat 'n begrip van die betekenis en waarde, asook kontemplasie, wat deur opvoeding bewerkstellig word, nodig is om sin aan die mens se lewe te gee.

4.2 OORSIG VAN HOOFSTUK 4

In die voorafgaande hoofstuk is bewys dat geesteswetenskappe bestaansreg het in 'n plek en tyd waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig. Dit is selfs as noodsaaklik beskou indien 'n *begrip* van *waarde* in ons huidige situasie deur opvoeding bewerkstellig wil word. Die belang van waardekonsepte is uitgelig en dit is veral op die gebied van argitektuur toegepas. Die *begryp* van hierdie waardekonsepte is genoem.

In hierdie hoofstuk word die proses van *begryp* ondersoek, sodat wanneer daar gepraat word van die *begrip* van die waarde en betekenis, daar nie twyfel sal wees oor wat *begrip* werklik behels nie.

Die begrippe *verstaan* en *verklaar* is reeds in die vorige hoofstuk verduidelik. Volgens Stoker (1961, p.96) is daar nog 'n derde komponent by *verklaar* en *verstaan*, naamlik *begryp*. Vir die onderrig van argitektuur, wat dan ook die uiteindelijke doel van hierdie studie is, is hierdie term *begryp* van belang. Deur bloot te kyk na die handeling van die mens sonder om dit te *begryp*, sal tot 'n eensydige en onvolledige beeld lei.

Die beoefening van geesteswetenskappe as die *begryp* van sinvolle samehange word ondersoek. *Verstaan* as die *begryp* van die innerlike verband van iets word ondersoek. Die oogmerk van die geesteswetenskappe, naamlik om die mens insig in sy leefwêreld te gee, is ook in die vorige hoofstuk genoem. Hierdie aspek van menswees word verder in hierdie hoofstuk ondersoek.

Die *begrip* *teorie* word ondersoek. Die oorspronklike opvatting van die term word verduidelik. Tydens die ontwikkeling van enige dissipline, is verskeie teorieë gewoonlik op een of ander stadium ter sprake. Dit is belangrik om eers uit te vind wat *teorie* werklik is, voordat die woord aan 'n dissipline gekoppel word. Indien die waarde en betekenis van 'n vak *begryp* wil word en indien die kontemplasie daarvan aangemoedig word, word 'n herlewing van die oorspronklike opvatting van die term *teorie* aanbeveel.

Die uiteindelijke doel van 'n vakgebied is die *kontemplasie* daarvan. Kontemplasie van 'n vak lei tot die *begrip* van die waarde en betekenis daarvan. Die doel van hierdie subprobleem is om kontemplasie as noodsaaklik vir die mens aan te voer om sin aan die lewe te gee, daarom word die term kontemplasie ondersoek.

In die wetenskaplike metode is die soeke na die *absolute waarheid* ten doel. Hierdie aspek as uiteindelijke bereiking word ondersoek en die relevansie daarvan tot argitektuur word ondersoek, asook die toepassing van hierdie wetenskaplike doel op die geesteswetenskaplike sy daarvan.

Die terme *begrip*, *teorie*, *kontemplasie* en *absolute waarheid*, word ondersoek en verduidelik om as bewys te dien dat dit integrale dele van menswees, van geesteswetenskap en van natuurwetenskap is. Hierdie terme dien ook as uiteindelijke strewe van verkrygte kennis en meer spesifiek vir die doel van hierdie studie, van Omgewingsgeskiedenis.

4.3 BEGRIP

Aristoteles het gebruik gemaak van 'n konsep wat in Afrikaans verteenwoordig word deur die woord 'begryp' (Thomson, 1976). Die Franse woord daarvoor is *saisir* wat in Engels vertaal kan word as 'seize; catch hold of; fig. catch; grasp; understand.' Die byvoeglike naamwoord *saisissant* beteken 'striking, gripping, piercing' en die selfstandige naamwoord *saisissement* beteken 'seizure; sudden chill; shock; pleasure: thrill' (Urwin, 1968).

As ons hierdie woorde in Afrikaans vertaal vind ons, soos in Engels, letterlike asook figuurlike betekenisse. Die woorde vat, gryp, neem, buitmaak en vasgryp, verduidelik 'n fisiese beweging waar die hand iets wat deel van die wêreld is, na die persoon bring. So word die mens deel van die wêreld en die wêreld deel van die mens. Daar is 'n dubbele beweging van neem en ontvang.

Daar word egter 'n verdere betekenis aan die woord geheg, wat meer figuurlik is, naamlik begryp, vang, aanvat, aanpak, ('n kans) waarmeem, ('n geleentheid) aangryp, verstaan, besef en gretig aanneem. Daar is steeds 'n beweging waar iets wat deel van die wêreld is, na die persoon gebring word, maar nou is daar 'n uitruiling tussen die werklike wêreld en ons konsepie of bewusseis. Ons (be)gryp die wêreld en die wêreld ons.

Die byvoeglike naamwoord *saisissant* gaan verder om merkwaardig, treffend, boeiend en deurdringend te beteken en in die selfstandige naamwoord *saisissement* skep dit sensasie, is aangrypend of sensasiewekkend.

Begryp is dus nie passief nie. Dit impliseer aksie en emosie in die fisiese en psigiese persoon. Aristoteles (kyk Biografiese inligting) het die woord gebruik waar dit die bevryding van sekere beperkende denkgewoontes impliseer. Hierdie beperkende denkgewoontes kan ons verhoed om te begryp. Die Griekse woord *hypolepsis* bevat 'n eerste betekenis naamlik 'dink' waarby die tweede betekenis van 'sensasie' bygevoeg is. **Hypolepsis** is een van ons innerlike fakulteite.

In 'n werklike situasie is die aktiwiteit van dink meer kompleks as die verduideliking van die woord soos in die woordeboek gevind. Diskursiewe denke en sensasie is nie werklik skeidbaar binne ons nie. Deur **hypolepsis** word 'n idee begrypbaar.

Peeters (1996) verduidelik dat Aristoteles die verbeelding gesien het as die fakulteit in ons wat ons toelaat om 'n beeld te vorm. Dit is 'n fakulteit van ons siel, wat dit vir ons moontlik maak om dit wat buite ons is, te begryp (gryp). Hierdie beweging wat plaasvind voordat ons iets begryp, is **hypolepsis**.

Aristoteles het verder beweer dat dit in alle mense se natuur is om te wil weet. Kennis vir hom bestaan uit begrip, of **epistēmē** en begrip betrek wetenskap: 'n georganiseerde liggaam van sistemies georganiseerde inligting (Hankinson, 1995, p.109).

Dit is belangrik dat 'n student die kennis wat aan hom oorgedra word, in hierdie geval dié van Omgewingsgeskiedenis, werklik *begryp*, soos wat hierbo verduidelik word. Daarvoor sal die hoër vlakke van kognisie gebruik moet word.

Om iets te begryp is die elemente daarvan, asook hul onderlinge verwantskappe nodig (Laszlo, 1972, p.xviii).

Daar is een vlak van begrip waar die mens iets lees wat die gedagtes wegvoer, maar eintlik verander niks in hom of haar nie. Die tweede vlak van begrip dwing essensieel 'n verandering, want dit spel dinge uit in terme wat soveel verder gaan, dat mense nie werklik daardie dinge kan doen sonder om hulself en hul aktiwiteite asook hul persepsie van dinge te verander nie. In Kuhn (kyk Biografiese inligting) se model van die struktuur van wetenskaplike rewolusies vorm hierdie tweede vlak van begrip die oplossing van die krisis en die volle verskyning van 'n nuwe paradigma (Grabow, 1983, p.130).

4.4 DIE PARADIGMA IN DIE HIÉRARGIE VAN KOGNISIE

Fisher (1989) verduidelik hierdie begrip onder die aard van die paradigma. Die ontwikkeling van kognisie was die gebied van besonder psigoloë van die twintigste eeu. Hy som dit as volg op:

Piaget (kyk Biografiese inligting) het die eerste kognitiewe eenheid wat deur die intellek vereis word die 'skema' genoem. Dit word gedefinieer as die interne verteenwoordiging van sekere veralgemeende klasse van situasies, wat die organisme in staat stel om in 'n gekoördineerde manier oor 'n hele reeks analoë situasies op te tree (Gregory, 1987, p.696). Van 'n skema kan 'n 'beeld' (Mussen, Conger and Kagan, 1974, p. 212) gebou word, wat 'n gedetailleerde, breedvoerige en bewuste verteenwoordiging is. 'n Gemeenskaplike stel eienskappe in 'n groep skemas vorm weer 'konsepte' (p.272). 'n Konsep is 'n abstraksie of algemene idee wat as 'n eenheid (of atoom) of 'n teorie mag dien (Gregory, 1987, p.157). 'n Teorie is sistematies ge-organiseerde kennis, wat in 'n relatief wye verskeidenheid omstandighede van toepassing is. Sulke omstandighede is veral aannamesels, aanvaarde beginsels en reëls van prosedure wat opgestel is om die aard van optrede van 'n gespesifiseerde stel fenomene te analiseer, te voorspel of andersins te verduidelik.

Die doel van hierdie vereenvoudigde uiteensetting van kognitiewe ontwikkeling, is om die verbinding tussen die internalisasie van ervaring en die formulering van teorieë in die fenomenologiese wêreld uit te beeld.

4.5 'N KLEMVERSKUIWING IN DIE BETEKENIS VAN DIE TERM 'TEORIE'

4.5.1 Inleiding

In die tweede hoofstuk is genoem dat geesteswetenskappe al meer neig na die wetenskaplike metode. Een van die kenmerke van 'n wetenskap is die daarstelling van 'n teorie om die wetenskaplikheid en bewysbaarheid daarvan te beklemtoon. Dit is belangrik dat die term *teorie* eers behoorlik ondersoek word. In hierdie hoofstuk word die oorsprong en ewolusie van die term ondersoek en sy toepassing, soos deur die dissiplines van Letterkunde en Filosofie ervaar word, word verduidelik. Teorie en sy toepassing op

Geskiedenis word in die volgende hoofstuk verduidelik, na die bewys dat Geskiedenis as beide geesteswetenskap en as natuurwetenskap begrond kan word.

4.5.2 Die term 'teorie'

In die *Verklarende Woordeboek* (1958) is die definisie van die woord 'teorie' soos volg: 'kennis wat in bespieëling bestaan; afgetrokke beskouing; leer van die grondbeginsels van 'n wetenskap; of wetenskaplike beskouing (verklaring)', waar 'bespieëling' beteken: 'met aandag beskou, of oorpeins' en waar bespieëlend beteken: 'beskouend; nadenkend; of oordenkend.' 'n 'Teoretikus' is 'n 'beoefenaar van die teoretiese kant van 'n wetenskap; bespieëlaar en nie 'n praktikus nie.' 'Teoretiseer' beteken 'bespieël, abstrak dink sonder inagneming van die eise van die praktyk; of spekulêr' en 'teoreties' is 'volgens die leer en nie volgens die praktyk nie.'

In die *HAT* (1984) is daar reeds 'n klemverskuiwing. 'Teorie' beteken daarin 'grondreëls van 'n wetenskap om waargenome feite of verskynsels te verklaar; voorstelling in 'n mens se gedagte sonder om rekening te hou met die werklikheid. Teorie en praktyk staan dikwels teenoor mekaar. In teorie lyk dit baie maklik.' 'Teoretiseer' is 'oor teorie dink sonder om met die praktyk rekening te hou; of volgens die teorie redeneer.' 'n 'Teoretikus' is 'n persoon wat uitsluitend of veral die teorie goed ken'.

In die *Webster's New World Encyclopedia* (1992) word die moderne betekenis van die woord opgesom as 'n stel idees, konsepte, beginsels of metodes gebruik om 'n wye stel waargenome feite te verduidelik.

Volgens die *Collins English Dictionary* (1991) is die definisie van die woord soos volg:

A speculative idea or plan as to how something might be done, a systematic statement of principles involved, a formulation of underlying principles of certain observed phenomena which has been verified to some degree, the principles of an art or science rather than its practice, a conjecture or guess.

Die woord 'teorie' stam van die Griekse woord *theōn* wat beteken 'om na te staar of te beskou'. Die Griekse oorsprong van die woord betrek dus visie en impliseer die beeld van 'n onreduseerbare, onherleibare geheel, wat net waargeneem, gesien, gekontempleer en intuïtief besou kan word.

In die verskillende definisies is dit duidelik dat die betekenis van die woord verder en verder van die oorspronklike Griekse betekenis wegbeweeg het. In die *Verklarende Woordeboek* van 1958 is daar nog spore van die aanvanklike bedoeling van 'sien' ('bespieëling en beskouing') en 'kontempleer' ('oorpeinsing, nadenking en oordenking'). Daar is nogtans 'n wegbeweging vanaf die onherleibare geheel wanneer die skeiding tussen teorie en praktyk genoem word. In die *Webster's New World Encyclopedia* (1992) word teorie gebruik om dit wat waargeneem is, te verduidelik. Die werklikheid is dus hier gereduseer na 'n verduideliking. In die *Collins English Dictionary* (1991) vind ons 'n resente definisie van die woord en daar is feitlik geen spoor meer van die aanvanklike idee van 'sien' of 'kontempleer' nie. Die voorspelling en verduideliking van fenomene, asook die matematisering van argumente, beklemtoon die vorige argument dat iets wetenskaplik moes wees om bruikbaar te wees. Die geestewetenskaplikheid van die woord 'teorie' is dus ook herlei na wetenskaplikheid om dit meer doeltreffend te maak.

Volgens die etimologie beteken die woord **theos** 'god'. Teorie het dus 'n religieuse oorsprong. Die idee was eerstens gekoppel aan 'n persoon wat met God handel; die mens wat die orakel ondervra; die een wat afkondig en bystaan by 'n fees. Tweedens is

daar die betekenis van kontemplasie van die onreduseerbare bygevoeg. Derdens is dit 'n persoon wat deur 'n stad gestuur word om te sien hoe 'n ander stad feesvier; iemand wat 'n inisiëringsreis onderneem om kennis tuis te bring.

In die filosofie van Plato (kyk Biografiese inligting) is ware kennis die idee van 'n inisiëringsreis om te sien hoe ander mense hul gemeenskappe en hul lewens organiseer. Die Franse woord vir kennis is **savoir** wat letterlik beteken 'dit sien'. Tesame met kontemplasie verteenwoordig dit die hoogste vlakke van kennis. Dit is hierdie vlakke van kennis wat gebruik moet word sodat die vak werklik 'begryp' kan word. Kennis of teorie is dus verbind aan die kenner (**saveur**) en gee 'n heilige betekenis aan die woord 'kennis'. Wanneer 'n mens waarneem (**percevoir** = deurboor-sien) deurboor 'n mens die begryplike wêreld met die innerlike oog en die wêreld word waarneembaar. Waarneming impliseer verandering. Die waargenome idee "word" en vir 'n oomblik sien 'n mens alles, waarna dit verdwyn. Hierdie oomblik is die hoogste oomblik van denke, die hoogtepunt van die menslike ondervinding, waar die mens naby die intellektuele bron en sy heilige bestemming is. Dit is die oomblik van absolute teenwoordigheid. Hierdie suiwer kennis of illuminasie is in aanraking met die Oorsprong of die Skeppende Mag. Dit verskaf vreugde of ekstase wat ooreenstem met 'n feestelike ondervinding, net soos dit wat verstaan word onder die oorspronklike betekenis van die woord 'teorie', waar 'n mens die normale lewe te bowe moet gaan. Die ware realiteit is nie materieel nie; dit is vreugde.

Teorie is getransformeer vanaf iets heiligs (onherleibaar) na iets wat onheilig is, wat van betekenis en vreugde ontnem is.

Volgens Aristoteles moet kontemplasie van die kreatiewe mag vry wees van dinge wat ons keer of verhoed om te sien. Vryheid is nie die kans om dit te doen wat ons wil nie, maar vereis dat die gees losgemaak word van ander dinge. Heilige kennis is die basis van vryheid. Die hoogste vorm van vryheid is die kontemplasie van die heilige oorsprong (Kyk Vryheid 3.12.5).

Teorie in die moderne sin van die woord het onbevredigend en onbruikbaar geword. Teorieë van poësie verduidelik poësie deur middel van iets anders as poësie. 'n Poëtiese teorie bevat nie die betekenis van poësie nie. Peeters (1996) voer aan dat poësie nie deur die menslike opvatting van teorie geregverdig word nie.

Geskiedenis as geesteswetenskap het ook die risiko om teorieë daaraan te koppel sodat dit 'n bruikbare wetenskap kan wees. Daar moet 'n beter manier wees om letterkundige teks, geskiedenis en uiteindelik ook argitektuur te benader.

4.5.3 'n Herlewing van die oorspronklike 'teorie'

Volgens Peeters (1996) kan die Griekse denkwysie en die oorspronklike bedoeling van teorie vandag sy toepassing vind en kan dit 'n beter manier wees om byvoorbeeld letterkundige teks te benader. Dieselfde behoort vir geskiedenis en vir argitektuur te geld. Die oorspronklike bedoeling van teorie kan sy toepassing ook op argitektuurgeskiedenis vind.

Die teorie van Aristoteles is 'n kennis van wese; sy doel is die ewige waarheid. Teorie volgens die moderne betekenis is slegs 'n toepassing, maar nie 'n kontemplasie nie en sy doel is praktiese kennis, wat relatief is. Verifikasie in die moderne teorie het die plek geneem van die waarheid in die oorspronklike teorie. Volgens die metode gebruik deur die moderne teorie, bestaan iets nie, as dit nie verifieerbaar is nie. In werklikheid is dit nie moontlik om ons gevoelens en ons gedrag te verifieer nie. Dit is nie nodig om ons gevoelens te verifieer sodat hulle kan bestaan nie.

Die mens het sekere begeertes en behoeftes, soos liefde. Liefde is blind en veroorsaak dat 'n valse realiteit gekonstrueer word, wat die mens onrealisties maak. Dit sluit hom binne in 'n sekere manier van dink in, waarin hy nie vry kan wees nie. Praktiese teorie stem ooreen met 'n begeerte om in die wêreld in te gryp. Hierdie ingryping is slegs moontlik as die werking van die wêreld verstaan word. Dit 'ontheilig' die wêreld. Die bevrediging van begeertes bevredig nie die humaniteit nie.

Dit wat die humaniteit kan bevredig is die teorie van kontemplasie, wat nie bepaal word deur behoeftes of begeertes nie, maar deur vry te wees van begeertes; waar die heilige en dit wat suiwer is, waaraan 'n mens nie die reg het om te verander nie en wat te doen het met die spirituele bronne, gerespekteer word. Begeertes verhoed die mens om te word wat hy regtig is. Dit maak hom onrealisties. Die mens moet realisties wees om vry te wees. Hy is nie vry as hy vasgevang is in 'n manier van dink soos wat deur die praktiese teorie gestipuleer word nie. Die mens moet die oorspronklike teorie soek en terugbring. Dit kan hom bevry (Peeters, 1996).

Die gedagte van kontemplasie is deur die klassieke Griekse beskawings aangemoedig en Westerse filosofie, soos wat ons dit vandag ken, het sy ontstaan daaraan te danke. Dit is belangrik om die gedagte van kontemplasie verder te ondersoek, om te beklemtoon wat uiteindelik van die student verwag sal word en wat die moontlike resultate daarvan kan wees.

4.6 KONTEMPLASIE

Die geesteswetenskaplike vakrigtings bestudeer menslike handeling of gedrag waardeur die gees tot uitdrukking kom. Geluk is een van die hoofstrewes van 'n menslike wese. Aristoteles se etiek, wat hierdie beginsel verduidelik het, is deur Thomson in *The ethics of Aristotle* (1976) verduidelik. Die begrip 'kontemplasie', soos in hierdie werk vervat is, word hier geparafraseer:

'n Gelukkige mens sal 'n sekere kwaliteit hê, wat hom deurgaans gelukkig sal maak, omdat hy meer tyd as ander mense sal spandeer aan 'n deugsame lewenswyse en aan kontemplasie. Hy sal sy voorspoed met 'n goeie gees en met sekerheid dra asof hy rotsvas en eerlik is sonder verwyt (p.83).

Ons moet 'n onderskeid maak in die geval van die rasonele deel van die siel. Laat ons aanneem dat die siel uit twee dele bestaan: met die een deel kontempleer ons daardie dinge waarvan die eerste beginsels onveranderlik en konstant is en met die ander deel kontempleer ons dinge wat veranderlik is. (Die aardse wêreld van praktiese wetenskap soos gekontrasteer met die intellektuele wêreld van teoretiese wetenskap). As ons aanneem dat kennis van hierdie twee wêrelde afhang van 'n vorm van 'n ooreenkoms en verwantskap tussen onderwerp en voorwerp, dan is die twee dele van die siel wat natuurlik aangepas is tot die kognisie van die twee verskillende soorte voorwerpe, self verskillend van soort (p.204).

Daar is plesiere wat heeltemal onafhanklik is van pyn of begeertes, wat geen gebrek in die natuurlike toestand het nie. Die aktiwiteit van kontemplasie is so 'n plesier (p.251).

Gedagte of soortgelyke aktiwiteite word nie verhinder deur sy eie plesier nie, maar net deur plesiere van 'n ander oorsprong. Daardie plesiere wat ons verkry uit kontemplasie en kennis sal ons aanmoedig om meer te leer en te kontempleer (p.252).

Geluk is 'n kontemplatiewe aktiwiteit. Kontemplasie is beide die hoogste vorm van aktiwiteit (aangesien die intellek die hoogste vorm in ons is en die doelmerke wat die intellek najaag, die hoogste dinge is wat geken kan word) en is ook die mees deurlopende, omdat dit moontlik is om voortdurend te kontempleer, meer as wat ons van enige ander praktiese aktiwiteit kan sê (p.328).

Die kwaliteit, wat ons noem selfgenoegsaamheid, sal in die hoogste graad behoort aan die kontemplerende aktiwiteit. Kontemplasie blyk die enigste aktiwiteit te wees wat om sy eie onthalwe waardeer word, omdat niks daardeur bereik word behalwe die daad van kontemplasie nie; terwyl ons van praktiese aktiwiteite verwag om iets te wen bo en behalwe die aktiwiteit self (p.330).

Wysheid is wetenskaplike en intuïtiewe kennis van wat in die natuur die kosbaarste is (p.212). As ons beskou wat die funksie van die mens is, vind ons dat geluk 'n deugsame aktiwiteit van die siel is.

Ons kan sien dat die hand en die voet en elke een van ons ledemate 'n funksie het. Ons kan dan aanneem dat die mens op dieselfde manier 'n funksie bo en behalwe die spesifieke funksies het. Lewe is iets wat byvoorbeeld plante ook het. Ons soek die mens se eie funksie, daarom moet ons uit die definisie sluit, die lewe wat bestaan uit voeding en groei, soos wat met plante gebeur. Daar bly 'n praktiese lewe oor wat deel is van die rasonele deel van die siel. Die rasonele het twee aspekte: een wat ontvanklik is vir rede en een wat rede besit en wat denke inisieer. Omdat hierdie lewe ook twee betekenis het, moet ons hier noem dat ons die lewe wat bepaal word deur aktiwiteit bedoel, want dit word aanvaar in die strenger sin. As die funksie van die mens 'n aktiwiteit van die siel is in ooreenstemming met rasonele beginsels (en as die funksie van 'n goeie mens is om 'n aktiwiteit of 'n reeks aksies van die siel goed en reg uit te voer), is die gevolgtrekking dat die goeie vir die mens 'n aktiwiteit van die siel in ooreenstemming met deugdelikheid is (p.76).

Die beste plek waarmee daar begin kan word, is met die intellektuele deug genaamd 'kennis' of 'wetenskaplike kennis'. Volgens Aristoteles, soos verduidelik deur Thomson (1976), bestaan wetenskaplike kennis uit deduksies van meer basiese beginsels van die natuur. Om die regte deduksies te maak moet ons in staat wees om die regte basiese beginsel van die natuur vas te stel. Hierdie vermoë is die tweede intellektuele deug wat 'begrip' of 'intuïsie' genoem word. Die derde intellektuele deug is 'wysheid' of 'wetenskaplike wysheid' en bestaan uit 'n kombinasie van die eerste twee; dit is die vermoë om 'n algehele en diepe begrip van die natuur te hê. Die aktiwiteit van hierdie gekombineerde deugde is wat Aristoteles 'kontemplasie' noem; om die waarhede, wat die heelal om ons organiseer, te waardeer. Die aktiwiteit van kontemplasie is die beste aktiwiteit aan ons beskikbaar.

Hierdie drie intellektuele deugde betref die feite oor die heelal wat nie verander kan word nie. Die twee ander deugde van die verstand, naamlik praktiese wysheid en vaardigheid, betref daardie dinge wat ons tot stand kan bring of kan verander. 'n Vaardigheid of kuns stel ons in staat om die stappe wat geneem moet word om iets tot stand te bring, te ken. Voorbeelde van vaardighede sluit in die kuns van skoene maak, wat iets materieels tot stand bring ('n skoen) en medisyne, wat iets immaterieels tot stand bring (gesondheid) (p.206).

Die beste dinge is dié wat ons ware rasonele self so veel as moontlik voed, sodat dit die kontemplasie van die heilige sal voortbring en wat sal veroorsaak dat ons so min as moontlik notisie neem van die irrasionele deel van die siel (p.203).

Die hoogste moontlike lewenswyse is daardie een wat die hoogste element in ons uitdruk, en dit is die goddelike element van rede. Dit is 'n lewe toegewy aan die waardering van die waarheid, die aktiwiteit wat Aristoteles noem intellektuele kontemplasie.

Die kontemplasie van die waarheid is die aktiwiteit van die ernstige aktiwiteite wat die minste uitputtend is. Ons kan die waarheid meer voortdurend kontempleer as wat ons enige iets anders kan doen. Die plesiere van die waarheid is besonder suiwer en langdurig. Kontemplasie is 'n aktiwiteit wat veral gepas is vir vrye tyd en mik na niks anders as die aktiwiteit self nie. Tydens die Griekse beskawing is geglo dat kontemplasie die enigste aktiwiteit van die gode is en dus is die intellektuele lewe die lewe naaste aan die manier waarop die gode lewe; dit is die lewe wat deur die gode verkies word (p.205).

Die hemelliggame beweeg op die wyse waarop hulle beweeg as navolging van die Eerste Oorsaak of Oorspronklike Beweegkrag; die hoogste wese wie se voorbeeld van perfekte kontemplerende aktiwiteit alles anders in die heelal inspireer om dit na te boots tot die beste van sy vermoë (p.143).

Die enigste manier vir ons om ons menslike natuur te besef, is om ons goddelike natuur te besef. Die verstand of gees is die goddelike element in ons. Deur die deug dat ons rede besit, kan ons die gelukkige toestand van die gode benader. As ons in die Paradys geleef het en bevry was van ons liggaamlike behoeftes, sou ons niks anders gedoen het as om te kontempleer en om die heelal te bewonder nie (p.196).

Dit is meer bevredigend en die moeite werd om 'n visie van die heelal self te hê met al sy wonders onthul. 'n Suksesvolle lewe is óf 'n lewe van begrip, óf een van plesier, óf 'n lewe van morele deug. Watter een dit ookal is, die belangrikste bydrae wat ons kan maak, is om die studie van filosofie te onderneem (p.197).

Die woord **phantasma** beteken 'beeld'. Verkeerde perseptuele oordele vind plaas, omdat die beherende deel en die deel waardeur perseptuele beelde (**phantasmata**) gevorm word, nie dieselfde is nie. Die oorsaak van ons misgissing is dat enige verskynsels hulself aanbied, nie net wanneer hul doel 'n sintuig affekteer nie, maar ook wanneer die sintuig op sy eie verander, op voorwaarde dat dit verander op dieselfde wyse as wat dit deur die voorwerp / doel verander (p.250).

Die woord **theôria** beteken 'kontemplasie'. Die perfeksie van praktiese rasionaliteit is die lewe van algehele deug van karakter, gelei deur praktiese wysheid (**phronêsis**), terwyl die perfeksie van teoretiese rasionaliteit, die lewe is van teoretiese kontemplasie (**theôria**) (p.250).

Die mens is natuurlik 'n kontemplerende wese. Enige iets wat die moeite werd is om te bestudeer, word deur die mens gekontempleer. Die gewone studie van geesteswetenskappe is nie bevredigend indien slegs feitekennis oorgedra word nie. Dit moet gekontempleer word, sodat dit werklik sin en betekenis aan die mens se lewe kan gee.

4.7 SOEKE NA ABSOLUTE WAARHEID

Die wetenskaplike metode is een van die metodes wat deur die Universiteit van Pretoria onderrig word om probleme op te los. Die uiteindelijke doel van die wetenskaplike metode is om so na as moontlik aan die absolute waarheid te kom. In die verlede is finalejaarstudente in die Departement Argitektuur aangemoedig om die wetenskaplike metode te gebruik as benadering tot die oplossing van probleme in die finalejaar skripsie. Daar word intussen aan studente 'n keuse gegee of hulle formele probleemstellings wil

formuleer, aldan nie. Die meriete daarvan sal in die gevolgtrekking (Hoofstuk 7) bespreek word.

Volgens die wetenskaplike metode het elke probleem moontlike oplossings. Daar is maatstawwe wat getoets word, wat dan lei na 'n aanvaarbare oplossing. Die moontlike oplossings word verkry uit wetenskaplike kennis, wetenskaplike wette en tegniese vaardighede. Terwyl die maatstawwe getoets word, word hierdie tegniese vaardighede toegepas. Dit verteenwoordig dan die soeke na die absolute waarheid (Carson, 1978).

In die geval van die kontemplerende intellek is reg en verkeerd gelyk aan waarheid en valsheid. Die funksie van die intellek in enige aspek is om by die waarheid uit te kom. Daar is vyf maniere van dink of geestestoestand waardeur die waarheid bereik word. Daar is dus vyf maniere hoe die siel deur bevestiging of ontkenning by die waarheid uitkom:

1. kuns
2. wetenskap
3. verstandigheid
4. wysheid en
5. intuïsie.

Oordeel en opinie is geneig om foutief te wees. Beide tipes intellekte (kontemplerend en berekenend) mik vir die waarheid, maar die berekende fakulteit mik na die waarheid soos met reg begeer word deur die uitoefening van 'n keuse. Die deug van iets is verwant aan sy eie funksie. Daar is drie dinge in die siel wat aksie (doelbewuste aksie) en waarheid (die verkryging van aksie) beheer: sensasie, intellek en verlanging (Thomson, 1976, p.205).

Die mens is onder andere ook 'n rasonele wese en hy is op sy beste as hy sy rede of verstand op die beste manier gebruik. Die korrekte en beste manier van gebruik van rede is om die waarheid te ken. Die ingesteldheid van die verstand wat ons in staat stel om die waarheid te ken, word genoem 'intellektuele deugde', om hulle te onderskei van morele deugde, wat die ingesteldheid van ons emosies is om ons te help om korrek te reageer op praktiese situasies. Die rasonele deel en die emosionele deel is verskillende aspekte van ons natuur en hul deugde oorvleuel nie, met een belangrike uitsondering: die intellektuele deug genaamd praktiese wysheid, waarvan die funksie is om ons in staat te stel om die korrekte wyse van optrede te ken, met ander woorde hoe om korrek op te tree. Terwyl praktiese wysheid nie self 'n morele deug is nie, word dit nou geassosieer met die morele deugde (Hutchinson, 1995, p.206).

Die absolute waarheid, wat deur die wetenskaplike metode ten doel gestel word, behoort die strewe te wees nie net van die akademie, waar daar met probleemstellings geworstel word nie, maar ook van argitektuur. Tydens die beoefening van argitektuur word verskeie probleemstellings daargestel en hipoteses word getoets as moontlike oplossings, totdat daar so na as moontlik aan die absolute waarheid gekom word, dat hierdie waarheid dan as uiteindelijke oplossing dien. Die studie van geskiedenis as 'n belangrike deel van argitektuur, impliseer ook hierdie strewe na die absolute waarheid, wat as ideaal dien.

In die veld van argitektuur is hierdie aspekte al ondersoek:

Bakker (1992, p.14) het in sy studie beweer dat wanneer iets hipoteties van aard is, dit nie aanspraak daarop kan maak om 'n absolute waarheid te wees nie. Dit strook desgelyks met die beginsels van die ekosistemiese paradigma.

Holm (1983, p.41) het in sy skryfstuk beweer dat dit die kuns van argitektuur is, wat deur denke, waarneming en verbeelding vir die mens bakens, grense en ruimtes skep waarbinne en waarvolgens hy sy lewe inrig.

Volgens Grabow (1983, p.2) wou Alexander so na as moontlik aan die absolute waarheid kom deur argitektuur te skep wat dieselfde kwaliteit van skoonheid het as wat iemand se glimlag aan sy persoon verleen. Hy het geweet dat dit nie gedoen kan word volgens normale prosedures wat argitekte vir die laaste vyftig jaar gevolg het nie. Dit was dus nodig om die prosesse wat sulke skoonheid kon toelaat, te ontdek. Dieselfde besef van 'skoonheid' wat deur die ekosistemiese paradigma aangemoedig word, is ook te vinde in die ontdekking van ons omgewing en behoort in die leer van die geskiedenis van ons omgewing aangewend te word. Dit hang alles saam met die 'begrip' van ons eksteme wêreld wat lei tot vreugde. Ons (be)gryp die wêreld en die wêreld ons. Alexander (Grabow, 1983, p.25) beweer dat om dit reg te kry moeilik is, maar wel moontlik is en dat die probleem met argitekte is dat hulle hierdie dinge weet, maar steeds tevrede is met tweede beste omdat hulle glo dit kan nie gedoen word nie.

4.8 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die proses van *begryp* ondersoek. Die mens word hierdeur deel van die wêreld en die wêreld word deel van hom. Emosie en aksie gaan daarmee gepaard.

Belangrike terminologie is vir die doel van hierdie studie verduidelik. Die oorspronklike opvatting van die woord *teorie* is ondersoek en die klemverskuiwing wat oor die eeue heen plaasgevind het, is bespreek. 'n Herlewing van hierdie oorspronklike teorie is aangemoedig. Die aksie van *kontemplasie* is verduidelik, omdat die mens 'n kontemplerende wese is. Hieruit behoort so na as moontlik gekom te kan word aan die *absolute waarheid*, wat deur die wetenskaplike metode as uiteindelijke doel van navorsing beskou word en dan ook in die skryf van 'n tesis die doelwit is.

Die terme *begrip*, *teorie*, *kontemplasie* en *absolute waarheid*, is ondersoek en verduidelik en dien as redevoering dat dit integrale dele van menswees, van geesteswetenskap en van natuurwetenskap is. Hierdie terme dien ook as uiteindelijke strewe van verkrygde kennis en meer spesifiek vir die doel van hierdie studie, van Omgewingsgeskiedenis. Nadat aangevoer is dat die mens 'n kontemplerende wese is, moet die historiese aspek ondersoek word.

HOOFSTUK 5

DIE BELANG VAN GESKIEDENIS

5.1 PROBLEEMSTELLING

5.1.1 Subprobleem 4

Die vierde subprobleem is om die teorie en metodiek van Geskiedenis te ondersoek wat aanleiding tot 'n kursusinhoud gee.

5.1.2 Subhipotese 4

Die vierde subhipotese is dat die teorie en metodiek van Geskiedenis die belang van Geskiedenis verduidelik en aan die mens betekenis in sy temporaliteitsbestaan gee.

5.2 OORSIG VAN HOOFSTUK 5

In die vorige hoofstuk is daar geargumenteer dat die mens 'n kontemplerende wese is. In hierdie hoofstuk word dit gestel dat die mens 'n wese met historisiteit is. Die aard en definisies soos deur Marwick (1993) en Jordonova (2000) beskryf, word opgesom. Die beoefening van Geskiedenis as wetenskap, sowel as geesteswetenskap, word bespreek. Die vraag of Geskiedenis objektief kan wees, word ondersoek en 'n aantal gevolgtrekkings ten opsigte daarvan word gemaak. In die vorige hoofstuk is die term *teorie* ondersoek en die beskouing daarvan deur die dissiplines van Letterkunde en Filosofie, is ondersoek. In hierdie hoofstuk word gekyk na die rol van *teorie* in die dissipline van Geskiedenis. In die vorige hoofstuk is die begrip van *absolute waarheid*, soos deur die wetenskaplike metode gestel, ondersoek en verduidelik. Hierdie term word verder ondersoek in die dissipline van Geskiedenis, deur die uitgangspunte van historici ten opsigte van die *waarheid* na te vors.

Die beoefening van geskiedskrywing deur die eeue, die verskillende paradigmas, wat veral in geskiedskrywing voorkom, asook die belang van Geskiedenis, word nagevors. 'n Ondersoek na die nut van Geskiedenis dra hiertoe by en redes vir die bestudering van Geskiedenis word gegee. Historiese bewustheid en die beperkinge van historiese kennis word bespreek.

Indien die postulaat aanvaar word dat Geskiedenis wel belangrik is om waarde en betekenis aan die mens se lewe te gee, kan die onderrig van die vak Geskiedenis beskou word as middel tot hierdie doel.

Daar is verskeie hulpmiddels wat deur die historikus gebruik word om sy interpretasie van die verlede te dokumenteer. Artefakte en fisiese oorblyfsels is noodsaaklik om die verlede van gemeenskappe, wat geen dokumente vervaardig het nie, waarvan die dokumente wat wel vervaardig is onvoldoende is, of waar die gemeenskappe nie meer bestaan om verslag oor hulle verlede te doen nie, te beskryf. Argeologie as hulpwetenskap het meestal hiermee te doen. Dokumente is weer die volopste in gemeenskappe of beskawings waar die geskrewe woord belangrik is. Interne en eksterne kritiek, na aanleiding van Shafer (1974), word beskryf om geskrewe teks as hulpmiddel te ondersoek. Hierdie bronne kan aangevul word deur mondelinge bewysmateriaal en artefakte. Daar is egter gemeenskappe waar mondelinge oorleweringe die enigste beskrywing van die verlede bied. Die gebruik hiervan word beskryf. Dit kan verder ook

bevestig word deur artefaktuele bewysmateriaal of fisiese oorblyfsels. Hierdie hulpmiddels, indien beskikbaar, moet mekaar aanvul as bronne vir die interpretasie van die verlede. Mondelinge bewysmateriaal as bron in die moderne Geskiedeniswetenskap is relatief nuut. Dit is egter reeds in die Antieke Tydperk deur voorwetenskaplike historici soos Herodotus (kyk Biografiese inligting) benut. Die beginsel van kulturele osmose word na aanleiding van die vorige deel ondersoek. Die proses van analise en sintese soos deur Shafer (1974) voorgestel, word verduidelik.

5.3 AARD EN DEFINISIES

Volgens Marwick (1993) beïnvloed wat in die verlede gebeur het, deur en deur alle aspekte van ons lewens in die hede en sal dit ook wat in die toekoms gebeur, beïnvloed. In feitlik elke stad, dorp of land deur die hele wêreld is die oorgrote meerderheid van geboue wat vandag bestaan, in die verlede gebou om te voorsien in die behoeftes en aspirasies van mense wat nou al dood is en gemeenskappe wat al in 'n groot mate verander het, of tot niet is. Dit is die ooglopendste ten opsigte van die groot tempels en katedrale, fyn paleise en herehuise, kastele, stadsale, parlamentshuise en ander openbare geboue, maar dit is ook waar van die mees eentonige strate en die eenvoudigste behuising (Marwick, 1993, p.1).

Daar moet bepaal word wat die verlede presies is. Die verlede is 'wat eintlik gebeur het'. Die groot struikelblok met die verlede is dat, alhoewel die meeste van ons geen probleem het om te glo in 'n verlede wat werklik gebeur het nie, dit per definisie nie nou meer bestaan nie. Dit is in die verlede en is vir ewig verby. Dit hou verband met die ongrypbare, maar boeiende konsep van 'tyd' en met die feit van menslike sterflikheid.

Die verlede het relieke en spore nagelaat wat die duidelikste is in die geboue, stede en strate waarna 'n mens elke dag kan kyk. Minder ooglopend is biljoene bronne van alle soorte, wat in byvoorbeeld biblioteke, argiewe en argeologiese opgrawings gesoek moet word. Spore van die verlede bestaan ook in die herinneringe, tradisies en seremonies, wat van geslag tot geslag oorgelewer word.

Alle menslike gemeenskappe verrai 'n preokkupasie met hulle eie verlede, of dit deur voorvaderaanbidding, die oproep van vroeë oorwinnings deur 'shamans', die geskifte en kronieke van heiliges en monikke, of gereelde nasionale parades en seremonies is (p.2).

Alhoewel die verlede klaarblyklik belangrik is, is dit onmoontlik om dit direk te begryp (kyk 4.3). Dit kan slegs begryp word deur herinneringe, mites en bowenal deur die oorblyfsels en 'bronne' wat dit agterlaat, of dit nou argeologiese, geskrewe, gedrukte of beskilderde bronne is.

Die begrip 'die menslike verlede' is 'n duideliker en meer presiese uitdrukking as die begrip 'geskiedenis'. Geskiedenis in die rowwe sin beteken die poging deur mense om 'n deurlopende, huidige bestaan te gee aan dit wat nie meer regtig bestaan nie, naamlik die verlede. Omdat die verlede belangrik vir die hede is, het die meeste gemeenskappe die behoefte gehad om 'n tipe beskrywing of interpretasie van hul verlede te gee en gewoonlik, as gevolg van die onmoontlikheid om die verlede direk te begryp, was hierdie beskrywings redelik onvoldoende. As gevolg van hierdie onmoontlikheid het die professie, of die dissipline van Geskiedenis ontstaan, waar die spesiale vaardighede van analise en die interpretasie van bronne gebruik word as die enigste moontlike manier om die verlede vas te gryp (kyk 4.3). Die Griekse woord waarvan 'geskiedenis' afgelei is, het beteken 'navraag'. Geskiedenis is daarom 'n interpretasie van die verlede, waarin 'n ernstige poging aangewend word om mites en fabels uit te filtreer (p.3).

Sommige filosofe is ongelukkig oor die onderskeid tussen die 'verlede' aan die een kant en die 'interpretasie en liggaam van kennis oor die verlede' aan die ander kant. Hulle sal verontwaardig wees oor die gedagte dat Geskiedenis aspekte van die werklike verlede bevat. Hulle argument is dat aangesien ons nie werklik die verlede direk kan ken nie, ons enigste kennis daarvan ooreenstem met wat historici aan ons vertel. In ons verstand kan die verlede geen bestaan hê, onafhanklik van die Geskiedenis wat deur historici geskep word nie.

Marwick verwerp die argument dat dit nie betekenisvol is om van 'n verlede te praat wat onafhanklik van die aktiwiteite van historici is nie. Net omdat die mens slegs 'n klein deeltjie van die verlede kan verstaan, beteken dit nie dat hy nie kan glo in die bestaan van die verlede in sy uitgestrektheid nie. 'n Mens kan slegs kennis dra van 'n klein deeltjie van die Geskiedenis wat deur historici opgelewer word, maar dit behoort nie die mens te verhinder om te glo aan die bestaan van die Geskiedenis soos deur historici geskryf is nie. Die werklike bestaan van die verlede vergestalt homself in die oorblyfsels en spore wat dit agterlaat (p.7).

Wat ons weet van die verlede, of dink ons daarvan weet, word gekleur deur wat historici daarvoor geskryf het. Historici sal dit wat vir hulle interessant, belangrik of betekenisvol is, uit die bronne kies, of hulle bewus is daarvan, of nie (p.8).

Sommige historici en filosofe glo in oorkoepelende verklaringswyses, met ander woorde volgens hulle kan uit dit wat werklik gebeur het, nie net betekenisvolle gebeure, verwickelinge, patrone en interafhanklikheid onderskei word nie, maar wel een oorkoepelende betekenis. Die betekenis, patroon of doel lei nie net die verlede nie, maar ook die hede en bowenal die toekoms. Vir sommige historici is daar dus inherent in die woord 'geskiedenis', 'n besondere ryk en lewendige betekenisvlak, waar geskiedenis as proses gesien word, wat die verlede, hede en toekoms bind (p.9).

Marwick (1993, p.13) se definisie van geskiedenis lui soos volg: Die verlede soos ons dit geken het (of wat ons van die verlede weet) deur die interpretasies van historici, wat op die kritiese studie van die wydste moontlike reeks relevante bronne gebaseer is, nadat elke moontlike poging aangewend is om mites uit te daag en die voortsetting van mites te vermy.

Dit is belangrik om die mitiese faktor en die eienskappe van mites te ondersoek. Alhoewel 'n mite 'n verminderde element van waarheid en getrouheid tot wat werklik in die verlede gebeur het, bevat, is dit verwing of oordrewe, amper altyd om 'n individu, familie, gemeenskap, nasie of geloof te verheerlik, of om die karakter van een of ander sogenaamde vyand af te breek. Mites buit die verlede uit om 'n huidige nasionale, politiese of religieuse doel te dien (p.13).

In heelwat Europese tale is die woord vir geskiedenis dieselfde as die woord vir 'storie'. Alhoewel Marwick se uitgangspunt Geskiedenis beskou as 'n liggaam van kennis waarteen onvoldoende of mitiese geskiedenis getoets kan word, is daar mense in die geleerde gemeenskap wat Geskiedenis as 'n hoofsaaklik letterkundige aktiwiteit sien, soos romans. Geskiedenis volgens hierdie uitgangspunt, is nie veel meer as lekker leeswerk nie, wat subjektiewe gedagtes oor aspekte van die verlede bied en wat bloot die vooroordele, preokkupasies en styl van die outeur en sy tyd uitwys (p.20).

Dit is die taak van historici om vroeëre gemeenskappe te bestudeer en om die konteks waarin artefakte en geskrewe werke vervaardig is, te analiseer. Historici, meer as almal anders, is bewus daarvan dat hulle onderwerp word aan die invloed van die spesifieke

sosiale konteks waarin hulle skryf. Hulle kan nie daarvan loskom nie, maar hul opleiding en ondervinding leer hulle om bedag daarteen te wees.

Carr (1961, p.30) beweer dat Geskiedenis 'n oneindige dialoog tussen die verlede en die hede is.

Daar sal altyd 'n verband bestaan tussen die manier waarop die mens die verlede kontempleer en die manier waarop hy of sy die hede kontempleer (kyk 4.6). Alle historici sal vandag aanvaar dat hulle in 'n sin gevangenes van die era en gemeenskap waarin hul leef, is.

Geskiedenis behoort 'n dialoog tussen die historikus en sy lesers te wees (Marwick, 1993, p.24). Bibliografieë en verwysings word bedoel as 'n hulpmiddel vir navorsers om hulle deel in die dialoog te speel (p.25).

Jordonova (2000) verduidelik die aard en definisies van geskiedenis in die boek *History in practice*: Die woord 'geskiedenis' het verskeie betekenisse en 'n wye reeks konnotasies, waarvan sommige met intense emosie belaaï is. Een van die hoof betekenisse van geskiedenis is eenvoudig 'die verlede' en daarom kan feitlik enige assosiasie met die verlede, in 'geskiedenis' omskep word. Daar is egter 'n ander manier om geskiedenis te definieer en dit is as die studie van die verlede. In hierdie opsig is Geskiedenis 'n akademiese dissipline. In die boek poog Jordonova om eerstens 'n begrip van die kwessies in die dissipline weer te gee, om tweedens die veld in 'n wyer konteks te plaas en om dertens aan te dui hoe historici in werklikheid praktiseer. Hierdie drie doelwitte impliseer reeds 'n verduideliking van die aard van geskiedenis.

Die eerste doelwit impliseer dat verskillende gebiede intellektuele preokkupasies deel en in hierdie sin is hierdie gebiede soos gemeenskappe wat om een of ander idee gebou is, waar lede die hele tyd met mekaar kommunikeer. Die gevolg hiervan is dat publikasies nooit alleen staan nie, maar eerder deel van uitgebreide gesprekke met ander historici, regerings, politieke partye en vele ander is. Die tweede doelwit impliseer dat dissiplines nie as geïsoleerd gesien kan word nie. Geskiedenis is verbind aan politiek, populêre geskiedenis en gedagtes van erfenis, aan sosiale en ekonomiese instellings, soos museums en opvoedingstelsels. Dit is ook verbind aan televisie, fiksie, drama, digkuns, radio, films en kuns. Die derde doelwit impliseer dat die dissipline van Geskiedenis die beste verstaan kan word as 'n stel praktyke, eerder as 'n samestelling van teorieë en gelowe of 'n stabiele liggaam van onderwerpe. Geskiedenis handel oor wat historici doen en is nie siklies, soos wat dit aanvanklik voorkom nie. Deur die instellings, wat akademiese dissiplines op verskeie maniere reguleer, word konvensies gevorm oor wie as historikus beskou kan word en wat as akademiese Geskiedenis beskou kan word. In hierdie opsig is skole, universiteite, professionele liggame en gespesialiseerde uitgewers van spesifieke belang.

Dispute kom na vore omdat daar nooit duidelike grense rondom akademiese onderwerpe bestaan nie. Daar is sekere algemene reëls waarvolgens vaste kennis oor die verlede gegenereer word, maar daarna verskil historici oor akademiese sake, soveel as wat hulle verskil oor politieke sake. Hulle word nie verenig deur die inhoud waarin hulle glo nie, maar deur hulle verbintenis tot die belang van die studie van die verlede, deur hulle deelname aan gedeelde aktiwiteite en deur hul oortuiging dat sekere prosedures betroubare historiese insig voortbring (p.1 – 3).

Daar is 'n verskeidenheid van kriteria waarvolgens die dissipline van Geskiedenis opgedeel word. *Tydperk* is een van die hoof kriteria en is sentraal tot historiese verduideliking. Ander kriteria is *metode*, soos in mondelinge of demografiese geskiedenis,

teorie, soos in psigogeskiedenis, *plek*, soos in stedelike geskiedenis of die geskiedenis van spesifieke areas, lande of kontinente, *tipe mens*, soos vroue geskiedenis, Joodse geskiedenis, arbeidsgeskiedenis en *instellings*, soos Kerkgeskiedenis. Hierdie kategorieë is nie gemeenskaplik uitsluitlik nie. Die bekendste opdeling van die dissipline is egter nie een van bogenoemde nie. Jordonova (2000, p. 35) noem drie basiese tipes geskiedenis: politieke, sosiale en ekonomiese geskiedenis.

In sy boek *An Introduction to the Philosophy of History* gee Stanford (1998, p.4-5) 'n verdere beskrywing van die aard en definisies van Geskiedenis. Alhoewel geskiedenis pog om empiriese feite oor die objektiewe wêreld weer te gee, behoort daardie feite nie aan die waarneembare, konfronteerbare hede nie, maar aan fenomene van die verlede wat onwaarneembaar is en wat, in enige normale sin, nie bestaan nie. Die vak word in alledaagse taal beoefen en waar daar vakterme gebruik word, is dit dieselfde terme wat deur die gespesialiseerde wetenskappe gebruik word. Geskiedenis is bemoeid met feitlik elke menslike aktiwiteit en is in hierdie opsig soos filosofie. Geskiedenis en filosofie as vakke verskil nie werklik soveel nie, maar is eerder twee verskillende maniere om die wêreld te konfronteer. Geskiedenis het 'n tekort aan teorieë en wette en het nie 'n nomologiese (vanaf Griekse '*nomos*' – 'n wet) struktuur nie. Strukture wat wel in Geskiedenis gebruik word, is feitlik altyd van teorie-gebaseerde wetenskappe afgelei.

Geskiedenis het nogtans sy eie metodologie. Terwyl die meeste akademiese dissiplines bestudeer hoe dinge is, is Geskiedenis bemoeid met hoe dinge was. Die onderwerpe wat Geskiedenis bestudeer het veranderinge ondergaan of intussen verdwyn. Geskiedenis handel daarom oor die onpermanente en vra die vrae "hoe", "hoekom" en "wanneer" dinge verander het. Die "wanneer" is belangrik, omdat chronologie feitlik die enigste inherente struktuur van Geskiedenis is. Die soeke na betekenis en die bevraagtekening van ander mense se betekenis is sentraal tot enige menslike studie, veral vir Geskiedenis.

Stanford (1998, p.5-6) beskryf ook twee tipes filosofie van geskiedenis. Daar is aan die een kant die substantiewe of spekulatiewe en aan die ander kant die analitiese of kritiese. Die twee betekenis van die woord 'geskiedenis' kan of verwys na die gang van gebeure, wat werklik gebeur het (geskiedenis 1), of na wat oor hierdie gebeure geglo en geskryf is (geskiedenis 2). Hierdie twee tipes word soms as 'geskiedenis-as-gebeurtenis' en 'geskiedenis-as-weergawe' onderskei. Voor die twintigste eeu het die term 'filosofie van geskiedenis' gewoonlik na die spekulasies oor die hele gang van gebeure verwys (geskiedenis 1). Dit was die werk van stelselbouers soos Hegel, Marx en Toynbee (kyk Biografiese inligting) en kan as teorieë van al die gekende feite beskryf word. Dit is die substantiewe en spekulatiewe filosofie van geskiedenis. Tydens die twintigste eeu is die groot skemas verwerp omdat die bewysmateriaal onvoldoende was om sulke pretensieuse ambisies te regverdig. In plaas daarvan het filosofe hulle na die tweede aktiwiteit van bevraagtekening en kritiek van historici gewend. Dit is die filosofie van geskiedenis waar die feite weggelaat word en wat nie met wat werklik gebeur het bemoeid was nie, maar met hoe ons dink, praat en skryf oor wat gebeur het (geskiedenis 2). Dit is die analitiese en kritiese filosofie van geskiedenis, wat gewoonlik vandag met die 'filosofie van geskiedenis' bedoel word.

5.4 GESKIEDENIS AS AKADEEMIESE DISSIPLINE

5.4.1 Inleiding

Jordonova (2000, p.27-28) voer aan dat akademiese dissiplines oor die algemeen 'n aantal dimensies het. Hierdie sluit metode, benadering, teorie en liggaam van kennis in. Daar ontstaan egter probleme wanneer Geskiedenis as dissipline so uiteengesit word. Dit

is op die oog af aantreklik om Geskiedenis as 'n liggaam van kennis te definieer, omdat 'n groot gedeelte van die verlede bekend is. Hierin word 'n eindige veld met relatief duidelike grense aanvaar. Dit is problematies, want Geskiedenis sluit soveel in en het sulke veranderlike grense, dat die gedagte van 'n afgebakende liggaam van kennis nie werklik gepas is nie. Dit neem ook nie historici se radikaal verskillende beskrywings van die verlede in ag nie. Daar is nie een liggaam van historiese kennis wat die hele dissipline ondersteun nie. As die grootte van die dissipline en die diversiteit van historiese praktyk in ag geneem word, kan die inhoud daarvan nie as 'n liggaam van kennis gedefinieer word nie.

Geskiedenis is 'n eklektiese dissipline as dit by metodologie kom. 'n Wye reeks benaderings word gebruik en daar word voortdurend van ander dissiplines gebruik gemaak. Die inhoud van die dissipline word dus nie verder uitgelig deur die metodes daarvan nie. Die teorieë van Geskiedenis is 'n moeilike kwessie. Die meeste professionele historici is skepties dat daar slegs een manier kan wees om verandering te verduidelik. Die omvang van gevalle is te groot vir 'n enkele teorie om voldoende verduidelikende krag te bevat. In hierdie opsig is die dissipline van Geskiedenis heeltemal anders as die natuurwetenskappe. Laasgenoemde beskik oor teorieë en kennis wat bemeester moet word, voordat die gebied gepraktiseer kan word. Die inhoud van Geskiedenis kan dus ook nie in teorie gesoek word nie. Jordonova (2000) stel voor dat daar gekyk moet word na die bronne en die wyse waarop die bronne opgedeel word.

Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem is, omvat die begrip geesteswetenskap twee komponente naamlik 'geestes' en 'wetenskap'. Daar sal dus eers gekyk word na geskiedenis as wetenskap en dan na geskiedenis as geesteswetenskap.

5.4.2 Geskiedenis as wetenskap

Die wetenskaplikheid van geskiedskrywing is al dikwels in die verlede aangeval. Daar is al beweer dat Geskiedenis vir die praktyk nie veel waarde het nie, aangesien insigte wat daaruit verkry word, nie noodwendig direk kan help om aktuele probleme op te los nie en nog minder kan waarborg dat die foute van die verlede nie herhaal word nie. Daar is verder al beweer dat Geskiedenis nie die sleutel voorsien vir die wetenskaplike oplossings van probleme nie en dat 'n beskaafde gemeenskap ook nie sy waardes bepaal in terme van nuttigheidsoorwegings nie (Commager, 1966, p.73).

Hierdie bewerings is egter al verkeerd bewys. Kennis van historiese gebeure uit die verlede is nuttig (kyk 5.6). 'n Wetenskap kan andersins net ter wille van homself beoefen word sonder dat dit noodwendig nuttig moet wees.

Die objektiwiteit van die geskiedskrywer is ook al dikwels in die verlede bevraagteken. Volledige objektiwiteit in geskiedenis is onbereikbaar, maar die geskiedskrywer moet nogtans na objektiwiteit strew (kyk 5.5.7). Subjektiwiteit moet egter nie gesien word as 'n diskwalifikasie vir wetenskapsbeoefening nie, maar eerder as 'n noodwendigheid. Die geskiedskrywer moet egter altyd sy uitsprake kan verantwoord (Stuart, 1980, p.33).

Dreyer (1974, p.135) het beweer dat die bestaan van Geskiedenis as wetenskap nie betwis kan word nie. Dit bevat 'n rasonale struktuur wat kennis nastreef en dit meedeel. Geskiedenis as wetenskap het 'n noukeurige, verfynde metode. Alle geskiedkundige werke beantwoord aan formele eise vir 'n sistematiese geheel net so goed soos ander wetenskaplike werke. Geskiedenis bemoei hom verder met die leefwêreld, lotgevallen en aktiwiteite van mense met 'n gerigtheid op die verlede.

'n Probleem is dat Wetenskap in skole gewoonlik behandel word as iets met resultate, maar nie Geskiedenis nie. Die historiese sy van Wetenskap dra verder heelwat by tot die begrip van wetenskaplike idees en sisteme. Wetenskap en Geskiedenis kan en behoort dus interaktief te handel.

5.4.3 Geskiedenis en ander dissiplines

Marwick (1993) verduidelik dat dit moeilik is om die gebied van Geskiedenis presies af te baken. Hy bespreek die verwantskappe tussen Geskiedenis en ander dissiplines onder die opskrif "The Place of theory: History, science and social science", waar hy die ander dissiplines in die volgende punte opsom:

1. Geskiedenis en Natuurwetenskap

Marwick noem verskille en ooreenkomste tussen Geskiedenis en natuurwetenskappe (p.151-152). Die historikus kan nie help om morele oordele te maak nie, al is dit slegs per implikasie of deur die waarde van sy seleksie van die feite. Hierdie oordele is van 'n tipe wat nie in die natuurwetenskappe teëgekomp word nie. Die uiteindelijke ooreenkoms tussen die mikpunte van wetenskaplikes en historici, naamlik die sistemiese navolging van kennis met die geloof dat hoe meer die mens weet, hoe groter sy of haar beheer oor die fisiese en sosiale omgewing is, kom die beste na vore as daar nie 'n rookskerm van valse ooreenkomste voorgehou word nie. Die woord 'wetenskaplik' is tradisioneel op verskillende wyses gebruik. Vandag beteken dit gewoonlik betreffende die natuurlike wetenskappe. Geskiedenis gebruik nie algemene wette en teorie soos wat die wetenskappe dit doen nie, maar dit is steeds 'n sistematiese dissipline, wat metodes en standaarde gebruik wat die respek van die strengste wetenskaplike behoort af te dwing (p.155).

Die toegewyde historikus is nie minder sistematies, presies of krities in sy navorsing as die chemikus of bioloog nie. Dit is nie in die metode waarmee sosiale Wetenskap verskil van fisiese Wetenskap nie, maar in die aard van die fenomene wat bestudeer word (p.156).

2. Geskiedenis en Sosiale Wetenskap

Soos wat die dissipline van Geskiedenis histories ontwikkel het, het dit geblyk dat die natuurlike plek daarvan by die 'kunste' of 'geesteswetenskappe' was, omdat dit direkte verbintenisse met Letterkunde en tale, asook met Filosofie, Kunstgeskiedenis en Musiek gehad het. Die vraag ontstaan of die veranderinge wat in die laaste paar dekades in historiese metodologie en benadering plaasgevind het, so groot was, dat Geskiedenis nou meer akkuraat onder die sosiale Wetenskappe getel word, as onder die kunste. Party kenners hou vol dat Geskiedenis beide kuns en wetenskap is. By Britse universiteite bestaan daar dikwels 'n skeiding tussen ekonomiese Geskiedenis en soms sosiale Geskiedenis, wat onder die sosiale wetenskappe geklassifiseer word en algemene Geskiedenis, wat deel vorm van die kunste (Marwick, 1993, p.157-160).

3. Geskiedenis en Geografie

Marwick (1993, p.162) voer aan dat daar agbare verbintenisse tussen geskiedenis en geografie is. Diplomatieuse en militêre geskiedenis vereis elementêre geografiese kennis en nasionale geskiedenis moet binne die gepaste geografiese konteks geplaas word. In die voorwoord vir sy *Histoire de France* stel Michelet (1833, 1869) (kyk Biografiese inligting) dat geskiedenis in beginsel op geografie gegrondves is. Hy het deur Frankryk geswerf om so eerstehandse indrukke van die veranderende landskap te versamel.

Volgens hom tas die skrywers van geskiedenis in die donker as hulle nie 'n geografiese basis het nie. Hy beveel aan dat die grond nie slegs as basis vir aksie gesien moet word nie, maar dat die invloed daarvan op voedsel en klimaat ook raakgesien moet word. Hierdie besorgdheid oor die geografiese konteks van geskiedenis was later sigbaar in die werk van Febvre, Bloch en Braudel (kyk Biografiese Inligting) en was 'n karaktereienskap van Franse historiese studie in die algemeen. Bloch het die leringe van Michelet (kyk Biografiese inligting) gehandhaaf en gesê dat die Franse landelike omgewing uit 'n tydperk in die verre verlede dateer en indien die wasige oorsprong daarvan gepeil wil word, die huidige landskap eers waargeneem en ge-analiseer moet word.

In 'n studie van 'n sekere gebied is dit fassinerend om te probeer om vroeë tydperke, wat al tot niet is, te ontsyfer onder die vorms van die hede en opvolgende lae wat tyd daarop gelê het. Onder die dorpe en stede van vandag, met hul paaie en velde, kan 'n prentjie van 'n vorige era deur middel van die oorblyfsels, gekonstrueer word (Marwick, 1993, p.162). Die terrein of gebied word dan as 'n palimpSES in sy gelaagdheid beskou.

Geskiedenis is afhanklik van geografie. Hierdie noue verwantskap tussen geografie en geskiedenis is meer universeel en oor 'n langer tydperk herken as enige ander moontlike verwantskap tussen byvoorbeeld geskiedenis en sosiale wetenskap, maar dit is eers onlangs dat historici hulle na geografe gewend het in plaas van om hulle eie ongedissiplineerde afleidings te maak. Een van die vele sterk punte van Febvre en Bloch en die Annalesskool was dat hulle nie hul geografie versin het nie, maar dat hulle die samewerking van professionele geografe ingeroep het. In sy *A geographical introduction to history* (1925) het Febvre verklaar dat die studie van die verhouding van gemeenskappe in die verlede tot hul omgewings op 'n duidelike studie van die fisiese geografie moet berus.

In die ontwikkeling van die Aanvullende Notas vir 2000, is 'n week se lesingeenheidtemas aan die geologie en geografie van Suid-Afrika gewy (kyk Bylaag B). Van Onselen (1993) het die geologie en geografie van Suid-Afrika gebruik om die verspreiding van tradisionele landboutipes en bevolkingsgroepe te verduidelik. Die grootte van plase, sowel as die aanvraag vir arbeid is beïnvloed deur hierdie verspreiding en was 'n bepalende faktor in die ontwikkeling en bestaan van paternalisme in die Hoëveld. Die ontdekking van goud en diamante (geologie) het 'n merkbare invloed op die geskiedenis van Suid-Afrika gehad en was bepalende faktore in die argitektuur wat inheems ontwikkel het en uit die buiteland 'ingevoer' is. Die instroom van mense en geld het die voorkoms van Suid-Afrika vir ewig verander.

4. Geskiedenis en Sielkunde

Die oomblik wat 'n bespreking en ontleding van die motiewe en optredes van enkelinge en gemeenskappe ondersoek word, word die gebied van die Sielkunde betree. Die beheptheid met biografiese benaderings tot Geskiedenis het dikwels sielkundige insigte. As 'n mens terugkyk in die verlede van die mensdom, is daar een ooglopende eienskap, naamlik die hoeveelheid tyd, energie en menseleuens wat opgeoffer word vir oorlog. Hierdie ontstellende gedagte vereis analise aan die hand van die belangrike studies wat deur sosiale sielkundiges oor menslike aggressie gemaak word. Historici was in die verlede bekoor deur die oorsprong van oorloë, maar vandag is hulle meer besorgd oor die gevolge van oorloë. Die Sielkunde bemoei hom ook met die wêreldbeskouing, waarnemings en sienswyses van mense uit die verlede (Marwick, 1993, p.165-169).

5. Geskiedenis en Ekonomie

Die historikus word gedwing om, ongeag die tydperk wat hy bestudeer, 'n basiese kennis van die ekonomie te hê, omdat soveel van die mens se aktiwiteite besorgd is oor ekonomiese sake. In die Aanvullende Notas van 2000 (Bylaag B), word heelwat aandag aan ekonomiese faktore gegee, wat byvoorbeeld immigrasie van Britse burgers na die kolonie gemotiveer het, of wat aanleiding tot die Groot Trek gegee het. Argitektuur is direk afhanklik van die ekonomie en die geskiedenis van argitektuur kan slegs behoorlik begryp word, as daar 'n bewustheid van die ekonomiese klimaat van die betrokke tydperk gekweek word. Die relevante ekonomiese teorie is ook belangrik in die studie van die geskiedenis van dieselfde tydperk.

Die verskaffing van arbeid en werkloosheid is ook relevant en was bepalende faktore in die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit het ook uiteindelik 'n invloed op die argitektuur gehad. (Sien byvoorbeeld 'Industrialisasie', Aanvullende Notas 2000, Bylaag B). Die versuim om te belê in tegniese opvoeding het volgens Reddy (1995) 'n invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie en voorstelle om dit reg te stel, (soos beskryf in Subprobleem 2) kan 'n invloed op die onderlig van Argitektuur hê.

'n Ekonomiese model is nie 'n presiese beskrywing van die realiteit nie, maar is eerder 'n abstrakte beskrywing van die manier waarop 'n ekonomiese stelsel werk. Hierdie beskrywing moet die kern van die ekonomiese stelsel saamvat. Die historikus vandag streef om die fundamentele ekonomiese analise te integreer met 'n subtiele waardering vir sosiale en kulturele tendense (Marwick, 1993, p.175).

6. Geskiedenis, Hoeveelhede en Rekenaars

Die behoefte aan kwantifisering is lank voor die ontwikkeling van moderne rekenaars en inligtingstechnologie aanvaar en daar is daarin voorsien. Statistiese verduidelikings is waardevol, omdat konkrete ondersteunende bewyse gebied kan word in plaas van net die tesis van die verlede. Volgens Marwick (1993) sal opleiding in rekenaartegniese beslis 'n onmisbare deel van nagraadse kursusse in historiese navorsingsmetodes word. Die rekenaar is egter nie meer onfeilbaar as ander metodologieë en soorte bronne nie. Historici wat rekenaars gebruik, het die gevoel dat hulle met 'n natuurwetenskaplike aktiwiteit besig is. Die rekenaar kan egter nie geesteshoudings en lewenskwaliteit bepaal nie (p.175 – 182).

7. Sosiologie, Antropologie en Staatsleer

Hierdie drie dissiplines se invloed is vanselfsprekend. Historici is gewoon daaraan om uitdrukkings soos 'geboortesyfer' of 'huweliksyfer' te gebruik. Dit is aangevoer as een van die redes vir die Groot Trek (Sien 'Groot Trek', Aanvullende Notas, Bylaag B). Politiek het 'n noemenswaardige invloed op die geskiedenis van Suid-Afrika. Historici beroep hulle dikwels op hierdie hulpwetenskappe.

8. Geskiedenis, Filosofie en ander geesteswetenskaplike dissiplines

Geesteswetenskappe is nie net gemoed met 'n wêreld van voorwerpe nie, maar met die handeling of gedrag waardeur die gees tot uitdrukking kom. Die geesteswetenskappe is ingestel op die soektog na die samehang van menslike handeling.

Geskiedenis bemoei hom hoofsaaklik met die aktiwiteite van menslike wesens. Die begrip menswees val binne die veld van die historikus en is 'n wesenlike komponent daarvan.

Daar is egter probeer om die metodes, wat in die natuurwetenskappe gebruik is, na te volg in die uitsprake van Geskiedenis (kyk 3.7).

Die geesteswetenskappe is op 'n soektog na samehang en betekenis ingestel en die postulering van hierdie kundigheid is 'n eg menslike handeling. Geskiedenis is dus op grond van sy reflektiewe aard deel van so 'n soektog na samehang tussen al die diversiteite van menslike gebeure. Die samehang wat bestaan tussen persone en gebeure van die hede en verlede kan dien as voorbeelde om sekere samehange te begryp (kyk 4.3). Dreyer (1974) sê dat as hy sin aan sy eie lewe wil gee, hy moet weet wat betekenisvol in sy verlede is en wat waarde het, sodat hy in die toekoms daarna kan strew. Hy moet verder weet dat daar hoop is in hierdie strew van hom. Dit is dus die doel van Geskiedenis om verhoudinge in menslike handeling uit die verlede, in die hede of in die toekoms aan die lig te bring.

Marwick (1993, p.284) las 'n interdisiplinêre werkstuk oor die verhouding tussen Filosofie en Geskiedenis, by sy ondersoek van Geskiedenis en ander wetenskappe. Hy verduidelik dit aan die hand van Hegel (kyk Biografiese inligting), wat die gedagte van Plato (kyk Biografiese inligting) se 'dialektiek' geneem het en dit op historiese studie toegepas het. Hierdie gedagte behels 'n argument, gevolg deur 'n teen-argument, wat tot 'n nuwe sintese lei. Volgens Hegel sal elke tydperk gekenmerk word deur dominante idees van 'n sekere tipe, naamlik die tese. Dieselfde tydperk moet egter ook daarbinne presiese weersprekende idees – die antitese – bevat. Antitese, wat teen tese werk, sal uiteindelik sintese produseer. Volgens hom het geskiedenis (die verlede) voorgekom as 'n groter ontwerp wat in vier toestande ontvou het: Oosters, Grieks, Romeins en Germaans.

Die dialektiek is deur Marx (kyk Biografiese inligting) oorgeneem, alhoewel op sy kop gekeer, om sodoende van toepassing op materiële ontwikkeling en nie idees te wees nie. Die dialektiek was vir Marx 'n vergestaltung van die teenstelling tussen die dominante klas van een tydperk en die klas wat van onder af opkom om dit uit te daag. Dit was die dryfkrag in die ontvouing van Marx se groter ontwerp: vanaf Asiëties, tot antiek, tot feodaal, tot bourgeois, tot die diktatorskap van die proletariaat, wat dan lei tot 'n uiteindelijke klasselose gemeenskap. Die Marxistiese uitkyk van geskiedenis word soms as die materialistiese interpretasie van geskiedenis beskryf, omdat dit 'n fundamentele klem op ekonomie en op die maniere van produksie plaas (p.285). Collingwood (1956, p.8-9) het gesê dat elke geslag geskiedenis moet herskryf.

Interdisiplinêre studies het in die laaste tyd toenemend gewild geword en het die sentrale plek van Geskiedenis beklemtoon. Historici het vir 'n geruime tyd ook die verband tussen Geskiedenis en Letterkunde en die kunste beklemtoon. Behalwe vir die gebruik van laasgenoemde as bronne, was historici amper altyd gretig om die betekenis van Geskiedenis te laat geld in die verskaffing van 'n konteks vir die studie van kulturele artefakte. Alle denke, godsdiens, kuns, musiek en letterkunde is die produkte van 'n spesifieke tydperk en gemeenskap. Die belangrikste eienskappe daarvan het moontlik min te doen met die historiese konteks, maar ten spyte daarvan, moet daar 'n begrip van die gemeenskap waarin die filosoof, komponis of digter gewerk het, wees, indien enige filosofie, kunswerk of letterkundige stuk ten volle verstaan wil word. Geskiedenis kan twee rolle hê. Dit kan help om te verduidelik hoe spesifieke kunswerke geproduseer is in die presiese vorm waarin dit uiteindelik voorkom en dit kan help met die verduideliking van wat verwysingselemente in kulturele artefakte genoem kan word, met ander woorde elemente wat verwys na werklike historiese omstandighede (Marwick, 1993, p.304).

Dit is egter gevaarlik om kulturele artefakte simplisties as 'n weerspieëling van 'n bepaalde periode, of as die uitdrukking van 'n bepaalde tydsgees, te beskou. Persoonlike

voorkeure, talent en omstandighede van die kunstenaar kan die finale vorm van 'n spesifieke kunswerk bepaal. 'n Behoorlike klem op die belang van die historiese konteks moet nie lei tot die aanname dat elke tydperk en gemeenskap besondere en verskillende eienskappe moet hê, wat outomatiese reaksies op die kuns sal hê nie. 'n Kunstenaar se werk word deur komplekse waardes gevorm, wat mettertyd in 'n spesifieke gemeenskap ontwikkel het. Hierdie waardes kan byvoorbeeld in Westerse gemeenskappe sy oorsprong in klassieke Griekeland hê. Historici benut kulturele artefakte as bronne, maar help ook om die konteks, waarbinne die artefak behoorlik verstaan kan word, te skep (p.305).

Van die baanbrekerswerk op die gebied van interdisiplinêre kulturele studies, is deur mense met Marxistiese oriëntasie uitgevoer. Een van die sterk punte van Marxisme, was die klem wat dit op die onderlinge verbande van menslike aktiwiteite gelê het. 'n Marxisties geïnspireerde begeerte om te verstaan hoe die waardes van 'n gemeenskap behou en oorgedra word, het as inspirasie gedien (p.308).

Daar is 'n argument wat aanvoer dat, aangesien interdisiplinêre studies so oneindig is, daar die beheer en dissipline van 'n teorie moet wees. Marwick (1993, p.309) voer aan dat, as die betrokke teorie egter verkeerd is, daar nie veel punt daaraan is om dit toe te pas nie.

Geskiedenis is gemoeid met 'n wye verskeidenheid menslike aktiwiteite binne 'n gemeenskap. Argitektuur is een van daardie aktiwiteite en is self gemoeid met 'n wye verskeidenheid menslike aktiwiteite binne 'n gemeenskap. Geskiedenis en die ander geesteswetenskappe het dieselfde doelstelling, naamlik die uitbreiding en ontwikkeling van die mens se waarneming en begrip van die wêreld rondom hom en die plek van die mensdom daarop (p. 312).

5.5 DIE ROL VAN TEORIE IN GESKIEDENIS

5.5.1 Inleiding

Daar is mense, binne en buite die historiese professie, wat voel dat Geskiedenis nie daarop aanspraak kan maak om as 'n gerespekteerde akademiese vak gesien te word, tensy dit 'n teoretiese liggaam het nie. Daar is dié wat die hoogste intellektuele uitdaging sien in die ontwikkeling en verfyning van 'n teorie (kyk 4.5). Die meeste van die geslag wat na vore gekom het in die jare sestig en sewentig, het die behoefte gehad om aan Geskiedenis die vorm en stiptheid van 'n duidelike gestelde teorie te gee. Von Ranke (kyk Biografiese inligting) het geglo dat hy metodes van bronnekritiek ontwikkel het, wat aan hom sou vertel 'hoe dit werklik gebeur het', maar sy gevolgtrekkings was gekleur deur sy diepe Protestante geloof en hy het aangeneem dat die groei van die nasiestaat deel van God se plan vir die mensdom was (Marwick, 1993, p.142-143).

In die studie van geskiedenis is dit seker dat, wanneer gemeenskappe ontwikkel en mettertyd verander, waardes, houdings, standaarde en gedagtes afwyk van wat normaal is (p.146).

Een van die maniere waarop historici daarteen kan waak om hul interpretasies van die verlede onbewustelik met hulle eie vooroordeel te assimileer, is deur hipoteses te formuleer, wat getoets kan word teen die beskikbare bewysmateriaal. So 'n hipotese is dalk niks meer as 'n voorlopige verklaring nie, wat na die lees van relevante sekondêre bronne aan die historikus voorgestel word en wat relevant tot die betrokke probleem is. 'n Hipotese is nie net 'n voorbereidende waardering of skatting van 'n spesifieke historiese gissing nie, maar reflekteer gewoonlik sekere aannames oor die aard van die

gemeenskap en die aard van kultuur. Historiese hipoteses lei tot 'n toepassing van *teorie*. In heelwat dissiplines verteenwoordig teorie die abstraksie van veralgemenings, wat gemaak is uit 'n versameling van bevindinge wat die gevolg van navorsing was. Historici gebruik die term selde in hierdie sin. Teorie vir historici beteken gewoonlik die raamwerk van interpretasie wat beweegkrag aan 'n ondersoek verleen en sy uitkoms beïnvloed. Historici verskil oor die egtheid van hierdie prosedure. Party verbind hulself ten volle tot 'n spesifieke teoretiese oriëntasie, party erken die stimulus wat 'n teoretiese vertrekpunt kan bied, maar weerstaan enige oplegging van teorie op historiese bewysmateriaal, terwyl ander enige gebruik van teorie as 'n slu indringing op die outonomie van Geskiedenis as dissipline beskou (Tosh, 2000, p.134).

Die praktyk van Geskiedenis word sterk beïnvloed deur twee heeltemal verskillende liggamme van teorie. Historici het tradisioneel staatgemaak op hul tegnieke om bronne te kritiseer sodat die betekenis wat mense in die verlede aan hul ervarings gegee het, vasgevang kon word. Historici het intussen toenemend die insigte van ander dissiplines erken, soos Psigo-analise, Letterkundige Teorie en bowenal Kulturele Antropologie. Die tweede liggaam van teorie handel oor die aard van die gemeenskap. In die praktyk kan geen historikus, wat die belangrikste veranderinge in die pre-moderne en moderne wêreld wil verstaan, bekostig om sosiale teorie te ignoreer nie. Dit is die hoofrede hoekom Marxisme so invloedryk was en waarom dit nog voortdurend deur historici toegepas word, selfs al lyk die politieke toekoms van Kommunisme so onbelowend.

5.5.2 Probleme

Sosiale teorie ontstaan uit die probleme wat deur drie aspekte van historiese verduideliking voorgestel word. Die eerste probleem is om die interafhanklikheid van elke dimensie van menslike ervaring op 'n gegewe tydperk te deurgrond. Dit was nie 'n groot probleem vir die meeste historici in die praktyk tot die einde van die negentiende eeu nie, omdat hul belangstelling geneig het om beperk te wees tot politiese en konstitusionele geskiedenis. Gedurende die twintigste eeu het die groter veld van historiese navraag en die groter volume bewysmateriaal beskikbaar, egter 'n selfs groter vermoë vereis om in terme van abstraksies te dink. 'n Algehele Geskiedenis, wat nie in kompartemente verdeel is nie, is nie bereikbaar sonder 'n konsep oor hoe die komponente van menslike ervaring as 'n geheel saamgebind word nie. Die meeste van hierdie konsepte is afhanklik van analogieë met die fisiese wêreld. Die samelewing word waargeneem as 'n organisme, 'n meganisme of 'n struktuur.

Die tweede probleem wat die toepassing van teorie aanvra, is die teorie van historiese verandering. Historici spandeer die meeste van hul tyd om verandering of die afwesigheid daarvan te verduidelik. Die vraag word sonder uitsondering gevra of die hoofomwentelinge in geskiedenis sekere kenmerke in gemeen het en of historiese verandering deur 'n motor aangedryf word (Tosh, 2000, p.135).

Die derde en mees ambisieuse uitgangspunt is teorieë wat nie net wil verduidelik hoe historiese verandering plaasgevind het nie, maar ook die rigting waarin alle verandering beweeg. Hierdie teorieë is besorgd oor die interpretasie van die menslike lot deur betekenis aan geskiedenis toe te skryf. Middeleeuse skrywers het geskiedenis gesien as 'n lineêre oorgang, wat deur goddelike voorsiening beheer word, vanaf die Skepping tot die Laaste Oordeel. Teen die agtiende eeu is hierdie gedagte gesekulariseer as die gedagte van vooruitgang. Geskiedenis is geïnterpreteer as die storie van materiële en intellektuele verbetering, waarvan die uitkoms in die toekoms die oorwinning van rede en menslike geluk sal wees. Op die kontinent in die negentiende eeu het Geskiedenis die opkoms van nasionale identiteite en hul politieke uitdrukking in die nasiestaat beteken.

Vandag is daar nog heelwat teorieë van progressiewe verandering wat steeds historiese interpretasies in die ekonomiese en sosiale sfeer stut (p.136).

5.5.3 Verwerping van teorie deur sommige historici

Sommige historici verwerp die gebruik van teorie heeltemal. Hulle het twee moontlike redes om dit te doen. Die eerste argument is dat daar wel patrone en reëlmatighede in geskiedenis mag wees, maar handhaaf dat dit nie toeganklik tot gedissiplineerde navraag is nie. Volgens hierdie uitkyk is teoretiese geskiedenis spekulatief en moet dit gelos word vir die filosowe en profete. Amper enige teorie kan 'bewys' word deur 'n indrukwekkende versameling van individuele oomblikke aan te voer, om in die vereiste patroon te pas.

Teorie geöriënteerde Geskiedenis is beslis vatbaar vir hierdie probleme, maar dieselfde geld vir die werk van historici, wat teorie verwerp en salig onbewus bly van die aannames en waardes wat hulle eie keuse en interpretasie van bewysmateriaal inlig.

Die pad vorentoe is nie om terug te trek in 'n ontasbare empirisme nie, maar om hoër standaarde toe te pas op die toets van teorieë. Wanneer die seleksie van getuïenis nie vermy kan word nie, moet dit 'n verteenwoordigende seleksie wees, wat beide teenoorgestelde en ondersteunende aanduidings sal blootstel. 'n Gegewe teorie mag moontlik aanspreeklik wees vir 'n gedeelte van die getuïenis ten opsigte van die probleem, maar dit is nie genoeg nie. Dit moet aanpasbaar wees met die grootste gedeelte van die bewysmateriaal in sy geheel. Dit veronderstel dat historici hulle in 'n sekere mate sal losmaak van hul teorieë en dat hulle bereid sal wees om hul taktiek te verander as daar te min bewyse is (Tosh, 2000, p.137).

Die tweede en meer uitdagende aanval bevraagteken die geldigheid van teorieë in die geskiedenis op grond daarvan dat dit die kern van die dissipline ontken. Die menslike kultuur is so divers, dat ons die mens net in sekere tydperke en plekke kan verstaan. Hy bly 'n onreduseerbare onderwerp. Modelle van menslike gedrag is daarom misleidend. Die werk van die historikus is om gebeure en omstandighede in hul unieke individualiteit en op hulle eie terme te herkonstrueer. Hul interpretasies is slegs van toepassing op spesifieke omstandighede. Niks word daaruit gebaat om historiese omstandighede, wat deur tyd en ruimte geskei is, met mekaar te vergelyk nie. Die historiese uitkyk is per definisie teen stelselvorming. Hierdie uitgangspunt vang die kern van historisisme vas, soos wat dit in die negentiende eeu uiteengesit is. Von Ranke se opdrag dat historici die verlede moet bestudeer sodat hulle kan wys hoe dinge regtig was, was hoofsaaklik bedoel as 'n teenmiddel tot die groot ewolusionêre skemas van historici van die Verligting as volgelingen van Hegel (kyk Biografiese inligting). In sy vertellende styl was hy teen abstraksie en veralgemening.

Die redes hoekom geskiedenis teorieë verwerp word, word nou verbind met 'n ander argument, naamlik dat teorie nie net die 'uniekheid' van gebeure ontken nie, maar ook die waardigheid van die individu en die mag van menslike agentskap. Die slegste van hierdie uitgangspunt is daardie teorieë wat die sluwe effek het, om die historiese proses te beskou as 'n onvermydelikheid, wat onmoontlik deur individue verander kan word. Die teenoorgestelde van hierdie determinisme is die verwerping van enige betekenis in geskiedenis verby die bydrae en die onvoorsiene (p.138).

Tradisionalistiese skram weg van een van die belangrikste gevolge van om teorie geöriënteerde Geskiedenis te skryf, naamlik om Geskiedenis in 'n afhanklike verwantskap te plaas met die sosiale wetenskappe. Hulle handhaaf dat teorie-gesentreerde historici nie hulle eie modelle ontwikkel nie, maar die teoretiese bevindinge van Sosiologie,

Sosiale Antropologie en Ekonomie toepas. Hierdie dissiplines se fokus is op die hede en nie die verlede nie en is slegs in Geskiedenis geïnteresseerd as 'n toetsgrond vir hulle eie teorieë. Die Geskiedenis profesie is so teen teorie as gevolg van sy konserwatisme (p.139).

Allereers word die bewering dat teorie afbreuk doen aan die uniekheid van historiese gebeure, oorweeg. Historici het nog nooit oor gebeure geskryf asof hulle uniek was nie, omdat dit onmoontlik is om dit te doen. 'n Gebeurtenis moet gesien word asof daar 'n mate van reëlmatigheid en konstantheid is en asof dit aan 'n sekere tipe gebeurtenis behoort, met eienskappe in gemeen, anders verloor dit van, of al sy betekenis. As die gebruik van veralgemenende konsepte ons atent maak op die reëlmatighede in die materiaal, stel dit ons ook bloot aan daardie aspekte wat kategorisasie weerstaan en wat die gebeurtenis of omstandigheid sy unieke kwaliteite gee (p.140).

Ook die bewering dat Geskiedenis die regmatige gebied van die individu is, lyk misleidend as dit van naderby beskou word. Historici word meestal verplig om mense in groepe te klassifiseer, of dit volgens nasionaliteit, geloof, beroep of klas is. Hierdie groter identiteite gee aan hulle betekenis as sosiale wesens. Die klem wat historici plaas op groepaktiwiteite is nie daarom 'n ontkenning van menslike individualiteit nie, maar eenvoudig 'n erkenning dat wat die individu in gemeen doen met ander, gewoonlik 'n veel groter uitwerking histories het, as enige iets anders wat die individu doen. Teorie verminder nie die waarde van die individu nie, maar poog om die beperkinge wat mense se vryheid inperk, te verduidelik en deur dit te doen, word patrone in geskiedenis ontbloot. In teenstelling daarmee, is dit waarskynlik dat die historikus, wat daarop aandring dat hy uitsluitlik op die individu se denke en aksies fokus, geen vorm tot sy werk sal hê nie.

Ten opsigte van die beweerde gevaar van die onderdompeling van Geskiedenis in die sosiale wetenskappe, is daar sterk redes hoekom historici ook gebruik moet maak van teorieë in aanverwante wetenskappe. Die sosiale wetenskappe is per definisie besorgd oor wat mense in hul groepe doen, eerder as individue en omdat hul studie hele gemeenskappe omvat, het sosiale wetenskaplikes van die begin af teorie nodig gehad indien hulle enigsens met hierdie onderwerp betrokke wou raak. Die gebruik wat historici van hierdie teorieë maak, is net 'n erkenning van die voorsprong van die sosiale wetenskappe in hierdie verband. Geskiedenis is nog altyd beïnvloed deur teorieë van buite, maar dit is slegs in die laaste veertig jaar wat historici begin het om van die groot verskeidenheid van teorieë uit die sosiale wetenskappe gebruik te maak (p.141).

Daar bestaan egter twee probleme. Die een is dat van hierdie teorieë op beperkte aktiwiteitsgebiede gemik is. Indien dit sonder meer op 'n kunsmatige manier op 'n breë historiese tema toegepas word, kan dit 'tonnelvisie' tot gevolg hê. Die ander probleem handel oor die sogenaamde onbetrokkenheid wat sosiale wetenskappe tot Geskiedenis het. Dit is waar dat van die werk wat deur historici van die sosiale wetenskappe ge'leen' word, vlak en onkrities is en dat historici te maklik aanvaar het dat teorie waardeverly en objektief is. Hierdie probleem is dus nie sonder basis nie.

Nie een van hierdie besware is egter genoeg rede om teorie geheel en al te vermy nie. Historici moet net selektief wees oor wat hulle aan boord neem. Hierdie teorieë moet gesien word as vertrekpunte. Die resultate van historiese werk moet wees om die teorieë te wysig en om in plaas daarvan teorieë daar te stel, wat 'n werklike kruisbestuiving tussen Geskiedenis en sosiale wetenskappe sal verteenwoordig. Beide kante kan dan uit hierdie resultate voordeel trek (Tosh, 2000, p.142).

5.5.4 Paradigmas en Skole

1. Negentiende en twintigste eeu

Marwick beskryf uitgangspunte soos dié van tradisionele Marxiste en Arnold Toynbee (in sy boek *A Study of History*), waar geskiedenis ontvou in reaksie tot sekere imperatiewe, gewoonlik in 'n besliste rigting of reeks stadia, of reeks siklusse, as tipies negentiende eeus. Volgens hom kan historici in die laat twintigste eeu (die tyd van skeptisisme en gesofistikeerde metodologieë), nie werklik verwag om die bestaan van oorkoepelende patrone in geskiedenis te bevestig nie (Marwick, 1993, p.9).

Negentiende eeuse historici in Wes-Europa en Noord-Amerika het hulle hoofsaaklik toegespits op regerings en belangrike persone en op die ontwikkeling van 'n nasionale bewustheid en die groei van politieke Liberalisme. Twintigste eeuse historici was meer geïnteresseerd in ekonomiese en sosiale demokrasie en het hulle gewend tot ekonomiese en sosiale geskiedenis, na groepe en weg van individue. Historici in die Westerse lande het tradisioneel slegs belang gestel in hul eie beskawings en het die res van die wêreld (indien enigsins) gesien in terme van hul interaksie met Westerse kulture. Noudat nuwe nasionaliteite deur die wêreld raakgesien word, is daar 'n opkoms van byvoorbeeld die geskiedenis van Afrika. Kolonialisasie het intussen in skande verval en 'n poging word aangewend om die verskillende beskawings wat daarby betrokke was, te bestudeer volgens hulle inheemse ontwikkeling, eerder as volgens hulle kontak en konflik met die Weste.

Die ontploffing van geskiedkundige studies aan die begin van die negentiende eeu is gedeeltelik deur die opening van die hoof Europese argiewe beïnvloed. Klem word deesdae geplaas op probleme soos bevolkingsgroei of die sosiale stratifikasie van klein gemeenskappe, wat ontvanklik vir vandag se gesofistikeerde tegnieke van kwantifisering is (p.22).

Die hele gees waarmee Geskiedenis geskryf word, wissel volgens die heersende gelowe van die tyd. Aan die einde van die negentiende eeu het Lord Acton (kyk Biografiese inligting) geglo dat dit sy plig is om openlike morele oordele uit te spreek. Historici in die twintigste eeu is nie meer so seker daarvan nie. Negentiende eeuse historici het geglo dat feite bevestig kon word 'soos wat hulle werklik was' en om die verlede as 'n ontvouende proses voor te stel, wat 'n geloof in vooruitgang van geslag tot geslag impliseer. Die ontplooiing van die verlede is gesien as onderhewig aan 'n reeks algemene wette. Historici van die vroeë twintigste eeu, wat in die skadu van Freud en Einstein (kyk Biografiese inligting) gewerk het, het 'n houding van 'historiese Relatiewisme' ontwikkel, as reaksie op die vroeëre geloof in objektiwiteit. Meer onlangse historici, wat deur oorloë en sosiale omwentelinge geleef het, het geneig om die gedagte van 'kontinuiteit' in geskiedenis in twyfel te trek en om die spanning tussen individue en groepe, wat gereeld lei tot geweld en bloedvergieting, noukeurig te ondersoek (p23).

Daar is verskillende benaderings wat deur historici gevolg word. Historiografe het onlangs die werke van Kuhn (1970) (kyk Biografiese inligting) gevolg, wat voorstel dat wetenskaplike studie van een paradigma na 'n ander beweeg. Hierdie paradigmas en paradigmataverskuiwings is op die ontwikkeling van geskiedkundige geskryfte toegepas. Daar bestaan egter nie konsensus tussen die verskillende skrywers nie. Stoianovich (1976, p.25–36), in sy studie van die Annalesskool, sien die hele geskiedenis van geskiedskrywing as deur drie paradigmas gedek, wat sy hoogtepunt in die Annales of 'funksioneel-strukturele' benadering bereik. Die ander twee is 'voorbeeld geskiedenis' (waarvan die doel die opleiding vir openbare diens is) en 'ewolusionêre geskiedenis' (geskiedenis wat mettertyd verander). Higham vind egter ses verskillende paradigmas

(wetenskaplike Geskiedenis, nuwe Geskiedenis, Relatiewisme, konserwatiewe Ewolutionisme, progressiewe Geskiedenis en nuwe linkse Geskiedenis). Die mode en styl van Geskiedenis verander soos wat lewenstyle, asook politieke en ekonomiese organisasie verander. Marwick (1993, p.26) beweer egter dat die geskiedenis van geskiedskrywing nie in netjiese kompartemente opgekap kan word nie. Die verkenning van die verlede is 'n verenigende, eerder as 'n verdelende, omdememing.

Tydens die negentiende eeu het historiese bewustheid begin om die kenmerkende hoedanigheid van professionele historici te word. Dit was egter eers in die middel van die negentiende eeu, wat al die elemente van historiese bewustheid saamgebring is in 'n historiese praktyk wat algemeen herken is as die behoorlike manier om die verlede te bestudeer. Dit was die bereiking van Historisisme wat in Duitsland ontstaan het en gou oor die res van die Westerse wêreld versprei het. Die fundamentele premiese van Historisisme was dat die outonomie van die verlede gerespekteer moes word. Die verlede moes weer lewendig gemaak word. Daar is verder gehandhaaf dat eietydse kultuur en instellings slegs histories verstaan kan word. Geskiedenis het dus die sleutel tot die begrip van die wêreld gehou. Historisisme het die akademiese sy van die Romantiese beweging se obsessie met die verlede verteenwoordig (Tosh, 2000 p.5). Die hooffiguur in hierdie beweging was Von Ranke (1952, p.74).

2. Positiewisme

Tydens die negentiende eeu was daar twee posisies wat sterk van mekaar verskil het, ten opsigte van of Geskiedenis 'n wetenskap was, of nie. Vandag het die debat verskuif na die aard van taal en die mate waartoe dit betrekking het op die werklike wêreld, van die verlede en van die hede.

Positiewisme is die naam wat aan die filosofiese kennis gegee is, wat in die klassieke negentiende eeuse benadering uitdrukking gevind het. Die sentrale vraag in die debat van Geskiedenis en Wetenskap was altyd oor of die mensdom bestudeer moet word op dieselfde wyse as ander natuurlike fenomene. Dié wat 'ja' op hierdie vraag antwoord, word verbind aan die metodologiese eenheid van alle vorms van navraag oor die menslike en natuurlike orde. Hulle beweer dat Geskiedenis dieselfde prosedures volg as die natuurwetenskappe en dat die bevindinge daarvan volgens wetenskaplike standaarde beoordeel behoort te word. Hulle stem saam dat geskiedkundige kennis slegs geldig is deur die wetenskaplike metode. Die basis van alle wetenskaplike kennis was die nougesette waarnemings van die werklikheid deur die belangelose of onpartydige, 'passiewe' waarnemer en die uitkoms van herhaalde waarnemings van dieselfde fenomene was 'n veralgemening of 'wet' wat by al die bekende feite gepas het en die waargenome gereeldheid verduidelik het. Die aanname van hierdie 'induktiewe' of 'empiriese' metode, was dat veralgemenings logies uit die data gevloei het en dat wetenskaplikes hul taak sonder vooroordeel of morele betrokkenheid benader het.

Wetenskap het ongeëwenaarde prestige tydens die negentiende eeu geniet. Die implikasies van Positiewisme vir die praktyk van Geskiedenis is duidelik. Die eerste plig van die historikus is om feitekennis oor die verlede te versamel. Hierdie feite word bevestig deur kritiese metodes op die primêre bronne toe te pas en sal uiteindelik bepaal hoe die verlede verduidelik of interpreteer moet word. In hierdie proses is die gelowe en waardes van historici irrelevant. Hulle is net besorgd oor die feite en veralgemenings waartoe hulle logies gelei word. Comte (kyk Biografiese inligting) was die invloedrykste Positivistiese filosoof van die negentiende eeu (Tosh, 2000, p.109).

3. Marxisme

Marxistiese interpretasie van geskiedenis kan waardeer word in die konteks van die gevare en geleenthede wat by elke onderneming in teoretiese Geskiedenis teenwoordig is. Marx word gewoonlik geassosieer met 'n groue determinisme en uiterste sinisisme oor die menslike natuur, behalwe vir dié wat reeds Marx gelees het. Die meeste voorstelle van Marx is rofweg vereenvoudig deur Marxiste. Sy teorieë het sekere implikasies gehad ten opsigte van die werklike skryf van Geskiedenis. Hy het sy teorie gesien as 'n studiegids en nie 'n plaasvervanging vir studie nie. Hy het die teorieë van sy tydgenootlike historici verwerp, maar nie historiese studie as sulks nie. Hy het nooit 'n duidelike Geskiedenismetodologie ontwikkel nie. Historici wat binne die Marxistiese tradisie gewerk het, moes vertolkende werk doen. Belangrike werk oor Marxistiese teorie is gedoen in die jare dertig, maar is hoofsaaklik gedoen deur lede van die Kommunistiese Party wat met agterdog bejeen is. Sedert die jare vyftig was Marxistiese benaderings tot Geskiedenis meer invloedryk en is gedoen deur historici wat niks met die Kommunistiese Party te doen gehad het nie en wat in sekere gevalle glad nie polities aktief was nie. Die werklik rede vir die aanslag wat Marxisme vind, is dat dit so goed in die historikus se behoefte aan teorie voorsien en in al drie die gebiede waar teorie nie weggelaat kan word nie, naamlik sosiaal, ekonomies en polities. Die diversiteit van Marxistiese historiografie is die treffendste as die groei daarvan ondersoek word. Marxistiese historiografie het 'n aantal van die groot vrae van geskiedenis na die fokus van die studie gebring (Tosh, 2000, p.142 - 159).

4. Idealisme

Idealisme verwerp die fundamentele aanname van Positiewisme. Volgens hierdie uitgangspunt, moet menslike gebeure versigtig onderskei word van natuurlike gebeure, omdat die identiteit van die navraer en sy onderwerp die pad open na 'n voller begrip as enige iets waartoe die natuurwetenskaplike kan streef. Waar natuurlike gebeure slegs van buite verstaan kan word, het menslike gebeure 'n essensiële 'binneste' dimensie, wat deur die intensies, gevoel en mentaliteit van die betrokkenes opgemaak word. Dit is afhanklik van intuïsie en empatie, kwaliteite wat geen plek het in die klassieke uitgangspunt van die wetenskaplike metode nie. Historiese kennis is daarom inherent subjektief en die waarhede wat dit ontbloot is nader aan die kunstenaar se waarheid, as aan die wetenskaplike se waarheid. Historici is verder bemoeid met die individu en die unieke gebeurtenis.

Von Ranke se roem as die kampioen van streng kritiek het soms toegelaat dat die klem wat hy gelê het op kontemplasie en verbeelding, obskuur geraak het. Collingwood (1956) (kyk Biografiese inligting) het volgehou dat alle geskiedenis essensieel die geskiedenis van denke is en dat dit die geskiedkundige se taak is om in sy eie gedagtes die denke en bedoelinge van individue in die verlede her op te voer (Tosh, 2000, p.110).

5. Steeds belangrike verskille tussen natuurwetenskappe en Geskiedenis

Die Postivistiese teorie is nie meer oortuigend in die wetenskaplike gemeenskap nie. Passiewe waarneming word nie meer gesien as kenmerkend van die wetenskaplike metode nie. Alle waarneming, of dit van die natuurlike of van die menslike wêreld is, is selektief en vooronderstel daarom 'n hipotese of teorie. Volgens Popper (1957) (kyk Biografiese inligting) bestaan wetenskaplike kennis nie uit wette nie, maar uit die beste beskikbare hipoteses. Dit is voorlopige, eerder as sekere, kennis. Ons begrip vorder deur die formulering van nuwe hipoteses wat verby die huidig beskikbare bewyse gaan. Omdat hipoteses verby die bewyse gaan, behels dit skielike insig of 'n verbeeldingryke sprong. Die wetenskaplike metode is daarom 'n dialoog tussen hipoteses en gepoogde weerlegging, of tussen kreatiewe en kritiese denke. Vir historici is dit 'n meer passende definisie van wetenskap as die een wat dit vervang het. Alhoewel Geskiedenis en

natuurwetenskappe in sommige van hulle fundamentele metodologieë saamgevloei het, is daar steeds belangrike verskille. Daar word eerstens meer verbeelding aan Geskiedenis toegelaat, nie net by die formulering van hipoteses nie, maar regdeur die denkproses van die historikus. Historici is nie slegs daarmee bemoed om die verlede te verduidelik nie, maar wil dit ook herkonstrueer en herskep, om te wys hoe die lewe ervaar is, sowel as hoe dit verstaan kan word. Dit vereis 'n verbeeldingryke verwikkeling met die mentaliteit en atmosfeer van die verlede (Tosh, 2000, p.115).

6. Die Franse Annalesskool

Hierdie Franse historici het gepoog om 'n 'algehele geskiedenis' te verkry. Hiermee word nie 'n wêreldgeskiedenis bedoel nie, maar 'n integrasie van alle soorte, metodes en aspekte van geskiedenis; 'n periodieke geskiedenis waar dieselfde verskynsels oor 'n lang tydperk beskou word en 'n struktureel-funksionele benadering, wat op die kontinuïteite en stelsels van 'n gemeenskap konsentreer. Braudel (kyk Biografiese inligting) wou Geskiedenis onder die sosiale wetenskappe, met ander woorde geesteswetenskappe insluit (Stanford, 1998, p.25).

Die voertuig vir breër geskiedenis, wat Bloch en Febvre (kyk Biografiese inligting) nagestreef het, was die joemaal wat hulle gesamentlik in 1929 die wêreld ingestuur het: *Annales d'histoire économique et sociale* wat daarna as slegs *Annales* bekend gestaan het. Bloch en Febvre het in die eerste uitgawe na die rif tussen historiese en sosiale studies verwys. Die sukses van *Annales* het in die kombinasie van 'n wye benadering en hoë standaarde van kundigheid gelê, sowel as in die onpartydigheid van eerlike werk, wat deur soliede navorsing ondersteun is. Daar was nie 'n kortpad tot 'n interessanter, meer integrale en meer menslike geskiedenis nie. As die ouer skole van politieke en konstitusionele geskiedenis onbevredigend was, was dit omdat dit ooreenvoudigde gevolgtrekkings gemaak het. *Annales* het nie probeer om geskiedenis aan 'n wyer gehoor te kommunikeer nie en was op kundiges gerig. Dit het 'n hele skool van beter geskiedskrywing opgelewer. Na Bloch se dood is die onvoltooide manuskrip *The historian's craft* (1954) in Engels gepubliseer. Dit is 'n menslike getuigskrif oor sy persoonlike geloof in geskiedenis en 'n manifest namens die gevorderdste skool van geskiedskrywing in die jare tussen die twee Wêreldoorloë. Bloch begin met die vraag: "Wat is die gebruik van geskiedenis?" Hy beskryf geskiedenis as poësie en noem die onbetwisbare fassinatie daarvan, maar beklemtoon dat dit nie net vermaak nie, maar dat dit tot begrip bydra. Begrip is noodsaaklik vir rasoniese optrede. Hy herken die menslike en sosiale behoefte aan geskiedenis en noem dat geskiedenis slegs 'n breukdeel van die universele strewe na kennis is. Hy bied daarna 'n definisie van geskiedenis as die wetenskap van mense in 'n tydperk, maar verwerp die debat oor of geskiedenis kuns of wetenskap is (Marwick, 1993, p.80 –81).

7. Die 'nuwe' Amerikaanse skool

Amerika was die produk van die interaksie van ekonomiese, politiese en sosiale kragte wat in kontak met vreemde geografiese faktore was. Hierdie begrip het in die dertiger jare tot die 'nuwe' Amerikaanse geskiedenis aanleiding gegee. Die mikpunt van die 'nuwe geskiedenis' was om die opsê van feite te vermy en feite is getoets deur die vraag of dit die leser sal help om die betekenis van 'n tydperk van menslike ontwikkeling of die ware aard van 'n instelling te besef. Dit was doelbewus presentisisties ('present-minded') omdat dit geskiedenis wou gebruik om die hede te verduidelik. 'n Relatiewistiese posisie is hierdeur ingeneem. Spesiale aandag is aan ekonomiese kragte gegee en daar is gebruik gemaak van die ontdekkings van sosiale wetenskaplikes (Marwick, 1993, p.72 – 83). Die

bereikings van die 'nuwe' historici was dat hulle kundige studiegebiede van die verlede, wat vroeër afgeskeep of net die onderwerp van spekulاسie was, herondersoek het.

8. Postmodernisme

In die laaste twee dekades van die C20 was daar 'n intellektuele skuif in die geesteswetenskappe wat Historisisme as die basis vir Geskiedenis en alle ander teks-gebaseerde dissiplines verwerp het. Dit is Postmodernisme. Die kenmerk daarvan is die voorkeur wat dit aan taal bo ondervinding gee, wat lei tot skeptisisme oor die menslike kapasiteit om die eksterne wêreld en veral die menslike wêreld, waar te neem en te interpreteer (Tosh, 2000, p.123).

In plaas van historiese verduideliking, bied Postmoderne geskiedenis slegs intertekstualiteit, wat handel met diskursiewe verhoudings tussen tekste en nie met kousale verwantskappe tussen gebeure nie. Historiese verduideliking word beskou as niks meer as 'n drogbeeld om dié wat nie 'n wêreld sonder betekenis in die oë kan staar nie, te troos. Volgens die Postmoderne uitkyk word identiteit deur taal gekonstrueer. Dit is gefragmenteer en onstabiel omdat dit die fokus van mededingende redevoerings is. Individue en groepe wat tradisioneel die betrokkenes in geskiedenis was, word gedekonstrueer en dit beteken dat Geskiedenis nie meer 'n groot storie het om te vertel nie. Die nasie, die werkersklas en selfs die gedagte van vooruitgang los alles op in diskursiewe konstruksies. Kontinuiteit en ewolusie word verwerp ten gunste van diskontinuiteit, soos byvoorbeeld Foucault (kyk Biografiese inligting) se opvatting van vier onverbinde historiese eras (of **épistemes**) sedert die sestiende eeu (p.125).

Geskiedenis word 'n diskursiewe praktyk, wat mense gerig op Presentisisme ('present-mindedness') in staat stel om na die verlede te gaan, daar rond te krap en dit voldoende te herorganiseer volgens hul behoeftes. Aanhangers van Postmodernisme beweeg nader aan Relatiewisme, deur 'n pluraliteit van meewerkende interpretasies, almal geldig of ongeldig, te aanvaar en selfs te verwelkom. Historici ontbloot nie die verlede volgens hulle nie, maar vind dit uit. Die onderskeid tussen feit en fiksie word dan onduidelik (p.126).

Historici moet Postmodernisme self in sy historiese konteks plaas en herken dat dit geplaas is in 'n spesifieke kulturele oomblik. Postmodernisme is 'n reaktiewe fenomeen (teen Modernisme se geloof in die doeltreffendheid van gedissiplineerde, rasonale ondersoek). Postmodernisme toon 'n begeerte na iets nuuts en na die bevryding van vorige geslagte. As geskiedenis wel geen betekenis het, soos wat Postmoderniste eis nie, moet ons ten volle verantwoordelik raak om betekenis in ons eie lewens te kry, hoe kleurloos en veeleisend dit ookal mag wees. Geskiedenis soos wat dit tradisioneel verstaan is, word nie net onprakties nie, maar ook irrelevant.

Tydens die religieuse oorloë in Europa in die sestiende en sewentiende eeue, is historici deur filosowe gesien as liggelowige bedrieërs en hul bronne is afgeskryf as onbetroubaar. Negentiende eeuse historici is aangeval deur Relatiewiste, wat aangevoer het dat die absolute historiese waarde 'n drogbeeld was. Twyfel oor die status van die 'werklike' en ons vermoë om dit in die verlede of in die hede te begryp, was sedert die antieke Griekse beskawing deel van die Westerse filosofiese tradisie. Hierdie bleek prognose neem egter nie die feit in ag, dat historici reeds besig is om aspekte van die Postmoderne perspektief te assimileer nie (p.127).

Verder het die Postmoderne kritiek van geskiedskrywing positiewe reaksies onder historici gehad. Daar is 'n nuwe bewustheid van geskiedskrywing as letterkundige vorm en meer gewilligheid om te eksperimenteer. Die Postmoderne dekonstruksie van

redevoering as 'n vorm van kulturele mag, maak dit moeilik om te ignoreer dat geskiedskrywing self 'n uitdrukking van kulturele leierskap kan wees. Dit het op sy beurt geleenthede oop gestel vir radikale stryd deur groepe wat van tevore uit formele geskifte gesluit was (p.128).

5.5.5 Historiese bewustheid

1. Definisie

Historiese bewustheid berus op die drie beginsels van *verskil*, *konteks* en *proses*. Die eerste verantwoordelikheid van die historikus is om die kloof wat ons eie tyd skei van alle vorige tye, te erken en hierdie *verskil* in ag te neem. Geskiedenis bied 'n onontbeerlike geleentheid om lewenservaring op te doen, wat eenvoudig nie in die mens se eie lewe moontlik is nie. Kunshistorici het al lankal die standpunt ingeneem dat die kreatiewe ontsluiting van die verlede 'n inventaris van bates is, waarvan die waarde deur latere geslagte erken sal word. Westerse kuns het byvoorbeeld oor en oor die klassieke Griekse en Romeinse tradisies herwerk en verwerp. Tosh (2000) sien anachronisme, die ondeurdagte aanname dat mense in die verlede soos mense vandag opgetree of gedink het, as een van die grootste foute. Ons huidige omstandighede bly irreduseerbaar nuut. Dit vereis uitvinding en nie nabootsing nie. Historiese verskil verskaf 'n onontbeerlike perspektief op die hede (Tosh, 2000, p.9-22).

Die tweede komponent van historiese bewustheid is *konteks*. Die onderliggende beginsel van alle historiese werk is dat die onderwerp wat ondersoek word, nie uit sy omgewing of konteks gehaal moet word nie. Historiese bewustheid beteken dus om die outonomie van die verlede te respekteer en om te probeer om die verlede te herkonstrueer, voordat insigte van die verlede op die hede toegepas word (p.9). Dit is 'n onvermydelike gewoonte van die mens om historiese analogieë te tref en dit word meestal onbewustelik gedoen. Dit is nie noodwendig nutteloos nie, maar daar moet nie gesoek word na 'n perfekte passing tussen die verlede en die hede nie. Die verlede moet steeds in sy konteks beskou word. Die idee dat geskiedenis homself nooit herhaal nie, beperk in 'n mate die selfvertroue waarmee historici voorspel. Die beheer van die toekoms is 'n illusie en dit is deel van die menslik toestand om met onsekerheid saam te leef (p.25).

Die derde fundamentele aspek van historiese bewustheid is *proses*, die verhouding tussen gebeure oor tyd. Hierdie gebeure word met meer betekenis belê, as wanneer dit op sy eie beskou sou word (p.9). Die mens kan homself op 'n ontplooiende baan plaas, wat aan hom 'n vashouplek op die toekoms gee en wat 'n mate van vooruitbeplanning toelaat (p.25).

Die beginpunt vir populêre kennis oor die verlede is die vereistes van die hede en die beginpunt vir Historisisme is die aspirasie om weer by die verlede in te gaan en dit te herskep. Een van die belangrikste take van historici is daarom om sosiaal gemotiveerde waninterpretasies van die verlede uit te daag (p.15).

2. Distorsies van historiese bewustheid

Respek vir *tradisie* word soms verwar met 'n sin vir geskiedenis, omdat dit betrekking het op 'n gevoel vir die verlede. In 'n gemeenskap waar sosiale of kulturele verandering plaasvind, of dit deur handel, sosiale hiërargie of politieke instellings aangetoon word, is 'n onkritiese respek vir tradisie teenproduktief. Dit onderdruk historiese verandering wat in die tussentyd plaasgevind het. Die gevolge van respek vir tradisie is besonder ontstellend in die geval van Nasionalisme. 'n Gevoel van eksklusiewe identiteit word gekweek, maar as Geskiedenis is dit nie altyd getrou nie. Alles in die verlede, wat die vereiste selfbeeld

weerspreek, word onderdruk en die interval tussen 'toe' en 'nou' word beskou as deel van 'n onveranderde identiteit wat onbewus is van die spel van historiese omstandigheid (Tosh, 2000, p.11). Tradisionalisme is die ergste verwringing van historiese bewustheid omdat dit wegdoen met die sentrale gedagte van ontplooiing oor 'n sekere tydperk. 'n Ander vorm van distorsie is *nostalgie*, wat werk as reaksie op 'n gevoel van verlies in die onlangse verlede. Dit is kenmerkend van gemeenskappe wat snelle veranderings ondergaan. Historiese bewustheid behoort die mens se insig in die hede te verbeter, maar nostalgie koester 'n begeerte om daarvan te ontsnap (p.13). 'n Geloof in *vooruitgang* is 'n distorsie van historiese bewustheid wat aan die ander kant van die skaal lê. Waar nostalgie 'n pessimistiese uitkyk van die wêreld reflekteer, is vooruitgang 'n optimistiese credo, want dit neem nie net aan dat verandering in die verlede vir die beste was nie, maar ook dat verbetering in die toekoms sal voortgaan. Dit is egter waar dat *tradisie*, *nostalgie* en *vooruitgang* die basiese bestanddele van die sosiale geheue verskaf. Elkeen vervul 'n diep sielkundige behoefte aan sekuriteit. Die beswaar daarteen is dat dit oor geloof gaan en nie oor navraag en ondersoek nie. Sosiale behoefte kan so maklik verwing word. Dit is dus nie verbasend dat historici hulself oor die algemeen gedistansieer het van sosiale behoefte nie (p.14).

5.5.6 Die beperkinge van historiese kennis

Daar is verdeeldheid oor die status van die eindprodukte van historiese kennis. Twee uiterste standpunte kan geïdentifiseer word: Aan die een kant is daar mense soos Elton (1969) wat volhou dat daar 'n toename van vasstaande kennis is en dat geskiedenis 'n kumulatiewe proses is en aan die ander kant is daar mense soos Zeldin (1982), wat beweer dat al wat die historikus sy lesers kan bied, sy persoonlike visie van die verlede is. Volgens hulle het elkeen die reg om sy eie perspektief te vind (Tosh, 2000, p.108).

Dit is belangrik dat die historikus homself nie net deur die dokumente laat lei nie. As hy net deur die 'feite' gelei word, sal hy nooit gevolgtrekkings kan maak nie. Daar is probleme met primêre bronne: Die rekord kan onvolledig wees en dit kan gekleur wees deur die subjektiwiteit van die opsteller en tyd waarin dit geskryf is. Daar is verder 'n oorfloed van beskikbare bronne en is dit dus onmoontlik om alles in ag te neem. Feite word gevolglik geselekteer en die vrae wat die historikus vra word van waarde. Daar moet duidelike geformuleerde werkhipoteses wees (p.113). Die tipe vrae wat die historikus van die begin in gedagte het, het 'n invloed (p.114).

Die betekenis van geskiedkundige geskrifte word net soveel bepaal deur wat dit uitlaat, as wat dit insluit. Daar moet onderskei word tussen die feite van die verlede en die feite van Geskiedenis. Eersgenoemde is sonder grense en in sy geheel onkenbaar, terwyl laasgenoemde 'n seleksie verteenwoordig wat deur opvolgende historici gemaak is vir die doel van historiese herkonstruksie en verduideliking (p.113).

Die feite van geskiedenis kan nie suiwer objektief wees nie, aangesien dit feite van geskiedenis word slegs op grond van die betekenis, wat deur die historikus daaraan geheg word (Carr, 1987, p.120).

Namier (1952, p.8) se metafoor beskryf die funksie van die historikus as soortgelyk aan die funksie van 'n skilder in teenstelling met dié van 'n kamera. Die skilder ontdek en stel voor, sonder uit en beklemtoon die aard van 'n voorwerp, terwyl die kamera onvoorwaardelik alles op die oog af herproduseer.

Ons kennis van die verlede hang af van die keuses wat vrylik deur die historikus uitgeoefen is. Die rigiede skeiding tussen feit en waarde wat deur die Positivistes vereis is, is nie werkbaar in Geskiedenis nie. Geskiedkundige kennis is nie en kan nie objektief

wees nie. Die aannames en houdings van historici moet versigtig waardeer word, voordat daar tot 'n gevolgtrekking gekom kan word oor die werklike status van geskiedkundige kennis. Twee verskillende historici sal nie dieselfde verbeeldingryke reaksie tot dieselfde materiaal hê nie. Hulle word ook deur die aannames en waardes van hulle eie gemeenskappe beïnvloed. Verder is dit wat een geslag noemenswaardig vind in die verlede, anders as wat vorige geslagte noemenswaardig gevind het. Vir Von Ranke was die soewereine nasiestate die hoogtepunt van die historiese proses. Die staat was die hoofagent van historiese verandering en die menslike lot is grootliks deur die verskuiwende magsbalans tussen state bepaal. Hierdie wêrelduitkyk is drasties verander teen die Eerste Wêreldoorlog. Na 1919, teen die agtergrond van optimisme, het geskiedenisopvoeding in Brittanje geneig om eerder die groei van internasionalisme oor die eeue te beklemtoon. Vyftig jaar gelede is die geskiedenis van Afrika steeds behandel as 'n aspek van die uitbreiding van Europa (Tosh, 2000, p.118).

Die studie van die verlede met een oog op die hede, is volgens Butterfield (1973, p.30) die bron van alle sondes en Sofisme in Geskiedenis, waarvan die eenvoudigste anachronisme is.

Herskeppende geskiedenis is 'n geldige strewende, maar dit sal 'n fout wees om aan te neem dat dit ooit volledig gedoen kan word, of dat dit die belofte van objektiewe kennis oor die verlede dra. Ons kan nooit die oorspronklike geur van 'n geskiedkundige oomblik, soos wat dit deur mense op daardie tydstip ervaar is, herwin nie, omdat ons, anders as hulle, weet wat volgende gaan gebeur (Tosh, 2000, p.122).

Historiese kennis het altyd betrekking op 'n ontmoeting tussen die verlede en die hede, waar die hede te swaar op die verlede lê. Die bronne 'praat' nie direk nie en feite word geselekteer, nie gegee nie. Die historiese verduideliking hang af van die toepassing van terugblik en elke historiese weergawe word op een of ander manier gevorm deur die estetiese en politiese voorkeure van die skrywer. Historici moet hul werk aan die dissipline van historiese konteks onderwerp. Die kritiek teen Presentisme ('present-mindedness') en Dekonstruktivisme is dat dit gebeurde en persoonlikhede verwyder uit hul werklike tyd en plek en dit in 'n konseptuele raamwerk dwing wat moontlik niks vir die betrokke tyd beteken het nie (p.132).

5.5.7 Kan geskiedenis objektief wees?

Een van die vaders van Geskiedenis was die Duitse historikus Von Ranke. In een van sy eerste boeke, wat in 1824 gepubliseer is, verwys hy na sy strewende as historikus. In die tradisie van die Verfigting is die verlede, sy mense, hul aksies en bedoelinge veroordeel. Van Von Ranke se voorgangers het ook gevoel dat hulle die verlede kan veroordeel en dat hulle doel was om die hede te onderrig vir die toekoms. Von Ranke het egter beweer dat hy nie sulke hoë ideale het nie. Hy wou bloot wys wat werklik gebeur het ("wie es eigentlich gewesen war"). Hy wou sy eie persoon elimineer en toelaat dat dinge vir hulself spreek. Dit wat deur so 'n verrigting bereik word, het hy objektiewe Geskiedenis genoem.

Nipperdey het in sy toespraak in 1977 by die Universiteit van Pretoria gesê dat die mens in daardie tyd (1977) veronderstel dat die historiese dissipline deel van die wetenskappe is. Die Duitse woord 'Wissenschaft' en die Afrikaanse woord 'Wetenskap' is na aan mekaar, maar daar is nie werklik 'n soortgelyke woord in Engels of Frans nie ('science'). Historiese skrywe het sy oorsprong in die geesteswetenskappe. Ten spyte daarvan behoort historici en historiografie volgens Nipperdey aan die wetenskaplike gemeenskap. Dit beteken dat die historikus se stellings wetenskaplike stelling is, nie subjektief is of net menings of oortuigings is nie, maar dat dit op objektiwiteit kan aanspraak maak en dat dit die waarheid oor die verlede bevat. Hierdie stellings kan geherkonstrueer, geverifieer en

gekommunikeer word. Die waarheid van die verlede is nie 'n uitvindsel van die historikus nie, maar die historikus soek en vind of ontdek hierdie waarheid. Vergelyk dit met 4.7 *Soeke na absolute waarheid*. Dit is die geval as die mens nie meer soos Von Ranke net wil weet wat werklik gebeur het nie, maar ook wil weet hoekom dit so gebeur het.

Daar is twee argumente ten opsigte van objektiwiteit. Die eerste sê dat Geskiedenis objektief kan en behoort te wees. Die objektiewe waarheid oor die verlede behoort moontlik te wees. In teenstelling daarmee is daar die tweede argument wat sê dat Geskiedenis nie objektief kan wees nie. Dit word oor die algemeen vandag aanvaar.

5.5.8 Argument teen objektiwiteit (volgens Nipperdey, 1978, p.2-6)

Geskiedenis word deur die uitgangspunt en perspektief van die historikus gebind. Elke historikus is 'n individu, wat deur sy karakter gevorm word en behoort aan 'n sekere tydperk. Hy kan dus nie objektief wees nie. Verder skryf elke geslag Geskiedenis van voor af oor en binne elke geslag is daar historici met uiteenlopende uitgangspunte.

Die historikus se aanbieding van die verlede is nie 'n weerspieëling of 'n namaking van die verlede nie. Geskiedenis hou eerder verband met die verlede. Die oorblyfsels en bronne van die verlede is onvolledig. Die verlede is 'n eindelose aantal oomblikke, wat ontoeganklik en onuitputbaar is.

Die mens maak keuses wanneer hy met die verlede werk. Selfs die suiwerste geleerde is afhanklik, wanneer hy sy tema kies, van dit wat hy as normaal of besonder beskou. Die vrae van die historikus hang af van sy verwysingsraamwerk en sy spesifieke situasie. Wanneer mense vandag praat van die bedoelinge en aksies van mense in die verlede, reik hulle terug na hulle eie ervaring. Mense is dikwels besorgd oor gebeure, prosesse en sosiale formasies, wat waardes betrek. Die mens se interpretasie van sulke verwysings na waarde is ooglopend nie onafhanklik van sy eie waardestelsel nie.

Historici vertel 'n storie. Die storieverteller kies wat relevant is tot die einde van die storie, want hy weet van die begin af wat die einde sal wees. 'n Storie wat deur 'n historikus vertel word, staan in kontinuïteit met die hede, waarvoor die storie vertel word. Die gevolg is dat die historikus die verlede uit sy eie perspektief aanbied. 'n Historikus sonder 'n uitgangspunt of perspektief is onmoontlik. Sy verhouding met die verlede word deur die hede gevorm.

Die volgende argument is die morele argument. Droysen (aangehaal in Gustavson, 1976, p.315) (kyk Biografiese inligting), 'n tydgenoot van Von Ranke, het gesê dat dit nie moontlik is om neutraal te wees te midde van die konflikte van die hede nie. 'n Verbintenis tot 'n mens se eie waardes en 'n mens se eie gemeenskap is, volgens hom, 'n morele plig. In hierdie argument is die historikus 'n politieke tutor van sy gemeenskap. In die negentiende eeu was dit sy rol in die meeste kulture. Die verbintenis van die historikus tot sy eie groep is hoër geskat as die soeke na 'n objektiewe prentjie van die verlede. Daar is vandag nog in die Westerse wêreld 'n geneigdheid onder sekere historici om dieselfde benadering te volg. Hulle wil nie meer sekere aspekte van die verlede prys om die hede te regverdig nie, maar hulle beskuldig die verlede, wat altyd gesien word as sleg. Hulle verhoor die verlede en speel terselfdertyd die rol van aanklaer en regter. Die verlede is dan niks anders as skuld en mislukking nie. Hierdie perspektief is een van absolute kritiek.

Daar was 'n argument wat verbintenis en objektiwiteit met mekaar wou vereenselwig. Volgens hierdie argument is daar 'n objektiewe vordering in Geskiedenis en die historikus is die woordvoerder vir praktiese rasionaliteit. 'n Mens se eie perspektief en objektiwiteit

is dan identities. Dit is vandag nog van toepassing op ortodokse Marxistiese geskiedenis. Die klassestryd en die oorwinning van Kommunisme is veronderstel om die wette van die geskiedeniswêreld te wees. Iemand word as objektief beskou, as hy aan die kant van Kommunisme is.

Party beweer dat die verlede slegs die materiaal verskaf en dat dit die historikus is, wat daaraan vorm gee. Hierdie uitgangspunt lei tot historiese Relatiewisme, soos die sogenaamde Presentisisme van Amerika in die jare dertig en veertig. Objektiewe stellings oor die verlede bestaan in hierdie geval nie en die radikale gevolgtrekking was een van totale skeptisisme en subjektiwisme, waar elke mens sy eie historikus is, soos wat Becker (aangehaal in Gustavson, 1976, p.315) beweer het. Die meeste praktiserende historici verwerp egter so 'n logiese gevolgtrekking, want dit sal hul professie vernietig. Ander historici beweer dat alle historici gebind word deur perspektiewe wat sekere waardes bevat. Hulle behoort bewustelik die kant te vat van die goeie en regverdige. Aan die een kant is die Relatiewiste en aan die ander die Moraliste.

Die volgehoue oortredings van die leerstellings van Von Ranke en die ooglopende volharding van subjektiewe elemente in die historikus se werk ten spyte van die ideaal van objektiwiteit het gehelp om die relativistiese opstand, deur Becker gelei, te ontketen. Becker het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie afwykings van objektiwiteit beteken dat geskiedenis net relativisties kan wees. Becker het die fetisj van objektiwiteit aangeval en die toenemende besorgdheid dat die konsepte van negentiende eeuse wetenskap verouderd was, geartikuleer. Hy het geargumenteer dat niemand ten volle van 'n persoonlike uitgangspunt kan ontsnap nie en dat die historikus van sy of haar eie subjektiwisme bewus moet wees (Gustavson, 1976, p.315).

5.5.9 Waarde-oordele (Nipperdey, 1978, p.7-8)

Daar is probleme met waarde-oordele. In Geskiedenis impliseer dit altyd stellings oor wat behoort te wees of oor wat nie behoort te wees nie. Stellings wat na waarde verwys, is egter nie opsigself waarde-oordele nie. 'n Mens kan iets sê oor die gepastheid van sekere middele om sekere doele te bereik. Die probleem met die objektiwiteit van Wetenskap handel oor die vraag of die mens wetenskaplike stellings kan maak oor die hoogste politieke en sosiale waardes. Weber (aangehaal in Nipperdey, 1978, p.7-8) en Popper (1957) (kyk Biografiese inligting) het beweer dat Wetenskap nie bevoeg is om etiese of eties-politiese probleme op te los nie. Dit kan nie besluit op uiteindelijke waardes nie en kan nie die waarheid van waardestelsels oordeel nie. Wie ookal wil hê dat Wetenskap hom moet vertel wat hy behoort te doen, sal teleurgesteld wees. Wetenskap vertel wat was en wat is. Politieke en morele besluite is sake waarvoor die mens verantwoordelik is (sien 3.7 *Die bruikbaarmaking van geesteswetenskappe*). Geloof, 'n lewensfilosofie of politieke uitkyk, kan nie vervang of bevestig word deur Wetenskap nie. Die mens kan daarom nie vreemde gemeenskappe van die verlede oordeel volgens sy waardes nie. Dit is anachronisties om ons waardes op ander tye toe te pas en om die verlede met ons eie waardes te meet. As ons kennis van die verlede beweer om objektief te wees, kan dit nie by waarde-oordele, wat subjektief is, begin nie.

Uitgangspunte moet daarom vry van waarde-oordele wees. Daar is drie besware volgens Nipperdey (1978) ten opsigte hiervan. Daar is eerstens basiese konsensus wat algemeen is onder alle mense oor etiese aangeleenthede. Tweedens is die aanbiedeing van die verlede op grond van die ideaal van waarde-vrye objektiwiteit soms apologeties. Derdens kan Geskiedenis die alternatiewe tussen waardestelsels opklaar en ons help om onself in die lewe te oriënteer. Wetenskap kan van praktiese nut wees.

5.5.10 Objektiviteit bestaan, maar in 'n beperkte sin (Nipperdey, 1978, p.9-13)

Die gevolgtrekking is dat objektiviteit wel bestaan, maar in 'n beperkte sin. Die historikus en die wetenskaplike gemeenskap is onbevoeg om die meeste twisvraagpunte, wat op waarde-oordele betrekking het, te hanteer. Sulke waarde-oordele is nie objektief nie. Die historikus is aan sy standpunte gebonde. Alhoewel dit voorkom of objektiviteit onmoontlik is, is daar, ten spyte van perspektiwiteit, objektiviteit in 'n beperkte sin.

- a. Objektiviteit is nie 'n feit nie, maar 'n norm of 'n ideaal. Von Ranke het bygelas dat die historikus se onvermoë om objektief te wees, nie die geldigheid van hierdie norm tot niet maak nie. Die feit dat die mens nie die norme van geloof of etiek vervul nie, sê niks teen die geldigheid van die norme nie. Die teen-objektivistiese argument voer alle stellings in verband met die verlede, terug na die standpunt van die historikus. Alle stellings is gevolglik relatief (elke mens is 'n historikus in sy eie reg).
- b. Die argument dat geskiedenis aan sy standpunte (perspektiwiteit) gebonde is, is gebaseer op 'n ondersoek van die proses wat tot wetenskaplike stellings lei. 'n Mens moet egter tussen die konteks van ontdekking en die konteks van die regverdiging van geldigheid onderskei, asook tussen die oorsprong van 'n historiese stelling en die stelling self. Die vraag of 'n stelling oor die verlede waar is, verskil in beginsel van die vraag oor hoe dit ontstaan het. Dieselfde slotsom kan deur totaal verskillende motiewe bereik word. Historici met verskillende politieke doelwitte, gebruik dieselfde konsepte en historici met dieselfde politieke siening, verkry verskillende resultate. Die motiewe en belangstellings, asook die waardekonsepte en die perspektiewe van historici is belangrik vir die proses waardeur hulle tot 'n gevolgtrekking oor die verlede kom, maar die stelling oor die verlede self is heeltemal onafhanklik hiervan. Die toewyding van 'n historikus soos Marx, kan beslissend vir sy ontdekkings wees. Of sy resultate juis is of nie, is egter onafhanklik van sy toewyding.

Die finale produkte van historiese navorsing kan geldig en nuttig wees ongeag die motivering wat tot die ontstaan daarvan gelei het. Newton (kyk Biografiese inligting) wou byvoorbeeld die goedheid van God, wat die kosmos rasioneel gerangskik het, bewys. As daar vandag beweer word dat Newton se wette waar is, is sy motiewe irrelevant. Die waarheid van sy wette is onafhanklik van hul motivering. As 'n persoon een van Marx se sinne korrek vind, hoef hy nie noodwendig 'n Marxis te wees nie. Atoomteorie is onafhanklik daarvan of die navorser van plan is om wapens of energiebronne te vervaardig. Die sosiologie van 'n dissipline is heeltemal anders as die interne logika daarvan.

- c. Historici aanvaar die ideaal van objektiviteit en beoordeel aan die hand daarvan. Besprekings en kritiek is essensiële elemente in die werk van die wetenskaplike gemeenskap. In 'n bespreking word die ideaal van objektiewe stellings oor die verlede aangeneem. Wanneer 'n historiese boek gekritiseer word, kan daar vooraf aanvaar word dat daar 'n ideaal van objektiewe waarheid is, waarop die pogings van die historikus beoordeel kan word. Dit is al hoe daar onderskei kan word tussen goeie en slegte historiese boeke. Hierdie kritiese proses lei tot groter objektiviteit en daar word krities voortgebou op dit wat die historikus se voorgangers geskryf het.

In die kursus van historiografie is daar 'n reeks verskillende, onversoenlike perspektiewe. Daar is egter vooruitgang of vordering in ons kennis van die verlede

deur hierdie reeks historiese perspektiewe, wanneer dit met vorige perspektiewe vergelyk word. Geen historikus kan wat vantevore oor sy onderwerp gesê is, verontagsaam nie. Hy of sy moet vorige navorsing krities in ag neem en probeer om dit te verbeter. Nuwe perspektiewe moet nie net teenoor oues geplaas word nie. 'n Beter en wyer kennis word verkry deur vorige kennis reg te stel, te hersien of te verleng. 'n Groot gedeelte van ons nuwe kennis, interpretasie en perspektiewe is nie as gevolg van 'n nuwe belangstelling in 'n nuwe hede nie. Dit is eerder weens die inherente ontwikkeling van die dissipline dat historici se vorige antwoorde nie bevredigend is nie. Historici word deur vorige verduidelikings geprikkel en daag die vorige heersende mening met 'n nuwe stelling uit. Die kursus van historiese wetenskap bewys opnuut dat daar nie net verskillende perspektiewe is nie, maar eerder historiese geskrifte wat beter is en ander wat minder goed is, en dat ons eeu nie 'n ander soort kennis bevat nie, maar eerder 'n beter kennis van die verlede het. Hierdie beter kennis is 'n meer objektiewe kennis.

Selfs in antagonistiese perspektiewe is daar vordering in kennis of in objektiewe kennis. Protestante en Katolieke het byvoorbeeld vyftig jaar gelede heeltemal ander oogpunte ten opsigte van die Reformasie gehad, maar vandag, in die eeu van ekumeniese begrip, is hierdie verskille aansienlik verminder en daar is 'n meer objektiewe skatting.

Historiese stellings word daarom deur die reël van 'n ideale objektiwiteit gemeet. Dit geld ook vir perspektiewe en verwysingsraamwerke self. Wanneer ons bespreek en kritiseer en die werke van ons voorgangers of tydgenootlike kollegas argumenteer, beoordeel ons ook hulle perspektiewe en hulle verwysingsraamwerke. Wanneer ons beoordeel, neem ons aan dat daar beter en slegter perspektiewe is en dat perspektiewe nie subjektief of arbitrêr is nie, maar dat dit beter of slegter ooreenstem met die verlede. Wanneer 'n historikus 'n nuwe perspektief kies, wat nog nie vantevore gebruik is nie, of wat as onbelangrik beskou is, moet hy redes vir sy keuse gee of sy perspektief regverdig. Ander historici bespreek of hierdie redes korrek is en of hierdie nuwe perspektief die verlede in 'n nuwe, beter manier ontsluit. Hulle bevestig of verwerp die geldigheid van die nuwe perspektief.

Paradigmatiese beskouing in geskiedenis het soms probleme. 'n Historikus kan nie eenvoudig perspektief of paradigmas verander, soos Kuhn (1970) poog om in die natuurwetenskappe te bewys nie. As 'n nuwe perspektief ontwikkel word, word 'n deel van die vorige perspektief weerspreek, die eensydigheid word in ander reggemaak en die goed ingeligte perspektiewe van die historikus se voorgangers word voortgesit.

- d. Historiese stellings word volgens 'n spesifieke metode deur historici getoets, naamlik deur dit met die bronne te vergelyk. Hulle poog om te bepaal of 'n historiese stelling deur die bronne bevestig kan word, aldan nie en daarvolgens bepaal hulle die waarheid en objektiwiteit daarvan, waarna hulle tussen beter en minder goeie historiese oordele onderskei.
- e. Historici kan hulself voortdurend meer krities van hulle eie vooronderstellings en perspektiewe verwyder en van die vooroordele van hulle eie tyd losmaak. Dieselfde geld vir vreemde wêreldes. Wetenskaplike ondersoek het die naïewe beskouing van die verlede en van vreemde gemeenskappe vernietig. Die eerste verhouding van die mens tot sy verlede is voor-wetenskaplik en onmiddelik. Deur die krities-rasionele prosedure van geleerde geskiedenis word dit op 'n afstand

van tradisie geplaas. Historici beklemtoon die veranderinge in die wêreld en omskep daardeur die pre-rasionele verhouding van die gemeenskap tot tradisie in 'n rasionele, verwyderde verhouding.

- f. Geskiedenis is meer as die voor-geskiedenis van die hede. Die strewe van historici bly om die verlede in terme van sy eie moontlikhede te begryp en nie in terme van hulle moontlikhede of perspektiewe nie. Aan die een kant is 'n netwerk van voor-geskiedenis en aaneenskakeling en aan die ander kant is die feit dat elke oomblik in die verlede meer as net 'n stuk voor-geskiedenis is. Deur dit in ag te neem maak historici hulle vry van hul eie perspektiewe. Hulle standpunte word relatief en hulle streef die doel van 'n beter objektiwiteit na.

Die volgende bevindinge is gemaak: Historici is aan hulle standpunte en perspektiewe gebonde, maar hulle is lede van die gemeenskap van ondersoekers, wat 'n voorwaarde vir navorsing is. In hierdie gemeenskap bespreek en kritiseer hulle en vooronderstel hulle uit die aard van die saak die ideaal van objektiwiteit. Historici het 'n toetsprosedure, die vergelyking van bronne, wat 'n sekere mate van objektiwiteit verseker. Hulle gaan weer hulle eie perspektiewe na en onderskei tussen goeie en minder goeie perspektiewe. Hulle kan hulself van hul eie perspektiewe verwyder. Objektiwiteit bestaan in 'n mindere of meerdere mate. Objektiwiteit bestaan dus, maar in 'n beperkte sin. Geskiedenis kan in hierdie sin objektief wees en die historikus kan homself tot 'n realiteit van die verlede vereenselwig. Hy poog om nader aan hierdie realiteit te kom.

Volgens Von Ranke skend subjektiewe beskouing die ideaal van objektiwiteit, waar historici losgemaakte toeskouers ten opsigte van hul inligting is. Die historikus se dilemma is altyd dat, anders as wetenskaplikes, hulle deelnemers in die wêreld wat hulle beskryf is. Natuurwetenskaplikes het egter intussen ook beseft dat hulle deelnemers in hulle wêreld is en dat algehele objektiewe waarneming, onmoontlik is. Die sogenaamde Cartesiaanse skeiding tussen waarnemer en waargeneemde, Descartes (kyk Biografiese inligting) wat die wêreld opdeel in die ryke van die verstand en materie ('mind and matter'), word verwyder. Historici word daardeur verlig van intellektueel onmoontlike objektiwiteit, ten gunste van die meer bereikbare doel van die verslagdoening van hul bevindinge van die verlede met integriteit (Gustavson, 1976, p.316).

HOOFSTUK 6

ONDERRIG EN DIE BESKRYWING VAN 'N KONTEKS

6.1 PROBLEEMSTELLING

6.1.1 Subprobleem 5

Die vyfde subprobleem is om die onderrig van (argitektuur)geskiedenis te ondersoek en 'n voorbeeld van 'n konteksondersoek te gee.

6.1.2 Subhipotese 5

Die vyfde subhipotese is dat die onderrig van argitektuurgeskiedenis tot die ontwikkeling van 'n konteksondersoek bydra.

6.2 OORSIG VAN HOOFSTUK 6

In die vorige hoofstuk is die konteks van Geskiedenis en sekere geskiedkundige beginsels, wat as hulpmiddels in die bepaling van 'n kursusinhoud dien, ondersoek. In hierdie hoofstuk word die onderrig van geskiedenis in die algemeen en meer spesifiek van argitektuurgeskiedenis behandel.

Die vooruitsig en strewe vir die vak Geskiedenis oor die algemeen en meer spesifiek in die Skool van Argitektuur, sowel as by ander universiteite, word ondersoek. Die antwoorde wat studente oor die sin van 'n historiese verskynsel soek, word ondersoek.

Die studie handel uiteindelik oor die konteks van die vak Omgewingsgeskiedenis. Die kontekste van wetenskap en geesteswetenskap, sowel as dié van die individu en van Geskiedenis is tot dusver ondersoek. Die geskiedenis van die omgewing word genoem en om af te sluit word die behoeftes van die geskiedskrywer ondersoek.

Dit word gepostuleer dat die beste manier om die kulturele ryk aan die student bekend te maak, deur paradigmatische episodes is. Om paradigmatische episodes in die geskiedenis van Suid-Afrika te identifiseer, moet 'n kort oorsig van die verloop van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse omgewing gegee word. Die paradigmatische episodes wat prominent in die geskiedkundige verloop van die Suid-Afrikaanse omgewing is, word geïdentifiseer. Die toepassing van die paradigmatische benadering op die omgewingsgeskiedenis van Pretoria word verduidelik as voorbeeld van waar hierdie benadering sy toepassing op plaaslike skaal (kleiner as nasionaal) ten opsigte van die historiese en fisiese kontekste van plek vind. 'n Kort verduideliking word gegee van hoe 'n studie van die konteks die memetiese inhoud van 'n gebou bepaal, met enkele voorbeelde ter illustrasie.

6.3 DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

6.3.1 Inleiding

Die temporaliteit van menswees vorm die onderbou van die vak Geskiedenis. Die tydelikheid van die mens vorm die basis vir die dialektiese tydsverloop waardeur die verlede, toekoms en hede op 'n besondere wyse in verband met mekaar gebring word om sodoende 'n herkenbare struktuur as deel van die eie aard van die vak te vorm.

Hierdie dialektiese struktuur wat die vak vertoon, kom in werking wanneer die kind of student in sy individualiteit sowel as in sy bepaalde kultuurverband gesprek begin voer.

6.3.2 Ríglyne vir die onderrig van Geskiedenis

In die onderrig van die vak Geskiedenis, kan daar nooit afgesien word van die gesprek as primêre grondvorm nie. Die sin van hierdie dialektiese struktuur wat die vak openbaar, is geleë in die pedagogiese betekenis, naamlik die kind se op-die-weg-wees na behoorlike volwassenheid. Hierdie dialektiese struktuur moet telkens in beweging gebring word deur inhoude te kies wat die kwaliteit van onderrig verhoog. Omdat die onderbou van die struktuur geleë is in die temporaliteitsaspek van die mens se bestaan, kan onderrig van Geskiedenis nie losgemaak word van die student se ontdekking van die sin van sy eie bestaan nie. Enige geskiedenisonderrigsituasie waarin hierdie aspek nie vooropgestel word nie, is dus nie met outentieke geskiedenisonderrig besig nie.

Die aanbieding van blote feitekennis sal alleen 'n gedeelte van die totale vakdoelstelling uitmaak. Die analise en bemeestering van verledekennis is steeds 'n voorwaarde vir die begryping van vakbesonderhede. Dit word dus vir die student moontlik om sy eie toekoms te antisipeer en alleen dan kan dit lei tot die outentieke begryping van 'n snit deur die hede. 'n Leerplan kan dus slegs effektief en sinvol wees indien die student gelei word om aan die hand van voorbeelde die algemene kundigheid, naamlik die outentieke sintetisering tussen verlede, toekoms en hede te bereik. Geen historiese verloop kan voorspelbaar of herhaalbaar, met ander woorde prosesmatig, of as 'n deterministiese oorsaak-gevolg gebeure afgemaak word nie. Daar is wel tendense wat in die geskiedenis herhaal kan word, wat ooreenkom met die lewensvorme of kultuurvorme van die mens. Die toekoms is grootliks onbekend en blyk onvoorspelbaar. Daar is dus geen sin daarin om die doel van Geskiedenisonderrig te sien as net die leer van lesse uit die verlede nie. Die doel van Geskiedenisonderrig word dan doelbewus verlaag tot analogiedenke.

Die geskiedenisdosent het dus die opdrag om nie net inligting en feitekennis te openbaar nie, maar om ook sekere vaardighede, kundighede en tegnieke oor te dra (Stuart, 1980, p.78).

Die menseverlede is eenmalig en uniek en 'n herbelewenis daarvan is nie moontlik nie. Die Geskiedenisopvoeder se rol is dat die studente die eenmalige en individuele kunsmatig kan belewe deur die verlede op insiggewende wyse bekend te stel (p.41). Die pedagogiese taak van 'n instansie lê daarin om die student na volwassenheid te lei. Geskiedenis as wetenskap dien as een van 'n aantal bronne waarin daar veral na strukture gesoek moet word. Die wetenskaplike soek na die algemene begrippe en na universele strukture, terwyl dit by die student gaan om 'n eie outentieke betekenisgewing aan die fenomene van sy wêreld.

Die hoogste vlak van opvoeding is die internalisasie van waardes en kan slegs verkry word deur persoonlike ervarings, ondervinding in die veld, of deur die verbeelding. Die luisteraar of kyker kan nie verwag om 'n dieper begrip te kry soos wat die doener, wat betrokke is met al sy sintuie kan kry nie. Opvoeding moet oor die regte wêreld, fisies en intellektueel handel (Carson, 1978).

6.4 DIE ONDERRIG VAN ARGITEKTUURGESKIEDENIS

6.4.1 Inleiding

Die Phd-verhandeling van Fisher, *An Ecosystemic Role for Architectural Style: Bearing the 'Plan' in 'Mind'*, dien as basis vir die benadering tot die rol van Geskiedenis in die

leerplan van argitektuuroopvoeding. In sy verhandeling word opvoeding as die outopoïetiese agent vir kulturele stabiliteit beskryf en die kreatiewe aard van opvoeding in die ontwerpdisiplines word gekontrasteer. 'n Rol vir die historikus, om kulturele stabiliteit en ontwikkeling te verkry, word gegee. Hiervan word 'n spekulatiewe strukturering van die breë argitektuurleerplan gegee (Fisher, 1992, p.114). Hierdie studie bou op die bevindinge in sy verhandeling.

In die opvoeding van argitektuurgeskiedenis is die uiteindelijke doelwit die bekendmaking van die student met die gebied tot die punt waar hy onafhanklike kritiese fakulteite bereik, asook ten volle bevryde kreatiewe kapasiteit.

Daar is 'n nuwe houding teenoor die toekoms, wat ons nie meer in ons vaste greep sien nie. Hierdeur verskyn die hede en ook die verlede in 'n ander lig (Holm, 1983, p.2).

6.4.2 Paradigmatiese episodes

Die idee van Geskiedenis vir argitektuurstudente is onder andere om die kulturele rykdomme vir die student beskikbaar te maak. 'n Gepaste tegniek om hierdie kulturele rykdom beskikbaar te maak, is deur die paradigmatiese begrip van geskiedenis. As geskiedenis 'n reeks van paradigmatiese episodes is, dan kan dit wat eens vanselfsprekende voorskrifte van die heersende paradigmas van die verskeie geskiedkundige episodes was, geartikuleer en versprei word.

6.4.3 Argitektoniese geskiedskrywing

Die historiese opvoedkunde weerspieël die beoefenaar en die geskiedskrywer se persoonlike lewens- en wêreldbeskouing (Barnard, 1980).

In sy Phd-verhandeling gee Fisher (1992) 'n rol vir die historikus om kulturele stabiliteit en ontwikkeling te verkry. Hierdie begrip dien as basis vir die benadering tot die rol van geskiedenis in die leerplan van argitektuuroopvoeding.

Die opvoeder benodig 'n hiërargie van deskundigheid en dit bring ons nader aan die brein van 'n interpreteerder. Die geskiedkundige bring sy persoonlike deskundigheid tot die interpretasie van argitektoniese en ander artefakte en gee betekenis daaraan. Die brein van die geskiedskrywer beset die artefak en deur 'n identifikasieproses onderskei hy die ikonografie van die artefaktuele materiaal en lei betekenis daarvan af deur interpretasie om van bekende materiaal 'n ikonologie te produseer wat, indien opgeneem, as bykomstige artefaktuele materiaal bewaar word.

Die geskiedskrywer is 'n kulturele homeostaat. Die dissipline van Geskiedenis is dus dinamies in die ekosistemiese paradigma. Die paradigmatiese benadering vereis dat geskiedenis intellektueel verpak word in sy relevante paradigmatiese episodes (Fisher, 1992, p.124).

Die paradigma is die gemoeidheid van die historikus en is ook 'n hulpmiddel tot die historiese verbeelding. Dit is 'n hulpmiddel tot die begrip van die verandering van idees in geskiedenis, aangesien 'n verlede sonder verandering moeilik sal wees om enigsins as 'n verlede gekonseptualiseer te word. Die historikus moet die verlede in sy eie gedagtes herleef. Die historikus bestudeer 'n sekere gedagte, hy moet dit in homself weer vasstel. Die historikus se gedagtes moet van die organiese eenheid van sy totale ondervinding uitvloei en moet 'n funksie wees van sy hele persoonlikheid, met praktiese sowel as teoretiese belangstelling (Fisher, 1989).

6.4.4 Vooruitsig vir Argitektuurgeskiedenis

Al is ons aan die einde van geskiedenis en al het ons historiese tyd verower deur tegnieke wat daardie tyd ondersoek en bemeester, is die studie van geskiedenis nou belangriker as ooit. Die feite en details van geskiedenis is egter nie wat ons nou daarvan af moet weet nie. Om onself te verstaan, moet ons ons historiese self verstaan; daardie kragte en idees wat ons kontemporêre begrip gevorm het. As die verlede toeganklik is op hierdie sinoptiese wyse, word die intellektuele ryk, waarvan die individu die erfgenaam is, regtens syne (Fisher, 1992, p.125).

6.4.5 Die geskiedenis van die omgewing

Geskiedenis word aan argitektuurstudente by die Universiteit van Pretoria as Omgewingsgeskiedenis aangebied. Die mens se verhouding met sy omgewing duur al lank en enige poging wat aangewend word om studente te leer om 'n begrip vir die omgewing te hê moet die historiese dimensie in ag neem. Die hedendaagse omgewing is 'n lang reeks van kompromieë tussen die menslike gemeenskap en vereistes van die omgewing waarin die mens woon. Heelwat van die hedendaagse omgewing is slegs verduidelikbaar in terme van die verlede. Geskiedenis is ook die studie van die ewolusie van idees. Vir idees om aanvaar te word moet dit op een of ander wyse sosiale realiteit weerspieël. Wat die geskiedenisdosent moet doen, is om seker te maak dat die bydrae van Geskiedenis van omgewingstudies deur studente en kollegas waardeur word. Alle omgewingsake het hul historiese dimensie (Carson, 1978).

6.4.6 Argitektuurgeskiedenis simposium

Die Universiteit van Natal het in 1997 'n simposium oor die geskiedenis van argitektuur aangebied en een dag is aan die onderrig van geskiedenis, teorie en kritiek met betrekking tot Suid-Afrikaanse argitektuur gewy. Die verskillende universiteite se bydraes word hier opgesom:

1. Universiteit van Kaapstad – John Moyle

In die dissipline van argitektuur is Omgewingsgeskiedenis en teorie altyd relatief ondersgeskik tot Ontwerp. Dit is 'n ondersteunende kursus in die opvoeding van praktisyne in 'n toegepaste dissipline. In die eerste semester, die inleidende kursus by die universiteit, word die redes waarom geskiedenis bestudeer word, gegee. Alhoewel argitektuur prakties is, is dit 'n kundige dissipline. Geskiedenis is belangrik omdat die studie van argitektuur 'n studie van ou en nuwe geboue behels en omdat dit aan argitekte 'n vatplek op die akademiese wêreld gee. Die totale onkunde van geskiedenis sal die geloofwaardigheid van graduandi ondermyn. Die inhoud van die kursus begin met volksboukuns en word gevolg deur 'n inleiding tot Westerse tradisie deur antieke, klassieke en middeleeuse Europese argitektuur te bestudeer. Die navorsing en skryf van opstelle word deur seminare onderrig om die akademiese uitruiling van idees te bevorder. Renaissance, Barok, herlewings en moderne geskiedenis voltooi daarna die geskiedenis van Europese argitektuur in die tweede semester, met 'n kort verwysing aan die einde na die moderne beweging in Suid-Afrika. Kontemporêre argitektuur word in die derde semester behandel. In die vierde semester word argitektuurgeskiedenis van Afrika bestudeer. Dit is veral van belang want om doeltreffend in hierdie kontinent in 'n professie of in besigheid op te tree, moet 'n mens oor die kwessies van geskiedenis, taal en kultuur ingelig wees. Sommige studente vind die kursus buite hulle voorstelling van argitektuuropvoeding en daarom irrelevant, maar die meerderheid waardeur dit en vir sommige, feitlik sonder uitsondering vir die beter studente, is dit 'n besondere belangrike

deel van hulle opvoeding. In die vyfde en sesde semesters kan geskiedenis in opsionele volgorde geneem word en sluit 'n kursus oor veldwerk in, waar die geboue in Wes-Kaapse dorpe gedokumenteer word. Dit betrek breedvoerige oordenking van plaaslike geskiedenis en het 'n indrukwekkende argief aan die bewaringstudiegroep verskaf.

Tydens die twee nie-akademiese semesters word daar van studente vereis om 'n fotografiese opstel van 'n goedgekeurde gebou, wat hulle in die jaar besoek het, in te handig. In die finale jaar word ateljee werk oor behuising en stedelike ontwerp uitgedeel.

Daar behoort meer kontak tussen voorgraadse onderrig van argitektuurgeskiedenis en die Universiteit se Geskiedenisdepartement te wees, maar in nagraadse navorsing vind daar gereelde interaksie plaas.

2. Universiteit van Natal, Durban – Walter Peters

Wat Natal van na sy ontstaan van ander skole onderskei het, was die feit dat die eerste twee professionele argitektoniese historici, R.B. Lewcock (RBL) en B.E. Bierman (BEB) daarheen gelok is, waardeur die klem op beide geskiedenis en teorie geplaas is. In die eerste jaar het BEB die geskiedenis van Afrika behandel en het 'n "bemarkingspraatjie" oor hoekom juis argitektuurgeskiedenis, daarby ingesluit. Inheemse hutte, Sankuns, Egiptiese, Griekse en Romeinse argitektuur is behandel en daar is met Kaaps-Hollandse argitektuur afgesluit. RBL het in die tweede semester die Moderne Beweging in kuns en argitektuur behandel. In die tweede jaar het BEB Noord-Europese en Mediterreense huistradisie, Oosterse en Japanese huise en tuine, Renaissance paleise en tuine en Engelse landskaptuine gedek, met ander woorde residensiële argitektuur gelykmatig met die tweede jaar ontwerpateeljee. In die derde jaar is stadsontwerp in die vorm van Georgiëanse ruimtes en Romaanse en Gotiese argitektuur in die eerste semester behandel en in die tweede semester is die argitektuur van Vroeg Christelik, Bisantyns, Romaans, Middeleeus en Goties behandel. In die vierde jaar is die geskiedenis van beplanning behandel. Projekte het uit gerenderde skaaltekeninge en balsahout skaalmodelle bestaan.

Sedert die opkoms van demokrasie in Suid-Afrika, het die paradigma van leer en onderrig verander. In 1990 het die Universiteit sy credo bekend gestel. *Die Universiteit van Natal strewende daarna om alle gedeeltes van sy gemeenskap te bedien deur uitnemendheid in kundigheid, onderrig, leer, navorsing en ontwikkeling.* Interdissiplinêre onderrig is bevorder en die klem het na proses, eerder as produk geskuif. Die twee doelwitte van geïntegreerde onderrig en student-gesentreerde onderrig, is gebaseer op die beginsel dat kennis en vaardighede meer effektief ontwikkel kan word, as dit verkry word deur op relevante probleme te reageer. Die kern van die geïntegreerde benadering is dat die kennis en vaardighede wat in elke ontwerpfase en studiegebied verkry is, in die konteks van ander parallelle areas van vaardigheid en kennis toegepas moet kan word. Die leerprogram is dus daarop gerig om die manier waarop 'n argitek in die praktyk op ontwerpuitdagings reageer, te reflekteer en bied aan die student gedeeltelike insig oor die ondervinding van argitekwees.

Argitektoniese historici moet 'n filosofiese ondersteuning tot die hele graad bied. Geskiedenis in die oorspronklike Grieks beteken eerstens 'navraag' en dan geskrewe vertelling. Argitektuur beteken boukuns. Die onberekenbaarheid van historiese feite is minder belangrik as die onberekenbaarheid van historiese metode en 'n argitektoniese historikus kan die vaardighede van navraag aan 'n ontwerpstudent oordra.

Die leerplan vir Argitektuurgeskiedenis by die Universiteit van Natal, Durban lyk soos volg:

- Eerste semester: 'n Inleiding tot Argitektuurgeskiedenis word behandel waar die doel, chronologie en style, terme en kritiese woordeskat en die verhouding tussen argitektuur en tegnologie in die verwante kunste gedek word. Dit word deur inheemse- en volksargitektuur gevolg.
- Tweede semester: Argitektuur van antieke Egipte, klassieke Griekeland, die Romeinse Ryk en verwante kuns en landskappe.
- Derde semester: Eksotiese nie-Westerse argitektuur, Vroeg Christelik, Romaans en Goties.
- Vierde semester: Renaissance, Barok, Nieu-Klassisime.
- Vyfde semester: Die Moderne Beweging in argitektuur, interieur, kuns en tuine.
- Sesde semester: Suid-Afrikaanse argitektuur.
- Sewende semester: Klassieke en Westerse Stadsbeplanning, wat Suid-Afrika insluit.
- Agtste semester: Onbeplande en tradisionele nedersettings.

3. Universiteit van Port Elizabeth – Eitel Max Malan

Geskiedenis en teorie speel 'n noodsaaklike rol in die argitektuurleerplan, en behoort, waar moontlik, met parallelle kursusse soos Ontwerp, Konstruksie en Rekenaarvaardigheid geïntegreer te word. Bewaringskwessies word in Geskiedenis, Ontwerp en Stadsontwerp behandel. In die eerste jaar word 'n begrip van geskiedenis en die relevansie daarvan bekendgestel en 'n oorsig van die geskiedenis van Kuns en Argitektuur word tot op hede gegee. Die geskiedenis van die huis, Suid-Afrikaanse inheemse argitektuur en koloniale volksboukuns word in die tweede semester behandel. Die Grieks-Romeinse en Christelike tradisies in Europa word in die tweede jaar ondersoek. Simboliek en betekenis in Middeleeuse kerke word verken en die kuns en argitektuur van Islam, Indië, Pre-Columbiese Amerika en die Verre Ooste word bestudeer. In die derde jaar word studente deur die oorspronge van die Moderne Beweging tot die hede geneem. Die diverse aspekte van enige eeu, soos politiek, ekonomie, geloof en tegnologie word deurgaans beklemtoon.

4. Universiteit van die Oranje-Vrystaat – Anton Roodt

Voorwerpe of geboue is gebeurtenisse wat in 'n web van onderlinge verwantskappe vasgevang is. Ons kan nie meer slegs geboue beskryf nie, maar moet hulle ook interpreteer en evalueer. Geskiedenis word dan meer as blote feite en gebeurtenisse en kan behulpsume voorstelle tot goeie ontwerp maak. Die ontwerpplan in die Departement is so opgestel dat dieselfde lektore Ontwerp, Teorie en Geskiedenis in elke jaar aanbied. Die gevolg is 'n tematiese benadering waar konsepte en idees uit die geskiedenis kursus kreatief deur die studente in die ontwerp kursus getoets word. In die eerste jaar word 'n definisie van geskiedenis gegee en hoe die mens op sy of haar omgewing in verskillende omstandighede en tye gereageer het. Vroeg Suid-Afrikaanse en kontemporêre argitektuur word ook ondersoek. In die tweede jaar word die geskiedenis tussen 1652 en 1910 chronologies aangebied. Presedente word in ontwerp bestudeer en parallelle tussen belangrike sosiale omwentelinge en ons eie situasie in Suid-Afrika word getrek. In geskiedenis word die kunste van die Renaissance tot Gotiek bestudeer asook die teorieë, versamelings, museums en rewolusionêre kuns van die negentiende en twintigste eeue. 'n Kursus oor die uitdrukkings deur kunstenaars ten opsigte van die stad word ondersoek. Derde jaar geskiedenis en teorie fokus op twintigste eeuse Suid-Afrikaanse argitektuur en sestiende argitekture, hul opleiding, invloede, teorieë en werke word bestudeer. Tesame met die Kunsdepartement word die rol van die avant-garde, feministiese kuns, kuns in die stad en 'n tema oor Bloemfontein bestudeer. In die vierde jaar word die geskiedenis van verstedeliking as 'n wêreldwye fenomeen ondersoek. Die kursus word ondersteun deur 'n soeke na 'n holistiese begrip van

algemeenhede en variasies. Bewaring word as 'n aparte kursus aangebied. Die vyfde jaar kursus is nou met die skripsieprogram verbind. Die student se kritiese oordeel word uitgeoefen. Temas soos kreatiwiteit, die gebruik van presedente en nuwe benaderings tot stadsontwerp moedig studente aan om 'n persoonlike teoretiese posisie oor argitektuur te formuleer.

5. Universiteit van die Witwatersrand – Anne Fitchett

Die leerplan lyk soos volg:

Eerste jaar:	Afrika – inheems, Islamities en koloniale Europese invloede
Tweede jaar:	Westerse argitektuur van die vroegste tye tot die einde van die Middeleeue
Derde jaar:	Westerse argitektuur van die Renaissance tot Barok, Pre-Columbiese en Asiese argitektuur
Vierde jaar:	Negentiende en twintigste eeuse argitektuur en stadsbeplanning
Sesde jaar:	Kuns in die openbare domein

'n Eksperimentele benadering word gevolg, wat studentereaksie insluit deur die formele strukturering van lektor- en kursusevaluering deur die Wits Akademiese Ontwikkelingsentrum, sowel as deur informele bespreking. Seminare word van die derde jaar gehou waartydens studente 'n ontwerpgerigte woordeskat ontwikkel. Die integrasie van visuele, geskrewe en mondelinge vaardighede is 'n belangrike aspek in die onderrig van argitektuurgeskiedenis.

6.5 GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

6.5.1 Inleiding

'n Kort oorsig van die geskiedenis van Suid-Afrika word gegee om as inleiding tot die identifisering van die verskillende paradigmas te dien. Vir 'n meer breedvoerige uitleg van die geskiedenis kan die Aanvullende Notas (Bylaag B) hierna, geraadpleeg word.

6.5.2 Voor 1652

Charles Darwin (kyk Biografiese inligting), die skrywer van *On the origin of species* het die Victoriaanse wêreld ontstig met sy stelling dat dit moontlik is dat ons vroeë voorvaders op die kontinent van Afrika gewoon het. Dit was egter eers in 1924 toe die skedel van die *Australopithecus africanus* in die Noordkaap gevind is, dat Darwin se teorie begin sin maak het. Die moderne mens, *Homo sapiens* het ongeveer 100 000 jaar gelede verskyn en was die voorvader van die San wat vir duisende jare oor 'n groot gebied van suidelike Afrika geleef het, die afstammeling van wie vandag nog in afgesonderde dele van die Kalahari woon. Hierdie Steentydperk mense was die oorspronklike inwoners van die land. Hulle het alles wat hulle nodig gehad het, uit die natuur geneem; gejaag met klein pyl-en-boë en eetbare wortels en bessies geëet, daarom noem argeoloë hulle jagter-versamelaars. Hulle het wonings in rotse gemaak en in die oopte geslaap. Soms het hulle rowwe skuilings van takke of dierevelle opgerig. Hulle het geen erdewerk geproduseer nie, maar volstruiseierdoppe gebruik om vloeistowwe te stoor en te hou. Vir tienduise jare het hul lewensstyl dieselfde gebly tot ongeveer tweeduisend jaar gelede toe 'n rewolusie onder die San gemeenskappe in die noordelike deel van huidige Botswana begin het: hulle het mak vee, skape en beeste (en bokke in die geval van die Nama) vanaf die Bantoesprekende mense, wat in hulle gebied begin inbeweeg het, verkry. Hulle het hulleself die Khoikhoi genoem, wat beteken 'man van

man' of 'regte mense'. Dieselfde Bantoesprekendes, wat deur die vroeë veeboere in noordelike Botswana teëgekom is, was ook besig om hulself te vestig binne die grense van Suid-Afrika. Daar is bewyse van hul besetting van die Noord-Transvaal so vroeg as eenduisend-vyfhonderd jaar gelede, terwyl onlangse ontdekkings toon dat hulle saam met die Khoikhoi in die Oos-Kaap tot 'n duisend jaar gelede saamgeleef het. Die teel van vee was nie hulle enigste ewolusionêre sukses nie; hulle het ook gewasse gekweek en yster bewerk – die eerste Ystertydperk-mense in suidelike Afrika. Daar was interaksie tussen die Khoikhoi en die Bantoesprekende nasies, alhoewel die jagter-versamelaars se getalle afgeneem het omdat hulle buite die landboukundige rewolusie van veeteeld en gewasaanplanting gelaat is. Die Khoikhoi het soms hulle troppe verloor en is teruggedwing na jagter-versamelry vir hul lewensonderhoud.

Die San het mettertyd na die woestynggebiede in die noordelike dele van Suid-Afrika en Namibië uitgewyk, waar hulle vandag nog 'n nomadiese bestaan voer. Die Khoikhoi is mettertyd in die sogenaamde kleurlingbevolking van die Kaap geassimileer.

Dit was die stand van sake toe 'n nuwe vlag van mense ongeveer vierhonderd jaar gelede hul verskyning in suidelike Afrika begin maak het. Hulle het nie oor die land gekom nie, maar oor die see; hulle het aanvanklik gekom en weer gegaan, later meer gereeld aangedoen en stukke yster vir beeste en skape van die Khoikhoi geruil en uiteindelik, ongeveer driehonderd jaar gelede, gekom om te bly. Hierdie nuwe aankomelinge het nuwe tegnologieë met hulle saamgebring en wat hulle besonder anders gemaak het as die San, die Khoikhoi en die Bantoesprekende nasies, was die kleur van hulle vel.

6.5.3 Die Kaap as Hollandse besitting

Die eerste blanke besetting van die Kaap het in 1652 'n aanvang geneem. Die Kaap was aanvanklik 'n besitting van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC). In 1657 het die VOC aan die vryburgers toestemming verleen om hulle as onafhanklike inwoners aan die Kaap te vestig en sodoende 'n Nederlandse stempel op die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika afgedruk. Daardie vryburgers is mettertyd as 'Afrikaners' gebrandmerk (om hulle van die Kompanjie-amptenare te onderskei). Aangesien die VOC ook omvangryke belange in Java (Indonesië) gehad het, is daar ook bande tussen die Kaap en Oos-Indië gesmeë.

In 1688 het nagenoeg honderd-en-vyftig Franse Hugenote hulle in die Kaap kom vestig. Hulle het 17% van die destydse blanke bevolking verteenwoordig en is in die Afrikanerbevolking geabsorbeer.

In 1658 het 'n gevange Portugese skip met 'n vrag slawe uit Mosambiek in Tafelbaai vasgemeer. Dit het die instelling van slawerny aan die Kaap ingelui. Tot met die afskaffing van slawerny in 1834, is slawe na die Kaap gebring vanaf hoofsaaklik Madagaskar, Mosambiek en Oos-Indië. Die Maleise gemeenskap in die Kaap stam uit daardie slawegemeenskap. Aangesien hulle feitlik uitsluitlik Moslems was, het hulle koms na Suid-Afrika 'n Islamitiese invloed in die Kaap gevestig.

In min of meer dieselfde tyd het grootskaalse migrasie van Afrikastamme suidwaarts die land binnegedring, met die Nguni stamme aan die spits en die Xhosas voor in die ry. Die eerste grootskaalse ontmoeting tussen koloniste en die Bantoesprekende bevolkingsgroepe het teen ongeveer 1770 in die omgewing van die Groot Visrivier in Oos-Kaapland plaasgevind.

6.5.4 Die Britse besetting

In 1795 het die Hollandse owerhede aan die Kaap sy besitting aan Engeland afgestaan uit vrees dat Napoleon die Kaap in besit sou neem. Engeland het die Kaap in 1803 aan Holland terugbesorg, wat in daardie tyd onder Franse bewind was en as die Bataafse Republiek bekend gestaan het. Drie jaar later, in 1806, het Engeland - hierdie keer ongevraagd - van die Kaap besit geneem. Daarmee het die Kaapkolonie tot stand gekom.

Met die Britse besetting het Engelse hulle in die oostelike gebied van die Kaapkolonie kom vestig. Die vestiging van 'n Engelssprekende bevolkingsdeel in Suid-Afrika het veral met die koms van die 1820 setlaars 'n hupstoot gekry.

Teen daardie tyd was daar ook reeds grootskaalse sendingaktiwiteite aan die Kaap in swang. Sendingwerk in suidelike Afrika is in die agtiende eeu deur die Monrowiese Genootskap geïnisieer, gevolg deur sendelinge vanuit veral lande soos Holland, Denemarke, Frankryk, Duitsland en Engeland.

Weens onenigheid tussen die boere aan die Oosgrens van die Kaapkolonie en die Britse owerheid, het die Groot Trek rondom 1836 plaasgevind. Dit het gelei tot die vestiging van die blanke nedersettings in die Vrystaat, Natal en Transvaal, georganiseer in 'n verskeidenheid republieke.

Die Engelse ekspansiesug van die negentiende eeu word gekenmerk deur die Britse besitname van Natal (in 1843) en van die swart gebiede aan die Ooskus (Transkei en Zoeloeland) in die jare 1879 tot 1894. Die Vrystaat en Transvaal het na die Tweede Vryheidsoorlog van 1899 tot 1902 Britse kolonies geword.

In die tweede helfte van die negentiende eeu, in die tydperk 1860 – 1864, is groot getalle Indiërs (nagenoeg 6 500) na Natal ingevoer om in die suikerplantasies te werk. Hoewel die nuwe aankomelinge nie lank op die suikerplantasies gebly het nie, het hulle in Suid-Afrika aangebly. Die Indiërgemeenskap van Suid-Afrika is daarmee gevestig. Oosterse gelowe, naamlik die Hindoe geloof, Islam en Boedisme, is daarmee in Suid-Afrika uitgebrei.

6.5.5 Die Unie van Suid-Afrika

In 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom deur die samevoeging in een staat van die Britse kolonies in suidelike Afrika, met die uitsluiting van Suid-Rhodesië (Zimbabwe), Betshoanaland (Botswana), Swaziland en Basoetoeland (Lesotho). Hoewel dit die bedoeling was om hierdie gebiede by die Unie in te lyf, het dit nooit plaasgevind nie. Na die Vredesverdrag van Versailles (1919), is Suidwes-Afrika (Namibië), 'n voormalige Duitse kolonie, as 'n mandaatgebied onder die Unie se bewind geplaas. Na die Tweede Wêreldoorlog (1939 – 1945) is pogings aangewend om die gebied by Suid-Afrika in te lyf, maar weens sterk internasionale teenkanting, het dit ook nooit gebeur nie. Suidwes-Afrika het in 1990 die onafhanklike staat Namibië geword.

Die tydperk 1910 – 1994 is veral gekenmerk deur sterk politieke botsings tussen Afrikaans- en Engelssprekende (blanke) Suid-Afrikanners, rassekonflik tussen blanke en nie-blanke bevolkingsgroepe en na die Tweede Wêreldoorlog, toenemende internasionale vyandigheid teenoor die Suid-Afrikaanse regering, as gevolg van die apartheidsbeleid, wat sedert 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom het, die ampelike regeringsbeleid van die blanke bewind aan Suid-Afrika was.

Die opkoms van swart Nasionalisme, wat veral in die jare vyftig opmerklik geword het, asook interne teenkating teen die regering se apartheidsbeleid, het tot rassiespanning aanleiding gegee. Na die menseslagting by Sharpeville en Langa in 1960, is die vernaamste politieke partye in die swart gemeenskap verbied en gevolglik het daardie groepe 'n wapenstryd teen die blanke bewind begin. Dit het op sy beurt tot 'n geleidelike uittoeg uit die land van veral groot getalle blanke burgers aanleiding gegee.

Internasionale teenkating teen die land se rassebeleid, wat met verloop van tyd toegeneem het, het ook die uittoeg van blankes uit die land gestimuleer. Suid-Afrika is toenemend geïsoleer en op allerlei terreine, insluitende op sportgebied, geboikot. In 1977 het die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies verpligte sanksies teen Suid-Afrika ingestel.

Suid-Afrika het die stroom van internasionale isolasie probeer stuit met allerlei oppervlakkige "hervormings", byvoorbeeld deur in 1983 stemreg (op 'n apartheidsgrondslag) na die Kleurlinge en Indiërs uit te brei. Uiteindelik was die regering verplig om van apartheid af te sien en 'n demokratiese regeringvorm vir die land in te stel. Dit is met 'n aankondiging van Staatspresident F.W. de Klerk in 1990 ingelui.

6.5.6 Die 'nuwe' Suid-Afrika

Na lang en spanningsvolle onderhandelings is daar uiteindelik op die grondslae van 'n nuwe demokratiese bestel vir Suid-Afrika besluit. Op 27 April 1994 het die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind en is daar vir die eerste keer in die land se geskiedenis 'n ooheersende swart regering in die land ingestel. Dit het plaasgevind ooreenkomstig die interim grondwet van 1993, wat in 1996 met die finale Grondwet (Wet 108 van 1996) vervang is. Sanksies teen Suid-Afrika is opgehef en die land het weer 'n lid van die Britse Statebond geword.

In hierdie nuwe tydperk is veral drie verwante negatiewe kragte ontketen: die onbeheerbare instroming van onwettige immigrante uit ander Afrika lande, toenemende werkloosheid en arbeidsonrus, en 'n ongekeerde toename in onbeheerbare misdaad. Die sosio-ekonomiese probleme wat hieruit voortspruit het die uittoeg van breinkrag uit die land radikaal laat toeneem (Van der Vyver, 1997).

6.6 VERTEENWOORDIGENDE PARADIGMAS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS: PRETORIA – HISTORIESE KONTEKS VAN PLEK

6.6.1 Inleiding

Alhoewel dit moontlik is om die verskillende tydperke, asook bevolkingsgroepe wat daarin verteenwoordig word, in die geskiedenis van Suid-Afrika in verskillende paradigmas te verdeel, is daar 'n oorvleueling van die een paradigma na die ander. Daar is ooreenkomste tussen die San- en Bantoesprekende bevolkingsgroepe, tussen die Bantoesprekende groepe en die Afrikaners sowel as tussen die Afrikaners en die Engelse. Dit is ook tipies van die oorgang van een paradigma na 'n ander soos deur Kuhn (1970) verduidelik. Die paradigmas wat in die verloop van Suid-Afrikaanse geskiedenis geïdentifiseer word, word met spesifieke verwysing na Pretoria genoem.

Westerse kulturele geskiedenis kan voorgestel word as 'n reeks paradigmadiese episodes. Fisher (1992) het twee paradigmas (die eerste en die laaste) by dié wat deur Rapoport (1969) geïdentifiseer is, gelas.

6.6.2 Argeologie van plek

In die konstruksie van geboue, verklap die mens iets van sy inherente biologiese natuur en met verloop van tyd, sy kulturele ewolusie. Generators van vorm of 'styl' is tradisioneel klimaat, materiaal, terrein, verdediging (sekuriteit), ekonomie en geloof. Elke aspek speel 'n rol in die paradigma wat in 'n betrokke tydperk heers. Sulke veranderende paradigmas kan ook met betrekking tot Pretoria geïdentifiseer word.

Elke fase van plekmaking in die historiese ontwikkeling van Pretoria het sy eie identiteit en tydsgees gehad en het 'n besondere invloed op die struktering van Pretoria in die algemeen uitgeoefen.


Die argeologiese erfenis van die gebied is aanvanklik in die jare 1930 deur Broom ontbloot toe hy fossiele van rotte, molle, sabeland-tiere en reuse bobbejane in dolomietgrotte wes van Pretoria gevind het (Walton, 1956, p.25).

6.6.3 Simpatieke paradigma

Die eerste paradigma word die simpatieke paradigma genoem en is analoog tot die harmonieuse resonansie van vibrasies in naaste liggame van simpatiese frekwensie. Dit is die animistiese wêreld waar bemiddeling deur shamaans plaasvind, wat met die geeste kommunikeer, wat die goeie kalmeer en die slegte afweer. Die metafore is van bome en woude en die mites is van Eden. In die kulturele ewolusie is dit die paradigma van beide prehistoriese en primitiewe mens (Fisher, 1992).

Die geskiedenis van Suid-Afrika voor 1652, toe die San en die Khoikhoi die enigste inwoners van die land was, kan beskou word as die simpatieke paradigma. In die simpatieke paradigma is die reaksie in 'n liggaam (die woning) die gevolg van 'n reaksie in 'n naburige liggaam (die omgewing). Die vorm van 'n woning word deur klimaat, materiaal, terrein, verdediging, ekonomie en geloof gegenerer (p.86). Die ronde woning is die natuurlike biologiese reaksie van die mens op sy omgewing (p.89). Die vorm word gewoonlik met die jagter-versamelaar se lewensstyl geassosieer en is altyd verwant aan terrein en gemeenskap.

Argeologiese artefakte wat in die omgewing van Pretoria gevind is, dui op die teenwoordigheid van Steentydperkgemeenskappe.




Figuur 5: Argeologiese artefakte in die omgewing van Pretoria gevind (Walton, 1956)

6.6.4 Kosmiese paradigma

Die tweede paradigma word die kosmiese paradigma genoem, na Rapoport (1969) se "geloofs en kosmologiese" houding. Die hemele word hier gesien as wêreld vanmekaar verwyderd en die hemelliggame as gode. Dit is die paradigma van antieke beskawings, vroeë Egipte en die Vruggbare Halfmaan. 'n Tipiese struktuur van hierdie paradigma is die ronde woning, wat die grafombe van die siel word en die mens se posisie in die kosmos beklemtoon (Fisher, 1992, p.90).

In Suid-Afrika word die kosmiese paradigma deur die Ystertydperk en Bantoesprekende bevolkingsgroepe verteenwoordig. Die eerste mense wat in Pretoria gevestig het, was waarskynlik 'n Ndebele stam onder hoofman Umzi ongeveer driehonderd tot vierhonderd jaar gelede. Die kraal van die Ndebele onder Mzilikazi was vir 'n kort tydperk van 1824 in die omgewing gevestig, terwyl hulle onderweg was na wat vandag Zimbabwe is. Die stam was aanvanklik driehonderd man sterk en het van rowery van oorlewende gemeenskappe geleef (Walton, 1956). Voorvaderaanbidding geskied vanuit die sentrum van die huis, wat as kosmiese sentrum beskou kan word.




Figuur 6: Ndebele-woning as kosmiese ronde artefak

6.6.5 Simbiotiese paradigma

Die derde paradigma word die simbiotiese paradigma genoem (Rapoort, 1969). Hier is die mens en die natuur in 'n toestand van ewewig en die mens sien homself as verantwoordelik tot God vir die natuur en die aarde en as rentmeester en bewaarder van die natuur. Dit is die paradigma van enige monotheïstiese teokrasie, spesifiek dié van Europa in die Middeleeue.

Die Voortrekkers is in Suid-Afrika verteenwoordigend van die simbiotiese paradigma. Die koms van kolonialiste is veral deur hulle gesien as die vervulling van 'n gelofte, 'n manier om God in Afrika sigbaar te maak.

Aan die einde van die Groot Trek, tussen 1855 en 1885, het plekmaking in die omgewing van Pretoria plaasgevind. Die eerste Voortrekker om in die gebied te vestig, was Lukas Bronkhorst, wat sy plaas naby die fontein van die Apiesrivier aangelê het.




Figuur 7: Plasing van die eerste Boerewonings (Skaal 1:40 000)

Kosmiese aspekte in die paradigma van die Voortrekkers


Daar is ook tekens van die kosmiese paradigma. Die vierkantige vloerplan beeld die aarde met sy kardinale punte uit. Die koepel beeld die kosmiese ruimte van die hemel uit, waar die son, maan, planete en sterre in ewigheid wentel (Fisher, 1992, p.92). Die herinterpretasie van hierdie beginsel in die Christelike kerk het gelei tot die skikking van die sentrale ruimte vir die pad van verlossing. Nedersettings is met die kerk as kosmiese sentrum uitgelê. Die kerk is die geloofsentrum wat as organiserende beginsel met die landskap en die vier windrigtings skakel. Met die ontwerp van die Voortrekkermonument het Gerard Moerdyk van kosmiese beginsels gebruik gemaak om die Groot Trek te herdenk.

Die Zuid-Afrikaanse Republiek is in 1852 gestig en Pretoria is as *Zittingsplaats des Volksraads...in het midden des lands* verklaar. Selfs voordat Pretoria in 1860 as hoofstad gevestig is, het Landdrost A.F. du Toit 'n roosterstelsel uitgelê met Kerkplein as sentrum om die bestaande kerk. Kerkstraat en Markstraat (nou Paul Krugerstraat) het die twee hoofasse geword. Die roosterpatroon van Graaff-Reinet het as model vir dié van Pretoria gedien. Die ligging van die kerk en die rivier stem ook ooreen by die twee plekke.



Figuur 8: Uitleg van Graaff-Reinet (1832)

Die kosmiese eienskappe van die uitleg van Pretoria is konstantes in die veranderende stad. Die stad is uitgelê volgens die universele model van mandala as die primêre organiserende beginsel met Kerkplein as geloofsentrum, wat skakel met die landskap deur middel van rivierkruisings en poorte as hekke. Die vier windrigtings word met die hart van die stad verbind.



Figuur 9: Mandala

6.6.6 Meganistiese paradigma

Die vierde paradigma is die meganistiese paradigma en word deur Rapoport (1969) uitbuitend genoem. Die mens voltooi en verander die natuur, dan skep hy dit en uiteindelik vernietig hy die omgewing. Dit is die paradigma van die moderne mens en sy metafore word afgelei van die werking en funksie van masjiene. Die werking van die natuur kan rasideel deur rede verstaan en verander word.

In Suid-Afrika word die meganistiese paradigma deur Imperialisme, Industrialisasie en die Moderne Beweging verteenwoordig. Die mens neem die skeppende vermoë van God in sy eie hande en gee simboliese uitdrukking aan sy eie teenwoordigheid op aarde. Dit gee uitdrukking aan sy eie goddelikheid en verken die duisternis van sy psige (Fisher, 1992, p.94).

Die eerste lokasie in Pretoria, genaamd Skoolplaatz, is in 1875 in die noordwestelike hoek van die dorp gevestig met die doel om swart arbeiders te huisves.




Figuur 10: Pretoria 1889 (Skaal 1:40 000) met Skoolplaatz noordwes van die dorp.

1. Die ZAR: 1885-1905

Die Nederlandse argitektoniese uitdrukking is versterk nadat Paul Kruger vir Zytse Wierda as hoofargitek aangestel. Die eerste Jakaranda bome is tussen 1888 en 1907 op 'n groot skaal aangeplant. Die Skoolplaatzgebied het munisipale grond geword nadat Marabastad ten weste van Steenhovenspruit gevestig is.

2. Imperialisme: 1905 - 1930

Na die ondertekening van die Vrede van Vereeniging het die Britse owerhede hul indruk op Pretoria begin maak. Die kerk op Kerkplein is in 1904 vernietig en vervang deur die Sammy Marksfontein, wat in 1910 na die Dieretuin geskuif is. Die Apiesrivier is gekanaliseer na die vloed van 1908, waarna die rivier sy natuurlike karakter verloor en slegs 'n stormwaterkanaal geword het.



Figuur 11: Sammy Marksfontein


3. Meganistiese paradigma: 1930-1970

a. 1930-1954: Moderne beweging

Die Moderne beweging het sy merk gemaak na die jare 1929. Marabastad is 1940 as agterbuurt verklaar en die bevolking daarvan is na Atteridgeville verplaas. In 1944 is die soneringsbeleid bekendgestel.

b. 1954-1970: Modernisme

Ekonomiese ontwikkeling het vinnige verandering van soliede vierverdieping geboue na toringblokke in die stadslandskap tot gevolg gehad. Internasionale voorbeelde was die basis van ontwerp. Die hoofweg voorstel van 1967, stedelike vernuwingsbeleide en agterbuurtopruiing was aanvaarde beleid, waar plek-karakteristieke nie net geïgnoreer is nie, maar soms ook vernietig is.



Figuur 11: Hoofwegvoorstel van 1967 (Skaal 1:40 000)

4. Greinverandering:1970-1990

Banke ding mee om die hoogste gebou op te rig en die bewaringspotensiaal van geboue word belangrik. Hipermarkte en inkopesentra aan die omtrek van die stad word kenmerkend.

6.6.7 Die ekosistemiese paradigma

Die vyfde paradigma is die opkomende een en word beskryf as die ekosistemiese paradigma. Die konsep van stelsels is sentraal tot hierdie paradigma.

In die ekosistemiese paradigma is die hede 'n palimpsest van al die verlede en erfgenaam van alle moontlike kennis. Die argeologie van 'n terrein en sy omgewing verskaf waardevolle inligting oor sy historiese konteks. 'n Ontwerp wat in die ekosistemiese paradigma ontwikkel word, moet hierdie konteks in ag neem. Die verskillende paradigmas wat hierdie een voorafgaan verskaf waardevolle inligting oor die historiese konteks van die land. Die invloede wat oor tyd op die terrein ingewerk het, word geïnterpreteer en anachronisties heringevoer om 'n bewustheid van die geskiedenis te genereer. In die 'nuwe Suid-Afrika' is die ekosistemiese benadering die een wat nagestreef word.



Figuur 12: Palmses van historiese kontks van plek, Pretoria.

6.7 PRETORIA - FISIESE KONTEKS VAN PLEK

6.7.1 Inleiding

Wanneer 'n ontwerp ontwikkel word, is die konteksondersoek van die terrein in terme van tyd en plek belangrik. Die doel is om konteksverwante besluite te neem, wat neerslag in die ontwerp vind. Fisiese en historiese inligting word versamel en faktore wat met die verloop van tyd tot op hede op die terrein ingewerk het, word ontleed. Die invloed wat al die faktore saam op die ontwerp het, word dan aangedui.

Jordaan (1987) identifiseer drie vlakke waardeur 'n stad beskryf kan word, naamlik Stadsvlak ('City Level'), Snitvlak ('Section Level') en Sektorvlak ('Sector Level'). Daar kan telkens verwys word na hierdie vlakke in die beskrywing van die stads-, omgewings-, en terreinkontekste. Die doel is om op die terrein te fokus deur van groot- na kleinskaal oor te gaan. Die wyer konteks, wat op sy beurt die nabye konteks beïnvloed, word in ag geneem.

6.7.2 Geografie

Pretoria is in die Hoëveld van Gauteng geleë en het goed geartikuleerde riuwe en savannah graslande. Geografies word Pretoria gekenmerk deur die heuwels waartussen die stad ontstaan en uitgebrei het. Hierdie heuwels is deel van die Daspoort- en Timeballheuvel bergreeks wat die natuurlike noordelike en suidelike grense vorm. Die natuurlike oostelike en westelike grense van die middestad word deur die Steenhovenspruit en Apiesrivier onderskeidelik gevorm.

6.7.3 Oriëntasie

Pretoria is oorspronklik vanaf Kerkplein as kosmiese sentrum uitgelê en vandaar langs die twee asse (Kerk- en Paul Krugerstraat), wat die hoof kontekstuele skakels van daardie tyd gevolg het. Die oos-wes as van Kerkstraat volg die vallei, terwyl die noord-suid as van Paul Krugerstraat betrekking het op die poorte wat die natuurlike hekke van die stad vorm. Vanaf hierdie twee hoofasse is 'n roosterpatroon tot by die twee riviere uitgelê. Verdere ontwikkeling het plaasgevind deur middel van roosteruitlegte met verbindings langs die oorspronklike plaasgrense. Die grootte van die roosters het fyn grein aanpassings tot gevolg gehad.

6.7.4 Roetes en paaie

In die fyn grein was daar deurlope wat later winkelarkades geword het. Daar is 'n wisselwerking tussen die sekondêre stelsel van voetgangerroetes en die motorverwante strate.

Op die Snitvlak van Pretoria is daar verskeie aankomsplekke met betrekking tot openbare en private vervoer, nodisse soos stasies, bushaltes en taxi-haltes. Sekere verwante aktiwiteite soos informele markte en bazaars word hierdeur gegenereer. As gevolg hiervan behoort die straat vir die besoeker maklik toeganklik te wees.

6.7.5 Die bou-omgewing

Die invloed van die direkte omgewing op 'n terrein, met betrekking tot grondgebruik, skaal en die gevoel van die area, is 'n belangrike ontwerpgeenereerder. 'n Gebou wat die konteks in ag neem, word versoen met geboue in die omliggende omgewing wat die gees van die materiaal, asook oprigtingsmetodes aanbetref.

6.7.6 Plek- en aktiwiteitstruktuur

Hierdie struktuur is eie aan elke gebied en sal anders wees vir elke terrein. Die karakter van 'n gebied verskaf waardevolle inligting ten opsigte van die ontwerpkonteks.

6.7.7 Terreinplasing

'n Duidelike motivering van terreinkeuse is belangrik by elke ontwerp. Die geboufunksie ten opsigte van ander funksies in die omgewing behoort verenigbaar te wees.

6.7.8 Ontwerpaanbevelings

Jordaan (1987) beveel aan dat Kerkstraat en Paul Krugerstraat as hoofskakels tot die landskap en die hoofstadsinstansies gevestig moet word. Hierdie instansies en aktiwiteite moet verband hou met die hoof stedelike ruimtes.

Hoogtebeperkings word aanbeveel langs die rivierbanke. Jordaan stel as stedelike ontwerpbeheer voor dat die bouproses verbied moet word bo 'n sekere kontoerlyn en dat vistas met behulp van hierdie beperking na die rivier geskep moet word.

6.8 DIE MEMETIESE BENADERING

6.8.1 Inleiding

'n Gebou het 'n geheue en kan vergelyk word met 'n lewende wese. Sy voorkoms word bepaal deur sy 'genes' of sy 'biologiese boustene'. Die memetiese benadering word gevolg. Dit beteken dat dit boodskapdraend is met betrekking tot die geheue. Verder gee assosiasies na aanleiding van vorige ervarings betekenis aan argitektuur.

'n Studie van die konteks sal die memetiese inhoud van 'n gebou bepaal, met ander woorde watter fisiese en simboliese faktore geërf word van die Suid-Afrikaanse konteks. Internasionale presedente word tesame met 'n konteksondersoek gedoen en vorm die 'gene', wat die ewolusie van 'n gebou beïnvloed. Ons kan verskeie tipes kontekste identifiseer, soos konteks van tyd en plek, asook die historiese-, ekonomiese-, tegnologiese-, politiese- en sosiale konteks. Die verskillende tipes kontekste kan meestal nie geskei word nie. Elkeen het 'n invloed op die ander en moet in hul interafhanklike verband beskou word soos wat dit die ekologiese paradigma betaam. Die materiaal konteks sal byvoorbeeld die finansiële en tegniese kontekste beïnvloed. Die tydskonteks verskil ook van plek tot plek; dit sal dus anders wees om nou in Suid-Afrika te werk, as om nou in byvoorbeeld Japan te werk.

Waardes en betekenis van die verlede kan voortdurend in die hede oorgedra word (Fisher, 1992, p.17). Die memetiese inhoud word gedekodeer en anachronistiese idees en betekenis (wat nie in die tidsverband pas nie) word op 'n nuwe manier heringevoer. In die ekosistemiese paradigma word die hede gesien as palimpses van al die verledes en is erfgenaam van alle moontlike kennis (p.24).

6.8.2 Erfgenaam: Suid-Afrikaanse voorbeelde

Suid-Afrikaanse voorbeelde het 'n ryk verskeidenheid van 'gene' wat geërf kan word. Die volgende voorbeelde bevat fisiese en simboliese faktore uit die Suid-Afrikaanse konteks wat op 'n nuwe manier in die ekosistemiese paradigma heringevoer kan word om bestaande probleme op te los en om 'n ryker ontwerp te genereer.

Jung het beweer dat die primitiewe hut die begrip van 'heelheid' uitstraal en dat die mens se psigologiese en sy spirituele gesondheid gevoed moet word en nie net in sy fisiese behoeftes voorsien moet word nie (Fisher, 1992, p.98).

Argetipiese elemente wat die psige bevredig is die hert in die middel, die koepel van die hemele, die pilare van die aarde, die okulus en die 'windoog', wat alles dinge is waarop mense intuïtief reageer en wat hulle tydens hul aardse bestaan troos (p.99).

Die San:

Die uitleg word deur die windrigting bepaal. Familiegroepes bou hutte naby mekaar en verlaat dit as hulle verder trek. Huise is naby mekaar en 'n lae profiel beskerm hulle in slegte weer.

Die stamme van Afrika:

Boumateriaal word op die terrein gevind en gebou deur die mense self. Lae mure omsluit nou loopgange. Daar is 'n menslike skaal in die enormiteit van die landskap.

Die vissers van die weskus:

Bote is hul lewensgereedskap, die see hul aktiwiteitsveld. Huise is na aan mekaar om families te beskerm. Lae profiele beskerm teen die weer. Deure en vensters is klein, maar laat kommunikasie met die bure toe.

Die Kaapse setlaars:

Skerms gee buigbaarheid in vergroting en verkleining van ruimtes. Die gewel gee identiteit. Buitegeboue.

Die Maleiers:

Huise verskil in uitleg. Stoepe identifiseer die oorgang van huis na straat. Daar is privaatheid, maar 'n ryk gemeenskapslewe word gevoer.

Die lewe word soms beter gedien deur nie te bou nie

6.9 GEVOLGTREKKING

'n Gepaste tegniek om die kulturele rykdom beskikbaar te maak, is deur die paradigmitiese begrip van geskiedenis. As geskiedenis 'n reeks van paradigmitiese episodes is, kan dit wat eens vanselfsprekende voorskrifte van die heersende paradigmas van die verskeie geskiedkundige episodes was, geartikuleer en versprei word.

Deur hierdie paradigmitiese metodologie word die volwassewordende individu nie net gehelp om toegang te kry tot die kultuur waarvan hy die erfgenaam is nie, maar word hy ook bewus gemaak van kulture wat nooit sy persoonlike eie was nie (Fisher, 1992, p.121).

Die artikulasie van paradigmas deur die studie van artefakte van vreemde kulture kan probeer word, gebaseer op die artikulasie van paradigmas van die mens se eie kultuur,

wat op sy beurt weer kan lei tot 'n vergelykende studie van paradigmas. Dit kan weer tot die formulering van 'n ekologie van idees lei (Fisher, 1989, p.68).

'n Paradigmatiese benadering tot argitektuurgeskiedenis mik daarna om idees te herwin. Deur die teëkoming of ontmoeting en eksaminering van beide die gelyktydige artefaktuele en geskrewe materiaal, behoort alledaagse idees onderskei te kan word. Die benadering word binne die fenomenologiese gedagteskool geplaas, waar daar gepostuleer word dat die waarheid ontbloot kan word deur direkte ontmoeting van die waarneembare omgewing. Die tegnieke van so 'n leerwyse is dus heuristies, waarby verstaan word leer deur ondersoek en ontdekking. Dit impliseer dat materiaal vir ondersoek geredelik beskikbaar moet wees. Hierdie benadering vloei voort uit die werk van argeoloë, antropoloë en historiograwe. Moderne kommunikasietegnologieë kan hul ontdekkings direk toeganklik maak (p.19).

Die paradigmatiese benadering aanvaar 'n tradisie van feitelike (en artefaktuele) versameling. Die benadering aanvaar 'n grondvesting op die laer kognitiewe vlakke, dit is 'n goeie begrip van die feite, datums, chronologie en woordeskat. Dit is daarom 'n onderneming vir die goed ingeligte en volwasse student (p.65).

Dit word aanbeveel dat 'n studie gemaak word van die plek wat die paradigmatiese benadering in die leerplan van argitektuur onderrig het. Die paradigma as 'n intellektuele model in die kognitiewe hiërargie kan in verband gebring word met die hiërargie van kognitiewe ontwikkeling en hierdie begrip kan verken word vir die onderrig van paradigmatiese denke (p.66).

6.10 OPSOMMING

Nadat daar aangevoer is dat 'n begrip van Geskiedenis as wetenskap en as geesteswetenskap, nodig is vir die mens indien hy sin aan sy eie lewe wil gee in sy temporaliteitsbestaan, is die proses van bekendmaking van die vak aan die student van naderby beskou. Hierdie proses word deur opvoeding bewerkstellig.

Die onderrig van Geskiedenis oor die algemeen en van Argitektuurgeskiedenis spesifiek, is kortliks beskou. Paradigmatiese episodes word aanbeveel om kulturele rykdomme vir die student beskikbaar te maak. Sekere paradigmatiese episodes in die geskiedenis van Suid-Afrika is geïdentifiseer. Argitektoniese geskiedskrywing, die vooruitsigte vir argitektuurgeskiedenis en die geskiedenis van die omgewing is kortliks bespreek.

Die subprobleme en subhipoteses is tot nou ondersoek en voldoende inligting is ingesamel om oor te gaan na die Aanvullende Notas, wat tussen 2000 – 2001 vir die vak Omgewingsgeskiedenis voorberei is. Hierdie notas is in oorleg met Fisher ontwikkel, wat die bibliografie en basis daarvan verskaf het. Dit kan nog nie as 'n volledig gestruktureerde leerplan beskou word nie, omdat die ontwikkeling van laasgenoemde oor 'n langer tydperk moet geskied en as't ware 'n oneindige proses is. Die notas kan akademies tot 'n teksboek uitgebrei word. Dit is dus 'n werksdokument in wording. Die gedagte is dat inligting elke jaar, na die aanbieding van die vak, bygevoeg word en dat verdere studie in hierdie verband aangemoedig word. Moontlike materiaal vir verdere studie word in Hoofstuk 7 voorgelê. Die notas is nie finaal gestruktureer nie, maar het aan studente voldoende struktuur gebied, om volwasse selfstudie en gevolgtrekkings te maak, asook om dit toe te pas op die bestudering van die Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie notas word as Bylaag B hieronder bygelas.

Daarna word die eksamenvrae, soos opgestel uit hierdie notas, asook uit die liggaam van die teks van hierdie dokument, bygelas. Hierdie vrae is aan studente gegee om uit te

werk en groepswerk en gesprek is aangemoedig. Die resultate was bevredigend, alhoewel kritiek van die studente tydens gesprek verken is. Hierdie kritiek en verdere aanbevelings word hierna in die gevolgtrekking (Hoofstuk 7) bespreek.

Hierdie bylae is eers ontwikkel, voordat daar tot 'n gevolgtrekking gekom kon word. Dit is nodig om eers die inhoud van die betrokke bylae te bestudeer, voordat die laaste hoofstuk (7) gelees word. Die leser word dus op hierdie stadium verwys na die bylae. Hoofstuk 7, wat gevolgtrekkings en aanbevelings vir verder studie, sowel as die bydraes wat deur hierdie studie gemaak is, verduidelik, volg direk hierna. Die Bibliografie en opsommings in Afrikaans en Engels dien as afsluiting van hierdie gedeelte.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING, BYDRAES EN AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE

7.1 SAMEVATTING

Die hoofprobleem was om 'n konteks vir 'n kursusinhoud binne 'n paradigmatiese struktuur vir 'n kursus in die Suid-Afrikaanse omgewingsgeskiedenis te ontwikkel, waar die teorie en metodiek van Geskiedenis die aard van die kursusinhoud bepaal en ekosistemiese interdisiplinêre studie sy toepassing vind.

In Hoofstuk 2 is die credo van die Skool van Argitektuur by die Universiteit van Pretoria ondersoek en daar is gevind dat ekosistemiese denke 'n strewe van die Skool is. Die studie van Fisher is gestel as basis vir 'n paradigmatiese ondersoek. Die beginsel van paradigmas is verduidelik en die ekosistemiese paradigma, is verduidelik. Daar is gevind dat daar 'n verband bestaan tussen hierdie paradigma en stelsels en die basiese beginsels van stelsels is verduidelik, wat gelei het tot die nuwe paradigma of 'n nuwe filosofie van die natuur. Die nege natuurstelsels is genoem en die verband tussen die omgewing en die aktiwiteit van kontemplasie is verduidelik. Die belang van 'n interdisiplinêre studie is ondersoek en die toepassing daarvan op die gebied van argitektuur is aangevoer.

Omgewingsopvoeding is ondersoek deur na die oorsprong daarvan te kyk. Die omgewing as natuur- en geesteswetenskap is beskryf en die belang van ekologie in omgewingsopvoeding is ondersoek. Die belang van omgewingsopvoeding is aangevoer en daarna is daar oorgegaan na 'n kort beskrywing van hoe 'n leerplan ten opsigte van omgewingsopvoeding daaruit behoort te sien. Omgewingsopvoeding in Afrika is kortliks verduidelik en die behoefte aan 'n stedelike ekologie is geïdentifiseer.

In Hoofstuk 3 is kritiek op die Suid-Afrikaanse opvoedingstelsel in skole en op universiteite uitgelig. As reaksie daarteen is die neiging na meer tegnologiese dissiplines, wat beloop om ekonomiese herstel in die land te bewerkstellig, genoem. Die omstandighede is vergelyk met reaksies in Europa vroeër in die twintigste eeu, toe geesteswetenskappe 'bruikbaar' gemaak is. Dit is gevind dat 'n skuif na tegnologie nie gesien moet word as 'n skuif weg van die geesteswetenskappe nie.

Die begrippe 'geestes' en 'wetenskap' is ondersoek en die oorsprong en betekenis van elke begrip is bespreek. Daar is gevind dat daar na Descartes 'n definitiewe rif ontstaan het tussen die twee begrippe, as gevolg van sy verdeling van die werklikheid in die twee komponente van stof en gees. Feite, wat verteenwoordigend is van die natuurwetenskappe, en waarde, wat verteenwoordigend is van die geesteswetenskappe is hierdeur geskei. Dit is aangevoer dat so 'n statiese verdeling foutief is, omdat gedurige interaksie tussen die twee gebiede bestaan. 'n Wêreld sonder waardes is beskryf as een wat in 'n eksistensiële wanhoop verkeer.

Daar is dus gepropageer dat geesteswetenskappe wel bestaansreg het in 'n tyd en plek waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig en dat dit selfs noodsaaklik is indien 'n begrip van waarde in ons huidige situasie deur opvoeding bewerkstellig wil word.

In Hoofstuk 4 is die proses van *begryp* ondersoek. Belangrike terminologie is vir die doel van die studie verduidelik. Die oorspronklike opvatting van die woord *teorie* is ondersoek en die klemverskuiwing wat oor die eeue heen plaasgevind het, is bespreek. 'n Herlewing van hierdie oorspronklike teorie is aangemoedig. Die aksie van *kontemplasie* is verduidelik, omdat die mens 'n kontemplerende wese is. Hieruit behoort so na as moontlik gekom te kan word aan die *absolute waarheid*, wat deur die wetenskaplike metode as uiteindelijke doel van navorsing beskou word en dan ook in die skryf van 'n tesis die doelwit is.

Die terme *begrip*, *teorie*, *kontemplasie* en *absolute waarheid*, is dus ondersoek en verduidelik en is integrale dele van menswees, van geesteswetenskap en van natuurwetenskap. Hierdie terme dien ook as uiteindelijke strewe van verkrygte kennis en meer spesifiek vir die doel van hierdie studie, van Omgewingsgeskiedenis. Nadat daar aangevoer is dat die mens 'n kontemplerende wese is, is daar geargumenteer dat die mens 'n wese met historisiteit is.

Die aard en definisies wat op Geskiedenis betrekking het, is ondersoek. Geskiedenis as die beoefening van wetenskap, sowel as geesteswetenskap, is bespreek. Die rol van teorie in Geskiedenis is ondersoek, om aan te sluit by die beskrywing van die term 'teorie' in Hoofstuk 4.

Die beoefening van geskiedskrywing deur die eeue is beskryf. Daar is aangevoer dat die mens 'n wese met historisiteit is en dat hy 'n temporaliteitsbesef het, wat 'n bewustheid vir Geskiedenis noodsaaklik maak. Die dialektiese verhouding tussen die verlede, toekoms en hede is verduidelik. Die belang van Geskiedenis is ondersoek. Die teorie en metodologie van Geskiedenis is onder die Departement Geskiedenis, Universiteit van Pretoria, bestudeer. Die paradigmas in Geskiedenis, die nut van Geskiedenis, redes vir die bestudering van Geskiedenis, historiese bewustheid en beperkinge van historiese kennis is ondersoek deur middel van die werke van Tosh (2000), Marwick (1993), Hamerow (1981) en Nipperdey (1977).

Sekere beginsels is ondersoek wat as hulpmiddels vir die historikus dien, wanneer hy/sy sy/haar interpretasie van die verlede dokumenteer. Interne en eksterne kritiek, asook mondelinge bewysmateriaal is in hierdie verband ondersoek. Daar is aangevoer dat hierdie hulpmiddels, indien beskikbaar, mekaar aanvul as bronne vir die interpretasie van die verlede.

Kulturele osmose is ondersoek, wat die oorfloei van een paradigma na 'n volgende een verduidelik. Die belang van analise en sintese in die voorbereiding van 'n dokument is beklemtoon.

In Hoofstuk 5 is die onderrig van geskiedenis en meer spesifiek van argitektuurgeskiedenis ondersoek. Die proses van bekendmaking van die vak aan die student is van naderby beskou. Paradigmatiese episodes is aanbeveel om kulturele rykdomme vir die student beskikbaar te maak. Argitektoniese geskiedskrywing, die vooruitsigte vir argitektuurgeskiedenis en die geskiedenis van die omgewing is kortliks bespreek en 'n voorbeeld van 'n konteksondersoek met betrekking tot Pretoria is gegee.

7.2 GEVOLGTREKKING

Die Skool van Argitektuur by die Universiteit van Pretoria strewe na ekosistemiese denke en die studies van Fisher is 'n geldige basis vir 'n paradigmatiese ondersoek. Daar is 'n verband tussen die ekosistemiese paradigma en die beginsel van stelsels, wat in die natuur na 'n nuwe filosofie of paradigma gelei het. Interdissiplinêre studie is geregverdig

in hierdie nuwe paradigma, veral in die gebied van argitektuur. Ekologiese beginsels word veral deur omgewingsopvoeding bewerkstellig.

Geesteswetenskappe het bestaansreg in 'n tyd en plek waar opvoeding in tegnologie aangemoedig word om ekonomiese herstel te bewerkstellig en dit is selfs noodsaaklik indien 'n begrip van waarde in ons huidige situasie deur opvoeding bewerkstellig wil word.

Die terme *begrip*, *teorie*, *kontemplasie* en *absolute waarheid* dien as uiteindelijke strewes van verkrygte kennis en meer spesifiek vir Omgewingsgeskiedenis.

Die teorie en metodiek van Geskiedenis gee aanleiding tot 'n kursusinhoud vir die Suid-Afrikaanse omgewing.

Interne en eksterne kritiek, mondelinge bewysmateriaal en kulturele osmose is beginsels wat as hulpmiddels vir die historikus dien, wanneer hy sy interpretasie van die verlede dokumenteer. Hierdie hulpmiddels vul mekaar aan as bronne vir die interpretasie van die verlede.

Die aanbieding van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse omgewing geskied deur paradigmatische episodes om die kulturele ryk van die verlede aan argitektuurstudente bekend te maak. Aan die einde van die eksamen is daar van studente gevra om hul kommentaar oor die kursus te gee. Die Skool het reeds begin om skommelings in die leerplan te maak. Die meeste studente sou die voor hul vyfde jaar wou neem. Na hierdie aanbeveling is die kursus oor die Suid-Afrikaanse omgewing na derde jaars-vlak geskuif en dit word ook aan studente van ander dissiplines (veral Landskapsargitektuur en Interieurontwerp) in dieselfde fakulteit aangebied. Die vyfde jaars kursus moet nog steeds die oplos van kontekstuele probleme inkorporeer, maar dit kan op seminaarbasis geskied.

Die studietoer is waardevol en moedig veldstudie, soos deur oorspronklike ekologiese studie, aan. Dit kan in oorleg met ander universiteite beplan word en selfs meer gereeld en oor verskeie jare plaasvind, indien fondse daarvoor beskikbaar is.

7.3 BYDRAES VAN DIE STUDIE

Aanvullende notas vir die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse omgewing is in Afrikaans en Engels geskep. Dit het gelei tot deelname en gesprek met studente, oor hoe om konteksgebonde probleme te beskou en op te los.

Die ekosistemiese beginsels soos deur Fisher gestel, is verder ondersoek en die opvoedingsaspek daarvan is uitgebrei.

Interdissiplinêre studie, veral tussen Argitektuur en Geskiedenis, is uitgevoer en word aangemoedig.

Die rif tussen geestes- en natuurwetenskappe is aangespreek.

7.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE

Die opvoedingsaspek van hierdie studie kan verder uitgebrei word in oorleg met die Departement Opvoedkunde.

Die Aanvullende Notas vir 2000 moet elke jaar verder gevoer word en aangevul word deur die betrokke dosent. Onderwerpe vir sodanige studie kan aanvanklik die volgende insluit:

- Interne kritiek
- Kulturele osmose
- Mondelinge bewysmateriaal
- Morawiese sendelinge
- Schinkl, DOW, Baksteenestetika
- Apartheid
- Tweede Vryheidsoorlog
- Geskiedenis van Pretoria
- Die Skotte in Suid-Afrika
- Die Duitsers in Suid-Afrika

Die geskiedenis van Afrika ten opsigte van argitektuur is nog grootliks 'n onontdekte veld wat potensiaal vir verdere studie inhou. Die argitektuur van die onlangs toeganklike Afrikalande moet daarby ingesluit word. Moontlike onderwerpe hiervoor is:

- Staptoer van die geboue van Maputo
- Modernisme in Mosambiek
- Baksteenvervaardiging en bou tegnologiese gebruik in Zimbabwe
- Paradigmatiese beskrywing van argitektoniese ontwikkeling in Botswana
- Gevolge van die 1955 Livingston (huidige Zambië) kongres ten opsigte van die ontwikkeling van die menslike vestand
- Tradisionele verspreiding van boerdery en mense ten opsigte van die geologie en geografie van suidelike Afrika
- Boerderymetodes in die paradigmatiese episodes van suidelike Afrika

BIBLIOGRAFIE

- ACAR, C. 1993. *Environmental education in the primary school science curriculum in Uganda* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 1964. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
- BAKKER, K.A. 1992. *Die Formulering van 'n vindingmodel vir die ekologie van die ioniese argitektoniese kapiteel*. MArch Verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- BAKKER, R. 1977. *De geschiedenis van het fenomenologisch denken*. Antwerpen: Spectrum.
- BARNARD, S.S. 1980. *Inleiding tot die historiese opvoedkunde as wetenskap*. Durban: Butterworth.
- BECKER, C. 1931. Everyman his own historian. *American Historical Review*, vol.37, p.231-235.
- BENJAMIN, A.C. 1937. *An introduction to the philosophy of science*. New York: Macmillan Company.
- BERKOWITZ, A.R. 1993. *New opportunities for ecology education in the United States* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education*. Cambridge: Cambridge University Press.
- BOORSTIN, D.1983. *The discoverers*. Harmondsworth: Penguin.
- BOSMAN, D.B, VAN DER MERWE, I.W, HIEMSTRA, L.W. 1982. *Tweetalige Woordeboek: Afrikaans/Engels*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.
- BUTTERFIELD, H. 1973. *The Whig interpretation of history*. London: Penguin.
- CARR, E.H. 1961. *What is history?* London: Penguin.
- CARSON, S.McB. 1978. *Environmental education: Principles and practice* 1st edition. London: Edward Arnold.
- CHALMERS, G. 1980. *What is this thing called science?* Milton: Open University Press.
- Collins English Dictionary*. 3rd ed. 1991. Glasgow: Harper Collins Publishers.
- COLLINGWOOD, R.G. 1956. *The idea of history*. Oxford: Oxford University Press.
- COMMAGER, H.S. 1966. *The study of history*. Columbus: Merrill.
- DAWKINS, R. 1976. *The selfish gene*. Oxford: Oxford University Press.
- DREYER, P.S. 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Kaapstad: Haum.
- ELTON, G.R. 1969. *The practice of history*. London: Fontana.
- FEBVRE, L. 1925. *A geographical introduction to history*.

FISHER, R.C. 1989. *A paradigmatic approach to architectural history: Post-modernism. Unpublished MArch thesis.* Pretoria: University of Pretoria.

FISHER, R.C. 1992. *An ecosystemic role for architectural style: bearing the 'plan' in 'mind'.* Unpublished PhD (Architecture) dissertation. Pretoria: University of Pretoria.

FISHER, R.C. 1993. A paradigmatic teaching of architectural history. In *Acta Academia 25(1)*. Edited by D.J. van den Berg. Bloemfontein: Acta Academia, p.1-14.

FISHER, R.C. 1994. Architects for Africa (And Abroad). *Architecture SA*. Jan. & Feb.1994, p.12.

FOUCAULT, M. 1972. *The archaeology of knowledge.* London: Tavistock.

GOLLEY, F.B. 1993. *Foreword: General understanding and role of ecology in education* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education.* Cambridge: Cambridge University Press.

GRABOW, S. 1983. *Christopher Alexander: The search for a new paradigm in Architecture.* London: Oriel Press.

GREGORY, R. 1987. *The Oxford companion to the mind.* Oxford: Oxford University Press.

GUICCIARDINI, F. 1969. *The history of Italy.* Translated by Sidney Alexander. New York: Macmillan Company.

GUSTAVSON, C.G. 1976. *The mansion of history.* New York: McGraw-Hill.

HALE, M. 1993. *Ecology and environmental education in the urban environment* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education.* Cambridge: Cambridge University Press.

HALE, M and HARDIE, J. 1993. *Ecology and environmental education in schools in Britain* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education.* Cambridge: Cambridge University Press.

HALL, M. 1987. *The changing past: Farmers, kings and traders in southern Africa, 200-1860.* Cape Town: David Philip.

HAMEROW, T.S. 1987. *Reflections on history and historians.* Madison: University of Wisconsin Press.

HANDLIN, O. 1979. *Truth in history.* Cambridge Mass: Belknap Press.

HANKINSON, R.J. 1995. *Philosophy of science* in BARNES, J. 1995. *The Cambridge companion to Aristotle.* Cambridge: Cambridge University Press.

HEGEL, G.W.F. 1949-59. *Sämtliche Werke.* 26 volumes. Edited by Herman Glockner. Stuttgart:?

Herodotus. Translated by J.E. Powell. 1949. Vol I, p.1. Oxford: Oxford University Press.

HESSE, H. 1969. *Magsiter Ludi: The Glass Bead Game.* Translated from the German 'Das Glasperlenspiel' by Richard and Clara Winston. New York: Bantam.

- HESSEN, J. 1950. *Lehrbuch der Philosophie*. 2. Aufl. Basel: Ernst Reinhardt Verlag.
- HOLM, D. 1983. *'n Konteks vir die Argitektuur*. Lesingreeks aangebied deur die Departement Argitektuur van die Universiteit van Pretoria. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- HOLM, D. 1994. Bestekopname / Our chosen course. *Architecture SA*, Jan. & Feb.1994, p.1.
- HOWE, T.M. 1985. *The invention of the Doric order*. DPhil dissertation. Harvard: University of Harvard.
- HUTCHINSON, D.S. 1995. *Ethics in* BARNES, J. 1995. *The Cambridge companion to Aristotle*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Illustrated History of South Africa: The real story*. 1988. Cape Town: The Reader's Digest Association.
- JORDAAN, G.J. 1987. *An urban design strategy for placemaking in city centres*. MArch-thesis. University of the Witwatersrand.
- JORDANOVA, L. 2000. *History in practice*. London: Arnold.
- KAHN, M.J. 1994. *Science and Mathematics education and training for economic development*, edited by M.J. Kahn. 25-34. Braamfontein: Centre for Education Policy Department.
- KAPIYO, R. 1992. Technology Education in Democratic Kenya. In: *Technological literacy, competence and innovation in human resources development*. Edited by D. Blandow and M. Dyrenfurth: 120-125. Weimar, Germany.
- KING, T. 1994. *Practical applications for a world of work now and the near future*. Paper presented to the 1994 Learn to Earn Conference. Johannesburg, 2 March 1994.
- KOCKELMANS, A. 1964. *Martin Heidegger*. Den Haag: Lannoo.
- KUHN, T. 1970. *The structure of scientific revolutions*. 2nd edition. Chicago: University of Chicago.
- LANDMAN, W.A, ROOS, S.G, en VAN ROOYEN, R.P. 1973. *Die praktykwording van die fundamentele pedagogiek met kernvrae*. Johannesburg: Perskor.
- LASZLO, E. 1972. *Introduction to systems philosophy: Toward a new paradigm of contemporary thought*. New York: Gordon and Breach.
- LOVELOCK, J.E. 1982. *Gaia: A new look of life on earth*. Oxford and New York: Oxford University Press.
- MARKUS, T.A, MORRIS, E.N. 1980. *Buildings, climate and energy*. London: Pitman.
- MARWICK, A. 1993. *The Nature of History*. London: Macmillian Press.
- MICHELET, J.1833. 1869. *Histoire de France*. ?

- MUSSEN, P.H., CONGER, J.J. AND KAGAN, J. 1974. *Child development and personality*. 4th edition. New York: Harper and Row.
- MYERS, N. 1985. *The Gaia atlas of planet management*. London: Pan Books.
- NAMIER, L.B. 1952. *Avenues of history*. London: Hamish Hamilton.
- NEUMANN, E. 1974. *Art and the creative unconscious*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press.
- NIPPERDEY, T. 1978. Can history be objective? *Historia*, May 1978, vol.23, no.1, p.2-14.
- ODENDAL, F.F., e.a. 1984. *HAT:Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 2e uitgawe, 4de druk. Johannesburg: Perskor Uitgewery.
- ODUM, E.P. 1983. *Basic ecology*. Tokyo: Holt Saunders.
- OOSTHUIZEN, J.S. 1962. *Die wetenskapsbeskouing in die geesteswetenskappe*. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- PANOFSKY, E. 1967. *Studies in iconology*. New York: Harper and Row.
- PARABIRSING, S. 1974. *De metabletische metode: een analise van J.H. van den Berg*. Amsterdam: Boom Meppel.
- PEETERS, L.F.H.M.C. 1996. *Seminaar onder leiding van Professor Peeters, Departementshoof Moderne Europese Tale*, Universiteit van Pretoria. 1996.
- PIENAAR, J.J. 1975. *Die temporaliteitsbegroning van die pedagogiek*. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
- POPPER, K. 1957. *The Poverty of historicism*. London: Prentice Hall.
- POPPER, K, ECCLES, K. 1981. *The self and its brain*. Berlin: Springer.
- RAPOPORT, A. 1969. *House form and culture*. London: Prentice Hall.
- REDDY, K. 1995. *The inclusion of technology as a subject in the National Curriculum – a significant paradigm shift for education in South Africa*. MEd thesis. University of Pretoria.
- RIEDL, R.1984. *Biology of knowledge. The evolutionary basis of reason*. Chichester: John Wiley.
- ROBOTTOM, I. 1993. *The role of ecology in education: an Australian perspective* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education*. Cambridge: Cambridge University Press.
- SHAFER, R.J. 1974. *A guide to historical method*. Revised edition. Homewood, Illinois: The Dorsey Press.
- SINGER, D.G., REVENSON, T.A. 1979. *A Piaget primer: How a child thinks*. New York: International University Press.

SMITH, R. 1995. *Logic* in BARNES, J. 1995. *The Cambridge companion to Aristotle*. Cambridge: Cambridge University Press.

SOERJANI, M. 1993. *Ecological concepts as a basis for environmental education in Indonesia* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education*. Cambridge: Cambridge University Press.

STANFORD, M. 1998. *An introduction to the philosophy of history*. Malden, Massachusetts: Blackwell.

STOIANOVICH, T. 1976. *French historical method: The Annales paradigm*. New York: Ithaca.

STOKER, H.G. 1961. *Beginnels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Regepers Berperk.

STRAYER, J.R. 1943. *Introduction* in STRAYER, J.R. 1943. *The interpretation of history*. Princeton: Princeton University Press.

STUART, J.F. 1980. *Die relasie tussen die eie aard van die skoolvak geskiedenis as geesteswetenskap en die presisering van leerdoelstellings*. MEd verhandeling. Universiteit van Pretoria.

TERBLANCHE, H.J. en LOMBARD, C. 1958. *Verklarende Woordeboek*. Kaapstad: Afrikaanse Pers Boekhandel.

TEILHARD DE CHARDIN, P. 1955. *The phenomenon of man*. Translated by Bernard Wall. London: Fontana Books.

THOMAS, P.A. 1993. *The place of ecology in adult education* in HALE, M. 1993. *Ecology in Education*. Cambridge: Cambridge University Press.

THOMSON, J.A. 1972. *Introduction to science*. London: Williams and Norgate.

THOMSON, J.A.K. 1976. *The ethics of Aristotle*. London: Penguin.

THUCYDIDES. 1951. *The Peloponnesian War*. Translated by Richard Crawley. New York: ?

TOSH, J. 2000. *The pursuit of history*. 3rd ed. Harlow: Pearson Education Limited.

TOYNBEE, A. 1988. *A study of history. New edition, revised and abridged*. London: Thames & Hudson, 1988

UNESCO-UNEP. 1990. *Harvesting one hundredfold. A key concept and case studies in environmental education*. A condensed form of a paper by Donella Meadows. UNESCO-UNEP.

URWIN, K. 1968. *Langenscheidt's Standard Dictionary of the French and English Languages*. London: Langenscheidt.

VAN DEN BERG, J.H. 1974. *Metabletica of leer der veranderingen: beginselen van een historiese psichologie*. 21ste druk. Nijkerk: Callenbach.

VAN DER VYVER, J.D. 1997. *Onderhoud met Prof. J.D van der Vyver*, I.T. Cohen Professor, Emory University. 1997.

VAN ONSELEN, C. 1993. The reconstruction of rural life from oral testimony: Critical notes on the methodology employed in the study of a black South African sharecropper. *The Journal of Peasant Studies*, April 1993, vol.20, no.3, p.494-514.

VERNADSKY, V.I. 1945. The biosphere and the noosphere. *American Scientific*, vol. 33, p.1-12.

VOLTAIRE. 1877-85. *Oeuvres complètes de Voltaire*. Vol. XXVII, p.297, Vol. XXIX, p.236, Vol. L, p.339

VON BERTALANFFY, L. 1968. *General system theory*. New York: George Braziller.

VON RANKE, L. 1824. *Histories of the Latin and German Nation from 1494 – 1514* extract translated in GOOCH, G.P. 1952. *History and historians in the nineteenth century*. 2nd ed. London: Longman.

WAKS, S. 1993. *Technology curriculum in South Africa 1993: Aspirations, implementation and a proposal for an operational methodology*. (Report). South Africa: Abel.

WALTON, J. 1956. *African Village*. Pretoria: Van Schaik.

Webster's New World Encyclopedia. 1992. New York: Prentice Hall.

ZELDIN, T. 1982. Ourselves as we see us. *Times Literary Supplement*, 31 December 1982.

BYLAAG A

BIOGRAFIESE INLIGTING

ACTON, JOHN EMERICH EDWARD DALBERG-ACTON (1834 – 1902)

Eerste Baron Acton, Britse historikus en liberale politikus. In 1859 tot Parlement verkies en in 1895 as professor in Moderne Gesiedenis by Cambridge aangestel. Hy het die *Cambridge Modern History* beplan en geredigeer maar het net die eerste twee volumes voor sy dood voltooi.

ARISTOTELES (384 – 322 vC)

Griekse filosoof wat rede en matigheid gepropageer het. Hy het gehandhaaf dat sintuiglike ervaring ons enigste bron van kennis is en dat ons die essensie van dinge, dus hul onderskeidende kwaliteite deur beredenering kan ontdek. In sy werke oor etiek en politiek het hy voorgestel dat menslike geluk gevind kan word in 'n lewe in ooreenstemming met die natuur. Hy het sy politieke teorie afgelei van die herkenning dat gemeenskaplike hulp eie is aan die mens en het geweier om enige een samestelling as universeel ideaal te stel. Ongeveer twee-en-twintig van sy verhandelinge oor logika, metafisika, fisika, astronomie, meteorologie, biologie, psigologie, etiek, politiek en letterkundige kritiek het deur die notas, wat deur sy studente geneem is, oorleef. Sy werke was verlore vir Europa totdat dit weer in die Middeleeue deur Arabiese en Joodse geleerdes heringevoer is en dit die basis van Middeleeuse skolastisisme geword het.

AUSTEN, JANE (1775 – 1817)

Engelse romanskrywer wie se boeke binne die grense van die provinsiale middelklas gemeenskap afgespeel het. Sy het vaardigheid in die delikate, ironiese uitbeelding van karakters en situasies getoon. Sy is in Steventon, Hampshire gebore en het op 'n vroeë ouderdom begin skryf. *Love and Friendship* is in 1790 geskryf, maar eers in 1922 gepubliseer. Tussen 1795 en 1798 het sy aan drie novelle gewerk: *Sense and Sensibility*, *Pride and Prejudice* en *Northanger Abby*. In haar leeftyd het haar boeke anoniem verskyn en sy het min herkenning of betaling daarvoor gekry. Latere werke sluit *Mansfield Park*, *Emma* en *Persuasion* in. Sy het in Winchester gesterf en is in die katedraal begrawe.

BAKKER, KAREL ANTHONIE (1956 –)

Mede-Professor by die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria, waar hy ook 'n Meestersgraad (*cum laude*) en Doktorsgraad verwerf het en sedert 1986 in Ontwerp, Ontwerpteorie en Geskiedenis onderrig gee. In die Omgewingsgeskiedenis Navorsingsgroep van die Universiteit volg hy 'n ekosistemiese benadering tot die historiese ontwikkeling van die omgewing, wat die invloede van omgewingskonteks, paradigmitiese studies en interdisiplinêre projekte insluit. Hy is verantwoordelik vir die ontwikkeling van verskeie leerplanne, skryf gereeld vir die plaaslike argitektoniese pers, dien op verskeie panele, tree op as eksaminator en spits hom toe op bewaring.

BERGH, JOHANNES STEPHANUS (1946 –)

Professor en Departementshoof, Departement Geskiedenis, Universiteit van Pretoria. Behaal in 1978 'n DPhil by die Universiteit van Stellenbosch. Hy is die outeur van verskeie boeke, vakwetenskaplike artikels en populêr-wetenskaplike artikels en is betrokke by verskeie navorsingsprojekte. Hy het aan vyftien boekbesprekings van vakwetenskaplike publikasies deelgeneem.

BLOCH, MARC (1886 – 1944)

Franses historikus en seun van 'n professor in Antieke Geskiedenis by die Sorbonne. Daar is van Bloch gesê dat hy deur sy geboortereg 'n lid van die elite van die Derde Republiek geword het. Hy het in beide geskiedenis en geografie studeer en sy vroegste publikasie was 'n geografiese studie van L'Île de France, wat parallel aan **Febvre** se werk was. Hy het in die argiewe van Noord-Frankryk gesoek na materiaal vir 'n studie van die middeleeuse gemeenskap in L'Île de France. Hy is na die Eerste Wêreldoorlog by die Universiteit van Strasbourg aangestel. Hy het **Febvre** se belangstelling in beide geografie en kollektiewe sielkunde gedeel en gepoog om 'n presiese metode en taal van sosiologie te leen, wat volgens hom dikwels by tradisionele historici afwesig was. Hy het argeologie, agronomie, kartografie, volkskunde en linguïstiek bestudeer. Bloch het, soos **Michelet**, deur die Franse platteland getrek en met mense gepraat wat in die twintigste eeu nog die land bewerk het op feitlik dieselfde wyse as wat deur hulle middeleeuse voorgangers gebruik is. Sy hoof bydrae tot historiese studie was sy ondersoek na die aard van feodale samelewings. Hy was deel van die Franse Weerstand en is in 1944 deur die Nazi's doodgeskiet.

BRAUDEL, FERNAND (1902 –1983)

Franses historikus wat in sy werk die ideale van die Annalesskool getoon het. Hy het 'n leertyd deurgemaak, wat tradisioneel deur die Franse akademiese wêreld vereis is. Hy was tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n oorlogsgevangene in Duitsland. Sy tesis *The Mediterranean and the Mediterranean world in the age of Philip II* was feitlik voltooid in 1939, maar hy het dit eers na die oorlog in 1947 suksesvol voor sy eksaminatore verdedig. Dit is in 1947 gepubliseer. Braudel het politieke grense geïgnoreer en gestreef na die skepping van 'n totale geskiedenis van 'n hele gebied. Sy begrip *la longue durée* het na geskiedenis verwys waarvan die verloop feitlik onwaarneembaar is, naamlik die geskiedenis van die mens in sy verhouding met die omgewing. Hy was soms behep met die manier waarin permanente strukture hulself op menslik vryheid afdwing. Sentraal tot hierdie werk was die mens se groeiende heerskappy oor sy omgewing.

COLLINGWOOD, ROBIN GEORGE (1889 – 1943)

Engelse filosoof wat geglo het dat enige filosofiese teorie of posisie behoorlik verstaan kan word slegs as dit binne sy eie historiese konteks en nie van die uitgangspunt van die hede beskou word nie. Sy estetiese teorie is in *Principles of art* (1938) uiteengesit.

COMTE, AUGUSTE (1798 – 1857)

Franses filosoof, in Montpellier gebore, wat beskou word as die stigter van sosiologie, 'n term wat hy in 1830 uitgedink het. Hy wou sosiologie as intellektuele dissipline vestig, deur 'n wetenskaplike benadering, "positiwisme", as die basis van 'n nuwe wetenskap van sosiale orde en sosiale ontwikkeling te gebruik. In sy ses volumes *Cours de philosophie positive* (1830 – 42) het hy aangevoer dat menslike denke en sosiale ontwikkeling in drie stadiums ontwikkel: teologies, metafisies en positief of wetenskaplik. Alhoewel hy aanvanklik die ewolusie van die gemeenskap tot 'n wetenskap, industrie en rasonale moraliteit wou proklameer, is sy radikale idees deur die politiese en sosiale omwentelinge van sy tyd getemper. Sy invloed het egter tot in die twintigste eeu in Europa en die VSA voortgeduur. Hy het menslike kennis hiërargies opgedeel, met sosiologie aan die bopunt van die akademiese piramide. Positiwisme het 'n metode van logiese analise gebied en 'n etiese en morele basis vir die voorspelling en evaluasie van sosiale vooruitgang verskaf.

DARWIN, CHARLES ROBERT (1809 – 1882)

Engelse wetenskaplike wat die moderne teorie van ewolusie ontwikkel het en tesame met **Wallace** die beginsel van natuurlike seleksie voorgestel het. Sy werk *On the origin of species by means of natural selection or the preservation of favoured races in the struggle for life* (1859) het 'n bittere twispunt laat ontstaan, omdat dit nie saamgestem het met die letterlike interpretasie van die Bybelse boek Genesis nie.

DE KLERK, F(REDERIK) W(ILLEM) (1936 –)

Suid-Afrikaanse Nasionale Party politikus, president vanaf 1989 to 1994. Hy is as prokureur opgelei en het die Suid-Afrikaanse Parlement in 1972 betree. Hy het homself as 'n pragmatiese konserwatiewe geprojekteer, wat geleidelike hervorming van die apartheidstelsel nagestreef het. In 1990 het hy die verbod op die African National Congress (ANC) opgehef en die effektiewe leier Nelson Mandela vrygelaat. In 1991 het die maatstawwe wat deur hom bepleit is, effektiewelik die apartheidstelsel laat ontbind.

DESCARTES, RENÉ (1596 – 1650)

Franse wiskundige en filosoof. Hy het geglo dat algemeen aanvaarde kennis twyfelagtig is, as gevolg van die subjektiewe aard van die sintuie. Hy het gepoog om menslike kennis te herbou deur as sy basis "cogito ergo sum" ("Je pense, donc je suis" / "I think, therefore I am") te gebruik. Hy het geglo dat die hele materiële heelal in terme van wiskundige fisika verduidelik kon word. Hy was die ontdekker van analitiese meetkunde en die stigter van optiese wetenskap. Hy het gehelp om kontemporêre teorieë van astronomie en diere-optrede te vorm. Sy werke sluit *Discourse on method* (1637), *Meditations on the first philosophy* (1641), *Principles of philosophy* (1644), sowel as verskeie boeke oor fisiologie, optiese wetenskap en meetkunde in. Hy het die "denkende ding" (res cogitans) of verstand met die menslike siel of bewusseïn vereenselwig; die liggaam, alhoewel dit op een of ander manier met die siel reageer, was 'n fisiese masjien, sekondêr tot en in beginsel skeibaar van die siel. Hy het beweer dat alles 'n oorsaak het en dat niks uit niks kan ontstaan nie. Hy het geglo dat, alhoewel alle materie in beweging is, materie nie vanself beweeg nie en dat die aanvanklike impuls van God kom. Hy het twee heeltemal afsonderlike stowwe gepostuleer: ruimtelike stof of materie ('matter') en denkende stof of verstand ('mind'). Dit word "Cartesiaanse dualisme" genoem en het hom van ernstige polemieë met die Kerk bewaar.

DILTHEY, WILHELM (1833 – 1911)

Duitse filosoof, 'n hooffiguur in die verklarende tradisie van hermeneutiek. Hy het aangevoer dat die "geesteswetenskappe" (*Geisteswissenschaften*) nie dieselfde metodes as die natuurwetenskappe kon volg nie, maar dat dit die prosedures van "verstaan" (*verstehen*) moet gebruik om die innerlike lewe van 'n vreemde kultuur of vergange historiese tydperk in die verlede te begryp. Hy het die betekenis van hermeneutiek verby die interpretasie van teks geneem na die menslike geskiedenis en kultuur in die geheel.

DROYSEN, JOHN GUSTAV (1808 – 1848)

Professor in Geskiedenis in Berlyn van 1859 tot 1884. Hy was verantwoordelik vir die opmerking dat die objektiwiteit van Von Ranke die "objektiwiteit van 'n ontmande persoon is".

ECCLES, JOHN CAREW (1903 -)

Oostenrykse fisioloog, wat in 1963 die Nobelprys vir medisyne vir sy werk oor geleiding in die sentrale senuweestelsel gedeel het. In latere werke het hy beweer dat die verstand onafhanklik van die brein bestaan.

EINSTEIN, ALBERT (1879 – 1955)

Amerikaanse fisikus in Ulm, Duitsland gebore, wat die teorieë van relatiwiteit geformuleer het en aan stralingsfisika en termodinamika gewerk het. Hy het saam met sy ouers in München en Italië gewoon. Nadat hy by die politegniese skool in Zürich onderrig gegee het, het hy 'n Switserse burger geword en is as patente-inspekteur in Bern aangestel, terwyl hy sy PhD in Zürich gedoen het. In 1909 is hy as voorsitter van teoretiese fisika by die universiteit aangestel en in 1911 het hy 'n soortgelyke pos in Praag aanvaar, waarna hy in 1912 na Zürich teruggekeer het. In 1913 het hy 'n spesiale pos as direkteur van die Kaiser Wilhelm Instituut vir Fisika in Berlyn aangeneem. Hy het in 1921 die Nobelprys vir Fisika ontvang. Nadat hy van sy pos in Berlyn ontnem is deur die Nazi's, het hy na die VSA geëmigreer, waar hy as professor in Wiskunde by Princeton, New Jersey aangestel is.

FEBVRE, LUCIEN (1878 – 1956)

Franse historikus wat deeglike historiese opleiding ontvang het in die beste tradisies van laat negentiende eeuse opvoeding; lid van 'n gekultiveerde middelklas familie. Die klem op die belang van geografie was sedert **Michelet** deel van die Franse historiese kundigheid en Febvre se eerste boek, *The regions of France: Franche-Comté* (1905) was hoofsaaklik geografies. Na deeglike navorsing in die argiewe is klem op die geografie en ekonomie van die gebied geplaas. Hy was ontevrede met die eenvoudige verduidelikings van vroeë politieke historici, wat net een oorsaak in ag geneem het. Hy wou die veelvuldige aksie van dieper oorsake aantoon. Deur sy belangstelling in geografie het hy, soos ander intellektueles van die twintigste eeu, 'n belangstelling in groepsielkunde ontwikkel. Sy indrukwekkende werk oor 'historiese sielkunde' *Le problème de l'incroyance au XVI siècle* (1947) was 'n studie oor ongelowigheid in die sestiende eeu.

FISHER, ROGER CHARLES (1951 –)

Professor by die Argitektuurskool van die Universiteit van Pretoria waar hy sedert 1986 in Ontwerp, Konstruksie en Geskiedenis onderrig gee. Samesteller van *A Visual Lexicon of the South African Dwelling*, 'n gids tot die argitektoniese terminologie van Suid-Afrikaanse woningboukunde in Afrikaans en Engels en redakteur van die boeke *Die Boerewoning*, *Herdrukke uit die Boerevrou* en *Architecture of the Transvaal*, saam met Schalk le Roux. Hy het 'n Meesters- en Doktorsgraad in Argitektuur van die Universiteit van Pretoria ontvang en ontwikkel van 2000 'n kernleerplan vir Argitektuur en Landskapargitektuur en hersien die professionele grade van albei. Hy skryf gereeld vir die plaaslike argitektoniese pers as kritikus en het reeds op verskeie panele vir die Meriete Toekennings van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte gediën. Hy skryf vir plaaslike, geakkrediteerde joernale oor opleiding en argitektuurgeskiedenis en tree op as Pro Bono raadgewer van die Nasionale Raad op Monumente van noordelike Gauteng. Hy het 'n besondere belangstelling in argitektuur as sosio-kulturele fenomeen, waartoe hy 'n biologies ewolusionêre neiging bring.

FOUCAULT, MICHEL (1926 – 1984)

Franse filosoof wat fenomenologie en eksistensialisme verwerp het. Hy was bemoeid met hoe vorms van kennis en vorms van menslike subjektiwiteit deur spesifieke instellings en

praktike gekonstrueer word. Hy is deur Nietzsche beïnvloed en het 'n analise van die bestuur van mag in die samelewing ontwikkel, deur gebruik te maak van Nietzsche se konsepte.

FREUD, SIGMUND (1865 – 1939)

Oostenrykse geneesheer wat baanbrekerswerk oor die studie van die onderbewuste en die onbewuste verstand gedoen het. Hy het psigo-analise ontwikkel, met die metodes van vrye assosiasie en interpretasie van drome, wat die basiese tegnieke daarvan is. Hy het die konsepte van die id, ego en superego geformuleer. Sy teorie van die onderdrukking van infantiele seksualiteit as die wortel van volwasse neurose (Oedipus kompleks) was kontroversieel. Sy boeke sluit *Die Traumdeutung / The interpretation of dreams* (1900), *Totem and taboo* (1913) en *Das Unbehagen in der Kultur / Civilization and its discontents* (1930) in. Freud het in Weenen medisyne studeer en was deel van die navorsingspan wat die plaaslike verdowings effek van kokaïene ontdek het. Hy het van 1885 tot 1889 hipnose in Frankryk bestudeer en het van 1886 tot 1938 'n privaatpraktyk in Weenen gehad. Sy teorieë het meestal ontwikkel na aanleiding van gevallestudies van sy eie pasiënte, wat hoofsaaklik middelklas middeljarige vrouens was. Na die Nazi besetting van Oostenryk in 1938, is Freud na London, waar hy uiteindelik gestref het.

GEORGE IV (1762 – 1830)

Koning van Groot Brittanje en Ierland van 1820, toe hy sy pa, Koning George III, opgevolg het. Hy was van 1811 tot 1820 regent vir sy pa, George III, as gevolg van laasgenoemde se kranksinnigheid. Hy is streng opgevoed en het later daarteen gereageer deur 'n lewe van losbandigheid te voer.

HANKINSON, R.J.

Opgelei by Balliol College, Oxford en King's College, Cambridge, waar hy ook 'n 'Research Fellow' was. Hy het onderrig gegee by McGill Universiteit, Montreal en by die Universiteit van Texas in Austin, waar hy tans Professor in Filosofie is. Hy het verskeie artikels oor Griekse filosofie en wetenskap geskryf; sy *Galen: On the Therapeutic Method* het in 1991 verskyn.

HEGEL, GEORG WILHELM FRIEDRICH (1770 – 1831)

Duitse filosoof wat bewustheid en die eksterne objek bedink het as 'n eenheid waarin nie een van die faktore onafhanklik kan bestaan nie; die verstand en die natuur is twee abstraksies van een onverdeelbare geheel. Hy het geglo dat ontwikkeling plaasvind deur dialektiek: tese en antiese (weerspreking) en sintese, die oplossing van weerspreking. Die taak van filosofie was vir Hegel om die rasionaliteit, wat reeds bestaan, te begryp. Linkse volgelinge, soos **Marx**, het Hegel se dialektiek gebruik om te poog om die onvermydelikheid van radikale verandering uit te wys en om geloof en die sosiale orde van die Europese Industriële Rewolusie aan te val. Sy werke is *The phenomenology of spirit* (1807), *Encyclopedia of the philosophical sciences* (1817) en *Philosophy of the Right* (1821). Hy was professor in Filosofie in Heidelberg (1817 – 1818) en in Berlyn (1818 – 1831). Hegel het, as Regse, geloof, die Pruisiese staat en die bestaande orde bepleit.

HEIDEGGER, MARTIN (1889 – 1976)

Duitse filosoof, wat in *Being and time* (1927) die metodes van Husserl se fenomenologie gebruik het om die strukture van menslike bestaan te verken. Sy latere werke het die lot van 'n wêreld, wat deur wetenskap en tegnologie gedomineer word, oordink. Hy het geglo

dat Westerse filosofie die fundamentele vraag van die "betekenis van Wese" vergeet het. Alhoewel hy besorgd was oor die angst van menslike bestaan, het hy ontken dat hy 'n eksistensialis was. Sy ondersteuning van Naziïsme en sy onwilligheid of onvermoë om sy posisie te verdedig het sy reputasie benadeel.

HERODOTUS (c. 484 – 424 vC)

Griekse historikus, wat na vier jaar in Athene, uitgebreide toere deur Egipte, Asië en Oos-Europa ondemeem het, voordat hy homself in 443 vC in Thurii, Suid-Italië gevestig het. Hy het die geskiedenis van die Griekse-Persiese stryd in nege boeke gedokumenteer en was die eerste historikus wat sy materiaal krities geëvalueer het.

HESSE, HERMAN (1877 – 1962)

Duitse outeur wat in 1923 'n Switserse burger geword het. Hy het gewetensbeswaar gemaak teen die Eerste Wêreldoorlog en was 'n pasifistiese teenstaander van **Hitler**. Hy het kortstories, gedigte en novelle gepubliseer wat *Peter Camazind* (1904), *Siddharta* (1922) en *Steppenwolf* (1927) insluit. Latere werke soos *Das Glasperlenspiel* (*The Glass Bead Game*) het meer na die mistieke geneig. Hy het in 1946 die Nobelprys vir Letterkunde gewen.

HITLER, ADOLF (1889 – 1945)

Duitse Nazi diktator in Oostenryk gebore, Führer (leier) van die Naziparty vanaf 1921, outeur van *Mein Kampf / My Struggle* (1925 – 27). Hy het as kansellier van Duitsland van 1933 en as staatshoof van 1934 'n diktatorskap geskep deur party- en staatsinstellings teen mekaar af te speel en voortdurend nuwe ampte en aanstellings te skep. Hy het die Rynland herbeset en in 1936 'n alliansie met die Italiaanse Fascis Mussolini gevorm. Hy het Oostenryk in 1938 en Tsjeggo-Slowakye in 1939 geannekseer en Poland daarna ingeval, waarna Brittanje en Frankryk oorlog (Tweede Wêreldoorlog) verklaar het. Hitler het selfmoord gepleeg toe Berlyn tot 'n val gekom het.

HOLM, DIETRICH (DIETER) (1936 –)

Afgetrede Professor en Direkteur van Navorsing en Nagraadse Studie by die Omgewingsontwerp en –bestuursafdeling, Universiteit van Pretoria, waar hy ook 'n Baccalaureus en Doktorsgraad in Argitektuur verwerf het. Hy het met Brian Sandrock as projekargitek aan openbare geboue gewerk en tesame met sy broer, Albrecht, 'n praktyk begin, wat elf vername kompetisies en toekennings verwerf het. Hy is in 1967 as Dosent en in 1985 as Professor en Departementshoof aangewys. Hy het op verskeie komitees gedien, as eksterne eksaminator opgetree en toekennings vir passiewe termiese ontwerp ontvang. Sy hoof kundigheid is in navorsing en ontwerp van geboue wat die omgewing ongeskonde laat en hulpbrondoeltreffend is. Hy is ook betrokke by plaaslike, geïntegreerde hulpbronbeplanning vir munisipaliteite en gee lesings oor termiese doeltreffendheid en hernubare energie in behuising, asook oor die bevordering van energie doeltreffendheid. Hy het in 1983 die Austin Whillier toekenning vir sy boek *Energy conservation in hot climates* verkry en is die mede-outeur van drie verwante boeke. Hy woon in 'n energie-otonome huis wat hy self ontwerp het.

HUTCHINSON, D.S.

Studeer by Queens Universiteit, Kingston en Balliol College, Oxford. Tans 'Fellow of Trinity College', Toronto. Hy gee antieke filosofie by die Universiteit van Toronto en is die outeur van *The Virtues of Aristotle* (1986).

KUHN, THOMAS S (1922 -)

Historikus en wetenskapfilosoof van die VSA. Hy het getoon dat sosiale en kulturele toestande die rigtings van wetenskap beïnvloed. *The structure of scientific revolutions* (1962) het aangevoer dat selfs wetenskaplike kennis relatief en afhanklik is van die paradigma (teoretiese raamwerk) wat 'n wetenskapsgebied op 'n sekere tydstip domineer. Sulke paradigmas is so dominant, dat dit onkrities as waar aanvaar word, totdat 'n "wetenskaplike rewolusie" 'n nuwe regsinnigheid skep.

LEIBNIZ, GOTTFRIED WILHELM (1646 – 1716)

Duitse filosoof en wiskundige. Hy het calculus onafhanklik van, maar in akkoord met die Britse wetenskaplike Isaac **Newton**, ontwikkel. Hy het in sy metafisiese werke, soos *The Monadology* (1714), aangevoer dat alles uit ontelbare eenhede, naamlik "monade" bestaan. Die individuele eenskappe van hierdie "monade" het elke ding se verlede, hede en toekoms bepaal. Alhoewel onafhanklik van mekaar, het "monade" voorspelbaar met mekaar gereageer. Dit het beteken dat Christelike geloof en wetenskaplike rede nie in konflik hoef te wees nie en dat "hierdie die beste van alle moontlike wêreldes is". **Voltaire** het in *Candide* (1759) met Leibniz se optimisme die spot gedryf.

MACAULAY, THOMAS BABINGTON, BARON (1800 – 1859)

Engelse historikus, essayis, digter en politikus. Hy was die oorlogsekretaris van 1839 tot 1841. Sy *History of England*, wat die jare tot 1702 insluit, is tussen 1849 en 1861 in vyf volumes gepubliseer. Die werk herdenk die Glorieryke Rewolusie van 1668 as die kronende bereiking van die Whigparty. Ander werke sluit 'n essay oor Milton (1825) vir die Edinburgh Review, 'n volume van verse en *Lays of Ancient Rome* (1842) in.

MARAI, EUGÈNE NIELEN (1871 – 1936)

Afrikaanse skrywer, digter, prokureur en natuurkenner. Sy vriend Gustav Preller het sy gedig *Wintemag* gebruik om te illustreer dat Afrikaans ten volle geskik is om subtiële gevoelens uit te druk. Marais het na 1905, op vier-en-dertigjarige ouderdom uit die openbare lewe onttrek. Hy was op negentien die redakteur van sy eie koerant *Land en Volk* en was 'n sterk teenstaander van Paul Kruger se regime. Alhoewel hy in Engels opgevoed is, was hy 'n kampvegter vir Afrikaans en het geglo dat Afrikaans eendag deur geleerde mense gebruik sou word. Hy is 1894 met Aletta Beyers getroud, wat 'n jaar daarna, kort na die geboorte van hul kind, gesterf het. Hy is in 1896 na Londen waar hy regte studeer het, 'n elementêre kennis van medisyne opgedoen het en geleer het om hiërogliewe te ontsyfer. Teen die einde van die Anglo-Boere Oorlog, voor die voltooiing van sy studies, was hy betrokke by 'n geheime ekspedisie om plofstof en medisyne aan die Boere te besorg, maar die oorlog was reeds verby voor hy dit kon uitvoer. Hy het na 'n plaas in die Waterberge getrek, waar hy sy kosbare navorsing oor bobbejane en termiete gedoen het. Hy was afhanklik van dwelms, wat hy vir malaria en neuritis geneem het en het op Preller se plaas naby Pelindaba selfmoord gepleeg.

MARX, KARL (HEINRICH) (1818 – 1883)

Duitse filosoof, ekonoom en sosiale teoretikus, wie se weergawe van verandering deur konflik bekend staan as historiese, of dialektiese materialisme. Sy *Das Kapital* (1867 – 1895) is die fundamentele teks van Marxistiese ekonomie. Sy sistemiese verhandelings oor klasstryd, geskiedenis en die belang van ekonomiese faktore in politiek het 'n reuse invloed op latere denkers en politieke aktiviste uitgeoefen. Hy is in Trier gebore en was die seun van 'n prokureur. Hy het Filosofie en Regte in Bonn en Berlyn studeer. Tussen 1842 en 1843 was hy die redakteur van die *Rheinische Zeitung* tot hierdie koerant se

onderdrukking. Hy het saam met Engels die teorie ontwikkel dat die lewe nie deur die bewussin vasgestel word nie, maar dat die bewussin deur die lewe vasgestel word. Beide Marx en Engels het by die Kommunistiese Bond, 'n Duitse vlugtelingsorganisasie, aangesluit en van 1847 tot 1848 het hulle hierdie organisasie se program *The Communist Manifesto* voorberei. Tydens die 1848 rewolusie was Marx die *Neue Rheinische Zeitung* se redakteur totdat hy in 1849 uit Pruise verban is. Hy het toe in Londen gevestig, waar hy *Die Klassenkämpfe in Frankreich* / *Class struggles in France* (1849), *Die Achtzehnte Brumaire des Louis Bonaparte* / *The 18th Brumaire of Louis Bonaparte* (1852), *Zur Kritik der politischen Ökonomie* / *Critique of political economy* (1859) en sy monumentale werk *Das Kapital* / *Capital* geskryf het. Marx se filosofiese werk is baie verskuldig aan die geskrifte van Hegel, alhoewel hy Hegel se idealisme verwerp het.

MICHELET, JULES (1798 – 1874)

Franse historikus, outeur van *Histoire de France* (1833 – 67) en *Histoire de la révolution* (1853). Michelet was 'n romantiese en politiese aanhanger en het 'n belangrike rol gespeel in die drie vooruitgange waardeur geskiedenis 'n moderne akademiese dissipline geword het. Hy het eerstens baie vir die onderrig van geskiedenis in Frankryk gedoen en het twee handige teksboeke gepubliseer, naamlik *Précis of modern history* (1827) en *An introduction to universal history* (1831). Hy het by die École Normale, die Sorbonne en die Collège de France onderrig gegee. Hy was tweedens betrokke by die skool van historiese skrywe, waar die behoefte om geskiedenis van binne te sien, die verlede laat "opstaan" het uit die dood. Laastens het hy dieselfde passie vir primêre bronne as sy tydgenote gehad. Hy is in 1831 as hoof van die historiese gedeelte van die Nasionale Argiewe aangewys. Sy beste werke was die eerste ses volumes van sy sewentien volumes genaamd *Histoire de France* (1833 – 67). Die werk word soms deur romantiese oordreweheid gekenmerk, maar daardie simpatie met 'n tydperk en sy mense is die eerste vereiste vir 'n moderne historikus. Michelet het verder aangetoon dat geskiedenis, in die eeu van historiese rewolusie, nie net met politiek en diplomatie bemoed moet wees nie, maar met al die fasette van menslike gemeenskappe. Die klem op die belang van geografie het na Michelet deel van die Franse historiese geletterdheid geword.

MILL, JOHN STUART (1806 – 1873)

Engelse filosoof en ekonoom; outeur van *On Liberty* (1859), die klassieke filosofiese verdediging van liberalisme, asook *Utilitarianism* (1863), 'n weergawe van die "grootste geluk vir die grootste aantal"-beginsel wat in Etiek voorkom. Sy progressiewe uitkyke het *On the subjection of women* (1869) geïnspireer. In sy sosiale filosofie het hy weldra die utilitiese uiterste individualiteit laat vaar vir 'n uitkyk wat verwant aan liberale sosialisme was, terwyl hy steeds groot klem op die vryheid van die individu geplaas het. Hierdie verandering kan teruggetrek word na latere uitgawes van *Principles of political economy* (1848). Hy is in Londen gebore en het in 1822 by die Oos-Indiese Kompanjie aangesluit, waar hy tot sy aftrede in 1858 gebly het. In 1826 het hy 'n krisis beleef, soos in sy *Autobiography* (1873) beskryf is. Hy het sy pa (die opvoeder James Mill) se droewige intellektuele nuttigheidsleer emosioneel onbevredigend gevind en het dit vir 'n meer menslike filosofie laat vaar. In *Utilitarianism* het hy beweer dat aksies korrek was, as dit geluk bewerkstellig het en verkeerd was, as dit die omgekeerde van geluk bewerkstellig het. *On Liberty* het wegbeweeg van die utilitiese gedagte dat individuele vryheid nodig was vir doeltreffendheid op ekonomiese- en regeringsfronte en het die klassieke verdediging van individuele vryheid as 'n waarde opsigself en as die kenmerk van 'n volwasse samelewing bevorder. Hy was 'n Radikaal in die Parlement van 1865 tot 1868 en het 'n mosie vir vrouesmarie bekendgestel. Sy filosofiese en politieke werke sluit *A system of logic* (1843) en *Considerations on representative government* (1861) in.

MZILIKAZI (c. 1800 – 1968)

Stigter en eerste hoofman van die Matabele stam. Hy was eers 'n brawe soldaat van Shaka wat in 1824, uit vrees vir die Zulukoning, met 'n aantal volgelingen oor die Drakensberge gevlug het en hom in die Magaliesberge, naby hedendaagse Pretoria, gevestig het. Hy het tussen 1824 en 1830 verwoesting onder die stamme tussen die Vaal- en Limpopo-riviere gesaai. Uit vrees vir Shaka se opvolger, Dingane, het hy in 1832 verder noord beweeg en teen die Voortrekkers onder Hendrik Potgieter opgemars, maar is verslaan. Mzilikazi het met sy volgelingen oor die Limpopo gevlug, waar hy sy nuwe hoofstad Bulawayo en sy nuwe Matabele koninkryk gevestig het. Met die ontdekking van goud het 'n vloed van Europeërs die gebied binnegestroom en die land het onder Britse bewind, onder die leierskap van Cecil John **Rhodes** gekom. Mzilikazi is in 'n grot naby Rhodes se laaste rusplek begrawe.

NEWTON, ISAAC (1642 – 1727)

Engelse fisikus en wiskundige wat die fundamente van fisika as 'n moderne dissipline gelê het. Hy het van 1665 – 66 die binominale teorie en differensie en integrale calculus geskep, in 1685 sy universele swaartekragwet uiteengesit, ontdek dat wit lig uit vele kleure bestaan en die drie standaard bewegingswette wat vandag nog gebruik word, ontwikkel. Sy *Philosophiæ naturalis principia mathematica* (1686 – 87), waarna gewoonlik verwys word as *Principia* is in drie volumes met behulp van Edmund Halley gepubliseer.

ODUM, EUGENE P

Callaway Professor van Ekologie en Direkteur van die Instituut van Ekologie, Universiteit van Georgia.

PIAGET, JEAN (1896 – 1980)

Dierkundige, epistemoloog en logikus in Neuchâtel, Switserland gebore. Hy het reeds as kind 'n belangstelling in diere ontwikkel en het sy eerste artikel op tienjarige ouderdom gepubliseer en voor sy een-en-twintigste verjaarsdag meer as twintig artikels oor weekdiere geskryf. Hy is deur sy oom aan filosofie bekendgestel en het veral op epistemologie, die studie van kennis gekonsentreer. Hy het sy doktorsgraad in Biologie aan die Universiteit van Lausanne behaal en vir twee jaar abnormale sielkunde, epistemologie, wiskunde en die geskiedenis van wetenskap by die Sorbonne in Parys bestudeer. Hy het by die Institut Jean-Jacques Rousseau in Genève begin om formele navorsing oor die denke van die kind uit te voer. Sy werke sluit *The language and thought of the child* (1926), *Judgement and reasoning in the child* (1928) en *The moral judgment of the child* (1932) in.

PLATO (428 – 347 vC)

Griekse filosoof, leerling van Socrates, onderwyser van **Aristoteles** en stigter van die Akademie. Hy was die outeur van filosofiese dialoë oor metafisika, etiek en politiek. Sentraal tot sy onderrig is die gedagte van vorms, wat buite die alledaagse wêreld geleë is en wat tydloos, bewegingloos en absoluut reël is. Sy filosofie het Christelike en Europese kultuur beïnvloed. Dertig van sy dialoë het oorleef en is bedoel vir opvoering aan sy studente of aan lede van die publiek. Dit sluit *Iron*, oor digkuns, *Symposium*, oor liefde, *Phaedo*, oor onsterflikheid en *Apology and Crito*, oor Socrates se verhoor en dood in. Plato se filosofie verwerp wetenskaplike rasionalisme ten gunste van argumente, want volgens hom is die verstand fundamenteel en nie materie nie en is materiële voorwerpe slegs onperfekte weergawes van abstrakte ewige "idees". Sy politieke verhandelings word in *The Republic* en *The Laws* uiteengesit.

POPPER, KARL (1902 -)

Oostenrykse wetenskapfilosoof. Sy teorie van vervalsing sê dat, alhoewel wetenskaplike veralgemenings nie oortuigend bevestig kan word nie, dit oortuigend vervals kan word. Wetenskap is daarom nie sekere kennis nie, maar 'n reeks gissings en weerleggings, wat 'n besliste waarheid benader, maar dit nooit bereik nie. Psigo-analise en **Marxisme** is onvervalsbaar en daarom onwetenskaplik. Sy werke sluit in *The logic of scientific discovery* (1935), *The poverty of historicism* (1957), *Conjectures and refutations* (1963) en *Objective knowledge* (1972). Hy is in Weenen gebore en opgelei, maar het in 1945 'n Britse burger geword en was Professor in Logika en Wetenskaplike metode by die London Ekonomiesekool.

RHODES, CECIL JOHN (1853 – 1902)

Suid-Afrikaanse politikus wat in die Verenigde Koninkryk (VK) gebore is. Hy was die Eerste Minister van die Kaapkolonie van 1890 tot 1896. In sy strewe om 'n Suid-Afrikaanse Federasie en 'n blok van Britse gebied van die Kaap tot Kaïro te vorm, het hy Bechuanaland (Botswana) in 1885 geannekseer en die Brits Suid-Afrikaanse Maatskappy in 1889 gestig, wat Mashonaland en Matabeleland beset het en daardeur Rhodesia, vandag Zimbabwe en Zambië, gevorm het. Die Rhodesbeurse is volgens sy testament by Oxford Universiteit, VK geskep en is bedoel vir studente van Statebondlande, VSA en Duitsland.

SALOMO, KONING (c. 974 – 937 vC)

In die Ou Testament, die derde koning van Israel, seun van Dawid en Batseba. Hy was beroemd vir sy wysheid en alliansies met Egipte en Fenisië. Die latere boeke van Spreuke, Prediker en Hooglied word aan hom toegeskryf. Hy het 'n tempel in Jerusalem met behulp van belasting en dwangarbeid gebou, wat die opstand van Noord-Israel tot gevolg gehad het.

SHAKA (1787 – 1828)

Zulu hoofman wat die Zuluryk in Suidoos-Afrika gevorm het. Hy het in 1816 die mag van sy halfbroer, Dinghane gevat en daarna 'n bloedige militêre krygstog gevoer om die Zulu stamgroepe te verenig. Hy is in 1828 deur twee van sy halfbroers vermoor.

SHAKESPEARE, WILLIAM (1564 – 1616)

Engelse dramaturg en digter, gebore in Stratford-on-Avon, getroud met Anne Hathaway. Sy werke sluit liëse toneelstukke, komedies, historiese toneelstukke en tragedies in. Hy het ook verskeie sonnette geskryf.

SMITH, R.

Professor in Filosofie by Kansas State Universiteit. Sy publikasies sluit in vertalings met kommentaar oor Aristoteles se *Prior Analytics* (1989) en Boeke I en VIII van die *Topics* (1994).

TEILHARD DE CHARDIN, PIERRE (1881 – 1955)

Franse Jesuïete teoloog, paleontoloog en filosoof. Hy is bekend vir sy kreatiewe sintese van natuur en geloof, wat op sy veldwerk en bestudering van fossiele gebaseer is. Publikasie van *Le phénomène humain / The phenomenon of man* (1938 – 40) is tot na sy

dood vertraag deur die inbeslagneming daarvan deur sy hoofde of kloostervoogde, as gevolg van sy onortodokse uitkyke. Hy het die mensdom gesien as in 'n voortdurende proses van ewolusie wat na 'n perfekte spirituele toestand beweeg.

THOMSEN, CHRISTIAN JÜRGENSEN (1788 – 1865)

Deense argeoloog. Hy het die klassifikasie van pre-historiese kulture in Steentydperk, Bronstydperk en Ystertydperk opgestel.

THUCYDIDES (460 – 400 vC)

Atheense historikus wat bevelvoering met so min sukses in die 424 Peloponnesiese Oorlog teen Sparta uitgeoefen het, dat hy tot 404 verban is. In sy *History of the Peloponnesian War* het hy gepoog om wetenskaplike onpartydigheid te verkry.

TOYNBEE, ARNOLD JOSEPH (1889 – 1975)

Engelse historikus en outeur van *A study of history* (1934 – 1961), waarin hy gepoog het om die wette, wat die opkoms en val van beskawings bepaal, te ontdek.

VOLTAIRE (1694 – 1778)

Franse skrywer wat geglo het in deïsme. Hy het homself aan verdraagsaamheid, geregtigheid en humaniteit gewy. Hy het weggekrui om arrestasie vir sy *Lettres philosophiques sur les anglais / Philosophical Letters on the English* (1733) te vermy. Ander werke is: *Le siècle de Louis XIV / The age of Louis XIV* (1751), *Candide* (1759), 'n parodie oor **Leibniz** se "beste van alle moontlike wêreld" en *Dictionnaire philosophique* (1764). Hy is in Parys gebore en is twee keer in die Bastille opgesluit en tussen 1716 en 1726 vir lasterlike politieke verse uit die stad geban. *Oedipe / Oedipus*, sy eerste tragedie is in 1718 opgevoer. In Engeland het hy 'n epiese gedig oor Henry IV aan Koningin Caroline opgedra. Hy het van 1751 tot 1753 in Pruise, van 1754 naby Genève en van 1758 in Femey gewoon. Sy oorskot is in 1791 na die Panthéon in Parys vervoer.

VON RANKE, LEOPOLD (1795 – 1886)

Duitse historikus, wie se soeke na objektiwiteit in geskiedenis 'n geweldige impak op die dissipline gehad het. Sy pogings om te verduidelik "hoe dit werklik gebeur het," het historiese denke binne en buite Duitse grense tot en na 1914 gedomineer. Hy was 'n professor in Berlyn van 1824 tot 1872 en die skrywer van meer as sestig volumes.

WALLACE, ALFRED RUSSEL (1823 – 1913)

Engelse naturalis wat plant- en diereksemlare in Suid-Amerika en Suidoos-Asië versamel het en onafhanklik by 'n ewolusieteorie deur natuurlike seleksie, soortgelyk aan dié van **Darwin**, uitgekom het.

BYLAAG B
AANVULLENDE NOTAS
AFRIKAANS

DEPARTEMENT ARGITEKTUUR
DEPARTMENT OF ARCHITECTURE

STUDIEGIDS OMG 224
STUDY GUIDE OMG 224

Opgestel deur Yolanda van der Vyver Augustus 2001
Compiled by Yolanda van der Vyver Augustus 2001

VAKKURSUSBESKRYWING

Geskiedenis van die omgewing van Suid-Afrika vanaf die Protomens tot en met die hede.

Begrip van die dialektiek verweef in die Suid-Afrikaanse konteks en Suid-Afrika as deel van Afrika en deel van die wêreld.

Die veelvuldige perspektief van ons eie omgewing.

Identifisering en blootstelling aan historiese en eietydse bronne oor Suid-Afrikaanse argitektuur.

Debat oor eietydse Suid-Afrikaanse argitektuur en rol van die argitek in eie konteks.

TAKE

Soos in klas bespreek



WEEK 1

LESING

DIE STUDENT IN SY KONTEKS

TAAK: Kies onderwerp vir semesterprojek

TREFWOORDE:

Paradigma
Ekosisteem
Metabletika
Begrip

Bewustheid
Waarde
Betekenis
Credo

TREFWOORDE:

Kontemplasie
Teorie
Wetenskaplike metode
Begrip

Absolute waarheid
Probleemstellings
Integrasie

BIBLIOGRAFIE:

BOTHA, W.M, DU TOIT, P.H. 1989. *Riglyne vir voorbereiding van werkstukke*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

LEEDY, P.D. 1989. *Practical research planning and design*. 4th ed. New York: Macmillan.



WEEK 2

LESING

GEOLOGIE EN GEOGRAFIE

VELDWERK: Besoek Geologie Departement (eie tyd)

TREFWOORDE:

Kainosoïkum (Senosoïkum)	Andrew Gueddes Bain (1797 – 1864)
Tersiër	Sir Charles Lyell (1797 – 1875)
Kwartinêr	Sir Richard Owen (1804 – 1892)
Mioseen	Eduard Suess (?)
Plioseen	Alfred Wegner (1880 – 1930)
Pleistoseen	Alex du Toit (1878 – 1948)
Holoseen	François Le Vaillant (1753 – 1824)
Palaeolities	Jean Baptiste Antoine Lamarck (1744 – 1829)
Oldowan	
Aechulies	

BIBLIOGRAFIE:

STANDARD ENCYCLOPAEDIA OF SOUTH AFRICA (SESA). 1970. 12 Volumes. Cape Town: Nasou.

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK (SABW). [Available in English: Dictionary of South African Biography (DSAB)] 1968-95. 6 Volumes. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)

Geologiese era

Kainosoïkum (Senosoïkum): *kainos* (G) + *zoion* (G)
nuut dier
70 miljoen jaar gelede tot vandag

Geologiese periodes

Tersiër: Eerste 69 miljoen jaar van die kainosoïkum
Soogdiere ontwikkel en vermeerder

Kwartinêr: Laaste 1 miljoen jaar, onlangste geologiese tyd, eerste epog daarvan gekenmerk deur gletsertydperke in noordelike halfmond

Geologiese tydperke

Mioseen: Idillies, swaar reënval, grondbewonende aap

Proconsul.

Plioseen: *pleion* (G) + *kainos* (G)
meer nuut

Laaste 10 miljoen jaar van die Tersiêre periode, soogdiere word dominante lewensvorm, vroeë mens verskyn.

Pleistoseen: Vroegste deel van die Kwartinêre periode.

pleistos (G) + *kainos* (G)
meeste nuut

Holoseen: *holos* (G) + *kainos* (G)
hele nuut
Onlangste deel van die Kwartinêre periode. Ons eie geologiese tydperk.

Kulturele kronologie

Paleolities: Ou of vroeë steentydperk (1,5 miljoen – 10 000 jaar gelede)

Laer Paleolities: (2,5 – 1,5 miljoen jaar gelede),
kultuur van die mens ontwikkel, vroeë gereedskap, *Australopithecus*.

Oldowan: (1,8 – 1,5 miljoen jaar gelede)
Vernoem na Oldovaikloof in die Oos-Afrika Rifvallei, Tanzanië. In Suid-Afrika ontwikkel *Homo habilis*, Sterkfontein grotte en Swartkrans.

Aechulies: Vernoem na St. Acheul in die Sommevallei, noord Frankryk, gereedskap uit 'n later tydperk as dié in Suid-Afrika (1,5 miljoen – 200 000) is daar gevind, tweekantige pik mees algemeen en tipies. In Suid-Afrika: Wonderwerk grotte, Noord-Kaap; Wonderboom, Pretoria.

Middel Paleolities: Verskeidenheid van gereedskap word ontwikkel.

Hoër Paleolities: (35 000 – 10 000 jaar gelede)
Rotskuns ontwikkel.

Mesolities: Middelsteentydperk (nie gevind in Suid-Afrika nie)

Neolities: Laat steentydperk (nie gevind in Suid-Afrika nie)

Andrew Gueddes Bain (1797 – 1864)

In 1816 was Andrew Gueddes Bain op die troepeskop van die 83ste Regiment, die *Princess Charlotte*, wat na Suid-Afrika gekom het. Hy was 'n weeskind en het by sy oom in Edinburgh grootgeword, waar hy 'n goeie klassieke opvoeding gekry het. Hy het egter geen vakopleiding gehad nie. In 1818 het hy getrou met Elizabeth von Backstroom en in 1822 het die familie na Graaff-Reinet op die oostelike grens getrek. Hy was 'n avonturier, die eerste wat 'n amptelike lisensie gehad het om aan die ander kant van die Oranjerivier handel te dryf en in 1826 was hy die eerste witmens wat so ver noord as Dithubaruba, 24° suid, gedring het.

Tydens sy reise het hy 'n talent vir skryf en teken getoon. Die gebied waarin hy gewoon het, is sporadies deur oorlog geteister en is aan skuifende grenslyne blootgestel. Hy het daarom begin om paaie te bou in 1832. Teen 1837 het hy geologie ontdek, nadat hy 'n kopie van Lyell se *Principles of Geology* geleen het.

In 1828 het hy sy eerste fossiel ontdek. Die museum in Grahamstad het in 1844 geweier om sy versameling van 'ou bene' te aanvaar. Hy het sy versameling gestuur na die *Geological Society* in London, waar dit Sir Richard Owen se aandag getrek het.

Hy het verskeie komplimentêre briewe en skenkings ontvang en hierdeur aangemoedig, het hy aangekondig dat hy van plan was om 'n geologiese kaart van die Kaapkolonie voor te berei. In

November 1852 is die eerste geologiese kaart van Suid-Afrika voor die *Geological Society* gelê.

Daarna het Bain begin om passe vir paaie te bou. Hy was verantwoordelik vir Mitchellpas, Gydopas en Bainskloofpas, wat die eerste padtonnel in Suid-Afrika van ongeveer 110 meter bevat het.

In 1838 het hy, in 'n ligter luim, die verhoogstuk *Caatjie Kekkelbek, of die lewe saam met die Hottentotte* geskryf. Dit was 'n vroeë werk in Afrikaans en die titelkarakter se naam het 'n Afrikaanse idioom geword. Dit was 'n satire op die weldadigheid van die sendelinge van daardie tyd.

Sir Charles Lyell (1797 – 1875)

Sir Charles Lyell se *Principles of Geology* was na Darwin se *Origin of the Species*, die belangrikste invloed op 19de eeuse denke. Lyell het beweer dat die veranderinge wat op die aarde ingewerk het, nie antieke kataklismiese gebeure was nie, maar 'n geleidelike proses is, wat veroorsaak word deur kragte, wat vandag nog daarop inwerk.

Sir Richard Owen (1804 – 1892)

Hy was 'n Hunter Professor by die *College of Surgeons* in London en was verantwoordelik vir die oprigting van die *Natural History Museum* in South Kensington. Sy beskrywings en herkonstruksies van fossielreste was briljant en die ontwikkeling van anatomiese onderskeiding tussen homologiese en analogiese organe het groot vordering in morfologiese teorie toegelaat. Owen het ook aan die taal die woord 'dinosaurius' gegee. Hy het Bain se versameling populêr gemaak deur 'n reeks lesings getiteld: *On the discovery of the fossil remains of bidental and other reptiles in South Africa*.

Alfred Wegener (1880 – 1930)

Die Duitse meteoroloog en geofisikus, Alfred Wegener, het die teorie van kontinentale swerwing tussen 1912 en 1929 voorgestel. Sy hipotese was dat 'n enkel kontinent 300 miljoen jaar gelede bestaan het. Hy het dit Pangea genoem – Pan (alomvattend); Gaea (aarde). Sy teorie kan verduidelik word in terme van plaattektonika, die idee dat die aardkors bestaan uit 'n aantal plate, wat almal met betrekking tot mekaar beweeg.

Eduard Suess (?)

In 1875 het Eduard Suess, 'n vooraanstaande Oostenrykse geoloog 'n landmassa wat hy Gondwanaland genoem het, gepostuleer. Hierdie massa was eens aanmekaar, maar dele daarvan is nou onder die see. Dit het die kontinente van Suid-Amerika, Australië, Afrika en Antarktika ingesluit en het die suidelike deel van die oerkontinent Pangea (tussen 250 en 200 miljoen jaar gelede) gevorm. Die noordelike deel was Laurasië. Die boabab van Afrika en Australië is 'n oorblyfsel van Gondwanaland. Geen bewyse vir versonke kontinente is egter op daardie tydstip gevind nie.

Gondwana is 'n Indiese naam wat beteken land van die Gonde. 'n Gonde is 'n lid van 'n stam wat in sentraal Indië woon, waar sedimentêre rots en steenkool goed ontbloot was en wat die Gondwana stelsel genoem is deur geoloë van een van die vroegste geologiese opnames.

Alex du Toit (1878 – 1948)

Suid Afrika se mees vooraanstaande geoloog van daardie tyd, Alex du Toit, was 'n aanhanger van Wegener se teorie. Hy het *Our wandering continents* in 1937 gepubliseer waarin hy die ou naam van Gondwanaland vir die suidelike landmassa aanvaar het. Hy het bewyse van klimaat, fossiele, geologie en plantegroei gelewer.

Die oudste rotse

Ons planeet is dus nie staties nie, maar in 'n voortdurende siklus van wegsakking en hergeboorte. Van die oudste rotse in die wêreld, ongeveer 2 biljoen jaar oud, kan in Suid-Afrika gevind word in Barberton en in die gebied noord verby Pietersburg.

François Le Vaillant (1753 – 1824)

Hy was een van die buitengewone persone wat na Suid-Afrika gekom het. Hy was 'n reisiger, avonturier, verteller en versamelaar. Op sy tweede reis noord in 1883-4, het hy verby die Oranjerivier gegaan en die eerste voorbeeld van 'n kameelperd versamel, die eerste wat deur westerlinge gesien word sedert die tyd van Julius Caesar. Hierdie voorbeeld is na Parys gestuur en in 'n uitstalling gemonteer.

Jean Baptiste Antoine Lamarck (1744 – 1829)

Hy is aangestel as die *garde de l'herbier du Jardin du Roi* wat later die *Jardin des Plantes* genoem is en is 'n professoraat by die museum aangebied. Hier het hy Le Vaillant se kameelperd gesien, wat hom gehelp het om sy teorie van die ewolusie van verkrygde eienskappe te formuleer. Belangriker was sy benaming van die term 'biologie' en sy siening van herkoms as 'n soomlose, voortdurende gebeurtenis en dat as ons alle organismes beskou, ons moeilik sou kon onderskei tussen genera en spesies. Idees wat deur Lamarck en Darwin voorgestel is, het 'n nuwe navorsingsveld begin, naamlik paleo-antropologie, waarvan die belangrikste strewes was om die mens se voorgeslagte, asook die sogenaamde 'missing link' te vind.

VRAE:

Hoe het die geologie en geografie van Suid-Afrika die geskiedenis daarvan beïnvloed?

Hoe kan die geologie en geografie van 'n terrein die ontwikkeling van 'n gebou beïnvloed?



WEEK 3

LESING

PROTOMENS

VELDWERK: Besoek aan Transvaalmuseum.

TREFWOORDE:

Charles Darwin (1809 – 1882)	'Mev Ples'
Raymond Dart (1893 – 1988)	Taung
Robert Broom (1866 – 1951)	Makapansgat
<i>Australopithecus africanus</i>	Sterkfontein
<i>Australopithecus robustus</i>	Kromdraai
<i>Homo habilis</i>	Swartkrans
<i>Homo erectus</i>	
<i>Homo sapiens</i>	

BIBLIOGRAFIE:

ARDREY, R. 1967. *African Genesis*. New York: Atheneum Publishers.

MARAIS, E.N. 1969. *The Soul of the Ape*. London: Anthony Blond.

Illustrated History of South Africa: The Real Story. 1988. Cape Town: Reader's Digest.

In die 19de eeu is daar aanvaar dat die mees gevorderde vroeë beskawings dié was van die Midde-Ooste of Asië. Daar is dus aanvanklik geglo dat die eerste tekens van beskawing iewers in Asië gevind sou word. Charles Darwin (1809 – 1882) het egter voorspel dat dit die waarskynlikste is dat die mens se voorvaders iewers in Afrika geleef het. Dit was voor enige homoniede fossiele in Afrika gevind is. In 1924 is hierdie teorie van Darwin bewys.

Raymond Dart (1893 – 1988)

Raymond Dart is in Australië gebore en het in 1922 na Suid-Afrika gekom om as professor by die Anatomie Departement by die Universiteit van die Witwatersrand aan te sluit. Hy het sy studente aangemoedig om fossiele en interessante bene na hom toe te bring. Die *Northern Lime Company* was besig met uitgrawings in Taung. 'n Skedel is ontbloot tydens 'n dinamiet ontploffing van kalksteen en een van Dart se studente het die skedel na hom geneem, wat sy gekry het by die direkteur van die maatskappy se seun. Ander gedeeltes van fossiele is gevind en dit het gelei tot die ontdekking van die bekende Taung baba, wat volgens Dart eienskappe gehad het van iets wat iewers tussen 'n mens en 'n aap was. Hy het die spesie genoem *Australopithecus africanus* – die suidelike aap van Afrika.

In 1945 is Dart na Makapansgat na ontdekkings in die kalkwerke daar. Fossiele van *Australopithecus africanus* is gevind saam met fossiele van bobbejane, waarvan die meeste skedelfrakturte gehad het. Dit is moontlik veroorsaak deur 'n hou met 'n humerus van 'n bok, wat waarskynlik deur *A. africanus*, met sy klein brein, gebruik is as wapen en gereedskap. Dit is moontlik dat hy klein stukkie rots opgetel het en ook as wapen gebruik het, wat beteken dat hy die begin van die Steentydperk ingegaan het.

Robert Broom (1866 – 1951)

Robert Broom was 'n ondersteuner van Dart. Hy was 'n mediese praktisyn van Skotland wat in 1897 na Suid-Afrika gekom het. Hy was meer geïnteresseerd in paleontologie en antropologie as in die praktisering van medisyne. Hy was vir vyf jaar professor in Zoölogie en Geologie by Victoria College in Stellenbosch en is in 1934 aangestel as paleontoloog vir die Transvaal Museum in Pretoria. Hy het in 1936 begin met uitgrawings in Sterkfontein naby Krugersdorp en het 'n 2.5-miljoen jaar oue skedel uitgegrawe wat hy geklassifiseer het as *Plesianthropus transvaalensis*. Hy het dit die bynaam 'Mrs Ples' gegee, omdat hy onder die indruk was dat dit

aan 'n vroulike spesimen behoort het. Sy is egter later geherklassifiseer as ook 'n *Australopithecus africanus* en Francis Thackeray van die Transvaal Museum is in 2000 na Kalifornië om toetse te doen om te bewys dat 'Mrs Ples' wel manlik was.

'n Skoolseun, Gert Terblanche, het 'n gefossileerde palaat en tande gevind in kalkgevuilde grotte naby Kromdraai en 'n voorman by Sterkfontein het dit aan Broom oorhandig. Die kaak het groter tande gehad en was swaarder gebou as dié van die *A. africanus* en Broom het dit *Paranthropus robustus* genoem, onder die indruk dat dit 'n nuwe genus was. Daar word egter nou aanvaar dat hierdie groter aapmens deel van dieselfde genus is, maar aan 'n ander spesie van die *Australopithecus* behoort en is herdoop na *Australopithecus robustus*.

Broom het in 1947 sy werk begin in Swartkrans, wat ongeveer 1,6 km vanaf die oorspronklike ontdekking in Sterkfontein is. Baie oorblyfsels van *A. robustus* is in Swartkrans gevind en twintig jaar later is fossiele gevind wat soveel menslike eienskappe gehad het, dat dit in die genus van die mens geplaas is. Dit was die sogenaamde voorloper van die mens, die *Homo erectus*.

Homo habilis

'n Voorloper van *Homo erectus* was *Homo habilis* (*handy man*), wie se brein 50% groter was as dié van die *A. africanus*. Hy het van rowwe werktuie gebruik gemaak. Daar is 'n verskil tussen mensgemaakte artefakte en 'eoliete', wat klippe is wat onder natuurlike omstandighede ontstaan het en in hul natuurlike vorm gebruik is. Indien hitte en koue alternatiewelik op rots inwerk, kan die rots splinter en afskilfer met skerp rante. Rots in 'n rivier word ook mettertyd rond of met 'n punt geslyp en gepoleer, wat as maalstene gebruik kon geword het.

Homo erectus

Homo erectus het geleef tussen ongeveer 90 000 tot 1 miljoen jaar gelede. Hy was 'n jagter, wat moontlik van vuur gebruik gemaak het om diere, selfs so groot soos olifante, aan te jaag en hulle dan met elementêre klipwerktuie dood te maak. Klipwerktuie soos die handpik, is in die omgewing van Stellenbosch gevind. Die handpik is peervormig met 'n rowwe, skerp kant en is ongeveer 200mm lank. Dit het moontlik verskeie funksies gehad, wat kon wissel van om deur diervel te sny en been te vergruis, tot om te graawe. Stukkies wat in die maak van die pik afgekap is, is gebruik om mee te sny of te kraap.

Homo sapiens

Klas	Mammalia
Orde	Primates
Familie	Homonidae
Genus	Homo (mens)
Spesie	Sapiens (wys)

Die geskiedskrywer word nie geglo nie.

In 1955 het Dart by die *Pan African Congress in Prehistory* in Livingston, wat vandag Zambië is, verslag gelewer oor die feit dat die *Australopithecus africanus* gebruik gemaak het van wapens om sy prooi dood te maak. Hierdie uitgangspunt is glad nie aanvaar nie en kenners het beweer dat daar dierereste in die grot was omdat hiënas dit daarheen gesleep het. Robert Ardrey, 'n ondersteuner van Dart, het 'n lys van 24 punte gemaak om hierdie 'hiëna alibi', soos wat dit in daardie dae bekend gestaan het, verkeerd te bewys.

Die mens se oorsprong in die diereryk

Die mens se voorgeslagte is dus in die dierewêreld geanker. Volgens Robert Ardrey en ander naturaliste, het die mens baie eienskappe geërf van sy diere-voorouers. Indien die mens sy eie natuur wil ken, moet hy die horisonne van die dier ondersoek. Die oorspronge van nasionalisme, patriotisme en oorlog is die mens se sin vir territorialiteit. Die sosialiteit van diere


en voëls is net so deur die mens geërf. Eugene Marais (1871 - 1936) het baie waardevolle werk in hierdie opsig gedoen. Hy het vir drie jaar 'n trop bobbejane in die Waterberge bestudeer en sy bevindinge neergeskryf. In Europa is die meeste dierestudies in dieretuine gemaak. Diere agter tralies reageer nooit soos in die wilde natuur nie en die bevindinge gebaseer op hierdie studies, was nie altyd korrek nie. Die behepthed met seks, soos ervaar word onder diere in dieretuine, was een van die grondliggende premises van werk wat deur Sigmund Freud (1865 - 1939) gedoen is. Dit was egter foutief. Naturaliste soos Marais het gevind dat territorialiteit in baie gevalle eerder die optrede van diere sal bepaal as seks. Dit verskil ook natuurlik van spesie tot spesie.

Daar is vroeër geglo dat die mens se voorgangers so vredeliewend en vegetaries was, soos ander primate in sy familie. Die bestaan van die vleis-etende, moordende *Australopithecus africanus* het egter hierdie begrip verander. Die opspraakwekkendste eienskap wat die mens van die moordape gekry het, is die gebruik van wapens. Die wapen is ouer as die mens.

Antropoloë was oortuig daarvan dat die brein die eerste van die mens se ewolusionêre eienskappe was en nie die laaste nie. Die mens se postuur, dieet en lewenswyse moes voortgespruit het uit die oorspronklike gawe van 'n brein. Dertig het egter beweer dat die mens se voorvaders regop begin loop het, omdat dit nodig was vir die jag. Sy hande het ontwikkel om wapens te hanteer en hy het wapens nodig gehad, omdat sy tande en naels nie groot genoeg was nie. Die gebruik van die wapen het beteken dat meer vereistes op die senuweestelsel gemaak is vir spierkoördinasie, gevoel en sig. Die brein het vergroot en die mens het so ontwikkel. Sy fisiese eienskappe het dus eerste te voorskyn gekom en uit behoefte, het die brein daaruit ontwikkel. Die mens het dus nie die wapen geskep nie, maar die wapen die mens.



(Ardrey, 1967, p.182)



Vyftig jaar nadat hulle paaie vir die eerste keer gekruis het, het die 81-jarige Professor Raymond Dart weer kennis met die Taung kind gemaak. Dit is die kopbeen wat die waardevolste leidrade tot op hede oor die oorsprong van die mens verskaf. Die 'reunie' het in 1974 plaasgevind, met die viering deur die *Museum of Man and Science* van die 50ste herdenking na die ontdekking van die klein kopbeen by Taung in die Noord-Kaap.

(Illustrated history, 1988, p.14)



Die jaar is 1947 en by die Sterkfontein opgrawings naby Krugersdorp, bring Robert Broom (in 'n pak klere soos gewoonlik) en JT Robinson (wat kniel) 'Mev. Ples' aan die lig. Dit is die gefossileerde kopbeen wat bewys het dat 'n spesie van die mens miljoene jare gelede op die kontinent van Afrika bestaan het.

(Illustrated history, 1988, p.16)



(Illustrated history, 1988, p.15)

Haar volle naam was Plesianthropus transvaalensis, maar haar ontdekker Dr. Robert Broom, het haar Mev. Ples genoem. Later is dit bewys dat sy van dieselfde spesie as die Taung kind was.


Die familieboom van die mens

Australopithecus africanus


Homo habilis

Homo erectus

Homo sapiens sapiens



(Illustrated history, 1988, p.17)



Die eerste gereedskap

(Illustrated history, 1988, p.19)



GEVOLG VAN DIE ONTDEKKING VAN DIE PROTOMENS

Veranderende leerstellings

In die 18de eeu het die mense geglo dat die samelewing die werk van die mens self is. Dit was rewolusionêr, omdat daar in die Middeleeue geglo is dat die samelewing die werk van God of van die koning was. In die twintigste eeu was daar egter mense wat beweer het dat die mens die werk van die samelewing is.

Jean-Jacques Rousseau (1712 - 1778) was behep met die edelheid van die barbaar (*noble savage*). Volgens hom word die mens goed geskape, maar word hy boos as gevolg van sy eie toedoen. Primitiewe mense behou volgens hom hul moraliteit en beskaafde mense verloor dit.

Met rasionalisme kon alles betreffende die mens verduidelik word: die oorsaak van misdaad is in armoede gesoek; die oorsaak van oorlog is in imperialisme gesoek; politieke instellings was as gevolg van klassestryd, vroeë emosionele verhoudings het gelei na onvriendelike gesindhede; 'n proteïentekort was die oorsaak van kannibalisme; jeugmisdadigers het nie genoeg liefde as kinders gekry nie; die stadslewe het na allerlei euwels gelei en primitiewe eenvoud het goedheid voortgebring. Die samelewing was die werk van die mens of die mens was 'n produk van die samelewing. Volgens die nuwe bevindinge kon menslike optrede egter nie met sekerheid toegeskryf word aan redes wat in die menslike ondervinding lê nie.

Thomas Jefferson (1743 – 1826) het dieselfde onskuldige beeld van die Amerikaanse landelike familie voorgedra. Karl Marx (1818 – 1883) is beïnvloed deur die premisse dat as die mens se aard vredeliewend en goed is, dit die sosiale samelewing waarin hy woon moet wees wat vir sy vyandigheid verantwoordelik is. Die aard van die mens se samelewing word bepaal deur die besit van eiendom en produksie. Die aard van die mens self word dus bepaal deur die besit van kapitaal. Terwyl daar private besittings is, sal die mensdom altyd verdeel bly in die twee groepe van uitbuiters en mense wat uitgebuit word.

Africanus vs. robustus

Taung is op die rand van die Kalahari woestyn. Die kans dat die *Australopithecus africanus*, waarvan fossiele daar gevind is, dus 'n boombewoner was, is skraal. Hy was nie 'n gevorderde boomwonende aap, met 'n aap se slagtannde nie. Sy tande was ongeveer so groot soos 'n mens s'n met emalje van ongeveer 1mm. 'n Vegetariër het tande wat geskik is vir eindelose gekou om genoeg lae-kalorie voedsel in te kry om sy liggaamsgewig te onderhou. Dertig jaar na die ontdekking het dit gekom dat hy karnivoor was, omdat daar nie genoeg plantegroei was om hom aan die lewe te hou nie. Die oorblyfsels van bobbejane, ens. is saam met sy fossiele in grotte gevind. Die mens se regop posisie is gekombineer met 'n klein brein.

Die *Australopithecus robustus* was egter groter en lomper en sy tande was dié van 'n herbivoor. Sy kaak was ingerig om ewig te kou en kan meer vergelyk word met 'n bosbewonende primate. Sy tande het groewe gehad, wat veroorsaak is deur sand, wat hy saam met die wortels wat hy geëet het, ingekry het. Die *africanus* se tande was egter glad en gepoleer, soos dié van 'n roofdier.

Geologiese tyd

Die Mioseen was idillies en het 'n hoër reënval as vandag gehad. Dit was die tyd van die groot aap, die *Proconsul*, wat op die grond van vrugte geleef het. Mioseen Kenia is al beskou as die oorspronklike paradys.

Die reënval het verminder en woude het gekrimp. Die savannah en die woestyn het gesprei. Die mens in sy primateverlede, moes uit die woude en bosse kom. Party van die ape het op die grond gebly en ander het in die bome in gevlug. Die boombewoners moes spesialiste word, het

aangepas om in die bome te woon en het die grondbewoners uit die woude gejaag. Die grondbewoners is die velde van die savannah in; hulle was generaliste en het lank gesukkel om aan te pas. Die boombewoners was egter vir ewig gevangenes van die woud.

Tydens die geologiese era van die Plioseen het Afrika 'n droogte van 12 miljoen jaar ondervind. Daar is geen fossielrekords van daardie tyd nie, omdat water nodig is vir fossilering. 'n Klein gedeelte van die woud het egter in die middel van Afrika behoue gebly. Die boomaap het in daardie gebied gebly, maar is voortdurend bedreig. Uiteindelik was die boombewoners 'n ewolusionêre mislukking. Dink aan die gorilla wat vandag besig is om uit te sterf. Die grondbewoners het ontwikkel, begin vleis eet en van wapens gebruik gemaak. Hulle was 'n ewolusionêre sukses, waaruit die mens ontwikkel het.

Daarna het die reënseisoen van ongeveer een miljoen jaar, die Pleistoseen, gevolg. Dit is die tyd van die mens, vreemde weersomstandighede en ystydperke.

Geologiese bewyse dui daarop dat *Australopithecus* geleef het in die vroeë deel van die Pleistoseen van Afrika, 'n tydperk tot ongeveer 'n miljoen jaar gelede.

Kain en Abel

Die nageslag van die grondbewoner was die karnivore *Australopithecus africanus* en dié van die boomaap was die herbivore *Australopithecus robustus*. Die analoog kan gemaak word tussen moordende Kaïn en vredeliewende Abel. Kaïn het vir Abel verslaan en geboorte aan die mens geskenk.

Eienskappe van 'n mens

Groot glutus maximum om lyf regop te hou en te manipuleer
Bipodaal
Groot brein
Plat voete
Oogtande in plaas van slagtande
Stereoskopiese visie

Tyd, die dood en straling.

Die grootste rede hoekom ewolusie deur die mens moeilik aanvaar word, is omdat die konsep van die tyd wat daarby betrokke is, nie relatief tot die mens self is nie. Dit is moeilik om die gedagte van biljoene jare, selfs 20 miljoen jaar, te begryp. Die mens se geskiedenis en kultuur kan maar 'n paar duisend jaar teruggeneem word.

Voor 'n sekere tyd in die geskiedenis van lewende dinge, het die dood nie bestaan nie. Alge en amoeba bestaan voortdurend. Dele groei uit en breek af, maar die organisme as sulks sterf nie werklik nie. Konflik en vrees was ongeken. Wesens het ontstaan wat hul eie soort kon voortplant (eierléers). Die individu en individualiteit beteken variasie, dood en seleksie.

Jean Baptiste Antoine Lamarck (1744 – 1829) het voor Darwin die ewolusieteorie bekendgestel. Volgens hom het alle spesies een uit 'n ander ontwikkel – die spesiale uit die algemene, die komplekse uit die eenvoudige. Sy teorie oor die kameelperd is die bekendste. As gevolg van kompetisie met ander diere vir weidingsruimte, het die kameelperd 'n langer nek gegroei om hoër blare by te kan kom. Sy nageslag het dit geërf en nog langer nekke ontwikkel.

Darwin het natuurlike seleksie bekendgestel. Wysheid, vooruitgang en waardes bestaan, omdat minderwaardige wesens nie toegelaat word om aan te teel nie. Die dood is dus behulpsaam met natuurlike seleksie. Genes dra egter meer waarde en die mutasie van een geen kan die organisme verander. In die meeste gevalle is 'n mutasie skadelik en die organisme sterf daarvan, maar goeie mutasies word deur natuurlike seleksie behou en bevoordeel.

Die pepermot in Engeland was die kleur van 'n ou boomstam. Die boomstamme het egter sedert die Industriële Rewolusie swart begin word van roet in die lug. 'n Swart mutasie van die mot het ongeveer 150 jaar gelede tevoorskyn gekom. Hierdie mutasie is vandag volop, terwyl die oorspronklike kleur baie skaars is. Die omgewing het verander, 'n mutasie het ontstaan en die dood het ingetree.

Straling (kosmies of son) is ewig en kon mutasies veroorsaak het.

Datering

Die sogenaamde Piltdown mens is 'n fossiel wat in 1913 deur Charles Dawson by Piltdown, Sussex, Engeland "ontdek" is. Daar is aangevoer dat dit die vroegste oorblyfsels van 'n Europese homoniede was. Wetenskaplikes het in 1953 bewys dat die fluoriedinhoud van verskillende dele van die *Piltdown* mens verskil het. Dit was dus nie die fossiel van een wese nie en is as 'n skelmstreek bewys.

VRAE:

Watter eienskappe sou u gebruik om 'n mensagtige fossiel as *Homo* te klassifiseer?


Behoort die genus *Australopithecus* onder die genus *Homo* te resorteer?

Moet fossiele vanaf die terrein verwyder word?

Wie is die geregtigde eienaar van 'n fossiel?



AFRICA: THE LAST TWENTY MILLION YEARS



(Ardrey, 1967, p.227)



WEEK 5

LESING

KHOI-SAN

VELDWERK: Besoek African Window

TREFWOORDE:

Boesman
Hottentot
Khoi
San

Vervoeringsdans / transdans
Teriaantroop
Sjamaan

BIBLIOGRAFIE:

Illustrated History of South Africa: The Real Story. 1988. Cape Town: Reader's Digest.

LEWIS-WILLIAMS, D. DOWSON, T. 1989. *Images of Power*. Johannesburg: Southern.

MARAIS, E.N. 1969. *The Soul of the Ape*. London: Anthony Blond.

Die seevlak van die kuslyn van suidelike Afrika was 20 000 jaar gelede 100 meter laer as wat dit vandag is. In hierdie area was daar volop reptiele, insekte, voëls en soogdiere, sowel as *Homo sapiens*, wat in die grootste gedeelte van sub-Sahara Afrika teenwoordig was. Die afstammeling van hierdie area se oorspronklike menslike bevolking is vandag bekend as San.

Die San was jagter-versamelaars en die laaste oorblyfsels, bekend as die Boesmans, oorleef vandag nog in klein groepies in die Kalahari Woestyn. Hulle fisiese voorkoms (en dié van die verwante Khoikhoi) is anders as die Bantoe-sprekers. Hulle het 'n kleiner postuur, ligter velkleur en 'n unieke kliek-taal. Hulle was verteenwoordigend van die Steentydperk, totdat hulle in aanraking gekom het met ander bevolkingsgroepe. Hulle het nie van metale gebruik gemaak nie, hul wapens was van hout, been of klip gemaak, hulle het nie mak diere aangehou nie en het ook nie gewasse aangeplant nie. Hulle het geen pottbakkerswerk gemaak nie en het volstruiseierdoppe gebruik om vloeistowwe in te hou en te bêre.

Hulle was hoofsaaklik nomadies en het hulle gebiede verskuif op soek na wild en plantaardige voedsel. Hulle het daarom geen permanente nedersettings gebou nie. Argeologiese navorsing het bewys dat hulle rotsskuilings as tydelike woonareas geruik het, alhoewel oop kampe ook gevind is. Hulle het in klein familiegroepe van 15 – 25 mense gewoon en was 'n gemeenskap gebaseer op gelykheid. Die sjamaan het egter 'n belangrike rol vervul. Hy was daarvoor verantwoordelik om die siekes te genees, asook vir waarsêerskuns.

Ongeveer 2 000 jaar gelede het 'n rewolusie in hul sosiale en ekonomiese stelsels ontstaan toe groepe in die noordelike dele van wat vandag Botswana is, begin het om vee te verkry en te teël. Dit word aanvaar dat skape uit die Soedan in die noorde verkry is en dat beeste van die Bantoe-sprekers uit die ooste verkry is. Hierdie pastorale rewolusie het die ontwikkeling van die gedagte van individuele eienskapskap bevorder; 'n konsep wat teen die tradisies van die San was, waar alle hulpbronne die gemeenskaplike eiendom van die samelewing was. In jagter-versamelaar gemeenskappe is elkeen ongeveer gelyk, maar eienskapskap van vee het gelei tot die ontwikkeling van 'n sosiale hiërargie.

Die pastoraliste, of Khoikhoi (mans van mans), het begin om suid te trek op soek na nuwe weivelde. Hulle het in konflik gekom met die jagter-versamelaar San. Kompetisie vir wild het ontstaan, want alhoewel die Khoikhoi vee gehad het, het hulle gewoonlik slegs van hulle eie vee geslag vir spesiale seremoniële rituele. Hulle het daarom wild nodig gehad vir hul daaglikse voeding. Hulle troppe het die weivelde, waarvan wild afhanklik was, uitgedun en die San het begin om rooftogte op die vee van die Khoikhoi uit te voer.

Toe die Nederlanders in die 17de eeu in Suid-Afrika aangekom het, was daar nog 'n duidelike sosiale onderskeid tussen die Khoikhoi en die San. Die term 'San' is gebruik deur die Khoikhoi om mense aan te dui wat nie vee gehad het nie en dus in die diens van die ryker Khoikhoi moes tree. Die Nederlandse kolonialiste het alle klein geel mense wat hulle in die Kaap teëgekom het, 'Hottentots' genoem na aanleiding van die taal wat hulle gepraat het. Die term wat later deur kolonialiste gebruik is om die San te beskryf, was 'Boesmans' vanaf die Nederlandse *boschjesmans*.

Die Khoikhoi was verspreid langs die hoof kusgebied en die San in daardie area is deur die Khoikhoi ge-assimileer. Die res van die San groepe het na die binnelandse berge en woestyne gevlug.

Die Khoikhoi het yster geruil van die Xhosa in die ooste vir beter wapens en koper van die Tswana in die noorde vir ornamente. Dagga (*Cannabis sativa*) was nie inheems tot Suid-Afrika nie en is vir die eerste keer waarskynlik in Mosambiek deur Arabiese handelaars bekendgestel. Dit blyk dat dit 'n waardevolle dwelmmiddel geword het, wat boonop gebruik is as kruiemiddel vir 'n verskeidenheid van siektes. Die Khoikhoi het te veel rondgetrek om dit self aan te plant en het dit geruil van die Xhosa aan die ander kant van die Groot Visrivier. Hulle het dit eers gekou en tee daarvan gemaak en later begin rook, nadat westerlinge die pyp aan hulle bekendgestel het.

60 jaar nadat Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap geland het, was die eeu-oue sosiale en ekonomiese orde van die Skiereiland Khoikhoi aan skerwe. Die Khoikhoi bevolking van die Wes-Kaap is onder andere uitgeroei deur 'n pokke epidemie in 1713 – 'n siekte waarteen hulle min weerstand gehad het.

'n Groot gedeelte van rotskuns en gravures in suidelike Afrika, was die werk van die San, alhoewel sekere elemente aan die Khoikhoi toegeskryf kan word. Dit is oorspronklik geglo dat die redes vir hierdie kunsvorm gevind kon word in die mens se inherente begeerte om homself op een of ander manier uit te druk – kuns vir kuns se onthalwe – of om beheer uit te oefen oor die diere wat in die kuns uitgebeeld word. Huidige navorsing toon dat 'n groot gedeelte van hierdie kuns verband hou met die vervoeringsdans of transdans, wat nogsteeds 'n belangrike deel vorm van die San se reaksie op omgewingsdruk.

Die sjamaan in vervoering (*trance*) is 'n belangrike skakel tussen die wêreld van geeste en die alledaagse wêreld. Gedurende hierdie vervoering word baie pligte uitgevoer: siekes word gesond gemaak, daar word met die geesteswêreld gekommunikeer, inligting word ingesamel en waarsêerskuns word beoefen en aan die groep oorgedra deur die medium van rotskuns en gravures.

Die beelde wat die sjamaan tydens sy vervoering sien, is op die rotswande gevef en het nie altyd die werklikheid verteenwoordig nie. Tekeninge van mans met diereienskappe word gereeld gevind en verteenwoordig die denkbeeldige verandering wat die sjamaan ondergaan terwyl hy in vervoering is.

Kontak met ander mense is later ook in rotskuns in die vorm van vee en gewere uitgebeeld. Tekeninge was monokroom, bikroom of polikroom. Pigmente wat gebruik is, was ysteroksied vir geel en rooi, mangaandioksied vir swart en samestellings van kalsium en magnesium vir wit. Hulle het waarskynlik hierdie pigmente gemeng met 'n bindingsagent soos albumien, plantsap, uriene of bloed. Verf is op 'n verskeidenheid van maniere aangewend deur van stokke, vere of vingers gebruik te maak.

Die vroegste tekeninge is in Namibië gevind en is tussen 25 000 en 27 000 jaar oud. Die kunstradisie het in die middel van die 19de eeu geëindig toe die laaste van die San kunstenaars dood is.

Geheue

Ons oorsprong in die diereryk was hoofsaaklik geleë deur die vertrouwe in instink. Die leerproses speel 'n belangrike rol in alle dierelewe: 'n amoeba kan 'leer'. Alhoewel hierdie leerproses instink versterk en sy geërfde voorskrifte aanpas by omstandighede van tyd en plek, bly dit nog steeds die instink wat lei. In die progressiewe primate en in baie roofdiere was hierdie antieke wysheid, wat in die genes vasgevang is, nie goed genoeg nie. Daar het konflik ontstaan tussen wat Marais genoem het die 'ou' verstand; die geërfde diereverstand, en die 'nuwe' verstand, wat deur individuele ondervinding ontwikkel het.

Die nuwe verstand maak die menslike bereiking van aanpasbaarheid tot elke moontlike omgewingstoestand moontlik. As ons genetiese wysheid vir ons geen inligting kan bied oor hoe om 'n nuwe stand van sake te hanteer nie, kan ondervinding en onderrig dit doen. Marais se studies van bobbejane het gewys dat hulle net soos mense, deur ondervinding en onderrig, suksesvol kan wees. 'n Hooffunksie van enige samelewing, menslik of sub-menslik, is opvoeding. Opvoeding van die stadiggroeiende jeug van hoër primate word bewerkstellig deur tradisies van die hele trop.

Marais het twee eenvoudige terme uitgedink, naamlik filetiese en kousale geheue (*phyletic and causal memory*). In biologie word daar gepraat van filogenese of ontwikkelingsleer wanneer daar verwys word na die geskiedenis van 'n spesie en sy voorafgaande spesies. Ons is onbewus van die oorsaak van 'n filetiese herinnering, omdat die geheue self in ons genetiese samestelling gedra word as 'n produk van ewolusionêre krisisse van die verlede. Filetiese geheue vorm die onbewuste gedeelte van die dierepsige. Kousale geheue is die bewuste gedeelte wat ontstaan uit ondervindings in die dier se leeftyd. Die storie van die psigiese ewolusie is die geleidelike opkoms van kousale geheue oor filetiese geheue.

Filetiese geheue is Marais se term vir wat ons sal noem instink. Die grootste gedeelte van die optrede van hoër 'nie-primate' soogdiere word bepaal deur instink. Dit is die geneigdheid, wat deur oorerwing gevestig is, om op 'n sekere definitiewe manier op te tree as gekose reaksie op sekere normale omgewingstoestande. Die optrede van miere word deur instink geleë. Daar is geen beeld in hul geestesoog van die einddoel, wat die resultaat van hul optrede sal wees nie. 'n Vink wat mak grootgemaak is, het steeds die instink om 'n pragtige nes te bou, alhoewel hy nog nooit 'n voltooide nes gesien het nie. Spesies met 'n sterk filetiese geheue is van die begin van hul lewe toegerus met al die komplekse herinneringe wat hulle nodig het om te oorleef.

Kousale geheue is die vermoë om die verband tussen oorsaak en gevolg te memoreer. Dit is die vermoë om individuele herinneringe te versamel en kan nie geërf word nie. Optrede van voëls word nog bepaal deur instink, maar daar is reeds 'n vorm van individuele, kousale geheue. Kousale geheue is dominant in primate. As primate gebore word, is hulle hulpeloos. Sonder onderrig weet 'n primate nie waar om vir kos te soek of wat om te eet, waar om skuiling te soek, of hoe om gevaar te herken nie en selfs sy seksuele sin is nie korrek geörienteer deur oorerwing nie. Die mens het nog die fisiese eienskappe wat nodig is vir sy instink, maar het afgeleer om dit te gebruik.

Spesialisasie geskied nie sonder nadele nie. Die pyn van die menslike bewussyn is akuit en het geleë tot die gebruik van dwelmmiddels met die doel om euforie en 'n gevoel van geluk en welsyn voort te bring. Dit is die universele remedie teen die pyn van bewustheid.

Marais het die Boesman as volg beskryf:

They are the embodiment of mental misery. Their dances are funeral processions and their favourite music a monotonous wail of misery. Never was a race so quickly and effectively devastated by habits of intoxication. From dagga they started using the white man's intoxicants, alcohol and tobacco and bartered their means of livelihood.

KHOI-SAN KUNS

BIBLIOGRAFIE:

LEWIS-WILLIAMS, D. DOWSON, T. 1989. *Images of Power*. Johannesburg: Southern.

LIEBENBERG, L. 1990. *The Art of Tracking: The origin of Science*. Cape Town: David Phillip.

Europese wanopvattinge

Daar was vurige geskille in die verlede oor die identiteit van die kunstenaars van rotskuns in suidelike Afrika. Daar is gereeld beweer dat eksotiese mense die kuns gemaak het, omdat daar geglo is dat die Boesmans te 'primitief' was om die vermoë te hê om sulke sensitiewe kuns te kon voortbring. In 1655 het Jan Wintervogel, wat deur Jan van Riebeeck op 'n ontdekkingsreis gestuur is, die Boesmans beskryf as mense met 'n baie klein postuur, wat skaars aan die lewe bly, wild is en sonder hutte, vee of enige iets anders in die wêreld bestaan. Die sendeling Henry Tindall het in 1856 aan 'n gehoor in Kaapstad vertel:

He has no religion, no laws, no government, no recognised authority, no patrimony, no fixed abode ... a soul, debased, it is true, and completely bound down and clogged by his animal nature.

Dit is ook geglo dat hierdie kuns uitlanders uitbeeld. Die Abbé Henri Breuil, een van die invloedrykste figure in die studie van prehistoriese kuns in Europa en elders, het geglo dat hy uitbeeldings van Minoërs, Feniciërs en ander Mediterreense mense kon identifiseer in suidelike rotskuns.

Die Wit Dame van Brandberg is in 1917 ontdek deur Renhardt Maack, wat besig was om 'n kaart van hierdie beroemde berg in Namibië voor te berei. Breuil het Brandberg in 1947 besoek en het beelde van ruïnes van Minoërs en Griekse stede opgeroep.

Onlangse navorsing toon dat die Wit Dame manlik is en 'n pyl-en-boog dra. Alhoewel sy onderbene wit geveer is, het Boesmans nie altyd kleur realisties gebruik nie. Die beroemde Wit Dame van die Brandberg is dus nóg 'n dame, nóg wit.

Boesmangeloof

/Kaggen is die belangrikste suidelike godheid. Hy het alles geskep en gedra homself nie altyd nie. 'n Vertaling van die woord beteken 'hottentotsgod' en dit het daartoe gelei dat mense geglo het dat die Boesman die hottentotsgod aanbid, vandaar die naam in Afrikaans. /Kaggen is nie hierdie insek nie, maar dit is slegs een van sy baie manifestasies. Hy kan baie ander vorms aanneem. Die Boesmans glo in geeste van dooies, maar nie as deel van voorvaderaanbidding nie. Daar word geglo dat hierdie geeste siekte en dood bring en dat die sjamaan almal beskerm deur 'n rituele transdans uit te voer. Geloof is 'n deel van die weefsel van alledaagse bestaan. Daar is nie 'n duidelike onderskeid tussen die heilige en sekulêre nie. Hulle geloof en houdings teenoor die bonatuurlike is belangrik om 'n behoorlike begrip van hul kuns te hê.

Kuns

Die simpatieke-towerkuns verduideliking vir die betekenis van die kuns, stel voor dat mense uitbeeldings van diere gemaak het voor 'n jagtog, omdat hulle geglo het dat die aksie van uitbeelding of as hulle boë skiet na hierdie uitbeeldings, sukses in die jag sal verseker. Hierdie verduideliking is vanaf Europa na Afrika gebring, maar daar was geen bewyse dat die Boesmans in hierdie tipe towerkuns geglo het nie.

Nog 'n verduideliking is dat die Boesmans uitgebeeld het net wat hulle wou: jagtogte, gevegte, danse, amusante gebeurtenisse, vleisdiere en nou en dan 'n mitiese figuur. Die kuns word hierdeur verlaag na amusante vignettes en absurde kommentaar oor rotskuns was die gevolg daarvan.

Daar is verskeie redes hoekom sulke kommentaar die beginsel van Boesman rotskuns verdraai, maar die belangrikste daarvan is dat hierdie kuns deur Westerse oë gesien is. Dit is nie moontlik om die betekenis van 'n kunswerk te verstaan, sonder ten minste leiding van die kunstenaar of 'n volkome begrip van die kultuur waaruit dit kom nie.

Taal

In die jare 1870 het Dr. Wilhelm Bleek, 'n Duitse taalkundige, baie van die Boesman se geloof gedokumenteer. 'n Mens moet onthou dat hierdie gelowe nie op enige manier vergelyk kan word met verduidelikings soos wat in Westerse terme en taal uitgedruk word nie. Boesmans gebruik baie metafore in hul verduidelikings, wat vergelyk kan word met 'n uitdrukking soos 'jakkals trou met wolf se vrou.' Hulle denke en gelowe was selde so eenvoudig as wat dit gelyk het.

Transdans

Beide tekeninge en gravures word nou verbind met die aktiwiteite van medisynemense of sjamaans. 'Sjamaan' is 'n Tungus woord van sentraal Asië en is in antropologiese literatuur aanvaar as 'n beskrywing van iemand in 'n jagter-versamelaar gemeenskap wat in 'n trans ingaan om mense te genees, die toekoms te voorspel, die weer te beheer en goeie jag te verseker. Boesman-sjamaans is nie 'n bevoorregte klas nie. By 'n transdans sit die vrouens gewoonlik om 'n sentrale vuur en klap die ritme van spesiale liedjies. Die mans dans in 'n sirkel om die vrouens. Daar word geglo dat die klanke 'n bonatuurlike krag of sterkte in werking stel, wat in die liedjies en in die sjamaans self woon. Hierdie krag rys op in die sjamaan se ruggraat en hy gaan in 'n trans in. Dit gaan soms gepaard met 'n bloedneus. Boesmans gebruik vandag selde hallusinogene, maar hulle het dit moontlik in die verlede gebruik. Hulle maak in plaas daarvan staat op hiperventilasie, intense konsentrasie en ritmiese danse om hul bewustheidstoestand te verander. 'n Metafoor vir 'n trans is 'om bederf te word' of 'om dood te gaan'.

Sjamaans lê hulle bewende hande op almal teenwoordig om siekte uit mense in hulself te trek. Hierdie siekte word dan met 'n gil uit hul liggame gewerp deur 'n opening in die nek. Die siekte keer terug na sy oorsprong, wat onbekende kwaadwillige sjamaans en geeste van dooies is. Alles draai eers in die rondte en die sjamaan sien spirituele diere wat in die donkerte staan. Dan gaan hy onder die grond, verlaat die draaiende wêreld en betree die geestelike wêreld waar allerhande gedrogte woon, soos mense wat in leeus verander is, bytende slange, groteske geeste van dooies en die god self, vreesaanjaend en vuil. Die sjamaan verander soms in 'n mamba om te oorleef. Hy keer na sy liggaam terug en raak aan die slaap. Die volgende dag is hy volkome herstel en kan hy aan mense van sy ondervinding vertel of dit deur kuns uitbeeld.

Boesman kuns was waarskynlik as gevolg van 'n kragtige emosie wat in rustigheid onthou word. 'n Ou Boesman vrou het in 'n onderhoud in 1985 daarop aangedring dat alle tekeninge deur sjamaans gedoen is. Gewone mense, volgens haar, het nie geverf nie.

Daar word geglo dat die sjamaan krag en sterkte het. Leerjonge van die sjamaan neem van sy krag op, maar die pyn en ondervindinge wat vir hulle wag in die spirituele wêreld is vir party te vreesaanjaend en hulle verlaat die soektog.

Groot wilde diere, soos die eland, het ook krag volgens hulle. Deur die gebruik van die bloed van sulke kragtige diere, kan die sjamaan sy tekening met die dier se krag deurweek. Krag vloei van die dier, deur sy bloed na die tekening waar dit gestoor word en dan van die tekening af na die sjamaan in sy trans. Boesman rotskuns is die brug tussen twee wêreldes.

Die drie stadiums van 'n trans

Stadium 1: Entopties

Mense, ongeag van hul kulturele agtergrond, sien entoptiese fenomene. Dit is glimmende geometriese vorms wat insluit sigsagvorme, chevrons, kolle, roosterpatrone, wortekse en U-vorme en word ervaar in gloeiende, glinsterende, bewegende en soms vergrotende patrone. Hierdie vorms is gedurig teenwoordig in Boesmankuns.

Stadium 2: Konstruele

Mense probeer om sin te maak uit entoptiese fenomene deur hulle in voorwerpe, waarmee hulle bekend is, te verwerk. Die bzz-geluide waarmee 'n trans gepaard gaan, word gereeld ontleed as bye. Bye is vir die Boesman 'n simbool van krag. In een tekening is 'n sigsag patroon verwerk in 'n slang met 'n bokkop.

Stadium 3: Entoptiese fenomene en ikone

Ikoniiese hallusinasies blyk dinge van die geheue af te lei en word gereeld geassosieer met kragtige emosionele ondervindinge. 'n Worteks of roterende tunnel word ervaar en sjamaans praat van 'n gat in die grond waar hulle ingaan. Aan die kante van die worteks, verskyn mense en diere spontaan. Ikone word soms met entoptiese fenomene geïntegreer. In Boesman rotskuns word hierdie twee fenomene gereeld gekombineer.

Een van die eienskappe van 'n diepe vervoering is die vermenging van verskillende visuele hallusinasies. Dit is gereeld menslike en diere vorms. Boesmankuns bevat talle uitbeeldings van mense met dierlike eienskappe. Dit word teniaantropie genoem.

Kuns en wetenskap

Kuns het nie net moontlik 'n rol gespeel in die oordra van wetenskaplike inligting in jagter-versamelaar gemeenskappe nie, maar daar blyk ook 'n ooreenkoms te wees tussen die intellektuele prosesse betrokke in wetenskap en kuns.

Die aanpasbare waarde van kuns berus moontlik op die feit dat die estetiese plesier wat daaruit verkry word, nie slegs is as gevolg van die oordra van nuttige inligting nie. Estetiese plesier het 'n kwaliteit wat maak dat mense dit herhaaldelik geniet. Jagter-versamelaars deel hul kennis en ondervinding met mekaar deur stories om die kampvuur te vertel. Die direkte oordra van nuttige inligting of formele opvoeding het min daarmee te doen, maar baie kennis word indirek in 'n ontspanne, sosiale konteks verkry. Kuns as manier om stories oor te dra verskaf estetiese plesier ongeag of die inligting wat oorgedra word nuttig is aldan nie.

Dit is belangrik om te onderskei tussen kennis gebaseer op induktief-deduktiewe beredenering en kreatiewe wetenskap, wat gebaseer is op hipoteties-deduktiewe beredenering. In die bestaan van jagter-versamelaars is die belangrikste gedeeltes van natuurlike wetenskap dié van plantewetenskap en van dierelewetenskap.


Om plante te versamel vereis baie kennis, maar relatief min vaardigheid. Kennis van eetbare plante kan verkry word deur die leer-en-probeer (*trial and error*) versameling van kennis, gebaseer op die induktief-deduktiewe beredenering. Kennis wat op hierdie manier verkry is, kan van een geslag tot die volgende oorgedra word. Die versameling van voedsel vereis nie verbeeldingryke teorieë om nuwe feite, gebaseer op die hipoteties-deduktiewe beredenering, te verduidelik of te voorspel nie.

Alhoewel plantewetenskap staties is, is dierelewetenskap aan die ander kant dinamies en behels dit veranderlikes en voortdurende verandering. Behalwe van inligting wat op direkte waarnemings, assosiasies en herkenning van seine gebaseer is (induktief-deduktief), vereis spekulatiewe spoorsonde ook dat seine geïnterpreteer moet word in terme van kreatiewe hipoteses (hipoteties-deduktief).

Die kritiese of rasonele tradisie van wetenskap kan nagegaan word tot die vroeë Griekse filosofiese skole. Eienskappe van die wetenskaplike benadering is vryheid van denke, kritiese debat en rasonele gesprek. Histories is die Ioniese skool die eerste waar leerlinge van die een geslag tot die volgende, hul meesters gekritiseer het. Dit is eens aanvaar dat die geloofstelsel van prehistoriese jagter-versamelaars gedomineer is deur bygeloof en irrasionele gelowe en dat hulle gereageer het op 'n basis van baie beperkte inligting, waarvan 'n groot deel verkeerd was. Die kritiese benadering van spoorsoners in die Kalahari vandag, stel voor dat die rasonele tradisie van wetenskap moontlik deur jagter-versamelaars beoefen is, lank voordat die Griekse filosofiese skole gestig is.




Die 'Wit Dame van die Brandberg' (na H. Pager)
(Lewis-Williams, 1989, p.5)



(Lewis-Williams, 1989, p.39)



(Lewis-Williams, 1989, p.80)




(Lewis-Williams, 1989, p.41)

	GRIDS	LINES	DOT	APES	FILIGREES	
ENTOPTIC PHENOMENA						
ENGRAVINGS						
PAINTINGS						
ENTOPTIC PHENOMENA						
ENGRAVINGS						
PAINTINGS						


(Lewis-Williams, 1989, p.61)




(Lewis-Williams, 1989, p.73)



(Lewis-Williams, 1989, p.63)



(Lewis-Williams, 1989, p.65)



(Lewis-Williams, 1989, p.67)

WEEK 7 & 8

LESING EN BESPREKING

YSTERTYDPERK

VELD WERK: Besoek African Window

TREFWOORDE:

Agrey kraal
(ba) Lemba
(ba) Venda
handmeul
Ma/[u]jsina
Modjadji
Zimbabwe

Komati
lithaku
Mapungubwe
Sofala
Kilwa
Klipriviersberg
prazeros

BIBLIOGRAFIE:

HALL, M. 1987. *The changing past: Farmers, kings and traders in southern Africa, 200-1860*. Cape Town: David Phillip.

Illustrated History of South Africa: The Real Story. 1988. Cape Town: Reader's Digest.

MAGGS, T. 1976. *Iron Age communities of the southern Highveld*. Pietermaritzburg: Natal Museum.

MASON, T. 1969. *Prehistory of the Transvaal; a record of human activity*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

WALTON, J. 1956. *African Village*. Pretoria: Van Schaik.

Europese wanopvattinge

Vir geslagte is Suid-Afrikaners geleer dat die Sotho en Nguni mense suidwes getrek het op ongeveer dieselfde tyd as wat vroeë kolonialiste oos en noord getrek het, totdat die twee groepe op die oostelike grens ontmoet het ongeveer waar Ciskei vandag is. Onlangse navorsing bewys egter dat gemeenskappe van die Ystertydperk so vroeg as 300 nC in die Noordelike Provinsie gevestig was en dat die oostelike grens die Khoikhoi en die San (Khoisan) van die Nguni geskei het vir honderde jare.

Die geheim van yster word ontsluit

Yster smelt wanneer dit die geweldige hoë temperatuur van 1 535° C bereik. Dit verander in 'n witwarm vloeistof wat gevorm kan word in gereedskap soos metaal ploë, dekoratiewe armbrande en pylpunte.

Waar en wanneer die geheim van yster ontsluit is, bly 'n raaisel. Mense van die Ystertydperk het in ongeveer 1 000 vC in verskeie wêrelddele, Afrika ingesluit, tevoorskyn gekom. Hulle het die Steentydperk vervang, wat die mens se vordering van die vroegste tye gekenmerk het. Die Ystertydperk het tot in die 19de eeu geduur.

Een van die teorieë is dat die bewerking van yster waarskynlik ongeveer 500 vC na sub-Sahara Afrika gekom het, deur handel oor die Sahara tussen Feniciërs, wat aan die kus gewoon het, en die mense van Wes-Afrika. Dieselfde kennis is ook waarskynlik suid vanaf Sudan oorgedra, omdat ysterwerke om die Victoriameer uit dieselfde tydperk dateer.

Koper is in die 8ste eeu ontgin en die mens was waarskynlik die eerste keer daartoe aangetrokke, omdat dit geweldige ysterreserwes hou. In die Vroeë Ystertydperk is klipwerktuie waarskynlik gebruik om mee te delf.

Die bewerking van metale het in die geheim en deur rituele plaasgevind en in die geval van die smelt van yster, was vroue en kinders nie toegelaat naby die smeltoonde nie.

Die mees algemene manier van ysterproduksie in die pre-industriële wêreld staan bekend as die 'direkte' of 'wolf' (yster) metode. 'n Kook ysterdeeltjies en vasgevangde slak is in die oond vervaardig teen 'n temperatuur van ongeveer 1200°C. Deur dit weer in 'n smeltoond te verhit en te hamer terwyl dit nog smeebaar is, is onsuiverhede verwyder en ystergereedskap met 'n lae koolstofinhoud vervaardig. Hierdie metode was algemeen in die Middeleeuse wêreld totdat dit in die laat veertiende eeu vervang is met die indirekte metode van staalproduksie, wat die basis van moderne kommersiële praktyk is. Alhoewel die direkte metode in Afrika oor groot areas gebruik is en nog steeds gebruik word, is 'n hoogs innoverende metode om hoë koolstof staal te vervaardig, ter selfdertyd voor die veertiende eeu ontwikkel. In hierdie nuwe proses is vloeibare, ysterbevattende slak in hoë oonde vervaardig teen temperature van tot 1500°C. Hierdie oonde het 'n natuurlike trek veroorsaak en die oorblywende voorblok (*bloom*) is van koolstof ontnem deur smeewerk totdat dit sag genoeg was om gereedskap te vervaardig. Ysterbewerking in sub-Sahara Afrika was dus nie 'n primitiewe reaksie op 'n meerderwaardige uitvindsel van die noorde nie, maar was eerder 'n tegnologie met langgevestigde voorlopers op die kontinent.

Vroeë Ystertydperk

Die Vroeë Ystertydperk in Suid-Afrika het geduur vanaf 250 tot 1100 nC. Die mense wat hierdie eerste Ystertydperk na Suid-Afrika gebring het, het behoort aan 'n groep wat beskryf word as 'Bantoe-sprekende mense', alhoewel daar geen sekerheid is oor watter taal hulle gepraat het nie. Daar was aanvanklik nie baie van hulle nie. Oorblyfsels van skelette wat op Vroeë Ystertydperk terreine gevind is, dui daarop dat hulle ondertrou het met die Khoisan. San rotskuns wat dateer uit die Later Ystertydperk dien ook as bewys van interaksie tussen die twee groepe. Party wys klein okerkleurige mense met pyle en boë, wat beeste aanjaag en deur lang swart mans agterna gesit word. Ander wys dat die twee groepe oënskynlik in vrede saam verkeer. In die suidoostelike Bantoe-tale is die woorde vir beeste, skape en melk afgelei van die Khoisan. Dit is moontlik dat die Khoikhoi met hulle veë noord getrek het na die weivelde van die hoëveld en in die groeiende gemeenskappe van die Bantoe-sprekende landbouers opgeneem is.

Landbouers

Die ekonomie van die Ystertydperk gemeenskappe was gerig op die produksie van voedsel en die teel van vee soos beeste, skape en bokke. Dit het verskil van die lewenswyse tydens die Steentydperk, toe mense jagter-versamelaars was. In gebiede waar bewerking van die land plaasgevind het, kon die land meer mense onderhou, maar 'n groter bevolkingskonsentrasie het veroorsaak dat gereelde bewegingsiklusse ontstaan het om vrugbaarder land en vars weivelde te soek.

Ystergereedskap het landboutegniese verbeter en die behoefte aan meer land het vinnige vermeerdering in die bevolking veroorsaak. Dit kan nagegaan word deur ondersoek in te stel na ooreenkomste in die tale wat in die oostelike helfte van Afrika gepraat word. Die produksie van gewasse, in plaas van die versameling van plantaardige voedsel, het gelei tot die eerste nederstettings, wat gevestig was tot die oes, of totdat die land uitgeput geraak het.

Alhoewel die mense van die Vroeë Ystertydperk 'n aantal mak diere aangehou het, het hulle ook gejag om hul voedselbronne aan te vul. Hulle het in klein gemeenskappe gevestig en het hutte gebou wat waarskynlik nie veel anders was as wat vandag nog in landelike gemeenskappe gevind kan word nie. Geen volledige ystergereedskap kon op die vroeë terreine gevind word nie, omdat yster teen 'n vinnige tempo roes. Die slak of uitgebrande steenkool wat oorbly, bewys wel dat yster gesmelt is. Deur op die aanplanting van gewasse te konsentreer

het hulle nuwe vaardighede, sowel as nuwe implemente soos die skoffel ontwikkel. Die skoffel is meer gevorderd as die swaar klippik en dit het die bewerking van lande uitvoerbaar gemaak.

Mense van die Vroeë Ystertydperk het 'n souttekort in hul dieet gehad en het so vroeg as 250 nC brakwater laat verdamp in wye, vlak bakke om sout te verkry. Soutpanne, soos dié by Soutpansberg, het belangrike bymekaarkomplekke en handelsareas geword. Ander natuurlike plekke vir handel was die ryk rivwe van erts wat deur die mynmetodes van die tyd bewerk is.

Landbouetegniese is gebaseer op die beginsel van kap en brand (*slash and burn*). Bome is gefel en bosse is afgesny of ontwortel en in hoë neergelê, wat dan in 'n later stadium, wanneer dit droog geword het, verbrand is. Sade is later onder die laag as geplant en dieselfde veld is vir 'n paar jaar gebruik, totdat die opbrengs daarvan minder geword het. Alhoewel die gebiede wat vir beplanting nodig was, relatief klein was, moes onbeheerde brande baie skade in die woude aangerig het.

Taal

Die meeste taalkundiges stem saam dat die familie van Bantoetale in die Kameroen-gebied in Wes-Afrika ontstaan het en dat dit vandaar in twee rigtings uitgebrei het, naamlik ooswaarts na die Victoriameer en suidwaarts na noordwestelike Angola. Verdere verdelings het die Ystertydperk na die meeste van die savannahlande van suidelike Afrika gebring.

Pottebakkerswerk

Hoe langer 'n gebied bewoon is, hoe meer bewysmateriaal word vir moderne argeoloë nagelaat en in die geval van die Ystertydperk was kenmerkende relieke potskerwe en ander items soos bene. Soos die leidrade van taal, kan pottebakkerswerk die migrasieroetes bevestig en kan verbintenisse tussen groepe mense gemaak word.

Sover huidige kennis strek, word verskille in sosiale tradisie van hedendaagse landelike Bantoesprekers weerspieël in die styl van die kleipotte wat hulle maak. Redelik duidelike areas kan onderskei word waar die oorblyfsels van potte uit die Ystertydperk 'n uniforme styl binne die perke van die area aandui.

Later Ystertydperk

In die 11de eeu het pottebakkerswerk en ander bewysmateriaal wat deur argeoloë gevind is, begin verander en hiermee het die Later Ystertydperk begin. Dit het tot die 19de eeu geduur. Pottebakkerswerk het voor hierdie tyd dik, ingevoude en versierde rande gehad. In die Later Ystertydperk was rande geneig om gespits te wees. Houers is gereeld onversier gelaat en wanneer dit wel versier is, het versierings gewoonlik die hele oppervlak bedek eerder as net die nek of die rand. Daar word aanvaar dat hierdie stilistiese veranderings en die oorsprong van die Later Ystertydperk, plaasgevind het as gevolg van die aankoms in ongeveer 1200 nC van 'n nuwe groep Bantoesprekende immigrante wat die Nguni en Sotho-Tswana ingesluit het.

Vir amper 800 jaar was die later Ystertydperk een van stabiliteit in Suid-Afrika. Mense het geleer om te spin en tekstiele van vesels te weef, asook om toue te draai en te vleg. Daar was 'n groter afhanklikheid van vee as 'n bron van vleis.

Boermanna (*millet*) en sorghum was die stapelvoedsel en is later aangevul deur mielies, nadat kontak met Portugese handelaars gemaak is. Handel met die Mosambiekse kus het toegeneem gedurende die Later Ystertydperk en die aanvraag van ivoor kan weerspieël word deur vertrouwe in wapens met ysterpunte, alhoewel mense tydens die Steentydperk ook nou en dan 'n olifant getakel het.

Skuilings

Die nuwe settelaars van 1200nC het met klip gebou, wat plaaslik beskikbaar was. Dit is gewoonlik onafgewerk en dikwels sonder mortel gebruik. Nedersettingspatrone was moontlik

gebaseer op die uitgebreide familiestelsel, met ronde hutte wat deur mure verbind is. Hierdie mure was waarskynlik kampe vir vee en is gebruik om wilde diere uit te hou, eerder as vir verdediging. Die ingange van hutte was in hierdie kampe en is soms heeltemal van steen gebou soos byekorwe of het grasdakke gehad. Party hutte het verheve klip platvorme langs die herd gehad en baie het vlak inhamme in die vloer van die hut gehad, wat waarskynlik as potstaanders gedien het.

Party van hierdie Ystertydperk mense het gewet hoe om hul nedersettings te omring en te verdeel met klipmure, wat gewissel het van elementêre sirkels soos windbrekers uit die Steentydperk tot die massiewe strukture van Zimbabwe.

Die eerste wit reisigers en sendelinge het in die eerste twee dekades van die 19de eeu bevind dat party van hierdie klipomheinde terreine in oostelike Botswana en die suidelike deel noord van die Vaalrivier nog bewoon was, lank voor die aankoms van die Voortrekkers.

Alhoewel die herhaling van sekere argitektoniese kenmerke 'n gemeenskaplike kultuur impliseer, was die nedersettings van verskillende groottes oor 'n groot gebied versprei. 'n Tekort aan politiese integrasie het gelei tot die mislukking om te verenig toe suidelike gemeenskappe aanhoudend aangeval en toe verower is deur Mzilikazi se aanvanklike klein leër van 300 Ndebele krygers in 1824. Die nedersettings wat tans in die Noordelike Provinsie geleë is, het 'n ruk langer oorleef, hoofsaaklik omdat dit buite die bereik van Mzilikazi was. Na die *Mfecane* en die noordwaartse oorname deur die leër van Mzilikazi in die jare 1820 en 1830, is baie nedersettings verlaat.

Hierdie geboue is vandag ruïnes. Dit is verwarrend, maar kan makliker verstaan word as dit gesien word as 'n suidelike einde van 'n los reeks van Ystertydperk gemeenskappe wat van die Soedan na die Kaap gestrek het.

Handel

Die Arabiere het kusedorpie gebou van Somaliland tot Sofala, waar hulle Oosterse lap en ornamente geruil het vir metaal en diereprodukte van Afrika.

Die vroegste bewys van handelsverbinde tisse langs die kus van Oos-Afrika, is afkomstig van die weergawes van ontdekkers en geografe. Hierdie staaltjies is dikwels eers jare later neergeskryf, nadat dit mondelings oorgelewer is en verwing en oordryf is, totdat dit soms slegs mites was. Die eerste verslag daarvan is die *Periplus of the Erythraean Sea*, 'n gids tot die hawes van Arabië, Oos-Afrika en Indië, wat waarskynlik in 100 nC in Alexandrië geskryf is. Die laaste vasteland markdorp van Azanië, wat Rhapta genoem is, is beskryf. Daar is geglo dat Rhapta moontlik aan die kus van hedendaagse Tanzanië was.

In die twaalfde eeu het al-Idrisi 'n reisboek saamgestel waarin hy Sofala noem as een van die Arabiese landings- en versamelingspunte.

Aan die suidelike kus van Tanzanië is Kilwa vir die eerste keer in die agtste of negende eeu beset deur 'n gemeenskap wat gelewe het van vis en skulpvis, alhoewel sorghum ook aangeplant is. Kilwa was later 'n vooruitstrewende Islamitiese stad-staat. Daar is bewyse van materiaalvervaardiging vir handel met die binneland. Ivoor en goud is waarskynlik uitgevoer in ruil vir porselein van die Persiese Golf.

'n Tweede vroeë kontakpunt was by Chibuene, op die kus van Mosambiek, tussen die monde van die Zambezi en die Limpopo. Volgens radio-koolstofdatering was Chibuene 'n tydgenoot van vroeë Kilwa. Hierdie plekke was waarskynlik nie buiteposte wat permanent deur Arabiese handelaars bewoon was nie. Dit is meer moontlik dat die middelmannes tussen die mense van die binneland en die Arabiese handelaars deel van boerdery gemeenskappe was, wat bekend gestaan het as 'Zanj'. Hulle kulturele verbinde tisse was meer met Afrika as met Arabië.

Die bevolking van Mapungubwe en die mense wat in die vroeë nedersettings in die Limpopokom gewoon het, het die geleentheid aangegryp om rare en eksotiese goedery te verkry.

In die soeke na noordelike parallele gemeenskappe tot Suid-Afrikaanse kulture, word noue ooreenkomste tussen party van hulle gevind in die oorblyfsels van Hyraxheuvel in Kenia, waar potte, ysterartefakte, *tuyères* (oond tuite), skulpornamente, glaskrale en eenvoudige klipmure uitgegrawe is.

Mapungubwe

Op die plaas Greefswald in die Messina gebied is daar is twee heuwels wat deur 'n vallei geskei word. Die een word genoem Bambandyanalo en die ander Mapungubwe. In 1932 het E.S. van Graan die oorblyfsels van droë klipmure, ystergereedskap, potskerwe en hele potte op die plat kruin van Mapungubwe gevind. Daar was ook stukkies bewerkte goud, koperdraad en armbande, glaskrale en bewyse van menslike begrafnisse. Die fonds is aan die Universiteit van Pretoria gerapporteer en na 'n professionele argeologiese ondersoek, is die plaas deur die regering van die dag vir die nasie gekoop.

In 1950, met die opkoms van radio-koolstof datering, is daar gevind dat mense ongeveer drie eeue voor Mapungubwe, in ongeveer 1055 nC, in Bambandyanalo gevestig was en dat dit voortdurend vir 'n tydperk van 200 jaar bewoon is. Latere Ystertydperk mense het na Mapungubwe vanaf Bambandyanalo gekom in ongeveer 1250 nC, omdat Bambandyanalo in die laaste stadiums van sy agteruitgang was. Mapungubwe het ook later agteruit gegaan en is verlaat.

Grafte in die Mapungubwe gebied wys dat liggame ryklik versier was met goue armbande en glaskrale. Potte is ook in die grafte geplaas. 'n Begrafnisarea naby Ellerton myn in die Letaba gebied het getoon dat die liggaam, toegedraai in growwe materiaal, begrawe is met koper bande wat as skutbekleding vir die bene gedien het, met drie potte daarbenewens. Daarvan kan afgelei word dat hierdie mense wel 'n teorie gehad het oor die hiernamaals.

A. Galloway het gemerk dat van die oorblyfsels in Mapungubwe 'n homogene Boskop-Boesman bevolking verteenwoordig, wat fisies soortgelyk is aan die post-Boskop bewoners van grotte in die kusgebiede, met 'n benoemingswaardige tekort aan negroïede kenmerke. Hierdie stelling bewys dat daar kontak was tussen die mense van die Ystertydperk en die Khoikhoi.

Noordelike gebied

Behalwe vir die universele eienskappe van metaal, landbou, pottebakkerswerk en klip argitektuur, is daar sekere verskille in die argeologiese oorblyfsels van die Ystertydperk in hierdie areas. Die lewe tydens die Ystertydperk het sy hoogste verfyning bereik in die noorde, waar Arabiese handelaars in goud en ivoor betaal het en Indiese glaskrale en Sjinese geglasuurde potte ingevoer het. Hier het opgeleide metaalwerkers goue krale gemaak en houtfigure met dun goue omhulsels oorgetrek. In die Mapungubwe area het Steentydperk idees verskyn in Ystertydperk lewe in die vorm van pylpunte en skagte van been. Besproeiingskanale is in hierdie area aangemeld. Klip en erde draaispoele is hier gevind, wat die weef van tekstiele aandui, terwyl die beste Ystertydperk pottebakkerswerk van die Zambezi van hierdie noordelike gebied afkomstig is.

Middel gebied

Van die handel in ingevoerde krale het oorgevloei na die gebied suid van die Soutpansberg. Ambagsmanne tydens die Ystertydperk het klip deurboor volgens die Steentydperk patroon en naby die Letabarivier bakke gemaak, wat in soutproduksie gebruik is.

Suidelike gebied

Op die wye graslande en langs die bosagtige gebied in die suide het 'n reeks los verwante gemeenskappe duisende statte van klipmure gebou. Hierdie statte was waarskynlik geïsoleer van die handelaars aan die ooskus, wat toegang tot plekke soos Kilwa gehad het, omdat krale en ander ingevoerde produkte nog nie in hierdie gebied gevind is nie. Vreemde invoerprodukte het moontlik nou en dan hulle pad tot in hierdie area gevind, wat aandui dat Ystertydperk handelaars as middelman gedien het tussen die Arabiere aan die verwyderde ooskus en verbruikers in die verre suide. Glaskrale is in die laat agtiende eeu tussen die Khoikhoi van die Oranjerivier gevind. Hierdie glaskrale moes duisende kilometers op hierdie manier afgelê het.

Kuns

Ystertydperk mynwerkers het die erts, wat die volopste in hul omgewing was, ontgin: koper in die noorde en tin in die sentrale gebied, tesame met yster en goud. Die maak van houtkerfwerk, veseltou, mandjies en skulpkrale was waarskynlik universeel, maar die mense van die Ystertydperk het nie 'n ryk kuns gehad nie. Hul kuns was beperk tot potversiering, maar rotskuns wat moontlik 'n uitvloeisel uit die verf van hutmure was, word vermoed. In die suide het mense van die Ystertydperk ook rotsgravures gemaak.

Mfecane

John Campbell was bevoorreg om die digbevolkte Maricogebied in 1820 te besoek, kort voor die invalle van Mzilikazi. Hy het die klipmure, gewasaanplanting, vee en metaalverwerking van die dorp Kurreechane beskryf. Reisigers soos Moffat, Smith en Harris het tussen 1829 en 1835 deur dieselfde gebied gereis, toe die klipmuuromringde dorpie pas verlaat was en net ruïnes oorgebly het, nadat dit deur Nguni invalle vernietig is. Die kortstondige episode van Mzilikazi was een van die faktore wat die plaaslike Ystertydperk tot 'n einde gebring het.

Baie mense het die verband tussen stamme wat tans in die Gauteng- en Noordelike Provinsiegebiede woon en hierdie klipmuuromringde dorpe ontken. Hulle het beweer dat die ruïnes verlaat is voor 1450 nC, die tyd wat aanvaar word om die begin te wees van die mondelinge geskiedenis van stamme. Dit is verkeerd bewys deur argeologie. Die onkunde ten opsigte van hierdie klipstede wat vandag deur die swart bevolking ervaar word, kan wees as gevolg van die defekte van 'n stamgeheue, wat behep was met sosiale aangeleenthede, genealogië en migrasieroetes eerder as met beskrywings van stamargitektuur.

Argeologie

Klipartefakte van die Later Steentydperk is gevind in Ystertydperk afsettings, wat beteken dat Ystertydperk mense in die Steentydperk horison ingegrawe het toe hulle hul metaal smeltoonde gebou het. Besmetting deur die as van Ystertydperk oonde van die Steentydperk horison kon plaasgevind het, wat 'n verwronge radio-koolstof ouderdom aan die Ystertydperk vlak kan gee.

Smeltoonde

Smeltoonde bestaan uit 'n ronde platvorm en 'n koepelagtige smeltkamer van harde klei. Die smeltkamer is verseël behalwe by een punt waar erts, steenkool en die klei *tuyère*, of tuit deur 'n opening gelaat is. 'n Blad van leiklip lê gewoonlik op een platvorm. Fyngemaakte erts is al opgegrawe onder van hierdie blaaië, wat waarskynlik gereed was vir die smeltproses. Steenkool, slak en *tuyère* fragmente is gevind in smeltkamers en op platvorms. 'n Oond is opgegrawe met twee ronde platvorms of ondersteunings vir blaasbalke, een aan elke kant van 'n ondersteunde smeltkamer. Die twee bere wat die smeltkamer ondersteun het 'n hittebergende funksie gehad en het hol sitplekke aan beide kante, moontlik vir die mense wat die blaasbalke gewerk het. Behalwe om die blaasbalke te ondersteun, het die platvorms ook gedien as plekke waar die erts voorberei kon word. Twee leiklip blaaië op die platvorms het pokmerke op die oppervlakte gehad en het dus waarskynlik gedien as stampers om erts te vergruis.

Daar is geen verskil tussen die mynmetodes van koper, yster, tin of goud tydens die Ystertydperk nie. Die metodes kan beskryf word as oop myn met klein variasies en beperkte tonnelstelsels.

Klipriviersberg

Net suid van Johannesburg is die onderbroke strukture, wat met klipmure omring is, wat die plat kruin van Klipriviersberg vir verskeie kilometer in 'n oos-wes rigting bedek. Hierdie muurstelsels lyk uit die lug soos maankraters. Daar was genoeg materiaal op die terrein om mure te bou. Mure is ongeveer 1 – 2,4m hoog en gewoonlik 1,2m dik by die basis. Die hoër strukture bestaan uit twee parallelle mure wat weg van mekaar gebou en met los materiaal gevul is. Die fondamentlaag is soms gelê met massiewe rotse, maar geen sote is daarvoor gegrawe nie. Geen mortel is gebruik nie. Feitlik alle nedersettings bestaan uit 'n buitemuur, ongeveer 73m in deursnee, wat 'n groep binnemure omring, wat ongeveer 36m in deursnee is. Die buitemure is gewoonlik netvormig met halfsirkelvormige uitbousels of inhamme, eik ongeveer 13m in deursnee. Binne die buitemuur is daar soms klein ronde mure wat 'n groot ronde binnemuur omring. Groepe binnemure is soms verbind met kort stukke reguit mure. Die gekurfdde plan is feitlik universeel en daar is min bewyse van reghoekige kruisings.

Ingange in die buitemure is gewoonlik wyd, maar die binnemure het dikwels smal deurgange. Platforms, wat waarskynlik ondersteunings vir graanskure was, is soms gebou om binnemure te stut. Klein ronde mure, sonder ingange, met 'n deursnee van 1,8m is dikwels losgemaak van binne- en buitemure. Die uitbousels in die buitemure het waarskynlik gedien as beskerming vir hutte van strooi en lat, wat moontlik binne gebou is. Die kleiner binnekringe was moontlik bedek met strooidakke, terwyl die groter binnekringe veevrake kon gewees het.

Dit moes aansienlik baie moeite gewees het om hierdie muurstelsels te bou. Duisende ton los klip is versamel en aangedra vir hierdie doel. Die bouproses kon slegs plaasgevind het onder relatiewe kalm sosiale toestande, met 'n geordende sosiale stelsel wat die bouers kon beheer en 'n doeltreffende ekonomie om hulle te ondersteun. Die wyd verspreide reëlmatigheid van planvorms suggereer kulturele eenvormigheid.

Elke dorpie was waarskynlik bewoon deur 'n uitgebreide familie wat moontlik trou gesweer het aan 'n sentrale owerheid, gebaseer op 'n stambasis.

Eenvoudige grondwalle kan soms gesien word. Dit is lyne van enkel stene wat teen 'n effense helling parallel gelê is aan die kontoere. Dit is oënskynlik gemaak om erosie van die dun grond verder op teen die helling te voorkom, wat waarskynlik met graan beplant was. As die maalstene wat op alle terreine teenwoordig is, in ag geneem word, dui dit op 'n Ystertydperk kultuur.

Vergelyking tussen kulture noord van die Vaalrivier en ander Ystertydperk kulture

Zimbabwe blyk 'n sentrum van politiese beheer te gewees het, waarskynlik ondersteun deur omringende hout nedersettings wat lankal verdwyn het. Geen ekwivalente beskawing kan gesien word in die ou Transvaal nie, alhoewel Mapungubwe 'n soortgelyke rol kon vervul het. Die suidelike nedersettings noord van die Vaalrivier het min tekens getoon van differensiasie, waarvan afgelei kan word dat groepe van ongeveer soortgelyke mag dit gebou en bewoon het.

Verganklike hout was meer volop in die bosagtige gebied van Zimbabwe as in die relatief boomlose, maar klipryke omgewing van die ou Transvaalse hoëveld.

Daar is min bekend oor die Ystertydperk kulture van Botswana of Natal, maar 'n aantal nedersettings in die Vrystaat is ondersoek, alhoewel die skaal van nedersettings nie so groot was as dié in die ou Transvaal nie.

Die einde van die Ystertydperk

Gemeenskappe is oor 'n groot gebied in 'n aantal klein groepe opgebreek. Daar was geen sentrale politiese of ekonomiese beheer wat kon lei na die spoedige versameling van oorskot gebruiksware en gevolglik materiële vooruitgang nie. Vir eeue het die mense hul rykdom stadig versamel, sonder om te besef dat hulle swak geïntegreerde politiese struktuur hul einde sal beteken. Die opkoms van Shaka vroeg in die negentiende eeu in noord Natal het 'n reeks sosiale veranderings ontketen waaronder Ystertydperk gemeenskappe in Suid-Afrika gely het en wat as voorbereiding gedien het vir die maklike oornome deur Europeërs. Shaka se mag het slegs die oostelike en suidoostelike gebiede direk beïnvloed, maar die gevolge het weswaarts en noordwaarts uitgestraal. Mzilikazi en Shoshangaan het gestry en noord en wes migreer. In 1824 het Mzilikazi 'n klein leër van slegs 300 man in die suidoostelike gedeelte van die ou Transvaal gelei. Die politiese swakheid van plaaslike Ystertydperk gemeenskappe is bewys deur hul onvermoë om Mzilikazi se hordes teen te staan. Mzilikazi se soldate het gegroei van aanvanklike 300 man en het weswaarts op plundertogte gegaan en in die proses nedersettings van die Magaliesbergvallei en omgewing weggevoer. Mzilikazi het opeenvolgende hoofsetels gebou naby Pretoria, Rustenburg en uiteindelik Zeerust. Hy het geleef van rowery op oorlewende nedersettings. Vluchteling het in die westelike woestyng gebied ingevlug om daar te sterf of 'n misrabele bestaan te voer. Die skielike agteruitgang dui daarop dat Ystertydperk gemeenskappe in die suide nooit ernstige probleme gehad het in die eeue van hul groei en opkoms nie. 'n Aanval gelei deur Potgieter en Uys in 1838 het Mzilikazi na die noorde gedryf en die plaaslike kultuur vir ewig gebroke gelaat.

Die noordelike Ystertydperk gemeenskappe het die vordering van die Europeërs weerstaan, maar hul mag is gebreek deur strooptogte soos die Potgieter strafekspedisie van 1854 na die Makapansgatvallei. Die Mapoch argitekte het hul mure gebou op die manier eie aan die Ystertydperk, maar hulle het Europese idees gebruik deur mortel van modder aan te wend en interessante vierkantige skietgate in die mure te laat om hulself te beskerm. Oorblyfsels van die lope van laaggewere is daar gevind. Pre-historiese metaalsmeltegnieke het waarskynlik voortgeduur tot die Europese aanval op die vesting in 1883, want in 'n klein skermmuur op sy hoogste deel, is een van die laaste Ystertydperk smeltoonde wat in die ou Transvaal gemaak is. Kort na die omverwerping van die Mapochstam, het mense van die laaste Ystertydperk gemeenskappe begin werk in Europese industrieë en op plase. Hul vroeëre bereikings van metaalproduksie, mynbou, boerdery en argitektuur was vergete.

Portugese *prazeros*

Die verandering van state in suidelike Afrika het die leiers van Mapungubwe en Zimbabwe verbind met die internasionale wêreld van handel deur Islamitiese stede soos Kilwa, wat gegroei en vooruitgegaan het aan die ooskus van Afrika. Maar vroeg in die sestiende eeu het die styl waarin handel gedryf is, 'n slegte naam gekry as gevolg van die invloed van 'ongelowiges' uit Europa. Die Portugese is na Afrika en die Ooste gedryf deur verskillende ekonomiese behoeftes. In hul pogings om handelswinste op sy maksimum te hou en die Moslem mededingers van hul hinterland te ontnem, het hulle gou die binneland binnegedring en markte en heerskappy oor enorme landgoed gevestig. Mense is uit hul eie woongebiede geneem en gedwing om lede van die veroweraars se leërs en huishoudings te word, met ander woorde slawe.

Islamitiese gemeenskappe aan die ooskus het ook 'n bestendige aanvraag vir slawe geskep, beide vir uitvoer en om te werk in stad-state soos Kilwa.

Teen 1530 het 'n aantal renegate, of *sertanejos* weg van die kus langs die Zambezivallei gevestig. Sommige van hierdie was ongeletterde kriminele, sommige was adelstand, maar almal het gereageer teen die dissipline van die lewe in die vestings en teen die beperkings van die koninklike kommersiële monopolie. Deur as middelman deel te neem aan die handel, eers onder die beskerming van gevestigde politiese leiers, maar later meer met die ondersteuning van hul eie volgers, het die renegate gou 'n faktor met gevolge geword.

Renegate en handelaars het kommersiële kontrakte in die binneland gesluit. Waar hulle ook suksesvol was, het hulle permanente nedersettings gebou onder die toesig van die plaaslike hoofman. 'n Kaptein is aangestel en 'n kerk is opgerig as sendingstasie. Die mense wat as handelaars gekom het is vervang met fortuinsoekers, wat gretig was om die goudmyne self uit te buit en om hul kans te waag in Afrika politiek, met hul winsgewende byprodukte en landkonsessies, slawe en buit. Konflik het gelei tot, of die totale uitwerping van die Portugese, of die ineenstorting van die plaaslike Afrika staat en die verplasing van die gemeenskap. Die goudvoorraad wat deur die Portugese ontgin is, was altyd minder as wat verkry is in die dae van vreedsame handel. Die handelsgrens het verder in die binneland gerek en die proses het weer van voor af begin.

Dié wat vooruitstrewend en polities suksesvol was het baie magtig geword en kon gou verbintenisse vestig met heersers van state op die Zimbabwe plato in ruil vir verdere konsessies. In 1606 het die Mutapa staat die hulp van Diogo Simoes Madeira verkry, wat dit reggekry het om 'n leër van 4 000 huursoldate bymekaar te kry en sodoende politiese en ekonomiese regte in ruil vir sy hulp gekry het. Die Portugese kroon het gou aan magtige figure soos Madeira landtitels, of *prazos* gegee. Dit was lang huurpakte wat in Middeleeuse Portugal populêr geword het. Deur koninklike verordening het *sertanejos dos prazos* geword, renegate en wetteloses het grondbesitters en getroue onderdane van die koning van Portugal geword.

Dit sal 'n fout wees om 17de eeuse *prazos*, of mense wat mag oor hul Zambezi landgoed gehou het, te sien as die voorlopers van Portugese besetting en koloniale nedersetting in Suidoos-Afrika. Hulle het selde die bestaande hoofmanne verwyder, maar het eerder 'n nuwe stel politiese instellings bo die oue opgelê, waarvoor hulle belasting en bydraes ontvang het. Hulle het winste teruggehou en goedere en gunste weer verdeel teen die hiërargie af om ondersteuning te verseker. Baie min *prazos* het probeer om enige vorm van kommersiële landbou op hul landgoed te ontwikkel. Hulle het eerder staat gemaak op gekende handelsmetodes en het as middelman gedien wat die kuslyn van die Indiese Oseaan met die binneland van Afrika verbind het. Die *prazos* het goud en ivoor teen lae pryse van hul landgoed verkry en dit na die kus gestuur, waar dit vir krale, tekstiele en ander handelsware geruil is en weer geruil is teen verhoogde pryse op die *prazos* en daarbenewens.

Tot 300% wins is soms gemaak en die *prazos* het 'n hoë lewensstandaard geniet, wat gewoonlik beskryf is as weelderig, dekadent en ligsinnig. Die *prazos* stelsel was hoofsaaklik parasities en het beheer oor die mense binne die *prazos* uitgeoefen en die onderdane van die landgoed onderwerp aan 'n geslote markstelsel.

So 'n stelsel kon nie oorleef het sonder aansienlik militêre mag, in die vorm van groot leërs van slawe, wat dit ondersteun nie. Die onstabiele politiese klimaat het 'n hoë verliesyfer van die slawekommando's veroorsaak, of deur afvalligheid of deur lewensverlies in veldslae. *Prazeros* het voortdurend nuwe slawe aangeskaf. Party *prazo* families het hul landgoed verloor toe hul weermagte in opstand gekom het of alliansies met ander krygshere gevorm het.

Mag is aan mense gegee wat arbeid en ander hulpbronne aan hul leiers verskaf het. Hierdie ondersteuning is vroeër verkry deur familiebetrekkinge of deur huweliksbevestiging, met die gevolglike betaling van bruidsprys (lobolo) en wedersydse verpligtinge wat daarmee saamkom.


Die Zulu

Die Zulu het die bestaande politieke en sosiale strukture van die kapteinskappe opgebreek in regimente en die vrouens ingelyf op 'n manier wat maklik as slawerny gedefinieer kan word. Die spesifieke sukses van die Zulu konings was dat hulle grensgebiede ver weg was van die middelpunt van die koninkryk, wat die ontwikkeling van stabiele instellings toegelaat het. Hierdie instellings het aangehou totdat die staat ontbind is deur Britse en koloniale owerhede. Anders as Mapungubwe en Zimbabwe, met hul gevestigde hoofstede en streeksentra, het die mag van die Zulu koninkryk berus op 'n reeks groot militêre dorpe, wat op 'n bestaande netwerk van soortgelyke dorpe geplaas is. Slegs een van hierdie militêre dorpe is al gedeeltelik opgegrawe en beskryf. Mgundgundlovu is in 1829 gebou deur Shaka se opvolger, Dingane en

is bewoon tot 1838. Die dorp is besoek deur 'n aantal handelaars en reisigers, wat beskrywings nagelaat het van sy plan en struktuur, wat tot die resultate van die opgrawings gevoeg is.


Verandering in handel

Die ontdekking van nuwe minerale bronne het beteken dat kommersiële moontlikhede die winste van konvensionele handel by verre oorskry het en groot kapitale beleggings van buite die gebied het die begin aangedui van industrialisasie van wat die ekonomiese sentrum van suidelike Afrika sou word. Industrialisasie het 'n groot aanvraag geskep ten opsigte van die werksmag en mense is na die myne en vinnig groeiende stede as werkers gelok. Hierdie verandering sou die basiese vorm van moderne suidelike Afrika wysig. Die mense is geskei van die land en het vir lere in 'n nuwe ekonomie gewerk.




Die Uitkomst Bed 3 smeltoond. Ystertydperk mense suid van die Limpopo het nie groot oonde gebou, soos dié wat soms verder noord gebruik is nie.

(Mason, 1969, p.389)





Klipriviersberg Ystertydperk nedersetting, soortgelyk aan duisende terreine in die suidelike hooglande.


(Mason, 1969, p.399)





SECTION AT WORKING 'A'



SECTION AT WORKING 'B'



GROUND PLAN OF WORKING 'B'

 limit of excavation
 extent of tunnel



Snitte deur tinmyne by Rooiberg (na Baumann, 1919, p.123 –125)

(Mason, 1969, p.416)



Ystertydperk tinmyn by Rooiberg

(Mason, 1969, p.417)




Voorkoms van uitgrawings in die suidelike Hoëveld
(Geïllustreer deur Tina Coombes)

(Hall, 1987, p.48)


Die verskillende tipes klip
nedersettings in die suidelike Hoëveld
(na Maggs, 1976)

(Hall, 1987, p.48)




'n Kunstenaarsvoorstelling van 'n tipes bilobiale huis in die suidelike Hoëveld

(Maggs, 1967, p.240)




(Maggs, 1967, p.241)



ELIPTICAL BUILDING, ZIMBABWE

based on a survey by Franklin White, 1903,
hut details plotted by Randall Maciver, 1905,
FE. Masey, 1909, and James Walton, 1953.
entrances and drains surveyed by R.N. Hall, 1902-3.
wall details by J.F. Schofield, 1923, and
C.G. Stevens, 1931.

- Early walling
- ▬ Later walling
- ▨ Hut gap infilling
- Drain
- Monolith
- Hut
- Jund...



Walton, 1953

(Walton, 1956, p.74)



NA EUROPESE KOLONIALSME (1652)

TREFWOORDE:

alfabetplan	geweltypes:
abba-vuurherd	skaapboud-
brakdakhuis	kromlynige-
dakhuis:	hals-
kapstylhuis	blom-, barok-
hart(e)[d,de]bi[e]eshuis	neo-klassieke
hallenhuis	reguit
Kaaps-Hollands	holbol-
stolphuis	trap-
gewels:	spitstop
borswering-	afgeplatte
ent-	
voor-	

(Kyk ook WALTON, 1995: 124-7, 'Glossary'.
PRETORIUS, 1997: 209-17, 'Glossary'.)

BIBLIOGRAFIE:

BERGH, J.S, VISAGIE, J.C. 1985. *The eastern Cape frontier zone: A cartographic guide for historical research*. Durban: Butterworths.

BIERMAN, B. 1955. *Boukuns in Suid-Afrika. 'n Beknopte oorsig van ons boustyle en bouwyses*. Kaapstad: Balkema.

CAPE TOWN PHOTOGRAPHIC SOCIETY SURVEY GROUP. 1967. *From the days that are gone*. Cape Town: Howard Timmins.

DE BOSARDI, C. 1953. *Cape Dutch houses and farms: Their architecture and history together with a note on the rôle of Cecil John Rhodes in their preservation*. Cape Town: Balkema.

FAIRBRIDGE, D. 1922. *Historic houses of South Africa*. London: Milford.

FERREIRA, O.J.O. 1995. *Adamastor, gees van die Stormkaap*. Pretoria: V & R Drukkery.

FISHER, R.C, LE ROUX, S.W. 1989. *Die Afrikaanse woning: Herdrukke uit Die Boerevrou (1919 – 1931)*. Hammanskraal: Unibook.

FRANSEN, H, COOK, M.A. 1965. *The old houses of the Cape: A survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope*. Cape Town: Balkema.

FRANSEN, H, COOK, M.A. 1980. *The buildings of the Cape: A survey and description of the old buildings of the Western Province extending from Cape Town to Calvinia in the north and Graaff-Reinet, Colesberg and Uitenhage in the east covering substantially the 18th and 19th century styles: Cape Dutch, Cape Regency, Georgian and Victorian*. Cape Town: Balkema.

Illustrated History of South Africa: The Real Story. 1988. Cape Town: Reader's Digest.

- MUDENGE, S.I.G. 1988. *A political history of Munhumutapa, c. 1400 – 1902*. Harare: Zimbabwe Publishing House.
- OBERHOLZER, A.M, BARAITSER, M, MALHERBE, W.D. 1985. *The Cape house and its interior*. Stellenbosch: Stellenbosch Museum.
- PEARSE, G.E. 1933. *Eighteenth century architecture in South Africa*. Cape Town: Balkema.
- PRETORIUS, A. 1997. *Our threatened heritage: A plea for the conservation of South Africa's meagre vernacular history – both Euro- and Afrocentric*. Milnerton: André Pretorius.
- TREFOIS, C.V. 1969. *Oud-nederlandse architectuur in Zuid-Afrika*. Gentbrugge: Melle.
- TROTTER, A.F. 1900. *Old colonial houses of the Cape of Good Hope illustrated and described ... with a chapter on the original old Cape architecture by Herbert Baker, A.R.I.B.A.* London: Batsford.
- VAN STADEN, A.C. 1997. *A pattern of Boer settlements at the Cape eastern frontier. 1769 – 1779*. MArch-thesis. Pretoria: University of Pretoria.
- WALTON, J. 1955. *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat*. Kaapstad: Balkema.
- 1965. *Homesteads and villages of South Africa*. Pretoria: Van Schaik
 - 1974. *Water-mills, windmills and horse-mills of South Africa*. Cape Town: Struik.
 - 1985. *Cape dovecots and fowl-runs*. Stellenbosch: Stellenbosch Museum.
 - 1989. *Old Cape farmsteads*. Cape Town: Balkema.
 - 1993. *Double-storeyed flat-roofed buildings of the rural Cape*. Cape Town: Snyman & Weber.
 - 1995. *Cape cottages*. Cape Town: Intaka.

BATAAFSE REPUBLIEK

TREFWOORDE:

Louis Michel Thibault	<i>Lumière misterieuse</i>
Anton Anreith	<i>Architecture des ombres</i>
Herman Schutte	Tektoniese vorms
Jacob Abraham de Mist	Atektioniese vorms
H. Teubes	Stereometriese vorms
Revolusie argitekte	Vry Messelaars
<i>Architecture parlante</i>	

BIBLIOGRAFIE:

- BAX, D, KOEMAN, C. 1963. *Argitektoniese skoonheid in Kaapstad se kompanjies tuin. 1777-1805*. Kaapstad: Tafelberg.
- COOPER, A.A. 1986. *The freemasons of South Africa*. Cape Town: Human & Rousseau.
- DE BOSARDI, C. 1954. *Anton Anreith Africa's first sculptor "Less permanent than bronze."* Cape Town Balkema.
- ETLIN, R.A. 1984. *The architecture of death. The transformation of the cemetery in eighteenth century Paris*. Cambridge, Massachusetts: MIT.
- FISHER, R.C, HOLM, D. 1989. Thibault as Revolutionary architect. *SafrJCultArtHist* 3(4):293-9.
- GEYSER, O. 1982. *The history of the Old Supreme Court building*. Johannesburg: Africana Press.
- KAUFMANN, E. 1968 [1955]. *Architecture in the Age of Reason. Baroque and post-baroque in England, Italy and France*. New York: Dover.
- LEWCOCK, R. 1963. *Early nineteenth century architecture in South Africa. A study of the interaction of two cultures. 1795-1837*. Cape Town: Balkema.
- MEINTJES, J. 1951. *Anton Anreith sculptor. 1754 – 1822*. Cape Town: Juta.
- PEARSE, G.E. 1956. *The Cape of Good Hope. 1652 – 1833. An account of its buildings and the life of its people*. Pretoria: Van Schaik.
- PUYFONTAINE, H.R. de. 1972. *Louis Michel Thibault. 1750 – 1815. His official life at the Cape of Good Hope*. Cape Town:Tafelberg.
- ROSENAU, H. 1976. *Boullée and visionary architecture?*

MITE

Alhoewel die verlede klaarblyklik belangrik is, is dit onmoontlik om dit direk te begryp. Dit kan slegs begryp word deur herinneringe, mites en bowenal deur die oorblyfsels en 'bronne', wat dit agterlaat, of dit nou argeologiese, geskrewe, gedrukte of beskilderde bronne is. Die Griekse woord waarvan 'geskiedenis' afgelei is, het beteken 'navraag'. Geskiedenis is daarom 'n interpretasie van die verlede, waarin 'n ernstige poging aangewend word om mites en fabels uit te filtreer.

Dit is belangrik om die mitiese faktor en die eienskappe van mites te ondersoek. Alhoewel 'n mite 'n verminderde element van waarheid en getrouheid tot wat werklik in die verlede gebeur het, bevat, is dit verwring of oordrewe, amper altyd om 'n individu, familie, gemeenskap, nasie of geloof te verheerlik, of om die karakter van een of ander sogenaamde vyand af te breek. Mites buit die verlede uit om 'n huidige nasionale, politiese of godsdienstige doel te dien.

Die Geskiedenis wat in sommige lande onderrig word, is eintlik 'n geskiedenis wat gerig is daarop om in nasionale behoeftes te voorsien of om die heersende regering se belange te dien. Geskiedenis word dan vrylik met mite gemeng.

Vir die man op straat klink hierdie groeiende wantroue in historiese kennis dalk onheilspellend, maar die afname in inskrywings vir gekiedenisvakke in hoër onderwysinstellings en die afname in verkope van historiese boeke, suggereer dat die algemene publiek wel wegdraai van Geskiedenis in die rigting van mites.

Adamastor, Gees van die Stormkaap

Tydens sy "goue era" het Portugal die wêreld verbaas met sy groot ontdekkingsreise. Dit was daarom gepas dat 'n epiese digter van daardie tyd, die bereiking van sy tydgenote vir die nageslag kon dokumenteer. Daardie digter was Luis Vaz de Camões, (c. 1524 – 1580), die prins onder Portugese digters en die skepper van die tydlose epiese verhaal *Os Lusíadas* (Die Lusiades). In hierdie heldegedig het Camões, deur sy briljante uitbeelding van Adamastor, 'n blywende mite geskep.

Daar is verskillende teorieë oor Camões se motivering hoekom hy die Adamastor mite geskep het. Vasco da Gama se duistere stryd teen die huilende suidooster van die Kaap in November 1497 het ongetwyfeld die digter meer as 'n halfeeu later geïnspireer. Daar is 'n ooreenkoms tussen Camões se fatale liefde vir 'n hofdame in die koninklike hof van Lissabon en sy gevolglike ballingskap na die Ooste en Adamastor se liefde vir Thetis en sy gevolglik ballingskap na die suidelike punt van Afrika, wat blyk meer as blote toeval te wees. Toe die *São Bento*, die gallei waarin Camões in 1553 na die Ooste gevaar het, om die Kaap geseil het, was die see besonder stormagtig en die suidooster het swaar wolke oor Tafelberg laat hang. Hierdie vreesaanjaende persoonlike ondervinding het 'n diepe effek op Camões gehad, en dit is hoe die reuse Adamastor in sy onrustige verbeelding vorm aangeneem het. Sommige kommentators dink dat Camões die wese Adamastor geskep het, weens die veragting en afsku wat hy vir die kontinent van Afrika gevoel het. Hierdie gevoelens het weer na vore gekom toe hy probeer het om uit sy ballingskap in die Ooste terug te keer na Portugal. Weens siekte en armoede moes hy die jare 1567 tot 1569 in Mosambiek deurbring. Wat ookal die geval was, Camões was die regte persoon om 'n epiese gedig van Portugal te skryf. Nie net het hy die geskiedenis van sy land geken nie, maar hy was ook ervare in Griekse en Romeinse mitologie, wat as inspirasie vir die skepping van Adamastor moes gedien het.

Die naam "Adamastor" is moontlik van Bybelse afkoms, aangesien "Adam" duidelik deel van die naam is. Dit het moontlik ook 'n klassieke herkoms. Vir baie jare is daar aanvaar dat dit van die Griekse woord "adamastos" afgelei is, wat "ongetem" of "wild" beteken.

In Canto V van sy *Os Lusíadas* vertel Camões die storie van Adamastor. Hy beskryf die aanvanklike fases van Da Gama se vaart, die eerste botsing tussen die witman en die inboorlinge, die Kaapse storms en die verskyning van die monster, Adamastor.

Soos wat Vasco da Gama en sy vloot die Kaap van Storms nader, verskyn 'n donker, vreesaanjaende wolk bo hulle, in die vorm van 'n magtige, monsteragtige wese. Die misvormde,

bebaarde figuur het 'n bouse, drygende uitdrukking op sy gesig, sy hare is bedek met modder en die tande in sy mond is 'n vuil geel. Met 'n hol, skrikwekkende stem dryg die monster die seevaarders wat oor die see seil waaroor hy al lank alleenheerskappy voer. Hy het 'n wrok teen die Portugese, omdat hy hulle vryheid van beweging, sowel as hulle moed en voortreflikheid beny. Hy voorspel rampe, skipbreuk en lewensverlies vir diegene wat dit waag om om die Kaap van Storms te seil.

Adamastor vertel van sy wraak op Dias, omdat hy die eerste navigeerder was wat in hierdie waters geseil het, van die graf wat hy vir d'Almeida voorberei het en van die lot wat Sousa de Sepúlveda en ander skipbreuklinge aan die Suid-Afrikaanse kus sal oorkom. Bartholomias Dias (c. 1450 – 1500), die eerste slagoffer van Adamastor se wraak, sterf in 1500 as 'n lid van Pedro Alvares Cabral se ekspedisie na die Ooste tydens 'n magtige sikloon in die Suid-Atlantiese Oseaan. Francisco d'Almeida (c.1450 – 1510) het die Portugese ryk in die Ooste gevestig en was die onderkoning van Indië, asook die tweede slagoffer van Adamastor se wraak. Hy het in 1510 by Saldanhaabaai op sy terugvaart na Portugal gestrand.

Manuel de Sousa de Sepúlveda (c. 1505 – 1553) 'n Portugese edelman en sy vrou, sou die derde slagoffers van Adamastor se weerwraak wees. De Sepúlveda was die bevelvoerder aan boord die *São João*, 'n Portugese skip wat op sy terugvaart van Indië, op 8 Junie 1552 aan die Natalse suidkus gestrand het. Van die meer as 600 Portugese en slawe aan boord het meer as 100 verdrink. Die oorlewendes het besluit om na Delagoabaai te stap. Na 'n marteltog van drie maande het sowat 200 verwese swerwers Delagoabaai bereik. In die buurt van die Komatirivier is De Sepúlveda en sy groep deur vyandige inboorlinge van al hulle besittings – ook hul klere – beroof. Vir Dona Leonora, die trotse aristokratiese vrou van De Sepúlveda, was die vernedering te groot en sy het geweier om verder te gaan en het haar naaktheid met sand bedek, terwyl die res van die geselskap noordwaarts gestrompel het. Uiteindelik het Leonora en haar twee kinders daar gesterf, terwyl 'n waansinnige De Sepúlveda in die bosse verdwyn het en nooit weer gesien is nie. Uiteindelik het 'n handjievol oorlewendes Inhambane bereik om die tragiese verhaal van die skipbreuklinge van die *São João* te vertel.

Terwyl Adamastor, die vreesaanjaende monster, met sy professionele oer die lotgevalle van die Portugese voortgegaan het, het Vasco da Gama hom bruusk in die rede geval en gevra wie hy, met die proporsies so ontsaglik dat dit 'n mens se asem weggeslaan het, eintlik was. Adamastor het sy swart oë gerol, sy mond vertrek en met 'n magtige brul in 'n stem swaar van bitterheid geantwoord dat hy die magtige verborge kaap, deur die Portugese die Kaap van Storms genoem, is. Die monster vertel dan aan die bevreesde matrose dat hy een van die reuse, 'n kind uit die huwelik van Titaan en die Aarde is, wat teen die gode van Olympus gerebelleer het. Hy vertel hulle die droewige verhaal van sy liefde vir Thetis, die verleidelike nimf vir wie hy die hof gemaak het, maar wat hom verwerp het as gevolg van sy weersinwekkende voorkoms.

Adamastor is deur die gode van Olympus gestraf weens sy rebellie teen hulle en sy verbode liefde vir Thetis. Hulle het hom verander in 'n ruwe berg aan die suidpunt van Afrika, waar hy die suidersee moes bewaak en dood moes bring aan die seuns van Luso, wat om hom wou seil.

Deur die verhaal van Adamastor het Camões 'n nuwe mitologiese figuur geskep, die enigste groot nuwe figuur wat tot die mitologie gevoeg is sedert die klassieke tydperk. Deur Adamastor by die Kaap van Storms te plaas, het die digter suidelike Afrika binne die ryk van die klassieke gode gebring.

Volgens die Suid-Afrikaanse outeur Stephen Gray lê die figuur van Adamastor by die kern van alle gevolglike wit semiologie wat uitgedink is om die Afrika ondervinding te hanteer. Adamastor is onheilspellend en vyandig en word oor 'n skeidslyn waargeneem: hy behoort aan 'n ouer maar verowerde kultuur wat die nuwe Europese verligting kan vernietig as hy toegelaat word binne die grense daarvan. Hy kan nie uit sy gevalle toestand ontsnap nie, maar draai teen dié wat hom van sy geboortereg ontnem het. Sy mag moet dus teengestaan word deur middel van verhewe vindingrykheid. Vasco da Gama en Adamastor, soos deur Camões uitgebeeld, was daarom, volgens Gray, die begin van die rassistiese mitologie waarop wit heerskappy gebaseer is. Die Portugese outeur António Figueiredo verskil van hierdie uitgangspunt en wys daarop dat Os *Lusiadas* en die Adamastor legende verhewe is bo suiwer menslike en rasse antagonismes en dat dit eerder gesien moet word as simbool van die mens se trotsing van die elemente. Die

Adamastor mite verteenwoordig die seëviering van die Portugese oor die ongetemde natuurkragte, sowel as hul beloning, wat daarin gelê het dat hulle die heersers van die oseane geword het.

Op 'n manjifieke uitkykpunt genaamd die Miradouro de Santa Catarina Bairro Alto, staan een van die mees indrukwekkende openbare beeldhouwerke in Lissabon. Dit is 'n ses meter hoë figuur van Adamastor in marmor geskep deur die Portugese beeldhouer Júlio Vaz Junior. Dit is 1927 onthul.

Monomotapa

Vroeg in die vyftiende eeu het die Karanga in die suidelike gedeelte van moderne Zimbabwe gewoon. In ongeveer 1425 het hul koning, Mutota, 'n veldtog begin wat sy gebied tot by die Zambezi uitgebrei het. Sy seun, Matope, het dit verder uitgebrei tot by die kus van die Indiese Oseaan. Die titel wat aan Mutota en sy opvolgers gegee is, was 'Mwene-mutapa' wat beteken 'meester van die geplunderde land'. Die Portugese se uitbuiting van die goud wat in hierdie gebied gevind kon word, het die verbrekking van die ryk versnel.

Die koninkryk van Monomotapa ('n naam wat 'n hoofman, sowel as 'n gebied aandui) is op kaarte van die sestiende eeu aangetoon, met 'n groot verlenging na die suide. Dit was besaai met óf denkbeeldige óf verkeerd geplaasde Ethiopiese name. Die woord Monomotapa is op kaarte van die dag geplaas, asof dit die naam van 'n gebied en nie die titel van 'n heerser was nie. Spoedig het dit die hele gebied van die Zambezi tot by die mond van die Visrivier aangedui. Geografe, wat niks van die land af geweet het nie, het die woord op hulle kaarte geskryf en die een het die ander nageskryf, totdat dit algemeen geglo is dat die hele suidoostelike Afrika beset is deur 'n ver gevorderde beskawing, wat deur 'n magtige keiser regeer word. So 'n keiser het nooit bestaan nie.

Daar is ook geglo dat daar 'n infusie van semitiese bloed was en dat Groot Zimbabwe die werk van 'n semitiese ras was, wat die gebied as goudsoekers beset het, lank voor die aankoms van die Bantusprekendes.

Die Karanga woon steeds verspreid in verskillende dele van Zimbabwe oor 'n gebied wat eens aan hulle behoort het. Hulle veglustige aard het verdwyn en die woord 'Makaranga' word deur hulle bure gebruik as 'n belediging en as sinoniem vir lafaard. Die woord 'Monomotapa' is vir hulle onbekend.

Vigiti Magna

Die Cantari kaart van 1506 het Vigiti Magna net noord van die Steenbokskeerkring, aan die oewer van die Infanterivier, gemerk. Die Waldsemuller kaart van 1516 en gevolglike kaarte het die naam gewoonlik verander na Vigiti Magna. Dit is beskou as 'n grensstad van Monomotapa. Linschoten het ook Vigiti Magna op sy kaart aangedui.

In sy bundel *Negester oor Ninivé* (1947) het D.J. Opperman in die gedig Vigiti Magna verwys na hierdie stad. Hy beskryf daarin die eerste seevaart na die Kaap en 'n ontmoeting met Adamastor en vertel dat die ontdekkers 'n kruis geplant het, met die gedagte dat die ou goudstad, Vigiti Magna, net anderkant die berge lê. Later, nadat hulle aan die Kaap gevestig het, het ontevrede burgers na die goudstad getrek en dit later met kanonne verdedig. In die laaste strofe, klim mynwerkers in Boksburg-Randfontein op treine en dink daaraan dat 'n skag onder die mynhoop lei na die ou goudstad, Vigiti Magna.

Op soek na Monomotapa

Die legende van Monomotapa het Portugese ontdekkingsreisigers na Afrika gelok en later het die Hollanders aan die Kaap op soek daarna gegaan. Jan van Riebeeck het Linschoten se werk geken en het gehoop om verbintnisse met die mense van Monomotapa te vestig. Hy het gehoor van mense wat in kliphuise gebly het, 20 tot 30 dae noord van Tafelbaai en wat "aansienlik meer gekultiveerd is as die Hottentotte." Hy het aangeneem dat hulle van Monomotapa was en in 1659 het hy sewe vryburgers, onder leiding van Christiaan Janssen, aangemoedig om die volk te gaan soek. 'n Tekort aan voer vir hulle pak-osse het die geselskap verhinder om verby die Groot Bergrivier te gaan. Van Riebeeck het daarna stewige belonings uiteloof aan enige geselskap wat die ekspedisie sou voortsit. Die kommandeur het vir Jan Danckaert en elf ander breedvoerige

instruksies gegee, gebaseer op Linschoten se kaart, met die spesifieke doel om die goudhandel, wat toe deur die Portugese gedryf is, na Tafelbaai te herlei. Die geselskap het met die hulp van Boesmans die Olifantsrivierberge oorgesteek en het langs daardie rivier afgereis, maar het naby hedendaagse Clanwilliam omgedraai. Van Riebeeck het nog 'n ekspedisie onder leiding van Pieter Cruythoff uitgestuur, wat kontak met 'n Nama stam gemaak het. In 1662 het Cruythoff nog 'n ekspedisie gelei, wat merkwaardig was as gevolg van sy gebruik van ossewaens, wat later die gebruikelike vervoermiddel tydens gevolglike verkenningstogte geword het. In die volgende jaar het Jonas de la Guerre verby die Olifantsrivier gegaan, maar internasionale komplikasies en die dringende behoefte om die Kasteel klaar te maak, het 'n verder soektog na Monomotapa beëindig.

Alhoewel hierdie ekspedisies op soek na legendariese stede slegs kon misluk, het dit bygedra tot die geografiese kennis van daardie tyd en die burgers het waardevolle ondervinding in verkenning opgedoen. Anderkant die Sederberge het hulle 'n roete vir die ooswaartse uitbreiding van die Kolonie, wat in die 18de eeu plaasgevind het, ontdek. Die land van Monomotapa sou eers in die middel van die 19de eeu vanuit die suide bereik word.

KOLONIALISASIE

Achtergrond

In 1556 is Nederland, wat deel was van die Ryk van Karel V, oorgedra aan die Koninkryk van Spanje. Hervorming het 30 jaar voor hierdie datum geleidelike vordering in die Lae Lande gemaak, ten spyte van marteling en vervolging. In 1564 het die groot stryd van die Lae Lande begin om politiese en geloofsvryheid te verkry en dit het uitgeloop op die Unie van Utrecht, waardeur die noordelike provinsies geskei is van die res en die Verenigde Nederlande geword het. Die geloofsvervolging in die suide het baie ryk finansierders en vlugtelinge na Holland getrek, wat toe die groot banksentrum van Westelike Europa geword het. Een van hierdie vlugtelinge was Frans Hals, die beroemde skilder, Elzevir die drukker, en Estevin die wiskundige en militêre ingenieur.

In 1648 het die Vrede van Westphalia die onafhanklikheid van Holland, wat toe 'n ge-allieerde van Frankryk was, erken. Die gebied het vooruitgegaan en ten spyte van oorloë wat teen die land gevoer is deur Louis XIV, het dit die rykste en beskaafste land in Europa geword. Party het gesê dit is die erfgenaam tot die glorie en welvaart van Venesië.

Lank voordat die lang stryd met Spanje beëindig was, het Holland gevestigde handel met die Ooste gehad. In 1602 het die Hollands Oos Indiese Kompanjie 'n charterbrief / vrybrief ontvang en in 1650 is daar besluit om 'n halfwegstasie na Indië by die Kaap de Goede Hoop te vestig.

Jan van Riebeeck is in 1652 gestuur om die eerste nedersetting te stig, wat die doel sou dien om proviand aan verbygaande skepe te verskaf en om die klein Fort de Goede Hoop op te rig. Dit was 'n eenvoudige struktuur van hout en grond, iewers naby die huidige Algemene Poskantoor. Van Riebeeck het ook die Kompanjietuin uitgelê saam met Hendrik Boom, sy meester tuinier. Hulle moes 'n goeie watervoorraad skep en 'n eenvoudige regeringsvorm vestig. Vars vleis moes van die Khoikhoi geruil word, maar hulle het geweier om hul vee te verkoop of hulle het die beste wat hulle reeds geruil het, teruggeneem.

Van Riebeeck het streng opdrag gehad om die vrede met die inheemse bevolking te bewaar, sowel as met vreemdelinge of uitlanders wat toestemming gehad het om hulle eie buiteposte aan die Baai te vestig. Hieruit kan afgelei word dat die bedoeling nie was om die land vir hulself toe te eien nie, maar om dit net te gebruik vir die verskaffing van vars voedsel. Die latere besluit om slawe in te voer is gemaak toe daar gevind is dat die plaaslike mense geen belang daarin gehad het om vir die nuweling te werk nie.

Die nedersetting was aanvanklik nie self-onderhoudend nie en het staat gemaak op die invoer van rys en koring. Die direkteur was nie tevrede daarmee nie, omdat hulle wou gehad het dat die nedersetting vir homself moes betaal en, indien moontlik, 'n behoorlike wins moes toon. Een manier om te sny aan die onkoste, was om te bespaar op salarisse en vroeg in 1657 is nege mans ontslaan uit die Kompanjie se diens en elk het 11,5 hektar land langs die Liesbeekrivier ontvang. Hulle is vrygeskeld van belasting vir 12 jaar en is toegelaat om met die Khoikhoi handel te dryf vir skape en

beeste; so lank as wat hulle nie meer betaal het as die Kompanjie nie. Die Kompanjie het sy beleid verander en het weiding deur vryburgers aangemoedig. Aangesien hulle nou grondbesitters was, het hierdie eerste vryburgers natuurlik arbeid benodig en met streng opdrag van die Kompanjie om nie die plaaslike Khoikhoi as slawe te gebruik nie, moes hulle elders soek.

Die skip, die *Amersfoort*, het vroeg in 1658 aangedoen met 'n vrag wat 170 slawe ingesluit het. Hulle was die oorlewendes van 250 wat van 'n Portugese skip naby Angola weggeneem is. Die vryburgers is toegelaat om 'n aantal van die slawe op krediet te koop en die res was bespreek vir gebruik deur die Kompanjie. Van Riebeeck self het hierdeur 23 slawe bekom.

Toe van Riebeeck in 1662 die klein dorpie van De Kaap verlaat het, was daar net 'n paar huisies, maar volgens hom was dit 'n onmiskenbare sentrum van westelike beskawing. Die Kompanjie het sy plaas en boorde gevestig by Rondebosch, waar die groot skuur opgerig is, wat vandag nog bekend staan as Groote Schuur, terwyl die kommandeur sy eie grond gehad het by Boscheuvel, naby Wynberg, aan die suidelike grens, wat vandag bekend staan as Bishopscourt.

In 1660 het die Europese bevolking bestaan uit 46 volwassenes en veertien kinders, waarvan daar net 16 vrye families, tien werktuigkundiges, een kruidenier, een bakker en vier kantienbestuurders was. Teen 1672 was daar 64 vry manne, wat tesame met die garnisoen of besettingsmag 'n totale mag van 370 gevorm het.

Na die uitbreek van oorlog teen Engeland in 1666 is die Kasteel begin. Die werk is egter gestaak nadat die Verdrag van Breda geteken is, maar in 1672, toe Louis XIV Holland ingeval het, is dit vinnig weer begin en die nuwe gebou is twee jaar later deur die garnisoen bewoon.

In 1679 is Simon van der Stel aangestel as Kommandeur en het later die eerste Goewerneur geword. Ten spyte van onsekere toestande wat bestaan het in die tydperk tussen Van Riebeeck se vertrek en die aankoms van Van der Stel, het die kolonie aansienlik gegroei en het tot by Saldanhabaai, Vishoek, Hottetots-Holland, Eerste Rivier en Tygerberg gestrek.

Kort na sy aankoms het Van der Stel die dorpie Stellenbosch gestig en hy het gereël vir die eerste nedersetting van boere langs die Bergrivier. Immigrasie is aangemoedig en in 1688 het die eerste Franse Hugenote, ongeveer 200 van hulle, aangekom. Hulle het hoofsaaklik by Drakenstein en Franschoek gevestig. Daar is van hierdie Hugenote gesê dat hulle "ekonomiese en sosiale invloed veel meer was as hul getalle en dat hulle van 'n beter sosiale klas was as die meeste Duitse en Hollandse setlaars wat saam met hulle of voor hulle aangekom het. Party was vaardige wingerd- en olyfbewerkers en ambagsmanne."

In 1699 het Simon van der Stel op sy grond Constantia afgetree en die Goewerneurskap is oorgedra aan sy seun Willem Adriaan, wat baie daarin geïnteresseerd was om die kolonie te ontwikkel. Hy het baie gedoen om die aanplant van bome en die bewerking van blomme en vrugte aan te moedig.

Die nedersetting het vinnig gegroei, maar moeilikheid tussen die burgers en die nuwe Goewerneur het ontstaan en dit het gelei tot die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek om navraag te doen oor die klagtes van die burgers. Die gevolg hiervan was die ontslag van Van der Stel in 1707.

'n Beskrywing van die kolonie is in 1710, kort na die vertrek van Van der Stel, gegee deur 'n Engelse reisiger Maxwell. Het hy geskryf: "The Dutch have settled for the Convenience of the Rendezvous for their homeward bound East India fleet and they have possessed themselves of the country, 60 miles from the place of their first settlement."

Die bevolking van vryburgers van die Kolonie in 1687 was 1 146, terwyl dit in 1710 gegroei het na 3 264.

Deur die energie van die Van der Stels het Kaapstad 'n aantreklike dorpie geword. Die Kasteel, wat tot nou 'n militêre vesting was, is deur Simon versier met sy poort en die Kat of skeidingsmuur is opgerig met sy luukse kwartiere vir homself en die Luitenant-Goewerneur. Onder sy sorg is die tuine uitgelê en het dit 'n wonder vir verbygaande reisigers en besoekers geword. 'n Plesierhuis wat oor die tuine uitgekyk het, is opgerig en hy het ook 'n groot hospitaal opgerig en 'n kerk beplan en begin.

Sy plaashuis, Groot Constantia, is in 1692 gebou en het beroemd geword buite die grense van die Kaap. Aanvanklik was dit sonder gewels en van 'n baie meer beskeie grootte as die huidige gebou.

Sy seun, Willem Adriaan, het die Groote Kerk, waarvan die fundamente deur sy pa gelê is, klaar gebou. Hy het nog 'n tuin agter die berg by Nuweland uitgelê en het Vergelegen beplan, op 'n skaal wat tot vandag nog onbekend is, wat Constantia sou oortref. Aan beide kante van die tuine het die burgers se huise teen 1710 opgespring.

In 1713 het 'n pokke epidemie in Kaapstad uitgebreek, wat ongeveer 'n kwart van die bevolking in ses weke getref het. Min ontwikkeling het tussen 1710 en 1750 plaasgevind as gevolg van die agteruitgang van die VOC en die Europese oorloë.

Die opvolg tot Goewerneur van Ryk Tulbagh in 1751 is nog 'n landmerk in die ontwikkeling van die kolonie. Gedurende sy bewind en vir die volgende twintig jaar, het die land ongeëwenaarde vooruitgang geniet. Baie verbeteringe is aangebring en die argitektuur van die dorpie Kaapstad, soos dit nou bekend gestaan het, het waarskynlik 'n hoogtepunt bereik in hierdie tydperk.

In 1775 was daar ongeveer 1 200 huise van formaat, baie het dubbelverdiepings, met platdakke gehad. Die huise was gepleister en afgewit of met helder kleure geverf. Die strate was eikelanings en het kanale met lopende water gehad. Die Burger Waghuis is in Tulbagh se tyd opgerig. Die dorp het dus, met sy kerk, hospitaal en tuine in die agtergrond, 'n gevoel van aansien, tot nou ongeken, gehad.

Die inwoners het staat gemaak op verbygaande skepe vir hul lewensonderhoud en 'n groot aantal losieshuise en kantene het in hierdie tydperk gebloei. In die platteland was die boere ook suksesvol. Stellenbosch is in 1710 vernietig deur 'n vuur en is herbou met 'n nuwe Drosdty. Die rivier is herlei om vernietigende vloede te voorkom en aansienlike plaashuise is opgerig.

Nog 'n ernstige pokke epidemie het uitgebreek in 1755 wat weer 'n gedeelte van die bevolking uitgewis het, maar in 1756 het die bevolking gegroei na 5 123 burgers en 5 787 slawe.

Die uitbreek van die Sewe Jaar Oorlog in 1756 het aanvanklik 'n ernstige terugslag vir die kolonie beteken. Daar was 'n besondere afname in skepe en as gevolg daarvan het baie wynboere bankrot gespeel. In 1758 het die Franse in Mauritius voorberei vir oorlog met Engeland. Die fiskale stelsel aan die Kaap was gebaseer op die Kompanjie se reg om in sy eie behoeftes te voorsien deur teen 'n lae prys van die plaasopbrengs te bekom. Die burgers het dan die reg gehad om enige oorskot aan verbygaande skepe of aan ander nasionaliteite teen die hoogste prys wat hul kon haal, te verkoop.

Die Franse is gevolg deur die Engelse. Die Britse Oos Indiese Kompanjie het sukses gehad bo die Franse in Indiese waters en het tot 'n groot mate beheer in handel met die Ooste, beide met Indië en Sjina, verkry. As gevolg daarvan het groot getalle skepe aangedoen by Kaapstad en Simonstad. Beide kante het die Kaap gebruik tot die vrede van 1763. Pryse het verdubbel en verdriedubbel.

Holland het agteruitgegaan as Maritieme Mag en vreemde skepe aan die Kaap het die Hollandse skepe drie teen een in getal oortref. Die VOC het sy laaste ruk van agteruitgang ingegaan. Ten spyte hiervan het finansies en uitvoer aansienlik vermeerder vanaf 1770.

Geld het ingevloei en daarmee saam het Europese style en uitspattigheid en 'n klein Franse Luitenant van Ingenieurs, genaamd Thibault gekom. Kaapstad het bekend gestaan as "klein Parys" na die modestad waar Thibault eens argitektuur gestudeer het.

Die groot nuwe hospitaal waarvan in Tulbagh se tyd gepraat is, is uiteindelik gebou. Die meeste van die materiaal moes uit die Vaderland gestuur word, en toe, soos nou, was die beste manier om die koste van die vaart laag te hou, die belofte om 'n vrag saam terug te stuur.

Die burgers aan die Kaap was ontevrede met Europese administrasie en beheer, net soos die koloniste in Amerika. Hulle het verteenwoordigers gestuur na Europa om hul wroegings te lê voor die Kompanjie en om 'n vorm van self-regering te vereis.

In 1795 het Graaff-Reinet en Swellendam gerebelee en terselfder tyd het die eerste Britse besetting plaasgevind, wat tot 1803 geduur het. Lady Anne Barnard het haar man, die koloniale sekretaris aan die Kaap in 1797, vergesel en haar briewe en dagboek gee vandag 'n interessante beskrywing van Kaapstad en sy omgewing in daardie tyd. In 1803 is die kolonie oorhandig aan die Bataafse Republiek volgens die Verdrag van Amiens, maar om dit van die Franse te beskerm, is dit weer in 1806 deur Brittanje beset en onder die algemene vredesverdrag van 1814 is dit finaal aan Groot Brittanje gesedeer.

Argitektuur

Kaaps-Hollandse huise is ongetwyfeld minder die produk van 'n formele Skool van Argitektuur as die Europese huise van dieselfde tydperk. Voor Thibault in die jare 1780 aangekom het, is dit onwaarskynlik dat 'n enkele professioneel opgeleide argitek ooit aan die Kaap gepraktiseer het. Baie van die ambagsmanne was Maleiers en nie Europeërs nie. Die materiale wat gebruik is, is gekies omdat dit plaaslik beskikbaar was en nie omdat dit die mees gepaste was nie.

Europese argitektuur van die 18de eeu was die gevolg van eeue van opgehoopde tradisie en geërfde vaardigheid in 'n groot, georganiseerder gemeenskap. Kaaps-Hollandse argitektuur was die produk van 'n verafgeleë kolonie, wat uit niks begin het nie. Vir 'n eeu en 'n half het getalle en rykdom te stadig vermeerder en die gebied te vinnig gegroei.

Nederland het 'n unieke posisie in Europa bekleë in die kunstewêreld tydens die 17de eeu, ten spyte van die lang stryd met Spanje. Nederlandse skilders en ambagsmanne was meesters en Nederlandse argitektuur was hoofsaaklik 'n baksteenargitektuur, wat Engelse argitektuur beïnvloed het en wat op sy beurt weer deur Frankryk beïnvloed is. Nederlandse argitektuur was 'n intieme, menslike argitektuur, wat oor alledaagse gebeure besorgd was en uit die siviele en huislike lewe ontwikkel het.

Die ou huise van Nederland is uitsluitlik van baksteen gebou. Klip word nie in die land gevind nie, maar moes ingevoer word en was dus skaars. As gevolg van beperkte terreine het die huise baie nou vooraansigte gehad en was hoër as wat in die Kaap nodig was. Die gebruik van styl dakke uit hout gekonstrueer het die gebruik van 'n gewel genoodsaak, wat 'n kenmerkende eienskap van die ontwerp was. In die groue klimaat was genoeg lig aan die binnekant nodig, daarom het vroeë werke groot vensters gehad met dwarsspoorte en tussenstyle. In die 18de eeu het skuifvensters tevoorskyn gekom. Kleur is tot 'n groot mate in houtwerk gebruik, veral in vensterluike. Die fyn voordeure het die sentrale eienskap van die ontwerp gevorm en was goed bo die straatvlak geplaas, het 'n bordes daarvoor gehad en trappe wat daarna lei. Die bordes was dikwels met 'n sitplek toegerus.

Die Kaapse huise was heeltemal anders, alhoewel die gewel, die groot vensters en ryk voordeure gebruik is. Die vroeë setlaars aan die Kaap was baie beperk deur 'n tekort aan boumateriaal. Daar was feitlik geen klip wat maklik gekap of bewerk kon word nie, bakstene wat plaaslik gemaak is het nie die weersomstandighede goed weerstaan nie en moes gepleister word, hout wat vir gewone boudoeleindes geskik was, was skaars en moes oor lang afstande gebring word en dakteëls en lei was nie beskikbaar nie. Ten spyte van hierdie beperkinge, is geboue met eenvoudige ontwerpe, maar van uitsonderlike karakter opgerig, waarin die sjarme van die ou woningboukuns van Nederland gereflekteer is.

Teen 1700 is feitlik al die hout wat binne die reikafstand van die waens was, afgekap vir brandstof, die geelhout van Houtbaai ingesluit, wat Van Riebeeck so vroeg as 1658 probeer beskerm het. Kalk is verkry deur seeskulpe van Robbeneiland te brand, maar bakstene, wat eers binne die eerste twee jaar van Van Riebeeck se koms vervaardig is, het sleg verweer en die rooi klip van die Steenberg was amper die enigste tipe beskikbaar en dit was nie bewerkbaar nie. Teëls het moontlik van Batawië gekom as ballast en bakstene en skrynwerk is spesiaal vanaf Nederland gestuur. Die reis na Amsterdam retoer het 'n jaar geduur en boumateriaal was 'n vraag wat van te min waarde was vir 'n vaart.

Die klimatologiese toestande van die Kaap verskil aansienlik van die land van oorsprong van die setlaars, 'n feit wat ook variasies in hul argitektuur veroorsaak het. Skerp sonskyn regdeur die jaar,

maar met min reën behalwe in die winter, het die gebruik van groot, lugtige, hoë kamers genoodsaak, wat met swaar dakke bedek was en wat ontwerp is om die kamers koel te hou. Vensters met luike het die hitte gedurende die dag uitgehou. Baie tyd is spandeer in die ope lug en die groot stoepe deur eikebome beskadu en ingeslote binnehoue, wat gereeld met 'n wingerdpriemel bedek was, was onontbeerlike toevoegsels tot elke tuiste.

Vriende en besoekers moes groot afstande aflê en die Hollandse gasvryheid het hulle aangespoor om groot ontvangskamers en kombuise in hul huise te bou. Die argitektuur wat ontwikkel het, was besonder aangepas tot die klimaat en die sosiale lewe van die mense, maar heelwat anders in karakter van dié van Holland.

Die geboue

Dit blyk dat die vroegste huise opgerig is met 'n raamwerk van hout wat met modder bedek is (*wattle and daub*). Die dakke is met gras bedek. Die fort van Van Riebeeck is uit hout en modder gekonstrueer en sy eie kwartiere was van rowwe klip in modder mortel, terwyl die huise van die garnisoen van hout was. Later is rowwe klip en kalk mortel hoofsaaklik gebruik, alhoewel bakstene vroeg al gebruik is, maar as gevolg van die porositeit daarvan moes die mure gepleister geword het.

So vroeg as 1717 is eksperimente uitgevoer om waterdigte platdakke op te rig, hoofsaaklik vir Goewermentsgeboue, maar dit was eers in 1732 wat die eerste privaat huis met 'n platdak opgerig is. Dakke is waterdig gemaak met verskeie lae olie, of visolie of walwistraan. Die aanwending van die olie moes in baie warm weer plaasvind en het uitstekende resultate gehad. In 1736 is 'n brand veroorsaak wat grasdakke verwoes het en daarna is verskeie platdakhuise opgerig.

Illustrasies van Groentemarkplein en die Parade in 1764 wys enkelverdiepinghuise met grasdakke en in party gevalle met dakvensters en gewels, maar slegs een of twee was dubbelverdiepinghuise met platdakke. Die strate was wyd maar nie geplavei nie en langs verskeie strate was eikebome geplant. Die meeste huise was van stucco en was buite afgewit en party was groen geverf. Groen was die Hollanders se gunsteling kleur. Hulle huise, klere, roebote en skepe was alles groen. 'n Groot aantal huise, sowel as kerke, het rietdakke gehad en die res was met plat teëls oordek. Die boubedryf aan die Kaap is beskryf deur een besoeker as "not simply a hobby, but a passion, a madness, an infectious craze, which almost everyone has caught."

Daar was geen fabriek nie en die meeste van die meubels moes van Europa gebring word. Kabinette, stoele, klerekaste en tafels het van Holland gekom en glas- en tafeware van Engeland. Teen die einde van die 18de eeu is die platdakhuise gewoonlik in die dorp gebruik, terwyl die grasdakgeweldakke gewoonlik in voorstedelike of plattelandse huise gebruik is. Die *Old Thatch Tavern* is 'n relik van die 18de eeu en het sy grasdak tot 1840 behou, toe dit met 'n platdak vervang is.

Dorpshuise

Die plan van 'n tipiese dorpshuis het sonder uitsondering bestaan uit 'n *voorhuis*, met ontvangskamers aan beide kante daarvan. Dit het gelei tot 'n ruim *achterhuis* wat belig is vanaf 'n binnehof en met die eetkamer en kombuiskwartiere gekommunikeer het. Die *achterhuis* het gereeld gedien as eetkamer en daarvandaan het 'n trap na die boonste kamers gelei. Die slawekwartiere, houtstore en solderkamer was gewoonlik saam gegroep in die buitegeboue aan die agterkant van die erf. 'n Gang van ongeveer 1.2m het elke huis geskei van die bure. Dit het ook die doel gedien om toegang te verleen na die agterkant van die huis en het gedien as dreineringsvir reënwater wat van die dak afgehoop het, sowel as vir 'n bykomende brandmaatreël.

Voor die voorhuis en gewoonlik die hele breedte van die fasade was die stoep, 'n karakteristieke eienskap van beide dorps- en plaashuise. Die term "stoep" of "bordes" soos dit gewoonlik genoem is, word gebruik in Holland om die bordes voor die voordeur van 'n dorpshuis aan te dui, waarvan die grondvloer meer as 'n meter bo die straatvlak verhef is. Die term word daar ook gebruik vir enige struktuur wat effens bo die straatvlak verhef is, soos die sypaadjie voor 'n huis. 'n verhefde stoep is 'n *hooge stoep* genoem. In Holland was die stoep 'n belangrike element in die ontwerp van die fasade en is deur 'n trap of 'n stel trappe bereik.

In die Kaap was die stoep egter 'n onontbeerlike eienskap van die huisplan, omdat die eienaar en sy familie in warm weer vars lug kon skep of gaste daar kon ontvang. Die stoep was meer as 'n meter bo grondvlak verhewe en in sommige gevalle, waar daar 'n helling was, kon toegang tot die kelderkamers onder die huis van buite verkry word. Aan die einde van die stoep, aan elke kant, was daar amper sonder uitsondering, 'n gepleisterde baksteen of klip sitplek, waarvan party met 'n balustrade afgewerk was.

Die binnehowe aan die agterkant van die huis was geplavei en somtyds was daar bome of is dit met 'n wingerdpriemel bedek en soms is 'n klein formele waterpoel daarin gebou. Hierdie binnehowe herinner aan die houe van Hollandse huise, wat gereeld in die skilderye van daardie tyd uitgebeeld word. Die vista wat ervaar word wanneer daar by die voordeur van die huis ingekom word, is een wat deur die *achterhuis* na die koel, afgesonderde binnehof en daarbenewens strek.

Die fasadebehandeling was ewe eenvoudig en aantreklik en het gewissel van die klein enkelverdieping huis met 'n gevormde borsweringsmuur of kroonlys, tot die meer breedvoerige voorkant van die dubbelverdieping huise wat soortgelyk versier is. Pilasters is soms gebruik en soms vind 'n mens 'n enkel kamer in die dak (dakkamer) waarvan skepe wat Tafelbaai binnekam, gesien kon word. Die hoë stoep is dikwels aangewend om 'n kelder daaronder te vorm, wat dan die hele fasade aansienlik bo die grondvlak verhoog, terwyl 'n portico met kolomme al in enkele gevalle gebruik is. Verdere verskeidenheid in die behandeling van die fasade word gevind in die fyn afgewerkte voordeure, wat aansienlik in ontwerp wissel en, deur boligte, lig aan die ingangsportale of voorhuise verskaf het.

Binnemure is eenvoudig afgewerk met pleister en is soms gekleur of versier met sjabloonwerk. Die vloere van kamers op grondvloer was bedek met teëls of van geelhout. Die plafonne is gevorm deur blootgestelde houtbalke wat die houtvloere van die boonste verdieping gedra het. Die plafonne van die boonste verdieping is op 'n soortgelyke wyse opgerig, maar in hierdie geval is die planke bedek met 'n laag klei of kalkbeton, waarop bakstene of teëls gelê is.

Binnedeure het aan massiewe rame gehang en was van enkelpaneel met wye style. Die paneel was verhewe en gevorm. Belangriker kamers is meestal met ingeboude kaste uitgerus, wat bestaan het uit 'n reses in die muur met rakke en deure, waarvan die onderste paar paneel gehad het en die boonste paar gevormde koppe gehad het en met glas ingevul was. Die ontwerp van hierdie kasdeure het aansienlik van mekaar verskil en herinner aan die fyn *armoires*, wat kenmerkende meubelsukke van 17de en 18de eeuse Holland was.

Kaggels was skaars, waarskynlik as gevolg van die klimaatsomstandighede, tekort aan hout en brandgevaar. In die kombuis is 'n groot oop vuur gebruik met 'n ingeboude oond aan die kant. Die kaggel was uitgerus met stawe vir potte, terwyl 'n ysterstaaf daarbo vasgeheg was waarvan potte en ketels afgehang kon geword het. Vuurmeesters moes elke huis elke maand kom inspekteer het, om seker te maak dat skoorstene behoorlik gevee was en dat geen dwarsbalke ingemessel was, waaraan gedroogte vleis of ander proviand gehang kon word nie.

Metaalwerk van yster en brons van daardie tyd was besonders effektief. Goed ontwerpde ystertongskarniere en -grendels is algemeen gebruik op eksterne deure en luuke, en brons skarniere is op interne deure gebruik, terwyl brons slotte en grendels, handvatsels en beslagplate op alle deure gebruik is. Drinkwatervoorraad is verkry van openbare putte of pompe.

Aan die binnekant het die huise die eenvoudige interieurs van Hollandse huise weerspieël. Aan die buitekant het die sjarme van die dorpshuise gelê in die eenvoudige ontwerp, die klein bakstene wat op die stoepe en trappe gebruik is, die oordeelkundige organisasie van die goed geporsioneerde openinge, die ryk houtwerk in die deure, vensters en luuke, die eenvoudig gekerfde en gevormde borsweringsmure of die klassieke pilasters en kroonlyste en die wit gepleisterde mure, wat oorspronklik waarskynlik getint was. Versiering was amper geheel en al beperk tot die voordeure wat met klassieke pilasters en kroonlyste van hout ingeraam was en wat met kerfwerk verryk is. Bale van die boligte was ook ryklik versier en het die Barokvorme wat in die 18de eeu in noordelike Europa populêr was, nagevolg. 'n Hout lantern is soms in die bolig gebruik, wat die ingangsportaal en die stoep verlig het; 'n noodsaaklikheid voor die dae van straatlampe. Hierdie tipe lantern is

dikwels in die 18de eeu bo deure in Holland gebruik. 'n Mens vind soms gedeeltes van gemodelleerde pleisterwerk en beeldhouwerk, wat meer in die pedimente voorkom, wat soms die effense breek in die fasade gekroon het.

Landelike huise

Die huise van ryk boere in die platteland is heeltemal anders as dié van die dorpsmense. Gasvryheid is 'n bekende eienskap van die Nederlandse mense en dit word die beste weerspieël in die edel ou gewelhuise, met hul wye stoepé deur eikebome beskadu, die ingeslote binnehowe en die koel, aantreklike ontvangskamers. Dit is in hierdie huise wat die besondere eienskappe van die sogenaamde Kaaps-Hollandse huise, wat dit so anders gemaak het as hul Europese prototipes, die beste gesien kan word. Die planne van hierdie huise verskil, maar die verskillende tipes kan as volg opgesom word:

Die eerste plan is die I plan, met sy sentrale ontvangskamers en slaapkamers aan elke sy (Saxenberg¹).

Die tweede tipe plan is die II plan, waarvan die sentrale gedeelte vir ontvangskamers gebruik is en die flanke, wat binnehowe aan elke kant omsluit, vir slaapkamers en die kombuis gebruik is (Nederburg²).

Die derde tipe plan is die U plan, met ontvangskamers aan beide kante van die ingangsportaal en flanke wat 'n binnehof aan die agterkant omsluit (Stellenberg³).

Die eenvoudige vierkantige plan is 'n vierde tipe, terwyl kombinasies van die verskillende tipes soms voorkom, soos by Meerlust⁴, waar die en die tipes saam gebruik is.

In elke geval word die kamer simmetries aangewend op 'n sentrale as en die plan word duidelik uitgedruk in die aansigte.

Soos in die dorpshuise is daar 'n ingangsportaal, maar omdat daar minder ruimtebeperking is, word dit op 'n groter skaal aangewend. Dit lei dan tot 'n groot agterhuis, wat gewoonlik van die ingangsportaal deur 'n paneel- of glasskerm geskei is. In baie latere voorbeelde is die boonste gedeelte van hierdie skerm van hortjies in plaas van van glas. Die slaapkamers en kombuis word aan elke kant daarvan geplaas.

Die vloere van die ontvangskamers is geteël, terwyl die slaapkamervloere van hout is. Slegs een of twee van die groter huise het kaggels. By Elsenburg⁵ het die oop klipkaggel paneelwerk bo-oor, waarin 'n wapenskild ingelê is. By Meerlust kan die kaggel toegemaak word deur 'n paar voudeure.

Die kombuisherd is soos die tipe wat in die dorpshuise genoem is; so ook die interne deure en muurkaste. Daar is bewyse dat die interne gepleisterde mure in baie gevalle gekleur was en met 'n sjabloonontwerp versier was. In een of twee voorbeelde is muurskilderye gebruik as versiering. Die plafon is gekonstrueer uit dik balke wat planke ondersteun, wat op hulle beurt weer die klei of kalkbeton, waarin die bakstene of teëls gelê is, dra. Dit was 'n nodige voorsorgmaatreeël teen brand en het bekend gestaan as 'n *brand zolder* en het die vloere van die boonste verdiepings (*lofts*) gevorm.

Styl grasdakke omsluit hierdie ruim solders, wat deur vensters in die gewels verlig word en deur 'n deur, wat met eksterne trappe bereik word, ingegaan word. Die stoepe, soos by die dorpshuise, is gewoonlik die hele lengte van die fasade en eindig in gepleisterde baksteenbanke, maar in sommige gevalle het die stoepe reg rondom die huis gegaan, soos by Nederburg.

¹ Saxenberg – grond in 1704 verkry en huis net daarna opgerig

² Nederburg – datum op gewel: 1800

³ Stellenberg – eerste woning in 1710 opgerig

⁴ Meerlust – datum op gewel is 1776, maar grond is reeds in 1701 verkry

⁵ Elsenburg – grond in 1698 verkry, eerste woning in vuur vernietig, herbou in 1752

The bekendste eienskap van die buitekant is die gewel. Hierdie gewels verskil aansienlik in ontwerp, van 'n eenvoudige getrapde gewel, wat skaars in die Kaap is, tot die breedvoerige krulgewels en later die meer strakke Renaissance tipe, met pilasters, pedimente en vase. Die kantgewels was sonder uitsondering van 'n eenvoudige ontwerp, 'n tipe wat algemeen in die Lae Lande en in Jacobeense huise in Engeland voorgekom het, waar dit van baksteen of van baksteen en klip gebou is. Dit was in die gewels bokant die ingange van die huise, waar die rykdom en praal oorvloedig was.

Die voordeur met sy bolig was 'n belangrike eienskap, waarvan die geheel gewoonlik met pilasters en entablature ingeraam was.

Die buitegeboue het ook 'n belangrike deel van die algemene uitleg gevorm. Dit het gewoonlik bestaan uit die wynkelder, die stalle en die slawekwartiere, soms ook met 'n huis vir die bestuurder. Hierdie eenvoudige strukture is van die bekoorlikste strukture wat in die Kaap gevind kan word. Nog 'n kenmerk was die kloktoring. Die klok is gebruik om slawe van en na hul werk te roep. Die verskillende slaweklokke verskil in ontwerp en die klokke self is gewoonlik goed ontwerp en geteken. Windmeulens is gereeld opgegeng om koring te maal, maar hiervan bly net een of twee oor.

In baie van die groter landelike huise is 'n goed beplande uitleg voorberei. Eikelanings is aangeplant, wingerde en boorde is beplan en uitgelê, voordeel is uit lopende water getrek en die Nederlandse liefde vir die natuur en aanvoeling vir skoonheid het die aanplant van pragtige blommetuine teweeggebring, waarna daar so gereeld in die dagboeke en briewe van verbygaande reisigers vertel word.

Die meeste van die argitektuur van hierdie tydperk is anoniem. Die boer van die 18de eeu het 'n patriargale bestaan gevoer. Kommunikasie was stadig en sy plaas was geïsoleer. Die klein gemeenskap op die plaas het probeer om self al die nodige werk te verrig om die plaas aan die gang te hou, wat bouwerk insluit. Toe Meerlust in 1804 besoek is, is ambagsmanne daar gevind, waarvan party slawe en ander vry was. Hierdie mense het messelaars, smede, waemakers en skrynwerkers ingesluit.

Die argitek en ambagsman

In die 17de en 18de eeue het skeepsbou sy hoogste ontwikkeling in Nederland bereik en vakmanne se vaardigheid het getuig van goeie opleiding. Vakmanne van die Lae Lande is in diens geneem in Engeland gedurende daardie tydperk. Dit is waarskynlik dat aan van hulle grond gegee is aan die einde van hul diens as vakmanne vir die Kompanjie. Bekwame slawe is ingevoer uit die Ooste. Pragtige voorbeelde van Nederlandse meubels is deur ryk Nederlandse amptenare saamgebring en het as motiewe vir ontwerp van plaaslike meubels gedien.

Niks is bekend van die argitekte tot ongeveer die einde van die 18de eeu, toe Louis Michel Thibault aan die Kaap geland het nie. Die meeste van die fynste werk word aan Thibault en Anton Anreith toegeskryf. Beide was hoogs opgeleide mense.

Louis Michel Thibault (1750 – 1815)

Thibault is in 1750 in Picquigny, naby Amiens gebore. Hy was 'n student van die *Academie Royale d'Architecture* in Parys in 1775 en was 'n leerling van A.J. Gabriel, die hoofargitek van die Koning en die Direkteur van die Akademie. In September 1776 het hy die eer gehad om aan die Koning, Louis XVI, 'n terracotta model van 'n Franse orde van argitektuur, wat hy ontwerp het, voor te lê. Tekeninge van hierdie argitektoniese motief word nog in die Kaap bewaar.

In 1781 het Thibault in Parys studeer as militêre ingenieur en het daarna aangesluit by die Neuchatel Switserse regiment, wat deur die Vereenigde Oost Indiese Kompanjie betaal is en na die Kaap gestuur is. Dit is dus as soldaat wat Thibault in 1783 na die Kaap gekom het. Sy regiment het deel gevorm van die garnisoen aan die Kaap tot 1788, waarna dit oorgeplaas is na Ceylon, wat ook aan die Kompanjie behoort het. In plaas van om die Kaap saam met sy regiment te verlaat, het hy uit die diens bedank, waarskynlik omdat hy intussen in 'n koloniale familie ingetrou het. Hy het op 2 April 1786 met Elizabeth van Schoor, die dogter van 'n Burger Raadgewer getrou. Hy het in

Kaapstad aangebly, waar hy sekere openbare aanstellings gehad het en weer sy vorige beroep as argitek beoefen het.

Thibault was in die diens van vier opeenvolgende administrasies in elf jaar. Tye was onstuimig aan die Kaap. Hy het eers in die diens van die Vereenigde Oost Indiese Kompanjie getree. In 1795 was hy die hoof militêre ingenieur en dit was in daardie kapasiteit wat hy die inventaris van die geboue, fortifikasies en landgoed van die Kompanjie geteken het, toe dit aan Britse owerhede oorhandig is. Die verowering van die Kaap deur die Engelse het hom ontnem van sy amptelike aanstellings, maar hy het besluit om in die land te bly. Hy het kaarte van die Kolonie voorberei, wat deur die Engelse amptenare waardeur is. In 1799 het hy 'n openbare aanstelling aanvaar, maar hierdie keer was dit as argitek. Die nuwe Goewerneur, Sir George Yonge, was Thibault nie goedgesind nie en het sy kaarte gekonfiskeer. Dit het die persoonlik ingryping van Generaal Dundas, wat die koloniale troepe gekommandeer het, geveg om Thibault se kaarte aan hom terug te besorg. Die Goewerneur het Thibault egter beveel om nie voort te gaan met die opstel van die kaarte sonder toestemming nie. In April 1801 is Sir George Yonge uit sy pos ontslaan en die interim regering is aan Generaal Dundas toevertrou tot die sessie van die Kolonie aan die Bataafse Regering. Thibault het dus weer 'n beskermheer gehad.

Gedurende die drie jaar van die administrasie van Generaal Janssens, wat die Kolonie in die naam van die Bataafse Regering geleë het, het Thibault se posisie belangriker geword. Hy is aangestel as 'Inspekteur van Openbare Werke' en die oprigting van die Drosdy in Tulbagh is aan hom toevertrou. Die titel van Inspekteur is bevestig deur Generaal David Baird, die nuwe Goewerneur van die Kolonie, wat aan Engeland oorhandig is in 1806.

Thibault het op 14 November 1815 gesterf en is begrawe in die Nederduits Gereformeerde Begraafplaas in Somersetstraat in Kaapstad.

Anton Anreith (1754 – 1822)

Die beeldhouwerk en houtsnewerk van Anreith is van die fynste kunswerke in Suid-Afrika. Hy is gebore in Freiburg in Breslau en het in die Kaap aangekom as soldaat aan boord die *Woestduijn* in 1777. Hy het die ambag van houtsnewerk en beeldhou vir vyftien jaar in die diens van die Kompanjie voortgesit. Hy is in 1786 na Europa, maar het teruggekom en is op sy eie versoek ontslaan om sy ambag te beoefen. Thibault het baie gedink van Anreith se talente en het in een van sy planne beeldhouwerk ingesluit wat volgens hom net deur Anreith gedoen kon word. Anreith het in 1822 in Kaapstad gesterf.

Herman Schutte (1761 – 1844)

Hy is op 25 Desember 1761 in Bremen gebore en het in 1790 na die Kaap gekom. Hy is in 1792 uit die diens ontslaan. Hy word beskryf as argitek en bouer. In 1813 is hy aangestel as die Regering se Geswore Opmeter. Verskeie van sy tekeninge het bewaar gebly, waarvan dié van die Goewermentshuis in Kaapstad in die tyd van die VOC die belangrikste is. In 1820 is Schutte aangestel as Inspekteur van Dorpshuise. As argitek het hy waarskynlik gebruik gemaak van die sketse en ontwerpe van Thibault en Anreith, waarvan hy 'n aantal verkry het. Hy het op 25 Oktober 1844 gesterf. Sy seun, kleinseun en agter-kleinseun het almal in sy voetspore gevolg en as argitekte gepraktiseer. Die versameling tekeninge van Thibault en Anreith is verkoop in die tydperk tussen sy eie dood en dié van sy agter-kleinseun in 1912.

Wit pastoraliste : die Trekboer se lewenswyse

In die vroeë jare van die 18de eeu was handel aan die Kaap feitlik versadig en indiensneming en boerderygeleenthede het verminder, terwyl die bevolking gegroei het. Dossyne teleurgestelde koloniste het begin om 'n lewe te soek buite die bewerkbare lande van die Suidwes-Kaap. Hierdie Trekboere was die surplus mense van die Kaapse ekonomie wat hoofsaaklik om mielies en wynproduksie gewentel het en deur 'n ryk invloedryke clique van boere beheer is. Arm en sonder land en dus nie in staat om met die burgery of deftige mense te kompeteer nie, was die meeste van die vroeë trekboere oortuig dat hulle enigste hoop was om ver weg te beweeg van die jurisdiksie van 'n ongevoelige Kaapse bureaumasie. Baie Trekboere het uitgebreide troepe vee deur ruilhandel

van inheemse mense bekom. Hulle het vinnig gewys dat hulle ambisie nie beperk was tot bestaansboerdery nie. Teen die middel van die 18de eeu was die Trekboer, ten spyte van sy reputasie van onafhanklikheid en minagting van owerhede, aansienlik by die Kaapse ekonomie geïntegreer en het in baie van die Kolonie se vleisbehoefte voorsien in ruil vir toenemende hoeveelhede noodsaaklikhede.

Die Trekboer het 'n eenvoudige lewe gelei. Op sy weivelde, of dit 'n amptelike *leningplaats* was of nie, het hy 'n eenvoudige hut met moddermure en 'n rietdak opgerig. Party het nie eers hierdie skamele simbool van permanensie geskep nie, maar het in hulle waens en onder seilafdakke daarbenewens gewoon. Khoisan bediendes het die troppe vee opgepas en die mans was vry om te gaan jag, 'n bedryf wat hulle van dierevelle en ivoor voorsien het om te ruil op rare besoeke aan die dorp. Vrouens en bediendes het na klein tuine omgesien wat net genoeg groente vir eie gebruik opgelewer het.

Die Trekboer en sy familie het soms een maal per jaar die tog na die Kaap aangedurf, om handel te dryf, diere te verkoop, kinders te laat doop en om voorrade aan te vul, wat buskruit, lood, koffie, tee en suiker ingesluit het.

Hierdie geïsoleerde bestaan het minder geleenthede vir intellektuele vordering of selfs vir basiese opvoeding gebied. As hy dit kon bekostig, het die Trekboer 'n meester in diens geneem om sy kinders te leer. Die meester was egter sekerlik ongekwalifiseerd en waarskynlik 'n droster van 'n skip of uit die Kompanjie se diens.

Die bewerkers aan die Kaap se ekonomie was anders as dié van die Trekboer, omdat hulle naby die markte was en omdat hul hoof kompetisie, boerdery deur die Kompanjie, in 1705 gestaak is. Hulle het wins gemaak uit die groeiende garnisoene of handel met groot skepe en vlote, omstandighede waarvan die Trekboer meer en meer verwyderd geraak het. Soos wat die aantal Trekboere en vee vermeerder het, so het druk op die land vermeerder as gevolg van oorbeweiding.

Die Groot Trek

Die Groot Trek het in die Oos-Kaap begin. Dit is die gebied waar beide die Xhosa en die Afrikaner voldoende weivelde nodig gehad het om te oorleef. Teen 1830 was dit duidelik dat die oostelike grensgebied oorbevolk begin raak het, nie net as gevolg van die Xhosa en Britse vereistes vir grond nie, maar ook deur die Boere self. Die Boere het vroeg getrou en groot families gehad. Die gevolg was 'n vinnige toename in die wit bevolking van die gebied, met min of geen toename in die hoeveelheid land wat vir nedersetting beskikbaar was nie.

Toe ongeveer 4 000 Britse setlaars in 1820 aan land gestap het, is daar agtergekom dat die kleinhoewe nie die immigrante families gerieflik kon onderhou nie. Die tekort aan arbeid was nog 'n groot probleem vir die grensboere. Die posisie van werkers op wit plase is ook gebaseer op 'n vorm van ruilhandel eerder as op 'n werkskontrak. Die werker het goedere ontvang en miskien 'n klein stukkie grond in plaas van lone. 'n Patriargale gemeenskap, wat deur 'n beskermheer en sy familie gelei is, het daaruit gevloei. Die bekendstelling van geld het hierdie stelsel omvergegooi en het van boere vereis om 'n oorskot te produseer wat hulle vir kontant kon verkoop. Dit was heeltemal teen die tradisionele bestaansboerderymetodes van die Boere.

Daar was ook politiese probleme wat uit die Britse administrasie van die Oos-Kaap voortgespruit het. Dit is hierdie oorsake van die Groot Trek wat sy pad gevind het na die volksoorleweringe van Afrikaner nasionalisme. Onenighede is eens uitgeklaar deur informele besprekings en onderhandeling en moes nou in die howe gedebateer geword het. Die Boere het gevoel dat die Britte inmeng met die manier waarop hulle hul werkers behandel het.

Daar was 'n poging om die plaaslike wit bevolking te verengels. Engels is aangemoedig in skole en was verpligtend in die howe. Skotse dominees is in diens geneem in 'n poging om die taal in die Kerk bekend te stel, maar baie het getrou met plaaslike vrouens en het gou geleer om Nederlands te praat.

'n Sterker Britse Regering het sy politiese en militêre mag laat geld en die rol van die Boerekommando, 'n militêre stelsel wat deur die boere ontwikkel is, is drasties ingeperk. Die Britse grensbeleid (of klaarblyklike tekort daaraan) het gelei na algemene ontevredenheid en 'n gevoel van onveiligheid onder Afrikaanse boere, wat baie verlies gelei het in die Sesde Grensoorlog. Hulle moes hulle eie perde en gereedskap tydens strafekspedisies gebruik het en het van die Britse Regering verwag om hulle te vergoed vir hul verliese. Hulle het egter geen geld ontvang nie en moes steeds hulle normale belasting aan owerhede betaal, selfs al was hulle finansiële geruïneer.

Die Boere was ook bang dat hulle hul identiteit sou verloor. Aanvanklik het hulle daarin geslaag om hul bedrywighede en planne vir die Trek geheim te hou, veral van die Britte. As gevolg daarvan vind historici dit moeilik om die presiese gang van sake te herkonstrueer. Die plan was om te gaan waar daar nie Britse beheer was nie. Hulle het geglo dat die gebiede noord van die Oranje en oos van die Drakensberge wyd gestrek het en ontvolk is deur onlangse oorloë. Voldoende arbeid en goeie grond sou nogsteeds daar volop gewees het. Noodsaaklik tot hierdie teorie was die belang van handelsverbindings met Europa, sonder om met die imperiële middelman te doen te hê. Deur staat te maak op vinnige perde en gewere, sou hulle die veiligheid, wat hulle nie onder koloniale beheer gehad het nie, verseker.

Die trekker se wa was vir hom belangrik. Dit is gelaai met meubels, linne, implemente, saad, buskruit en gewere. Hierdie miniatuur wêreld het die trekker se enigste sekuriteit tydens die trekjare verteenwoordig. Sy vee was sy enigste rykdom. In die aande is die ewig belangrike vee in 'n tydelike kraal by die laer (die ronde formasie van waens) gejaag.

Waar daar meer permanent gevestig is, is huise gebou. Dit was aanvanklik tentagtige strukture van hout wat met gras bedek is, met ongebreide velle wat as deure gedien het. Die trekkers was aanvanklik tevrede om in hul waens of tente te woon en 'n paar rondawels en skerms is as stookkamers en kombuise gebruik. Die eerste huise van die Voortrekker setlaars was hartebeesthuise. Kapsteilhuise is ook gebruik. Laasgenoemde huise het geen symure gehad nie. Die dak het van die nok tot op die grond gestrek. Aan die einde was 'n staldeur en in die ander gewel was 'n venster. Langs elke kant aan die binnekant was 'n lae sooimuur wat tot by die dak gestrek het en ondersteuning verleen het. Hierdie mure is gesmeer met 'n mengsel van sand en beesmis.

Voortrekker argitektuur as sulks het 'n strakke plan gevolg. Dit was gewoonlik een kamer wyd met 'n veranda daarvoor. Die mure van die huise het bestaan uit songedroogde modder wat met grasklonte versterk is en met 'n mengsel van modder en mis gesaksmeer is, voordat dit afgewit is. Onder die grasdak was 'n rietplafon, wat met riempies aanmekaar vasgemaak is. Riempies is ook gebruik as skarniere vir deure en luuke. Die moddervloer is met osbloed en mis bedek vir 'n gepoleerde afwerking en perskepitte is ingesit om gedeeltes wat swaar verkeer kry, te versterk.

In hierdie huise is strewige houtmeubels geplaas, wat van die Kaap saamgebring is. 'n Trotse plek in die slaapkamer is aan die wakis gegee, wat eers voor op die wa geplaas was om as sitplek vir die bestuurder te dien en nou gebruik is om linne en klere in te bêre.



Luis Vaz de Camões (c. 1524-1580),
skepper van die Adamastor-mite.

Uit: *Os Lusíadas de Luiz de Camões I*
(Londen, 1878).




Die verskyning van Adamastor aan Vasco
da Gama en sy bemanning. 'n Voorstelling uit 1880
deur Emilio Biel.

Uit: A. Figueiredo, *Bartolomeu Dias,
1488-1900* (Lissabon, 1988), p. 10.



Die swart mond en vergeelde tande van Adamastor. 'n Voorstelling deur die Portugese kunstenaar Lima de Freitas.


Uit: L.C. Taylor (red.), *Luis de Camões: epic and lyric* (Carcamet, 1990), p. 40.



« bertolameu dias I
perdido co' a trementa


'n Tydgenootlike voorstelling van die sinkende karveel waarop Bartolomeu Dias in 1500 sy lewe as lid van Cabral se ekspedisie na die Ooste verloor het.

Uit: *Lantern* 37(1), Januarie 1988, p. 29.




'n Voorstelling van die moord op Francisco d'Almeida en lede van sy geselskap op 1 Maart 1510 in die huidige Tafelbaai.

Uit: R. Raven-Hart, *Before Van Riebeeck* (Kaapstad, 1967), teenoor p. 21.



'n Voorstelling van die dood van Leonora de Sepúlveda en haar twee kinders.

Uit: J.C. Pereira (red.), *Dicionário ilustrado da história de Portugal II* (Estella, 1986), p. 221.



Adamastor deur die Portugese beeldhouer
Julio Vaz Junior op die Miradouro de Santa Catarina,
Lissabon.

Foto: Estelle Maré, Pretoria (1992).


Vroeë kaart van suidelike Afrika wat die koninkryk van Monomotapa aandui en hoofsaaklik op gissings berus het. (SESA, 1970, vol. 7, p.517)



LE GRAND ROY **MONO-MOTAPAI**
(The text below the portrait is a French description of the king and his kingdom, mentioning his power and the wealth of his subjects.)

Sewentiende eeuse Franse portret van die Monomatapa volgens 'n beskrywing van de Barros (Mudenge, 1988, p. 6).


THE CAPE
IN THE
XVIIITH CENTURY




Kaart van die Kaap in die agtiende eeu (Pearse, 1933, p.1)

PLAN OF CAPE TOWN ABOUT 1700


TRACED FROM A MAP IN THE CAPE ARCHIVES




Kaart van Kaapstad rondom 1700 (Pearse, 1933, p.2)




Kaapstad c. 1763 (Pearse, 1933, p.5)




Plan van Kaapstad c. 1804 (Pearse, 1933, p.5)



Plan van Kaapstad: 1767 (Pearse, 1933, p.3)




Ingang tot die Kasteel, Kaapstad (Pearse, 1933, p.i)



Drawn by H. H. McWilliams


Binnehof van 'n dorps huis (Pearse, 1933, p.9)



Interieur van 'n kombuis van 'n dorps huis




Ou Pomp, Kaapstad (Pearse, 1933, p.12)





Drawn by H. H. McWilliams

Binnehof van 'n dorps huis met poel (Pearse, 1933, p.11)




Grondvloerplan




Eerste vloer plan



Plan van 'n tipiese dorps huis (Pearse, 1933, p.10)




Tipiese borsweringsmure (Pearse, 1933, p.12)



Plan van Saxonberg





Plan van Meerlust (Pearse, 1933, p.16)



Rust-En-Vreugde, Kaapstad, fasadedetail – gebruik van pilasters (Pearse, 1933, plate 31)


THE CASTLE CAPE TOWN
 A DOORWAY now at Grootte Schuur, Rondebosch.




Die Kasteel, Kaapstad – deur van Imhoffbattery, nou in Grootte Schuur, Rondebosch
 (Pearse, 1933, plate 10)



L.M. Thibault na 'n tekening van Lady Anne Barnard (Pearse, 1933, p.33)




*Monsieur de la Roche
qui a été de Paris par son de son voyage
à Paris en 1774 et de Paris en 1775
le 21 septembre 1775 à Paris en 1775
en son état de Paris et de Paris
L'opinion de Paris et de Paris
de Paris de Paris*




*Obelisque de Paris
Paris en 1774 et de Paris en 1775
de Paris en 1775 et de Paris en 1775
de Paris en 1775 et de Paris en 1775
de Paris en 1775 et de Paris en 1775
de Paris en 1775 et de Paris en 1775*


Tekening van die Franse Orde deur Thibault.
Oorspronklike behoort aan Monsignor Kolbé, Kaapstad (Pearse, 1933, p.29)




Tekening van Goede Hoop deur Thibault (Pearse, 1933, p.33)




Parade, Kaapstad, waterverf aan Thibault toegeskryf (Pearse, 1933, p.33)



KAKEBEENWA ONDERSTEL DETAILS



Walton
1952




(Walton, ?)


EARLY HOMES OF THE VOORTREKKERS



a. Rondavel




c. Hardbieshuis




e. Framework
of Kapsteilhuis




b. Skerm



d. Kapsteilhuis
Kranskop, Natal.




f. Kapsteilhuis
Platberg, O.F.S.







g. Early Transvaal House

(Walton, 1965, p.96)





DANSTER'S NEK

Zastron




Walton
1951


(Walton, 1965, p.98)



KAPSTEILHUISE



Illustrasies en besonderhede van hardbies- en kapsteilhuisse



YWOHER HUIS, LICHTENBURG. T.V.L.

(Fisher et al, 1989, p.6)




BOERE HUIS SPRINGBOKVLAKTE. TRANSVAAL

(Fisher et al, 1989, p.7)



BOEREHUIS SILVERTON PRETORIA.

(Fisher et al, 1989, p.7)



BOERE HUIS. LICHTENBURG. TRANSVAAL

(Fisher et al, 1989, p.4)

WEEK 11

LESING & BESPREKING

BRITSE BESETTING

TREFWOORDE:

Imperialisme	Georgiaanse styl (1714 – 1830)
Napoleon Bonaparte (1769 – 1812)	Regentskap styl (laat 18de, vroeg 19de eeu)
Bataafse Republiek	Seëde Grensoorlog (1834)
Verdrag van Amiens (1802)	1820 Setlaars
Napoleontiese Oorloë (1803 –15)	Algoabaai
Industriële Rewolusie (1769)	Patroonboeke
Victoriaanse styl (1837 – 1901)	Walter MacFarlane
Art Nouveau (begin 1895)	

BIBLIOGRAFIE:

FISHER, R.C, BOOYSEN, J. 1993. Fortified frontier farmhouses: English precedent for the Eastern Cape. *S A Journal of Cultural History*, 8(1): 1-12.

FISHER, R.C, LE ROUX, S.W. 1995. Sephton Manor – The making of a Type. *Journal of the Institute of S.A. Architects*. ASA (Jan/Feb): 27-33.

FOLLIOU, P, LIVERSRIDGE, R. 1971. *Ludwig Krebs Cape naturalist to the King of Prussia. 1792 – 1844*. Cape Town: Balkema.

HUMMEL, H.C. 1989. Prominent survivor of conflict. *Restorica*, April (24): 20-3; 37-9.

Illustrated History of South Africa: The Real Story. 1988. Cape Town: Reader's Digest.

LEWCOCK, R. 1963. *Early nineteenth century architecture in South Africa: A study of the interaction of two cultures. 1795 – 1837*. Cape Town: Balkema.

MOSTERT, N. 1992. *Frontiers. The epic of South Africa's creation and the tragedy of the Xhosa people*. London: Jonathan Cape.

PICTON-SEYMOUR, D. 1977. *Victorian buildings in South Africa: including Edwardian & Transvaal Republican Styles. 1850-1910*. Cape Town: Balkema

WALTON, J. 1965. *Homesteads and villages of South Africa*. Pretoria: Van Schaik

Die Britse teenwoordigheid

Aan die einde van die 18de eeu en weer aan die begin van die 19de eeu, is 'n nuwe element tot die reeds komplekse mengsel van mense aan die Kaap gevoeg. Dit was die Britte, die kolonie se nuwe leiers, gemotiveer deur imperialisme.

In 1795, terwyl lande in Europa omver gegooi is deur die troepe van die Franse militêre genie Napoleon Bonaparte, was 'n eskader van Britse oorlogsskepe besig om 10 000km oor die Atlantiese Oseaan te vaar. Die bestemming van hierdie skepe was die Nederlandse besitting, die Kaap de Goede Hoop en die opdrag was om die Kaap te beset. Brittanje se winsgewende handelsverbintenisse met die Ooste was op die spel. Dit is aansienlik bedreig na die omverwerping van die Nederlandse monargie en sy vervanging met 'n Franse satelliet administrasie, wat bekend gestaan het as die Bataafse Republiek.

In 1802 het die politici van Europa die Verdrag van Amiens geteken, wat vrede gebring het. Die Kaap is teruggehandig aan die Bataafse Republiek. Die vrede tussen Brittanje en Frankryk was broos en het net drie jaar geduur. In 1805 is die eerste skote van die Napoleontiese Oorloë gevuur en die Britte het vinnig beweeg om die Kaap weer te beset.

Die Tuisregering het aanvanklik sy nuwe besitting hoofsaaklik in terme van sy strategiese geografiese posisie gesien, 'n landvesting wat sy handelsverbintenis met Indië beskerm. Daar was dus aanvanklik nie veel belang daarin om fundamentele veranderinge te implementeer nie. Die einde van die Napoleontiese Oorloë het dit egter verander. Die oorwinning oor die Franse het op 'n slegte tyd gekom vir die reeds worstelende Britse ekonomie. Die staking van oorlogsindustrieë, soos die maak van uniforms, en die terugkeer van duisende soldate na siviele lewe, het werkloosheid vermeerder.

Met toenemende politiese en ekonomiese spanning, het die regering begin kyk na sy oorsese besittings, nie net as manier om hom uit sy finansiële verknorsing te help nie, maar ook om as werkwerwingsentrum vir die werklose Britte te dien. In beide opsigte het die Kaap de Goede Hoop 'n belangrike rol gespeel.

Tydens die Napoleontiese Oorloë het skeepsverkeer in Kaapstadhawe toegeneem en nuwe geleenthede vir plaaslike handelaars gebied. Geen van die uitvoerprodukte kon meeding met die wynbou-industrie nie, wat 'n groter inkomste gegeneer het as al die ander uitvoerprodukte saam.

'n Aantal jaar nadat die Britse regering begin het om setlaars aan die Kaap te vestig, was 'n gedeelte van die koloniale landskap reeds bedek met die sosiale en fisiese eienskappe van Engelse lewenswyse. Die geboue het begin verander en in die dorpe het die kenmerkende vierkantig geboude Georgiëanse argitektuur van Brittanje sy verskyning gemaak.

Tydens die dekade na 1813, het Engelssprekende onderwysers na landelike gebiede getrek, wat gelei het tot die vestiging van gratis openbare skole in Graaff-Reinet, Uitenhage, George, Stellenbosch, Tulbagh en Caledon.

Die Industriële Rewolusie in Brittanje

In 1769 het die stoomenjin van James Watt, 'n jong Skotse ingenieur, Brittanje in 'n nuwe era van meganisasie, industrialisasie, massa produksie en veral sosiale omwenteling gestoot. Dit het gepaard gegaan met ander uitvindings soos John Kay se 'Flying Shuttle' (1733), James Hargreaves se 'Spinning Jenny' (in 1770 gepatenteer) en Richard Arkwright se 'Water Frame' (1769). Dit het 'n aanvraag vir nuwe markte en bronne vir rou materiale geskep. Brittanje het na die kolonies gekyk om in hierdie behoeftes te voorsien en die Kaap de Goede Hoop het 'n belangrike rol gespeel om Britse dominasie in Indië te behou.

Die Industriële Rewolusie het onbeheersde uitbreiding van fabriekse veroorsaak en het gelei tot 'n instroming van ontwortelde mense na die dorpe op soek na nuwe werk. Ongeskoolde arbeid was voldoende om die nuwe masjiene aan die gang te hou en geskoolde werkers het gevind dat hulle nie in aanvraag was nie. Lone was op die broodlyn. Dit was die era van armhuise, kleurlose fabrieksdorpe en kinderarbeid. Werkloosheid en armoede het hoogty gevier en depressie en ontevredenheid was aan die orde van die dag.

Duisende ontevrede werkers het hul ontevredenheid deur protes, stakings en oproer uitgedruk en ander het hul tasse gepak en vertrek na die kolonies, waarvan die Kaap de Goede Hoop een was.

Spanning tussen swart en wit

Die groei van die kolonie as ekonomiese sentrum is verhinder deur opkomende spanning en soms bloedige oorlogvoering tussen setlaars en die inheemse swart bevolking aan die oostelike grens van die kolonie. In die middel van die konflik was die eienaarskap van grond en die indiensneming en beheer van arbeiders. Khoisan bediendes, in alliansie met die Xhosa van die Zuurveld, het probeer om meer as 8 000 witmense uit die land tussen die Vis- en die Gamtoosriviere te dryf. Teen 1802 het meer as 'n derde van die wit bevolking uit die gebied gevlug. Een van die grootste probleme vir

veeboere in die oostelike Kaap was weglopery van Khoisan bediendes in hul massas. Die arbeidstekort het opgehoop in 1807 toe die Britte slawehandel beëindig het. Caledon het 'n tweeledige inisiatief begin, wat eerstens die Xhosa na die ander kant van die Visrivier gedryf het en tweedens die uitreik van die 'Hottentot proklamasie' in 1809 beteken het. Dit het elke Khoisan gedwing om 'n vaste en 'geregisteerde woonplek' te hê. Hulle moes ook 'n sertifikaat hê, wat deur die landdrost uitgereik moes word, om van een gebied na 'n ander te reis. Die Khoisan is dus gedwing om op wit plase te woon en te werk.

1820 Setlaars

Op 9 April 1820 het 'n seilboot, die *Chapman* sy anker in Algoabaai laat sak en dosyne gretige passassiers het op die dek gehardloop om hul eerste blik te kry van die beloofde land van geleenthede. Hulle is gelok deur aanbiedinge soos gratis grond en reiskoste en honderde families uit ekonomiese depressiegebiede soos Londen het gegryp na die kans om 'n nuwe lewe in die kolonie te begin.

Die eerste taak van die Britse setlaars was om 'n tuiste te skep. Dit was aanvanklik slegs regeringstente wat hulle geleen het, totdat hulle meer permanente huise kon bou. So gou as wat hulle kon, het hulle primitiewe lat en klei (*wattle and daub*) hutte opgerig, waarvan die eenvoudige raamwerk van latte met klei gepleister is en wat hopeloos onvoldoende teen die strawwe klimaat was. Daarna het hulle na hul lande omgesien, weer eens so goed as wat hul kon. Party van die vroeë weergawes van hierdie pionier boere vertel hoe hulle geplant het: wortels in diep slote, mielies met stonk en al en uie met hul wortels boontoe. Selfs hul beste probeerslae was rampsalig as gevolg van vloede en drie seisoene sonder oes. Hulle het stadig na die dorpe begin trek, wat meer gepas was vir 'n handelsvolk. Hulle het in baie gevalle beheer en beperkings deur die regering teëgestaan.

Die dubbelverdieping huis met gewelente en grasdak, gebaseer op die algemene Engelse patroon van daardie dae, het uiteindelik die kenmerkende woning van die 1820 setlaars geword en die invloed daarvan het vinnig versprei. Stonyfields is ongeveer twaalf km van Fort Beaufort en is 'n uitstekende, onveranderde voorbeeld van hierdie vroeë styl. Dit is 'n eenvoudige reghoekige gebou met dik klipmure, met 'n klip geplaveide stoep aan die voorkant, wat beskadu word deur 'n pergola bedek met wingerdrankers. Die stoep het sitplekke aan elke kant; een Kaapse eienskap wat die 1820 setlaars aangeneem het. Die huis word binnegegaan deur 'n deur in die middel van die voorste muur, wat na 'n binneste gang lei. Aan die linkerkant is die sitkamer en aan die regterkant die eetkamer. Aan die eindpunt van die gang is 'n eenvoudige trap wat na 'n bordes lei waarvan toegang verkry word na die twee slaapkamers, een bokant elke kamer op grondverdieping. Die kombuis was oorspronklik 'n projeksie aan die agterkant van die huis maar in later jare is nog 'n kombuis gebou en die eerste een het 'n eetkamer geword. Die buitenste ingang tot die kombuis word omring deur 'n klein binnehof wat van skietgate voorsien is, waardeur die verdedigers 'n aanval uit die noorde kon weerstaan. Al die vensters aan die hoofingang word op soortgelyke wyse teruggeskuins en selfs die buitegebou is voorsien van skietgate vir verdediging. 'n Klein kanon is dikwels op die bordes van die boonste verdieping vasgeheg.

Goedkoop, eenvoudige en maklik beskikbare boumetodes is vir verdediging voorgestel. Die gebruik van grasdakke is in die grensgebiede afgeraai en plaatmetaal (sink) was 'n goedkoop alternatief. Soomure van ongeveer 1.8m moes om plaashuise gebou word, met 'n eksterne sloot daarom. Die beste manier om 'n veekraal te verdedig was om 'n verhewe uitkyktoring in die middel of by die hek van die kraal op te rig. Bondels droë berggras moes naby die krale aan die brand gestee word in geval van gevaar. Dit brand vir 'n geruime tyd en verskaf 'n helder lig vir vele meters, sodat vyande raakgesien kon word. Seine kon gestuur word deur rook of deur op horings te blaas vanaf die uitkyktorings. Die mure het skietgate en luikbedekte vensters vir verdere verdediging gehad.

Die oorspronklike Anglikaanse Kerk by Fort Beaufort het vensterbanke van ongeveer 1.8m gehad om aanvalle te voorkom. Die kerk was die saamtrepunt vir die boere van die omgewing. Queenstown is gerangskik om 'n sentrale heksagone saamtrepunt waarvan verdedigers langs die strate, wat radiaal van elke hoek van die heksagoon uitgestraal het, kon vuur.

Opvoeding is gekanaliseer en geloof is georganiseer. Hierdie grensgeloof het sendingwerk aangemoedig en het gelei daartoe dat die eerste Xhosa Bybel voor 1840 gedruk was.

Die mense wat wel besluit het om op die plase te bly, se lande het begin om vooruitgang te toon en die nuwe gevoel van permanensie is gereflekteer in die stewiger huise wat hulle nou gebou het. Dubbelverdieping huise met hoë plafonne is volgens Georgiëanse styl ontwerp en groter glasvensters het die aanvanklike ge-oliede papier en luike vervang. Met die toename in militêre teenwoordigheid, is elegante Regentskap styl huise gebou, met aantreklike smee-ysterwerk en ornamentele plafonne, wat gepas het by hierdie nuwe klas van '*gentlemen farmers*'.

Die bekendstelling van merino skaapboerdery deur die setlaars was by verre die grootste bydra van hierdie gebied tot die Kaapse ekonomie, wat daartoe gelei het dat wol die Kaap se grootste inkomste uit uitvoer teen die jare 1830 was. Stygende wolpryse het aan die boere welvaart besorg wat ongeken was deur hul voorvaders. Hulle het hul wonings tot so 'n mate verander, dat die oorspronklike planne geheel en al verlore geraak het in die 'modernisering' daarvan.

Dit is ironies dat die teenwoordigheid van hierdie setlaars een van die faktore was wat bygedra het tot die vertrek van die Voortrekkers.

Britse invloed op argitektuur

Die bekendstelling van yster en later van staal en beton het 'n belangrike rol in die argitektuur van die negentiende eeu gespeel. Die verskillende style wat so gewild in die Victoriaanse tydperk was, was eerder verlokkinge wat aan 'n gebou 'n bekende voorkoms gegee het. Die Crystal Palace in Hyde Park, Londen, wat in 1851 vir die *Great Exhibition* opgerig is, word vandag beskou as die hoogtepunt van Victoriaanse argitektuur. Dit is ontwerp deur Paxton, 'n romantiese tuinier en 'n materialistiese besigheidsman. Dit was 'n perfekte voorbeeld van 'n styl wat halfpad tussen die elegansie van die Regentskap styl en die ingenieurswese van die Victoriaanse tydperk was. Dit was 'n mengsel tussen 'n palmhuis en 'n treinstasie.

Die gebruik van gietyster as raamwerk was nie nuut in Engeland nie. John Nash (1752 – 1835) het hierdie metode gebruik om die koepeldak van die Brighton Pawiljoen (1782) te ondersteun, waar palmblare eerder as akant uit tentpaalagtige kolomme gespruit het.

Oor die algemeen was hierdie vroeë ingenieursgeboue geklee in die modes van die dag. Die detailering was of klassiek, of Goties en afgesien daarvan of die gebou 'n mark, 'n treinstasie of 'n brug was, is die modes wat aan die orde van die dag was, nagevolg.

Die Art Nouveau beweging het begin as protes teen die gevolge van die Industriële Rewolusie en teen die masjien wat massaproduksie moontlik gemaak het, dus ook die verlaging van standaarde in ontwerp en vaardigheid. Daar was argitekte, wat sterk deur hierdie beweging beïnvloed is, wat na Suid-Afrika gekom het. Hulle het die krulle en kurwes, die tulpe en iris en alles wat met hierdie embleme gepaard gegaan het, met hulle na Port Elizabeth saamgebring. Die arbiters van massaproduksie het vinnig die ontwerpe wat teen massaproduksie was, op hulself geneem. Firmas soos dié van Walter MacFarlane het hul ysterwerk in hierdie Art Nouveau vorms gegiet, met die gevolg dat hierdie gesofistikeerde mode tot die kleinste dorp in die middel van die Karoo geneem is.

Gegolfdde plaatmetaal was 'n belangrike materiaal wat 'n groot verskil gemaak het, alhoewel dit selde in Europa in enige ernstige geboue gebruik is. As dakmateriaal was dit ideaal in uiterste klimaat. Stoepe en verandas was nog 'n kenmerkende faktor, omdat daar min koloniale geboue was sonder hierdie toevoegsel tot die lewe in 'n warm klimaat. Dit het 'n ander voorkoms aan die Victoriaanse volksboukuns in Suid-Afrika verleen.

Patroonboeke is hoogs waarskynlik in Suid-Afrika gebruik, maar dit was eerder as inspirasie, as wat dit as basis vir volledige voorafvervaardigde geboue gebruik is. Die groot uitsondering was die hout-en-ystergeboue wat deur militêre kampe, dokke, spoorweë en die jong myndorpe verkies is. Hierdie geboue is in segmente ingevoer, gereed vir montering, dikwels nadat dit vir honderde kilometers deur ossewa gekarwei is. Dit was soms klein huise met houtstoepe. Die groter strukture was gewoonlik bloot funksioneel – spoorwegskure, pakhuisse en geboue vir myndoelindes. Daar moet 'n

groot aantal geboue van allerlei soorte in al die dele van die land wees, wat direk uit die patroonboeke gekopieer is.

Die uitdrukking '*An Englishman's home is his castle*' was beslis 'n goeie beskrywing van die Victoriaanse huis. Deftig, met torinkies, verandas, gietyster en rookglas, in die middel van 'n romantiese tuin, wat om 'n dekoratiewe fontein gesentreer was en wat bereik kon word deur imposante gietyster hekke. Oor die algemeen was dit gerieflike huise wat vir familie-elewe gebou was. Maar sulke huise het behoort tot die hoogtepunt van die Koningin se heerskappy. Gedurende die vroeë jare het die huise hoofsaaklik Georgians gebly. Die huis wat dateer uit die middel van die negentiende eeu het die eenvoudige fasade met groot skuifvensters behou. Die enigste vorm van versiering was die stoepe en balkonne van fynsaagwerk (*fretwork*).

Uit hierdie nederige voorgangers het die Victoriaanse huis ontwikkel. Oudtshoorn en die paleise van die volstruisveerindustrie het ongeëwenaarde romantiese versiering bevat; so ook die prag van Matjesfontein en die vervalde glorie van Aberdeen. Dit is alles plekke wat myle van die beskawing verwyderd was. Johannesburg en Kimberley was ook ver van alles, maar ten spyte van vervoerprobleme het die kastele van die miljoenêrs opgerys.

Behalwe vir treinstasies en markte, met hul glasdakke, het die argitekte alles in hul vermoë gedoen om die boumateriaal van hul tyd op elke Gotiese of Renaissance wyse te vernom. Hierdie metodes het op hulle beurt weer geleidelik tot die massaproduksie van versiering. Gietyster, pleister of sement vormwerk, gepersde staal plafonne, houtvormwerk en elke moontlike passtuk kon gekies word uit gedetailleerde, geïllustreerde pryskoerante (*catalogues*).

Die bron wat gietyster goedere verskaf het, wat uiteindelik in die uithoeke van die aarde opgeëindig het, was die gieterye van Skotland en die binneland van Engeland. Een van die beroemdste hiervan was Walter MacFarlane se *Saracen Foundry* in Glasgow. Sy gietwerk het gewissel van riool benodigdhede tot volledige geboue.

Party van die prente wat in MacFarlane se pryskoerante geteken is, wys hoe 'n eenvoudige Georgianse fasade 'opgehelder' kon word deur gietyster versiering. Hierdie pryskoerante was gewy aan lamp passtukke, straatlig-cum-drinkfonteine, gietyster drinkfonteine, veranda kolomme, steunarms, hoekvlakke en relings, verrykings en uithangborde, dekoratiewe letterwerk, winkelfronte, boligte, musiekkoepels, glashuise, pawiljoene, damme vir die dieretuin, arkades en spiraaltrappe.

Alhoewel MacFarlane by verre die grootste hoeveelheid van die gietysterwerk van die Victoriaanse en Edwardiaanse tydperke verskaf het, het hy glad nie 'n monopolie op die handel daarvan gehad nie. Ander firmas het kaggels, skoorsteenstukke, kombuisreekse, gepersde staal plafonne, hardeware en sanitêre ware uitgevoer. Houtparketvloere en hysers kan ook by hierdie lys gevoeg word.

Sommige voorbeelde in Pretoria

Raadsaal, Kerkplein	(1887-90)	Sytze Wierda	DOW
Paleis van Justisie, Kerkplein	(1896-9)	Sytze Wierda	DOW
Nuwe Goewermentsgebou (Polisie Museum)	(c1890)	Sytze Wierda	DOW
Artillerie barakke (Verdedigings hoofkwartiere)	(c1895)	Sytze Wierda	DOW
Dieretuingeboe, Boomstraat	(c1899)	Verskeie	DOW
Paul Krugerhuis, Kerkplein	(1884)	Tom Claridge	
Algemene Poskantoor, Kerkplein	(1910)	Brinkman	
Sammy Marks Fontein, Kerkplein	(c1905)	MacFarlane's Foundry	
Melrosehuis	(1886)	Vale	
Uniegebou	(c1909)	Herbert Baker	
Erasmuskasteel	(?)		
Burgerspark heining en musiekkoepel			

Aanvullende notas:

Mense:

Alexander, James
Krebs, Ludwig
Gilbert, George
Hintsa
Ngqika
Maqoma
Stockenstrom, Andries

Plekke:

Barville Park
Lichtenstein
Lombard's Post
Sephton Manor
Sidbury Park
Stonyfields
Tharfield

Style:

Georgiaans
Regentskap

Materiale:

Bouklip:

stapelklipwerk	<i>(dry set rubble)</i>
ongelaagde ruklip	<i>(random rubble)</i>
gemesselde ruklip	<i>(rubble masonry)</i>
gelaagde ruklip	<i>(coursed rubble)</i>
gelaagde haakse klip	<i>(squared rubble to course)</i>
rugelaagde vormklip	<i>(random coursed ashlar)</i>
leiklip reigwerk	<i>(slate lacing)</i>
hoekklipwerk	<i>(quoining)</i>
verbandklip	<i>(bonder)</i>
vulbrok	<i>(snecking)</i>


Dakke:

geteerde seil op houtbeplanking	<i>(tared canvas on wood planks)</i>
dekgras	<i>(thatching grass)</i>
Walliese leiteëls – ingevoer as ballas	<i>(Welsh slate tiles – imported as ballast)</i>
<i>Erythrina</i> houtdakspane	<i>(Erythrina wood roof shingle)</i>
reguit borswering gewel	<i>(straight parapet gable)</i>
binneskooressteen op gewelente	<i>(internal chimney on gable ends)</i>

Vensters:

dubbel skuif	<i>(double sash)</i>
teruggeset in dagwang	<i>(set back in reveal / opening)</i>


HOMES of the 1820 SETTLERS




An Early Farm House



Early Shelter



Thomas Phillips' Farm at Glendour (1824)




Later Village Residence

(Walton, 1965, p.62)

...with also assist to defend their own property by fortifying their houses in a simple manner. They will then fence the possibility of another irruption, by placing the windows that they are not sleeping, as Gibraltar, its fancied security, but are prepared to repel treachery and unprovoked aggressions; and let the Frontier be where it may, such measures are indispensable to security, since a small party of men—yet quite adequate to the plunder and murder of a family—may, in such a country, at any time, penetrate many miles beyond any given frontier line.

The following are among the simple, cheap, and ready, modes of defensive building above adverted to.

For the French acquired Canada, their system of defence against the Indians was so easy and so most effective. A fortified church was placed in the centre of a small district, (see diagram subjoined) and from it the farms radiated



When the Indians attacked any part of the location the alarm bell was rung; the settlers immediately repaired to their rallying point—the church; from whence, in a body, they were able to act with effect on the enemy.

For houses already built, (see sketch), the addition of a porch on the front and back would give a



destructive raking-fire along the principal walls; while the windows of the ground floor in the gables, being blocked up, and one left open above, would enable all parts of the exterior to be defended without exposing the defenders. As houses are now built on the frontier, the inmates are obliged to go outside to fire with any effect, thus exposing themselves to great personal and unnecessary risk.

To secure the roof against the broadsword is an important point. Thatch ought never to be used on the frontier, if tiles, or Kasloosam shingles, can be

...are merely plastered raised as posts. In this country cattle grazing in the field would be tolerably secure, if look-out-houses of turf or posts were constructed at different commanding points on a farm, while signals might be made by blowing horns, smoke, &c.

The most economical way for rendering a house defensible is building it on the Spanish plan, that is, of 2 or more stories, (see sketch) the lower are




secured by horses; access is got to the upper by a wooden stair, which can easily be withdrawn; while a roundish projecting from the first floor gives a vertical fire; thus man and horse are secured under one roof.

In Persia the mills at a distance from the village are each provided with a tower (see sketch) 30 feet high,



(like one of the ancient peel houses on the borders of England and Scotland). Into this the miller and his men retire when the mill is attacked, and from it are able to fire with effect on the assailants. The tower is generally at a little distance in front of the mill.

The plan of the new 'Wellington Barrack' (see sketch) is excellent; for thus every barrack or house



may be made a strong post; between every window is a loop-hole, closed with an inside shutter when not required; a loop-holed wall 10 feet high surrounds the yard, with towers at the angles, or its




is security, a force, defend
Graham's 1
Cape Paper
February, 1
favorable, as
subjoined. Th
says, "No ins
Frontier since
now nearly su
immediate in
into the coast
Inuites had
lays, and the
great Fish Riv
some Kaffirs
in the vicinity
buildings on th
and some of
economy were re

MY
Advices bar
Good Hope to
firm the pro
operations of
is expelling
I stated that
beyond the fr
renewed that
waded their co
The reply was
not approve of
vent it, as the
extent beyond
was one of the
the incursion
troops in driv
tory had been
stirly little less
burghers had y
lowers and can
sell only except
his daughter's.
Kaffirs received
was discovered
fitted division
and Major Galt,
fews, and com
Horn, Dubet, an
was, in fact, ut


Advices have
which contain a
little in their
provision for the
the negroes were
disposed to as to
strong language

(Lewcock, 1963, p.245)


ON THE MEANS OF DEFENDING FARM HOUSES





(Walton, 1965, p.66)




(Walton, 1965, p.64)



Crystal Palace, Hyde Park, Londen, 1851, Sir Joseph Paxton. Koningin Victoria het Paxton as 'n 'common gardener's boy' beskryf. Hy was egter die ontwerper van kweekhuise, soos die *lily-house* by Chatsworth. Toe die kompetisie vir geboue vir die *Great Exhibition* onbevredigende resultate opgelewer het, het Paxton sy ontwerp binne elf dae voorgelê. Die gebou was van glas, binne 'n gietysterraamwerk en kon in voorafvervaardigde gedeeltes aanmekaar gesit word (Picton-Seymour, 1977, p.2)




Advertensies vir die St. Pancras Iron Work Co. 'The Builder', 1881. Hierdie firma het baie ysterwerk aan Suid-Afrika verskaf. Daar is nog heelwat spiraaltrappe wat steeds hul ruimtebesparende funksie vervul, soos die een aan die agterkant van die Wetgewendegebou in Pietermaritzburg (Picton-Seymour, 1977, p.25).



Drinkfontein, MacFarlane pryskoerant
(Picton-Seymour, 1977, p.17)



Gietysterlamp, MacFarlane pryskoerant. Daar was soortgelyke toebehore bo die Kasteelstraatingange van die ou stasie in Kaapstad. Dit was 'n gewilde afgietsel en kon ook in verskeie groottes by winkelingange, soos Rivettapteek in Wynberg, gevind word (Picton-Seymour, 1977, p.16).





Musiekkoepeel, MacFarlane pryskoerant. Die struktuur is 'n mengsel van Griekse ontwerp en Chinoiserie, soortgelyk aan die musiekkoepeel wat vir Trades Markets & Exhibition Ltd. in Londen bestel is. Dit is aan die Kaapstad maatskappy vir oprigting tydens die handelsuitstalling van 1904-5 gegee en staan vandag in De Waalpark, Oranjezicht (Picton-Seymour, 1977, p.21)



BO:
Gietysteruithangbord vir bo 'n winkelingang,
MacFarlane pryskoerant

REGS:
Verandapale, klampe, hoekvlakke en
relings, MacFarlane pryskoerant.
Daar was 'n groot verskeidenheid ontwerpe
en elke ontwerp was in verskeie groottes
beskikbaar en kon met 'n ander geruil word.
Dit was maklik om die komponente
aanmekaar te sit en omdat die kolomme hol
was, is party as stormwaterafvoerpype
gebruik. Daar is oral in Suid-Afrika
voorbeelde van hierdie afgietsels, stoepe
en verandas.

ONDER:
Gietystersteunarm, MacFarlane pryskoerant.
(Picton-Seymour, 1977, p.19)







Winkelfront. Laat-Victoriaanse winkelfronte van hout en gietyster is in stede en dorpe gebruik en het gewissel van die klein winkels in agterstrate tot die handelsentra van die ouer voorstede.




Gietysterdrinkfontein, MacFarlane pryskoerant. Onversier en funksioneel, 'n ontwerp wat vir gebruik in stalle, skole en ander instellings bedoel was.




Gietysterhandewasbak, MacFarlane pryskoerant. Nie maklik om higiënies en skoon te hou nie, maar onverbeterlik as bykomstigheid vir die badkamer; met skulpagtige groefversierings en swaan, sowel as gepaardgaande dado teen die muur (Picton-Seymour, 1977, p.36)




Koepelvormige dakvenster, MacFarlane pryskoerant. Die gietysterraamwerk is so ontwerp om die gebruik van plat glasruite toe te laat. Brandskilderglas is dikwels gebruik, wat ryk verligtingseffekte veroorsaak het. Dit is in banksale en bo trapskagte, soos in die Cullinangebou in Johannesburg gebruik.



Ou Arkade, hoek van Mark- en Commissionerstrate, Johannesburg, MacFarlane pryskoerant. Dit is reeds afgebreek, maar was 'n goeie voorbeeld van 'n voorafvervaardigde Victoriaanse inkope-sentrum, 'n eienskap van elke dorp of voorstad van daardie tyd. Sulke arkades het as kortpad tussen twee strate en as ideale beskutting vir voetgangers gedien. (Picton-Seymour, 1977, p.24)



Veranda, MacFarlane pryskoerant. Sulke verandas was 'n bekende gesig in Suid-Afrika, omdat dit ideaal vir die land se klimaatsomstandighede is (Picton-Seymour, 1977, p.20)



A No. 491 ORNATE 10".
B No. 41 BRACKET 1'0".
C No. 156 COLUMN 8".

D No. 4 PILLAR 8".
E No. 404 TERMINAL 1'11".
F No. 21 WINDOW.



G No. 493 CRESTING 8".
H No. 165 TERMINAL 1'11".
I No. 167 TRUSS 8".

J ROSETTE
K No. 47 CASE DIVISION BRACKET.
L No. 199 BRACKET 1'1" x 8 1/2".


Winkelinterieur, MacFarlane pryskoerant; wys hoe getyster vir funksionele, sowel as dekoratiewe doeleindes gebruik kon word (Picton-Seymour, 1977, p.37)



Sanitêre ware, MacFarlane pryskoerant. Alhoewel net so dekoratief soos sy porselein eweknie, het hierdie toilette nie die tydtoets oorleef nie en was waarskynlik minder higiënies. Daar bestaan egter nog 'n aantal voorbeelde van gietysterbaddens met bal-en-klouvoete, sowel as hoë vlak speelbakke met kettings en handvatsels (Picton-Seymour, 1977, p.37)



Parketvloere. Blokke van verskillende soorte hout is in patrone in van die beter geboude Victoriaanse geboue gelê, waar vloere teenoor ryk meublement gestel is. Die hele vloer is soms in 'n patroon gelê, maar die patroon was meer dikwels aan die kante met 'n gewone- of visgraat-patroon in die middel (Picton-Seymour, 1977, p.38).



FOR
Warehouses,
Wharfs,
Hotels,
Clubs, Schools
Restaurants,
and
Gentlemen's
Housea.

PASSENGER
And other


LIFTS,

To Work by
H A N D,
STEAM,
HYDRAULIC
AND
G A S.

CRANES,


IRON DOORS,
ENGINES,
&c.

City Offices, —
99 to 101,
LEADENHALL ST.
Ascend by the
Hydraulic Lift.




Die delikaat gegote ovaalvormige herd van Leinster Hall, Tuine, Kaapstad (Picton-Seymour, 1977, p.28).

Hysbak
(Picton-Seymour, 1977, p.39)



Endgewels van die vroeër Kaaps-Hollandse invloed met diamantvormige venster in die stoepmuur; die later tipe is met 'n windveër versier en daar is halfverdieping soldervensters bo die stoep se daklyn. Borsweringmure tipies van die vroeë Maleise kwartier het eenvoudige vormwerk en 'n houtstoep, terwyl die later weergawe met kruike en obelisk en 'n gietyster stoep versier is (Picton-Seymour, 1977, p.8).



Gietyster vuurherd. Sulke items is deur die koloniale argitek van oorsese bronne bestel. Die advertensie in 'The Builder' het in 1881 die prys van 'n vuurherd as ongeveer £3 gekwoteer en dit was ook die prys van die kombuisreëks, 'n onwegdoenbare item in enige goed toegeruste huishouding (Picton-Seymour, 1977, p.29)



INDUSTRIALISASIE

TREFWOORDE:

Cecil John Rhodes (1853 – 1902)	
Barney Barnato (1852 – 1897)	trekarbeid
Alfred Beit (1853 – 1906)	De Beers
Colesberg kopje	Witwatersrand
Kimberley	Paul Kruger
kampongs	Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)
oop	
geslote	

BIBLIOGRAFIE:

CALDERWOOD, D. 1964. *Principles of mass housing*. Pretoria: CSIR.

CHIPKIN, C. 1998. Preparing for Apartheid in:

FISHER, R.C, LE ROUX, S.W, MARÉE, E. *Architecture of the Transvaal. Celebratory essays for the Golden Jubilee of the Pretoria School of Architecture*. Pretoria: UNISA.

Illustrated History of South Africa: The Real Story. 1988. Cape Town: Reader's Digest.

VAN ONSELEN, C. 1992, The social and economic underpinning of paternalism and violence on the maize farms of the south-western Transvaal, 1900 – 1950. *Journal of Historical Sociology*, June 1992, vol.5, no.2, p.127 – 160.

WASSERFALL, J. 1989. *Early mine and railway housing in South Africa: a two-part study of ideology and design in working-class housing*. Cambridge: Unpublished PhD.

DIAMANTE (1867)

'n Klippie, wat op 'n plaas aan die oewer van die Oranjerivier naby Hoopstad opgetel is, is van naderby ondersoek en dit het aan die lig gekom dat dit nie 'n gewone klip was nie, maar wel 'n diamant. 'n Stormloop van avonturiers het gou in die donkerrooi aarde van wat nou die Noord-Kaap is, begin delf. Die grootste ontdekking van almal was op 'n heuwel net buite die huidige Kimberley. Die dae van die klein prospekteerder het egter vinnig verby gegaan. Diamante het moeiliker geword om te vind en duisende eienaars van afgepende myngrond (kleim eienaars) is gedwing om in verbintenisse en vennootskappe te gaan sodat hulpbronne saam gevoeg kon word in 'n poging om meer ontoeganklike gebiede van die aarde te ontgin. Uit hierdie verbintenisse het korporatiewe reuse soos Cecil Rhodes, Barney Barnato, Alfred Beit en nog vele ander voortgespruit.

Daar word geskat dat daar teen 1870 ongeveer 10 000 delwers was. Die meeste van hulle was verspreid langs die oewers van die Vaalrivier. In die tweede helfte van 1870 is nuwe ontdekkings gemaak, ou delwerye is verlaat en delwers het 'gestorm' na die nuwe gebiede op die plase Bullfontein en Dorstfontein. Die hitte en droogte het toestande onplesierig gemaak en water was moeilik verkrygbaar. Vroeg in 1871 is 'n nuwe delwery gevestig op die plaas Vooruitzicht, wat aan Johannes en Diederik de Beer behoort het. Dit is binne 'n paar maande gevolg deur 'n wonderlike ryk ontdekking by Colesberg kopje – die bokant van 'n antieke pyp van diamantbevattende lawa, wat later die grootste mensgemaakte gat in die wêreld geword het: De Beers New Rush en later die Kimberleymyn.

Almal het nie die kontant gehad om 'n kleim te koop nie en die stelsel van werk om 'n deel (*shareworking*) het ontstaan. 'n Delwer het 'n kleimeenaar genader. Die delwer het die werkers in

diens geneem, vir wie se lone hy verantwoordelik was, en begin werk in ruil vir 'n persentasie van die waarde van die diamante wat gevind word. Daar was altyd die gevaar dat die kleimeienaar sy kleim aan 'n aktiewe delwer sal verkoop, of dat hy swart werkers in diens sou neem teen 'n baie laer prys as wittes.

Trekarbeid

Trekarbeid was nie nuut in Suid-Afrika nie. Vir twee dekades voor die ontdekking van diamante het die Pedi van Mpumalanga na die Kaapkolonie geloop om geld te verdien om gewere te koop. Teen die jare 1850 het die Shangaan van Mosambiek werk in Natal gesoek en teen 1870 het Suid-Sotho gewerk op plase in die OVS. Trekarbeiders het gou na die diamantvelde gestroom, waar Rhodes en sy kollegas geslote kampongs bekendgestel het om hulle te huisves en om te verseker dat hulle nie sal weglou of diamante sal steel nie. Die hoofredes hoekom hulle vir kontantlone wou werk, was om vuurwapens en eenvoudige plaasgereedskap te bekom, of om die tradisionele *lobola* (bruidsprys) te verhoog. Die Pedi spesifiek het vuurwapens nodig gehad om potensiele dreigemente van Zulu, Boere en Swazi militarisme te stuit en omdat hulle geen surplus vee gehad het nie, moes hulle vuurwapens deur hul arbeid verkry.

Behuising

Lewensomstandighede vir die fortuinsoekers op die droë delwerye was ongemaaklik en ongesond. Baie het in tente gewoon, of in pondokke wat van hout of seil gemaak was, met feitlik geen meubels nie. Daar was geen sanitêre dienste nie en baie is aan koors dood, selfs nadat 'n eenvoudige hospitaal in 1872 opgerig is. In party gebiede het dit 10 sent per maand gekos vir twee emmers modderige water daaglik en in ander gebiede het een emmer twee-en-'n-half sent gekos. Voorrade is met ossewa aangery vanaf Kaapstad (ses weke) of Port Elizabeth (vier weke).

Swart werkers is in barakke of geslote kampongs gehuisves en het dit net verlaat om in die myne af te gaan of om aan die einde van hul kontrakte huis toe te gaan. Baie winkeleienaars het beswaar gemaak omdat dit hulle ontnem het van 'n geldige inkomste. 'n Geslote kampong is met hoë mure omring en was gewoonlik van gegolfdde plaatmetaal, wat die uitsig na buite toegemaak het. Die kampongs het die verspreiding van siektes laat toeneem en selfs in oop kampongs, was 'n gemiddeld van een uit elke 15 inwoners op enige tydstip siek.

In die vroeë jare het werkers op 'n klein stukkie land naby die kleim, wat deur hul werkgever beset was, gewoon. Soos wat die gevoel van sekuriteit en permanensie aan die einde van die jare 1870 vermeerder het, het die wittes met baksteen begin bou, 'n ent weg van die kleim. Soos wat die gemiddelde werkspan groter geword het, het die swart werkers op 'n ander plek bymekaar gebly, wat uiteindelik die oop kampongs geword het.

Die konsentrasie van mag

Vir die delwers in Kimberley was rykdom afhanklik daarvan om soveel as moontlik diamante in die kortste moontlike tydperk te produseer. Vir die handelaar het dit egter die gevaar geskep van oorproduksie en die gevolglike val in diamantpryse. Gedurende 'n tydperk van internasionale finansiële onstabieliteit in 1873, het pryse geval en die gevare blootgestel wat gedreig het om die diamantindustrie te oorweldig.

Rondom die groot gat het 'n paddastoelstad (*boomtown*) van ingevoerde gegolfdde plaatmetaal huise, tente en pondokke gegroei, wat teen Julie 1873 opgeskiet het as Kimberley. Kimberley is vernoem na die Britse Staatsekretaris vir die Kolonies.

Toenemende dieptes het praktiese probleme soos vloede en vallende rotse opgelewer en die gemiddelde delwer het eenvoudig nie die kontant gehad om hierdie probleme te oorkom nie. Die oplossing was in amalgamering, soos wat Rhodes en Rudd vroeg al gesien het. Hulle het in 1880 die oorspronklike De Beers Mynmaatskappy gestig nadat hulle 'n aantal klein kleims opgekoop het.

Spekulatiewe handel het veroorsaak dat aandelepryse hewig gewissel en uiteindelik in duie gestort het, toe die banke hul kredietfasiliteite in 1881 teruggetrek het, nadat hulle vroeër groot hoeveelhede

teen die sekuriteit van aandele voorgeskiet het. Baie is daardeur geruïneer en oorblywendes het toenemende werkskoste in die gesig gestaar, as gevolg van die diepte, wat met vallende pryse weens oor-produksie gepaard gegaan het.

Teen 1888, toe Rhodes volle eienaarskap van De Beers Myn gekry het, het sy De Beers Maatskappy 'n groot aandeelkapitaal gehad. Die *Kimberley Central Company* van lompe-tot-luukse (*rags-to-riches*) Barney Barnato (regte naam Barnett Isaacs), het geleidelik die aandele van ander maatskappye wat die Kimberley myn bewerk het, opgekoop. Rhodes en 'n aantal ander kapitaliste het nou die kolonie se grootste inkomste beheer en Rhodes was vasberade om 'n gedeelte daarvan te wy aan die bevordering van Britse Imperialisme in Afrika.

GOUD (1886)

Vir eeue het die inheemse bevolking van Mpumalanga goud bewerk en daarin handel gedryf. Hulle het dit vanuit beddings van strome ontgin en was heeltemal onbewus van die kommersiële waarde van die metaal wat onder hul voete gelê het. Dit was slegs met die koms van die Europeërs dat hierdie rykdom herontdek en uitgebuit is, eerstens diep in die valleie van die oostelike platorand en toe langs die ongelooflike ryk Hoofrif (*Main Reef*) in die Witwatersrand.

Die eerste vondse

'n Engelse immigrant, Edward Button, het die eerste vonds in 1871 op die hange van Spitskop naby die huidige dorpie van Sabie in die natuurskone vallei in die Drakensberge van Mpumalanga gemaak. Daarna is 'n gedeelte van die Blyderiviervallei geproklameer as 'openbare delwery' deur die ZAR se President Burgers, met die klem op die gebied wat vandag Pelgrimsrus is. Delwergemeenskappe het 'n mark vir die verkoop van voedsel verskaf, 'n geleentheid wat baie swart boere vinnig aangegryp het.

Die eerste mynwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) is net daarna afgekondig, om te verseker dat 'geen persoon van kleur 'n lisensiehouer mag wees of op enige wyse verbind mag wees aan die bewerking van die goudmyne nie, behalwe as 'n werker in die diens van witmense.'

Die Witwatersrand vonds

In Maart 1886 het 'n immigrant, George Harrison, die eerste tekens van die wonderlike rykdom van die Hoofrif ontdek. Dit was op 'n dagsoom op die plaas Langlaagte, aan die Witwatersrand en het vir meer as 500km in 'n boog gestrek.

Volg die rif

Toe goud ontdek is, aanvanklik in Mpumalanga en toe in die skynbaar oneindige, hellende rif onder die Witwatersrand, het die mense wat dit ontgin het, reeds toegang gehad tot geld, vaardigheid en hulpbronne. Die goud aan die Witwatersrand moes onttrek word uit 'n baie lae graad erts, wat skuins onder die aarde in toenemende dieptes ontgin is. Dit het twee noodsaaklike bestanddele vereis: kapitaal om die vereiste komplekse tegnologie in 'n diep myn te koop en te ontwikkel; en arbeid, nie honderde of duisende nie, maar honderd duisende werkers, wat bereid was om die teenspoed en gevaar van die ondergrondse lewe te trotseer teen besondere lae lone.

Die leiers van die ZAR, onder wie se jurisdiksie die Witwatersrand geval het, was Paul Kruger en sy Volksraad. Hulle het die ontdekking van goud as ietwat van 'n halwe seën of 'n geluk by die ongeluk gesien. Die Boerestaat was gereed naby bankrotskap en was nou skynbaar verseker van ten minste 'n tydelike ekonomiese verligting, maar die prys daarvoor was hoog. Die instroming van fortuinsoekers en kapitaliste, dus *uitlanders*, wie se morele waardes nie soos dié van die Boere was nie, was verseker. Hulle was hoofsaaklik besorgd oor die Engelse, wie se liberalisme 'n groot rol gespeel het in die ontstaan van die Groot Trek.

Een van die magtigste van die groepe wat nou aan die Witwatersrand belê het, was Cecil John Rhodes se *Consolidated Gold Fields*, wat sy kapitaal van Kimberley en van oorsee verkry het.

Die sleutel tot arbeid

Die eise wat die diamantvelde op arbeid geplaas het, was niks in vergelyking met die diep myne van die goudvelde nie. Die enigste manier hoe die goudbaronne die nodige arbeid kon kry, was deur 'n radikale verandering in die Hoëveld se hoofsaaklik landelike ekonomie, wat in baie gevalle nog op bestaansboerdery staatgemaak het. Met die oog op langtermyn beleggings, het dit duidelik geword dat Paul Kruger se Zuid-Afrikaansche Republiek, alhoewel hulle veranderinge wou inbring, nie sou toelaat dat die imperialiste vir hulle sê wat om te doen nie.

Die arbeidskwessie het suidelike Afrika gedurende die tweede helfte van die 19de eeu gedomineer en tog is baie min geloof aan die goue reël van kapitalisme geheg, naamlik dat werkers hul arbeid sal verkoop slegs as die betaling voldoende is. In plaas daarvan het die base, boere en myneienaars, verkies om die plaaslike bevolking te dwing om vir hulle te werk. Die gunsteling strategie was om die potensiële werker te ontnem van sy lewensonderhoud, die land waarop hy boer, wat hom geen alternatief gelaat het as om dit wat hy oorgehad het, naamlik sy hande-arbeid, te verkoop nie. Ander metodes het ingesluit: belasting, wat hom gedwing het om geld te verdien om belasting te betaal; en die indiensneming van plakkerdiensbodes (*labour tenants*), wat swart families toegelaat het om op wit plase te 'plak' in ruil vir hul arbeid. Die praktyk van deelsaaiery het ook uit hierdie toestand ontstaan.

Alhoewel die swart bevolking nie toegelaat is om land in die ZAR te besit nie, is duisende van hulle verwelkom as plakkerdiensbodes deur ryker Afrikaanse boere. Dit was 'n winsgewende vennootskap vir beide die werkgewer en die werknemer, want nadat die wit eienaars van die land hulle deel van die oes geneem het, het genoeg oorgebly vir die swart pagters om nie net hul eie families te voer nie, maar ook om voedsel aan die vroeë prospekteerders te verskaf.

Die myneienaars wou egter nou die werkers van die plase weg en in die skagte af hê. Toe hulle eers weg van die land was en dus van hul bestaan as bestaansboere ontnem is, moes die inheemse bevolking loonarbeid soek, wat hulle gerieflik by die kapitalistiese ekonomie wat deur die myne gegenerer is, ingesluit het.

Die eerste probleem om arbeid te verkry is opgelos deur werwing wat deur die Kamer van Mynwese gelei is. Swart werkers is gehuisves in kampongs soortgelyk aan dié in Kimberley, alhoewel hulle nie geslote was nie, omdat goud nie uitgesmokkel kon word soos diamante nie. 'n Passtelsel het die werker se familie verhoed om hom te besoek en selfs as hulle hom kon bereik, sou hulle geen 'wettige' verblyf kon vind nie.

Opgeleide myners en masjinite het van Europa gekom, veral van die Engelse gebiede van Cornwall, Cumberland en Lancashire. In die klassebewuste samelewing van Engeland was hierdie mense laag geskat, maar in Suid-Afrika het hulle 'meesters' geword. Die wit geskoolde arbeider was vry van rassediskriminasie, was skaars en kon sy loon verdedig deur die stigting van vakbondunies, wat verbeterde toestande met werkgewers onderhandel het. Eers in die Witwatersrand het hulle hulself permanent gevestig, waarna die wit werker sy vrou en familie kon laat oorbring om 'n normale lewe te lei, iets wat die swart werker nie kon doen nie. Die werk het op toenemende dieptes plaasgevind, as gevolg van die styl hellingshoek van die rif. Dit was moeilik, gevaarlik en geweldig ongesond en vir baie jare was die dodetal in die myne skrikwekkend.

Brittanje se posisie

Brittanje se posisie as middelpunt van handel was noodsaaklik om die opkoms van die Duitse en Amerikaanse industrieë af te weer. Hierdie posisie is egter bedreig deur die skerp val in die *Bank of England* se goudreserwes. Brittanje het die diamantvelde van Griekwaland-Wes maklik vir hulself geëien deur die OVS se aanspraak daarop opsy te skuif. Die Witwatersrand was egter reg in die middel van die Boererepubliek.

Die Britse Regering het tog uiteindelik gekry wat dit wou hê: 'n gemeenskap wat beter gepas was vir die vereistes van 'n kapitalistiese toekoms as die landelike verlede en 'n land waaroor die Union Jack onverpoosd kon wapper.

Paternalisme

Jean-Jacques Rousseau (1712 – 1778) het eens die waarneming gemaak in 'n ander konteks, maar nie in 'n onsoortgelyke oomblik nie, dat “die sterkste nooit sterk genoeg is om altyd die meester te wees, tensy hy sy sterkte omskep in reg en gehoorsaamheid in plig nie.” Die sterktes, wil dit blyk, is nooit sterk genoeg om deur geweld alleen te heers nie en as 'n mens wil hê dat dinge dieselfde moet bly, dan moet dinge verander. In twintigste eeuse Suid-Afrika is baie pogings deur wittes aangewend om verandering bo aan te bring om seker te maak dat dinge onder dieselfde sou bly. Dit het alles afgespeel teen die agtergrond van die myne, fabriek en pakhuis van 'n toenemende kapitalistiese, industriële en stedelike gemeenskap. Dit is die stede, plakkerskampe, ghetto's en lokasies wat sinoniem geword het met ideologiese stryd en gewelddadige konflik. Dit was egter nie altyd so nie. Tot redelik onlangs het die groter meerderheid van swart en wit Suid-Afrikaners op die platteland gelewe in 'n hoofsaaklik landbougemeenskap. As dit vanuit hierdie perspektief beskou word, vorm Suid-Afrika se industriële ondervinding 'n relatiewe kort, hoewel deurslaggewende hoofstuk, in 'n baie langer geskiedenis, waar die grootste dele van die land deur grondbesitters en plaasarbeiders gedomineer is. Hierdie mense se kultuur en wêrelduitkyke is dikwels gevorm in die idioom van Afrikaans en die Afrika volkstaal van die gebied.

Tot relatief onlangs het die studie van Suid-Afrikaanse landelike geskiedenis om een of ander rede 'n afgeskeepde gebied gebly, maar gedurende die laaste dekades het historiese navorsing in nuwe rigtings uitgebrei. Geleerdes begin nou die voordeel put uit meer verbeeldingryke en suggestiewe landelike studies, wat gebiede dek wat wissel van 17de eeuse slawerny en die landbou ekonomieë van die laat 19de eeu, tot die landboukundige ontwikkeling van die 'reservate' en 20ste eeuse boerdery op die Hoëveld.

In 'n onlangse studie van die 17de eeuse slawegemeenskap aan die Kaap, word dit genoem dat die verhouding tussen meester en slaaf meer subtiel was as een van konstante dwang, alhoewel die essensie van sulke paternalisme 'n onderliggende onderwerping van die slaaf tot sy eienaar was. 'n Ondersoek van die Oostelike Grensgebied dui daarop dat die meester-kliënt verhouding maklik ontwikkel het in paternalisme. Geweld was (en is waarskynlik) 'n integrale deel van die verhouding wat ontwikkel het tussen Europese grondbesitters en swart huurders in die platteland van die Hoëveld en Oranje Vrystaat in die dekades na die groot minerale ontdekkings van die laat 19de eeu.

Helen Bradford neem die volgende waar:

“Fists, whips and guns were central in maintaining master-servant relationships on the farms.”

maar wys ook duidelik uit dat:

“amongst wealthier farmers harsh racism was sometimes tempered by the adoption of some of the benevolence of familial figures of authority”

en dat:

“the very intimacy of master-servant relationships itself, helped nurture a stunted approximation of the ethic of paternalism.”

Sy stel voor dat grondbesitters duidelik swart plaasarbeiders tot hulle eie families verbind het, op maniere wat die ontwikkeling van werkersprotes en onafhanklikheid geïnhibeer het.

Die suidwestelike Transvaal¹ was 'n gebied tussen die diamantvelde van Kimberley en die Witwatersrandse goudvelde. Tydens die 18de en 19de eeue het dit gedien as tuiste vir nomadiese en semi-nomadiese San en Koranna. Toe diamante en goud ontdek is, het die gebied meer aantreklik geword vir die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), wat hul regering oorreed het om hulle toe te laat om uitgestrekte plase vir hulself uit te kerf. Die doel agter die aanvanklike versoek van die burgers om land te bekom, was eerder om te spekuleer en wins uit die minerale regte te kry, as om op landboukundige vlak te produseer. Tussen 1910 en 1925 het die gebied die gevolge van die relatiewe volgehoue voorspoed geniet, toe duisende wit delwers en swart arbeiders die gebied binnegestroom het. Nadat hierdie roofoekonomie sy momentum verloor het, is grondbesitters gedwing om kommersieel te boer. Hulle het te veel land besit en te min arbeid

¹ Van Onselen beskou deelsaaierpraktyke in die driehoek wat deur Bloemhof, Schweizer-Reneke en Wolmaransstad in die ou Suidwes-Transvaal gevorm word.

gehad om ten volle produktief te wees. Dit was onder hierdie omstandighede dat wit grondbesitters en swart pagters deelsaaierooreenkomste aangegaan het. Dit het feitlik die ekonomie tussen die twee Wêreldoorloë gedomineer. Afrikaner grondbesitters was gretig om swart families met landbougereedskap, trekosse en arbeid na hulle uitgestrekte eiendomme te lok en was te gewillig om land en toegang tot weiding te verskaf, in ruil vir 'n halwe deel van die graanoes wat deur die vaardige pagters geproduseer is.

Swart boere met groot families is uit gebiede van tradisionele boerdery gedwing en het aangetrokke gevoel tot die gebiede naby minerale ontdekkings. Die honderde swart families, wat hulself vroeg in hierdie gebied gevestig het, het verskeie besondere suksesvolle graan- en veeboere ingesluit. Hulle getalle het vermeerder toe die berugte Wet op Naturelle Grondsake van 1913 deelsaaierij as 'n wettige instelling in die Oranje Vrystaat beëindig het en swart boere het oor die Vaalrivier na Suidwes-Transvaal gestroom.

Wit grondbesitters met sterk Afrikaner nasionalistiese gevoelens, was egter nie tevrede om te sien dat hulle ekonomiese toekoms afgehang het van deelsaaierkontrakte met swart pagters nie. Die praktyk waar die oes halfies-halfies gedeel is, het nie net die versameling van kapitaal verhinder nie, maar het die gedagte van sosiale gelykheid met van die meer wel-af swart pagters beteken. Die wit grondbesitters het gebruik gemaak van hul bevoorregte rasseposisie by die stembusse om die regering van die dag onder druk te plaas om aan hulle bykomstige ekonomiese ondersteuning te verskaf deur landboukoöperasies, die Landbank en die Wet op Bemaking, terwyl hul eise ten opsigte van toenemende sosiale segregasie geleidelik dringender geword het.

Die lewens en werkondervindinge van hierdie swart Suid-Afrikaanse deelsaaierfamilies is sistematies deur die Universiteit van die Witwatersrand gedokumenteer, oorgeskryf en in die indeks opgeneem deur middel van mondelinge getuienis.

Die konsep van paternalisme word gebaseer op die opvatting dat 'n manlike persoon met regsbevoegdheid die reg het om, sonder tussenkoms van die reg, die tradisioneel gesanksioneerde gesag uit te oefen oor minderjariges binne die 'familie', dus oor die 'vrouens en kinders' op sy eiendom.

Paternalisme in die Suidwes-Transvaal het reeds die eerste brutale veranderings van 'n ontwikkelende kapitalistiese ekonomie ervaar, eerder as wat dit aanhou bestaan het in 'n relatiewe stabiele en hiërargiese, kwasi-feodale stelsel, soos waaruit dit ontstaan het. Die opkoms van mynweese het gehelp om 'n mark vir die wit boere te skep, wat vir die eerste keer die geleentheid gehad het om groot hoeveelhede bees- en skaapvleis, melk en sorghum aan die duisende delwers en werkers, wat hulself op verskeie punte langs die Vaalrivier gevestig het, te verskaf.

As gevolg van Christelike oortuigings, is patriargale en paternalistiese samestellings maklik aanvaar.


As dit waar is dat markekonomieë paternalistiese verhoudings erodeer, hoe het paternalisme ten minste tot in die middel van 1950 oorleef? 'n Gedeelte van die antwoord lê in die feit dat dit eers na die middel van die jare 1930 was, wat plaaslike landbou tekens van volhoubare uitbreiding getoon het, toe grondbesitters begin het om in die eerste paraffiengedrewe trekkers te belê en om voordeel te trek uit staatshulp tot wit landbou. Tydens die Groot Depressie was baie van die landelike lewe en die landbou-ekonomie nie ten volle op geld gebaseer nie. Geskoolde en ongeskoolde werkers is dikwels in goedere betaal of vergoed met bier, vee, vleis of skape eerder as met kontant. Asiese handelsfamilies het ook 'n aansienlike hoeveelheid van hul besigheid gedoen deur goedere te ruil vir eiers, hoenders, velle en wol, wat deur swart deelsaaiers en pagters vervaardig is. Die produksieproses het relatief swak gemeganiseerd gebly tot in die jare 1950 en was afhanklik van die vermoë van die swart patriarg om sy familie se arbeid beskikbaar te stel.

Paternalisme het begin om af te neem toe die strukturele ongelykheid van kolonialisme aangevat of vernietig is en toe daar 'n beslisse vermeerdering in die ontwikkeling van kapitalistiese produksieverhoudings plaasgevind het. 'n Redelike skielike diversifikasie van die reeks gewasse wat aangeplant is, was nog 'n faktor, sowel as 'n aansienlike toename in die tempo waarteen landbouproduksie gemeganiseerd geraak het. Na die Wet op Bemaking van 1937 het Afrikaanse boere begin om meer op mielieproduksie te konsentreer en na die Tweede Wêreldoorlog is trekosse


heeltemal in die skadu gestel deur die petrolgedrewe trekker. Die behoefte aan die arbeid van die swart familie het verminder en loonarbeid is gebruik. 'n Nuwe geslag swart nasionaliste het eise gestel vir beter lone en geskrewe kontrakte deur boikotte en stakings, om swart plaaswerkers te beskerm teen uitbuitende grondbesitters. Die gevestigde rasse-orde in die platteland is deur vlotsprekende stadsmense uitgedaag.

Daar was 'n vlag van vinnige ontwikkeling na 1935, toe dit weer in die Hoëveld begin reën het. Van 1939 tot 1949 het die Afrikaners finansiële krag gekry en hierdie struktuurverandering het begin om homself te vergestalt in toenemend aggressiewe politieke standpunte. Skaars geskoolde boere, wat vir die grootste deel van hul werkende lewens afhanklik en onderdanig was aan die giere van die verafgeleë mynmaatskappye, eiendomspekuleerders, 'uitlandse' graanhandelaars, 'Engelse' banke of die krediet wat deur plaaslike Asiese of Joodse winkelleienaars verskaf is, het hulself skielik bevind in 'n posisie om 'n nuwe en meer ambisieuse weergawe van Afrikaner nasionalisme te omhels, wat, alhoewel dit nog effens vaag was, die oogmerke van apartheid voorgestaan het.


So vroeg as 1937 het die voorste lede van die Ossewabrandwag begin om hul vyandigheid teen die Joodse handelaars en winkelleienaars te rig. In 1940 is die Herenigde Nasionale Party gestig en in 1947 het Afrikaner nasionaliste 'n boikot teen die Asiese handelaars gereël.




Die westelike De Beers kampong, die grootste van die geslote kampongs in Kimberley, het teen die draai van die eeu oor meer as 1,6 ha gestrek. Die 3000 inwoners is in kamers van 7,6 by 9,1 meter gehuisves, 25 per kamer (Wasserfall, 1989, p.6).



'n Tipiese vierkantige oop kampong aan die Witwatersrand (Wasserfall, 1989, p.7).




'n Tipiese delwerstuiste gedurende die eertse jaar van delwery (na Allen, V., *Early Kimberley*, p.3) (Wasserfall, 1989, p.28).




Die vervoer van seilhuise, 'n bekende gesig in die delwerskampe van die vroeë 1870's (na Allen, V., *Early Kimberley*, p.27) (Wasserfall, 1989, p.31).




'n Houtraam seilhuis met veranda, Suid-Afrikaanse diamantvelde, vroeë 1870's (na Herbert, G., *Pioneers of prefabrication*, p.126) (Wasserfall, 1989, p.32).




'n Voorafvervaardigde houtraamhuis, c. 1877, uit Engeland ingevoer, met klassieke voorkant, volledig met Toskaanse pilasters, boogvensters en pediment. Hierdie kothuis is in Pnielstraat 14 opgerig, waar dit 75 jaar lank gestaan het, voordat dit na die Kimberley Oop Mynmuseum verskuif is (na Herbert, G., *Pioneers of prefabrication*, p.128) (Wasserfall, 1989, p.32).



Die golvplaatmetaal Goewermentshuis van die Britse Kroonkolonie van Griekwaland-Wes, c. 1873 (na Allen, V., *Early Kimberley*, p.32) (Wasserfall, 1989, p.34).




Die rooibaksteen hoofkantoor van De Beers Consolidated Mines is tydens die draai van die eeu gebou (na Allen, V., *Early Kimberley*, p.47) (Wasserfall, 1989, p.78).



Algemene plan van die Diamantvelde, 1886 (na Turrell, R.V., *Capital and labour on the Kimberley diamond fields*, p.96, & Doughty, O., *Early diamond days*, p.54) (Wasserfall, 1989, p.102).

Kampong vir 3072 Inwoners, Du Toitspanmyn, c. 1903 (Wasserfall, 1989, p.120).

113



DIE DERDE VOLKSBOUKUNS

TREFWOORDE:

Pretoria Regionalisme	Norman Eaton (1902 – 1966)
Gerard Moerdyk (1890 – 1958)	Gordon Leith (1886 - 1965)
<i>Die Boerevrou</i>	DOW
Pierneef (1886 – 1957)	

BIBLIOGRAFIE:

FISHER, R.C, LE ROUX, S.W, MARÉ E. 1988. *Architecture of the Transvaal*. Pretoria: UNISA.

Die Derde Volksboukuns

Daar kan beweer word dat 'n regionalistiese argitektuur deur die ontwerper gegeneer sal word as direkte reaksie op die volgende aspekte op 'n plek-spesifieke wyse: klimaat, materiale, terrein, verdediging, ekonomie, geloof. Hierby kan gevoeg word die besondere kulturele uitdrukking van die gemeenskap. As 'n tradisie van 'n spesifieke kulturele uitdrukking inheems geword het, kan dit volksboukuns (*vernacular*) genoem word. Uit die aard van die naam Pretoria Regionalisme, kan so 'n inheemse styl afgelei word en dit kan dus as "volksboukuns" en spesifiek as die "derde volksboukuns" beskou word, as die terme "eerste" en "tweede" volksboukuns van Greig aanvaar word:

Die eerste volksboukuns van Suid-Afrika is Kaaps-Hollandse argitektuur en is 'n koloniale uitvinding. Suid-Afrika se tweede volksboukuns het vroeg in die 19de eeu begin met Georgiëse argitektuur wat na die oostelike Kaap vanaf Engeland gebring is. Dit was 'n eenvoudige, laat 18de eeuse, huislike styl, met klassieke verrykings, wat deur die bouer vanaf standaard patroonboeke aangepas is. Dit het verder aangepas by plaaslike variasies van materiale. Pretoria Regionalisme, die derde volksboukuns, het die spesifieke reaksie tot die natuur en die landskap weerspieël deur die ekonomiese gebruik van natuurlik beskikbare en industrieel vervaardigde materiale, met 'n empiriese reaksie op die klimaat, wat alles die opkomende leerstellings van die Moderne beweging getemper het.

Die styl

Oor die algemeen het Afrikaanse studente 'n natuurlike geneigdheid tot die opwindende, die kleurvolle en die ongewone openbaar, met 'n subjektiewe besorgdheid ten opsigte van ontwerp, maar nie veel belang in ontwerpfilosofie nie. Ten spyte van hierdie opmerking het daar 'n corpus van geskryfte deur prominente plaaslike kontemporêre argitekte ontstaan, wat vir 'n "Afrikaanse" argitektuur gestry het. Gerard (Leendert Pieter) Moerdyk (1890 - 1958) was 'n voorloper van hierdie beweging. Hy was 'n gereelde bydraer tot *Die Boerevrou* en het die teorie van 'n argitektuur wat verskil het van die Kaaps-Hollandse argitektuur, voorgedra; een wat inspirasie uit die hoëveld sou kry en opsommend daarvan sou wees. He is vergesel deur (Jacob Hendrik) Pierneef (1886 – 1957) en (George Esselmont) Gordon Leith (1886 - 1965) in die argitektoniese ondernemings van hierdie klein tydskrif, in 'n poging om huislikheid beskaafd te maak.

Pretoria Regionalisme was duidelik in die werk van De Zwaan, McIntosh en Eaton. Eaton het gou geneig na 'n aanpassing van die Moderne Beweging, gedeeltelik as 'n reaksie op die slegte verwerking van die styfgespande 'vel' en platdak idiome van die Internasionale Styl gebou in die weersomstandighede van Pretoria. Hy was vriende met Preller en sy kliënte het die kunstenaar, Pierneef en beeldhouer Van Wouw ingesluit, wat beide navolgers van 'n Afrikaner Nasionalistiese identiteit was.

Pretoria Regionalisme kan deur die volgende eienskappe gekenmerk word: tradisionele planvorms, rustiekstene, of direk as klinker of as afgewitte pleisterstene, sinkdakke met 'n lae helling, diep dakoorhange en verandas in die skaduwee, sonbeskutte vensters, sensitiwiteit tot die landskap en landmerke en 'n argitektuur wat reageer op die klimatologiese beperkinge.

Pretoria kliënte was, anders as hul Randse ekwivalente, gewoonlik nie finansieel bedrewe nie. Johannesburg was die tuiste van 'n *émigré* bevolking, wat gedryf is deur die verkryging van materiële rykdom en die openbare vertoon daarvan, deur die estetika van rykdom in weelderige wonings en korporatiewe hoofkwartiere. Die strewe na grond was as gevolg van beleggingsmoontlikhede of minerale reserwes. Grond as "tuiste" was nie 'n oorweging soos wat dit vir die stedelike Afrikaner was, wat steeds na 'n sittende landelike familielewe gehunker het nie.

Hoekom was dit in Pretoria wat 'n Regionalisme na vore gekom het? Pretoria was die "tradisionele" hoofstad van die Afrikaner. Na die Anglo-Boere Oorlog was Pretoria die tuiste van gekultiveerde Afrikaners, met sterk patriotiese gevoelens, wat propogandisties was in die oordra van hul uitgangspunte. Hulle idees is versprei deur beide geskifte en voorbeelde. Pretoria het verskeie Afrikaner kulturele instellings gehuisves. Dit was ook waar baie van die Afrikaner pers en uitgewershuise gebaseer was, byvoorbeeld *Die Volkstem*. Dit was die tuiste van baie Afrikaanse argitekte, kunstenaars en skrywers. Sommige van die eerste finansiële en handelshuise van die Afrikaners het daar gevestig, soos Volkskas en Uniewinkels onderskeidelik.

Na die afkondiging van die Private Wet op Argitekte en Bourekenaars van 1927, is 'n diplomakursus in Argitektuur, tesame met een in Bourekeningkunde, bekendgestel by die Transvaal Universiteit Kollege (TUK, die voorloper van die Universiteit van Pretoria). Volgens 'n ooreenkoms met die Universiteit van die Witwatersrand (Wits), het hul studente in Bourekeningkunde eksamens geskryf wat deur die TUK opgestel is, terwyl die studente in argitektuur van die TUK hul eksamens by Wits geskryf het. In 1930 het die TUK volle universiteitstatus as die Universiteit van Pretoria verkry.

Al die elemente wat die opkoms van 'n streekstyl bevorder het, was geredelik beskikbaar: fondse vir staatsaanstellings, plaaslik vervaardigde materiale, ondersteuners wat simpatiek was ten opsigte van die estetika van die Moderne, 'n ryk diversiteit van inheemse boumateriale en 'n wil om 'n onderskeidelike kulturele identiteit in al sy verskynsels te bereik.

Die tradisie

In die Pretoria Argitektuurskool was die skakels van die professionele ketting Leith-Eaton-Jooste. Wat hulle in gemeen gehad het is dat almal in Pretoria gebore en opgevoed is. Elkeen het sterk Afrikaanse verwantskappe gehad. Leith het saam met onder andere Pierneef by die Staatsmodelskool skoolgegaan. Hy het teken- en modelleringsklasse by Van Wouw en skilder by Oerder geneem. Hy kon vlot Afrikaans praat. Eaton se ma was Afrikaans. Sy was vroeg 'n weduwee en was 'n mooi Brand, familie van President Brand van die Republiek van die Oranje Vrystaat, ook die Speaker van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika. Jooste was Afrikaans en het in Pretoria en Uitenhage skool gegaan. Hy het sy hoërskoolopleiding by die Afrikaanse Hoër Seunskool ontvang. Sy mede argitektuurstudente was byvoorbeeld Jan van Wijk, Carl Gerneke, Willem Steyn, Felix Viljoen, George Wilsenach en Anton du Toit.

Dit is interessant om daarvan kennis te neem dat Pretoria 'n sterk Regionalistiese identiteit ontwikkel het onder die onderrig van 'n hoofsaaklik Engelssprekende opvoedingsliggaam. Dit was egter 'n invoelende liggaam, wat almal of in die platteland of in Pretoria gebore en grootgeword het en wat dus deur oorsprong en omstandighede sterk landelike verbintenisse gehad het.

Materiale

Dit was deur die DOW dat Pretoria 'n baksteenestetika gevestig het. Die Nederlandse argitekte wat deur Kruger ingevoer is, het baksteenargitektuur goed geken, soos wat in geboue soos die *Nederlandsce Bank* op Kerkplein gesien kan word. Hulle het egter 'n bron van hierdie materiaal nodig gehad. Kirkness, 'n Skotse immigrant en kontrakteur, sou in die behoefte aan 'n verskaffer

voorsien. Hy het in 1887 in Pretoria gevestig en sy baksteenwerke aan die suidelike deel van Muckleneukheuwel begin. 'n Tradisie van baksteengebruik het in Pretoria begin.

Die plaaslike vervaardiging van sement in Pretoria se eerste industriële voorstad, *Eerste Fabrieken*, nou Waltloo, is verhoog deur die ontdekking van goud aan die Rand.

Gegolfde plaatmetaal was een van die suksesstories van die 19de eeuse industrialisasie en voorafvervaardiging. Die meeste van die grasdakke het mettertyd plek gemaak vir gegolfde plaatmetaal of sinkdakke. Die gegolfde plaatmetaaldak was die eerste keuse by enige werk wat deur koste beperk is en vir die afdakke en aanbouings was die metaaldak aan die orde van die dag. Alhoewel gegolfde plaatmetaaldakke 'n lae helling toegelaat het, het die horisontaliteit van die Internasionale Styl 'n meer innoverende materiaal vereis, waarvan een van die eerstes, die betonplaatdak was.

Die standaard staal vensterraam van 3'4" het die module vasgestel. Die groottes is ironies bepaal deur die beskikbare blokkiesvenster (*cottage pane*) ruitgroottes, wat afkomstig is van die Georgiase vensters van die vroeë industriële massavervaardiging van glas. Selfs nadat glas in groter ruitgroottes beskikbaar geword het, is daar by hierdie dimensies gebly en net die vertikale en horisontale balke is uitgelaat om ventsers met groter glasareas te skep.

Kerkbou

Kerkbou as die weerspieëling van 'n Afrikaner identiteit was een van Moerdyk se beweegredes. Hy het baie argumente gevoer om die Gotiese invloed agter te laat omdat dit on-Afrikaans was. Hy het die meer nugtere invloed van die Romaanse aanbeveel. Die hoë, dun torings is ontwerp as spiese of as lere, wat simbolies tussen die hemel en die aarde krap. Die toe-eiening van die Moderne, met sy verminderde versierings en streng funksionaliteit, tesame met die geleentheid om ekspressiewe vorms en materiaalgebruik aan te wend, het die voltooiing van die program van ikonoklasme toegelaat, sowel as die argitektoniese uitdrukking van die Afrikaanse trekkers as verkose stam van God. Hulle swerftog was op 'n einde. Hulle kon hulself in die land van hulle voorbestemming vestig. Die projek was voltooi. Die mense het 'n kultuur gehad, die kultuur het 'n geloof gehad en die geloof het 'n argitektoniese styl gehad – Modern wat deur 'n Kritiese Regionalisme getemper is.

Ekonomiese ontbering

Die Boere wat getrek het, was nooit ryk in die materiële sin nie. Ekonomiese ontberinge het die Groot Trek aangespoor en daarom was hul materiële besittings altyd so min dat dit naderby en in die omtrek was. Die Anglo-Boere Oorlog het aan hulle ekonomiese onafhanklikheid 'n doodslag toegedien deur die wraakmaatstawwe van Brittanje. Die afbrandbeleid, waar gewasse en plaashuise verskroei is en vrouens en kinders in konsentrasiekampe geïnterneer is, was 'n reaksie op die guerilla taktiek van die Boere in die tweede fase van die oorlog. Selfs die vergoeding wat aan hulle uitbetaal is toe 'n Liberale Regering eers in Westminster ingestel was, het hulle nie aan die grond terugbesorg nie. Hulle het die "arm blanke probleem" van die Groot Depressie geword en was die bron van arbeid op siviele projekte wat as spaarbouwyse onderneem is.

In 1914 het die sogenaamde Helpmekaar Beweging R400 000 ingesamel om diegene te help wat ekonomiese ontberinge gelei het as gevolg van die intemering van Rebellieleiers. In 1917 is hierdie fonds vervang met Santam (Suid-Afrikaanse Nasionale Trust en Assuransie Maatskappy) en sy uitspruitel Sanlam. Die stigting van Avbob (begrafnisondernemers) en Sasbank het vinnig gevolg. Die maatskappye Volkskas (1934) en Uniewinkels (1935) is later in Pretoria gevestig.

Dit was die openlike motivering vir en trots van hierdie maatskappye dat hulle in belang van en vir ekonomiese ophewing van die Afrikaner opgetree het. Ekonomiese krag is aan mense in die platteland gegee, wat altyd die vesting van die Afrikaner was en dit was daar dat die nuutgevonde instellings hul vereiste boukapitaal gebruik het.


In die Tweede Wêreldoorlog het Pretoria 'n immigrante argitek bygekry wat ekonomiese ontberinge vergestalt het, naamlik Robert Schmickl. Hy het onder beperkende omstandighede

tydens sy jeug in Weenen deur die Eerste Wêreldoorlog gely. Hy het in 1935 na Johannesburg geïmmigreer en het die nadele van sy Germaanse oorsprong ontbeer in die volgende oorlog. Die dreigemente van oorlog het opdragte van Kallenbach, Kennedy en Furner, waar hy die hoof-tekenaar was verminder. Dit het tot hul gevolgtreë ondergang in 1936 gelei. Hy is uit die volgende twee plekke waar hy gewerk het ontslaan: Moffat Hirst in Durban teen die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog omdat hy Duits gepraat het en Van der Werke, 'n argitek van Nederlandse afkoms, in Pretoria die dag na die Duitse bomwerpers Rotterdam aangeval het. Hy moes 'n privaat praktyk begin en het later kantore naby dié van Eaton in Velrahuis (Bureaulaan, Pretoria Sentraal) gehad. Eaton het Schmickl as sy plannemaker gebruik en alhoewel hy nie Eaton se entoesiasme vir vindingrykheid gedeel het nie, het hy Weense verfyndheid op die gebruik van alternatiewe materiale toegepas.


Dit was Eaton se Landbanke, wat in die omliggende landelike sentra, soos Potchefstroom (1940) en Kroonstad (1941-3) gebou is, wat gedien het as inspirasie vir die kommersiële bank Volkskas. Fagan sou die eerste eie argitek van Volkskas in die vroeë jare 1950 en 1960 geword het, met die spesifieke opdrag om geboue te ontwerp wat verskil het van Standard en Barclays Banke, finansiële instellings van Britse kolonialisme. Selfs vandag kan die klein geboue van hierdie banke in elke 19de eeuse dorp gevind word.

Die agteruitgang


Die ewolusie van omstandighede het bygedra tot die agteruitgang van die tradisie van Pretoria Regionalisme. Ongunstig tot die bevordering van hierdie tradisie was die bysmaak van historiese assosiasie met die apartheidsideologie. Die keuse van Afrikaans as kommunikasiemedium het ander, wat nie bekend was met die taal nie, uitgesluit van die idees wat eens gegenerer is. Die toekenning van opdragte deur 'n stelsel van nepotisme (familiebegunstiging) eerder as aan dié met talent, die vervanging van gesonde ekonomiese oordeel met wêreldwyse kommersialisme en uiteindelik die verlies van wil en mislukking van kreatiewe durf, wat opgeoffer is vir slap selfbevrediging, het bygedra tot die agteruitgang van hierdie tradisie.



Norman Eaton, Greenwoodhuis, Pretoria, 1950, panorama en plan van bediendekwartiere (Fisher et al, 1988, p.141).




Gerard Moerdijk, Smit plaashuis, Klerksdorp, 1920. Plan (Fisher et al, 1988, p.141).




Henk Pierneef, Die Kraal, Elangeni, Pretoria, 1939 – 1960, Plan (Fisher et al, 1988, p.141).




Gerard Moerdyk, NG Kerk, Piet Retief, 1919 (Fisher et al, 1988, p.144).




Gerard Moerdyk, kerk vir 1000, speciaal gemaak vir die akoestiek, 1919 (Fisher et al, 1988, p.144).




Kesting, NG Kerk, Dendron, 1966 (Fisher et al, 1988, p.145)





De Ridder, Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, 1963 (Fisher et al, 1988, p.145)







De Ridder, voorbeeld van kerkontwerp, 1963 (Fisher et al, 1988, p.145)




Moerdyk, Merensky Biblioteek, Universiteit van Pretoria, 1936 (Fisher et al, 1988, p.146)



Leith, Voortrekker Gedenksaal, Pretoria, 1933 (Fisher et al, 1988, p.146)



Verhoef, Smit & Viljoen, Potgietersrus Tabakkoöperasie sorteringskuur en kunsmisstoor, 1950 (Fisher et al, 1988, p.147).



Karel Jooste, Volkskas Bank, Kemptonpark, 1960, Grond-, eerste- en tweedevloer-planne (Fisher et al, 1988, p.147).

'N PARADIGMATIESE ONDERRIG VAN ARGITEKTUURGESKIEDENIS

TREFWOORDE:

Thomas Kuhn (1922 –)
Paradigma

Drie Wêreld model
'meern'

BIBLIOGRAFIE:

BOORSTIN, D.1983. *The discoveres*. Hamondsworth: Penguin.

DAWKINS, R. 1976. *The selfish gene*. Oxford: Oxford University Press.

FISHER, R.C. 1989. *A paradigmatic approach to architectural history: post-modernism*. Unpublished March thesis. Pretoria:University of Pretoria.

FISHER, R.C. 1992. *An ecosystemic role for architectural style: bearing the 'plan' in 'mind'*. Unpublished PhD (Architecture) dissertation. Pretoria: University of Pretoria.

FISHER, R.C. 1993. A paradigmatic teaching of architectural history. In *Acta Academica 25(1)*. Edited by D.J. van den Berg. Bloemfontein: Acta Academia. p.1-14.

KUHN, T, 1970. *The structure of scientific revolutions*. 2nd edition. Chicago: University of Chicago.

NEUMANN, E. 1974. *Art and the creative unconscious*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

PANOFSKY, E. 1967. *Studies in iconology*. New York: Harper and Row.

POPPER, K, ECCLES, K. 1981. *The self and its brain*. Berlin: Springer.

RAPOPORT, A. 1969. *House form and culture*. London: Prentice Hall.

RIEDL, R.1984. *Biology of knowledge. The evolutionary basis of reason*. Chichester: John Wiley.

In die PhD-verhandeling van R.C. Fisher word die paradigmatische benadering tot die onderrig van argitektuurgeskiedenis aanbeveel. Dit is afgelei van 'n begrip van Kuhn se paradigma en die gevolglike stratifisering van Westerse chronologie in paradigmatische episodes. 'n Paradigma word gedefinieer as:

'n gedeelde tydgebonde intellektuele model wat die gewone werksaamhede van die gemeenskap rig en beperk, maar ook aanpasbaar is en dus na tye van verskuiwing of omwenteling kan verander.

Daar word voorgestel dat die hiërgargiese interpretasie van die artefak – pre-ikonografies, ikonografies en ikonologies – die 'wêreld' van die fisiese (Wêreld 1) en die objektiewe (Wêreld 3) toeganklik maak vir die student, wat daardeur die kulturele verlede herskep. Dit stel die student in staat om sy kritiese en kreatiewe vermoëns (Wêreld 2) te ontwikkel. Die benadering word beskou as toepaslik vir die aanbieding van Geskiedenis binne die argitektuurkurrikulum. 'n Paradigmatiese benadering beteken die identifisering van krisisvoorvalle, die uitkenning en interpretasie van unieke artefakte en die sinergering van begrip tot die verteenwoordigende paradigma, wat 'n konteks vir die kritiese evaluering van verdere artefakte bied.

Die verklarende hiërargie

Die Deen Christian Thomson (1788 – 1865) het 'n versameling artefakte wat aan hom toevertrou is, volgens die materiale wat gebruik is gerangskik, eerder as volgens hul gebruik of funksie (Boorstin, 1983). Hierdie rangskikking het tot 'n begrip van die argeologiese stratifikasie van kulturele ewolusie gelei. Alhoewel die stratifikasie van fossielbevattende materiaal die plek van die organisme in die ewolusionêre ketting aandui, is die kulturele stratifikasie van artefakte aanduidend van hul kulturele status.

Die tipe en styl van die artefak moet vasgestel word en aan 'n sekere plek en tyd toegeken word. Panofsky (1967) het 'n kognitiewe hiërargie van interpretasie verskaf om kunswerke as artefakte te ondersoek. Binne die verklarende hiërargie word elke handeling van interpretasie aan 'n spesifieke aspek van die artefak gerig en word daarom toeganklik deur sy eie analisestelsel. Alhoewel die toepassing van hierdie verklarende hiërargie spesifiek van die interpretasie van Renaissance kuns afgelei is, kan dit tot die volle spektrum van artefakte deur alle vakgebiede verbreed word. Die geskiedskrywer van argitektuur moet ook artefakte onder sy spesifieke sorg, soos geboue, planne en elemente, deur middel van ikonologie interpreteer.

Popper en Eccles (1981) se model vir die interafhanklikheid van die verstand en artefakte is belangrik wanneer die hiërargie van vereiste kundigheid die ondersoek na die verstand van die interpreteerder lei. Hulle stel 'n Drie Wêreld model voor: Die Eerste Wêreld is die wêreld van 'natuurlike' objekte en is kumulatief omdat artefakte ook deel word van die Eerste Wêreld. Dit is die wêreld van alles wat 'is', selfs die produkte van die natuurlike of biologiese mens. Dit is die wêreld van meemdraers volgens Dawkins (1967) se konsep van 'n 'meem' as die kleinste oordraagbare kulturele skema. Voorwerpe van pre-ikonografiese analise, naamlik die verduidelikende interpretasie van natuurlike materiaal en artefakte, word hier gevind.

As Riedl (1984) se hiërargie gebruik word, word daar op die natuurwetenskappe, soos fisika, chemie en biologie, staatgemaak om die materiaal wat deur argeoloë, paleo-antropoloë, antropoloë en soortgelyke dissiplines ontdek is, te analiseer en te kategoriseer.

Die Derde Wêreld is die objektiewe ryk van abstrakte idees, die wêreld wat teweeggebring word deur die kulturele aktiwiteit van die mens. Dit is die produk van die kulturele laag in Riedl se hiërargie en is uitsluitlik die gebied van die mens. Dit is ook kumulatief, omdat kultuur in 'n dinamiese toestand van verandering en groei verkeer. Hierdie ryk het betrekking op ikonografiese interpretasie, want dit vereis die oordeel van abstrakte idees, wat bewaar word in byvoorbeeld geskifte, ideogramme, allegoriese verteenwoordiging en kunsvoorwerpe. Die kundigheid wat op hierdie ryk sy toepassing vind is die dissiplines van geesteswetenskappe, soos sielkunde, sosiologie en kulturele wetenskap, soos deur Riedl se hiërargie getoon word.

Die Tweede Wêreld is die innerlike ryk van die verstand en geestelike wese en is die gebied van die individu. Dit word direk verbind met die lewe, ondervinding en bestaan van die individu. Die geskiedskrywer, as individu, bring sy persoonlike kundigheid, wat afgelei is van sy ondervinding, tot die interpretasie van artefakte en lei betekenis daarvan af. Die doel van ikonologiese interpretasie is spekulatief en fokus op die simboliese inhoud waarna toegang verkry is deur 'n familiariteit en empatie met die aard van die menslike verstand wat die artefak vervaardig het. Die Tweede Wêreld kan gesien word as die wêreld van memetiese enkodering. Ikonologiese studie is uiteindelik 'n kreatiewe daad. Die verhouding van die kreatiewe verstand met sy kultuur moet ondersoek word.

Neumann (1974) noem twee belangrike verwantskappe, naamlik die verwantskap van die kreatiewe individu met sy tyd en die geskiedskrywer s'n in die bepaling van die waarde van daardie verwantskap. Die geskiedskrywer se verstand (Wêreld 2) neem die artefak (Wêreld 1) in beslag en deur 'n identifikasieproses (Wêreld 2) onderskei hy die ikonografie (Wêreld 3) van die artefak (Wêreld 1). Betekenis word deur interpretasie afgelei (Wêreld 2) om van bekende materiaal (Wêreld 1) 'n ikonologie (Wêreld 3) te vervaardig, wat 'n bykomstige artefak word, indien dit aangeteken word.

Onderrig deur paradigmas

Kuhn (1970) het die term paradigma aangewend tot die intellektuele milieu waarin idees lewensvatbaarheid het. Die volgende is 'n opsomming deur Fisher (1989) van die sin van die term paradigma:

1. 'n Paradigma is implisiet en gedeel en rig die gemeenskaplike strewe van 'n gemeenskap in sy ontmoeting met die fenomenologiese wêreld op 'n spesifieke tydstip.
2. 'n Paradigma is 'n eienskap van die mens se abstrakte wêreld. Die voorskrifte daarvan is ongefomuleer en onuitgesproke maar rig die intellektuele modellering van die gemeenskap. Dit bestaan verby die metavlak van kennis en kan daarom nie deur die gemeenskap geartikuleer word nie. Dit is 'n eidelose regressiewe skema wat nie willekeurig bepaal kan word nie.
3. Die paradigma as 'n gedeelde intellektuele model; rig en beperk die normale aktiwiteite van die gemeenskap. Dit is belangrik dat dit in 'n dinamiese ewewigstoestand verkeer, sodat die paradigma by die veranderde omstandighede van die gemeenskap kan aanpas.
4. Die paradigma sal uitgesluit wees van sekere ongedeelde skemas. As genoeg van hierdie skemas gedeel word, sal 'n krisistydperk heers.
5. 'n Paradigma verander na 'n krisistydperk en gee aanleiding tot 'n nuwe paradigma, wat gedeeltelik of geheel insluitend is van die vorige paradigma.

Westerse kulturele geskiedenis kan voorgestel word as 'n reeks paradigmatische episodes. Fisher (1992) het twee paradigmas (die eerste en die laaste) gelas by dié wat deur Rapoport (1969) geïdentifiseer is:

Die eerste paradigma word die **simpatieke paradigma** genoem en is analoog tot die harmonieuse resonansie van vibrasies in naaste liggame van simpatiese frekwensie. Dit is die animistiese wêreld waar bemiddeling deur shamaans plaasvind, wat met die geeste kommunikeer, wat die goeie kalmeer en die slegte afweer. Die metafore is van bome en woude en die mites is van Eden. In die kulturele ewolusie is dit die paradigma van beide die prehistoriese en primitiewe mens.

Die tweede paradigma word die **kosmiese paradigma** genoem, na Rapoport (1969) se "geloofs en kosmologiese" houding. Die hemele word hier gesien as wêrelde vanmekaar verwyderd en die hemelliggame as gode. Dit is die paradigma van antieke beskawings, vroeë Egipte en die Vrugbare Halfmaan.


Die derde paradigma word die **simbiotiese paradigma** genoem (Rapoport, 1969). Hier is die mens en die natuur in 'n toestand van ewewig en die mens sien homself as verantwoordelik tot God vir die natuur en die aarde en as rentmeester en bewaarder van die natuur. Dit is die paradigma van enige monotheïstiese teokrasie, spesifiek dié van Europa in die Middeleeue.

Die vierde paradigma is die **meganistiese paradigma** en word deur Rapoport (1969) uitbuitend genoem. Die mens voltooi en verander die natuur, dan skep hy dit en uiteindelik vernietig hy die omgewing. Dit is die paradigma van die moderne mens en sy metafore word afgelei van die werking en funksie van masjiene. Die werking van die natuur kan rasioneel verstaan en verander word deur rede. Dit is die paradigma wat vandag nog heers.

Die vyfde paradigma is die opkomende een en word beskryf as **die ekosistemiese paradigma**. Die konsep van stelsels is sentraal tot hierdie paradigma.

WORLD 1	WORLD 2	WORLD 3
Physical objects and states	States of consciousness	Knowledge in objective sense
1. Inorganic Matter and energy of cosmos	Subjective knowledge	Cultural heritage coded on material substrates
2. Biology Structure and actions of all living beings human brains	Experience of perception thinking	philosophical theological scientific
3. Artefacts Material substrates of human creativity tools machines books artworks music	emotions dispositional intentions memories dreams creative imagination	historical literary artistic technological Theoretical systems scientific problems critical argument

Popper se Drie Wêreld model (Popper & Eccles, 1981, p.359)



Die gestratifiseerde struktuur van die werklike wêreld (na Riedl, 1984, p.182)

EKSAMENVRAE OMG 224

Opgestel deur Yolanda van der Vyver Augustus 2001

1. Waarom is dit belangrik om 'n studie van die proto-mens te maak?
2. Verduidelik die verskil tussen die *Australopithecus africanus* en *A. robustus* ten opsigte van die Kain en Abel analoog.
3. Verduidelik kortliks die rol van die wapen as artefak in die ontwikkeling van die proto-mens.
4. Hoe beïnvloed die geografie en geologie van Suid-Afrika tradisioneel die verspreiding van boerdery / mense?
5. Boerderymetodes in die geskiedenis van Suid-Afrika word met sekere spesifieke groepe of tydperke geassosieer. Noem hulle kortliks.
6. Verduidelik die verskil tussen die terme Boesman, Hottentot, Khoikhoi en San en sê hoe hul boerderymetodes verskil het en hoekom.
7. Verduidelik die doel en proses van die transdansk.
8. Verduidelik die oorsprong van San-Boesman kuns na aanleiding van D. Lewis-Williams.
9. Wat is die verskil tussen filetiese en kousale geheue. Verduidelik kortliks die terme.
10. Noem die hulpmiddels tot die beskikking van die geskiedskrywer. Watter van hierdie hulpmiddels is gebruik om die geskiedenis van die proto-mens, Steentydperk en Ystertydperk vas te lê?
11. Hoe het interne kritiek Europese wanopvattinge ten opsigte van die Steentydperk en Ystertydperk in suidelike Afrika aan die lig gebring?
12. Watter bewyse is daar van kulturele osmose tussen die Xhosa en Khoikhoi?
13. Watter paradigma word deur die Steentydperk verteenwoordig en sê hoekom?
14. Hoe vind inductief-deduktiewe beredenering en hipoteties-deduktiewe beredenering onderskeidelik in die Steentydperk gemeenskappe in suidelike Afrika plaas?
15. Gee redes vir die einde van die Ystertydperk.
16. Hoe het industrialisasie en die meganistiese paradigma die mense van die Ystertydperk beïnvloed.
17. Verduidelik kortliks die stelsel van Portugese *prazeros*. Hoekom kan ons dit nie beskou as voorloper van kolonialisme nie?
18. Kan u bewyse lewer dat die Zimbabwe ruïnes nie deur die Koningin van Sakeba gebou is nie? Waarom vind ons nie meer ruïnes van stede soos Zimbabwe nie?
19. Watter paradigma word rofweg deur die Ystertydperk verteenwoordig? Verduidelik hoekom.
20. Hoekom is Mapungubwe gebou en bewoon? Wat is Kilwa?
21. Noem die vier verskillende administrasies waaronder Thibault aan die Kaap gedien het en verskaf ook datums en gebeure wat daartoe aanleiding gegee het.
22. Wat sou moontlik die gevolg gewees het as die Kaap onder die Bataafse Regering gebly het en nie weer deur Brittanje beset is nie. Hoekom het Brittanje dit weer beset?
23. Verduidelik kortliks die eerste volksboukuns van Suid-Afrika volgens Greig.
24. Gee 'n paar redes vir die Groot Trek.
25. Verduidelik kulturele osmose tussen die Kaapse bevolking en die Engelse ten opsigte van argitektuur.
26. Hoe het industrialisasie in Europa die Kaapse bevolking en argitektuur beïnvloed?
27. Wat was die gevolge van die ontdekking van minerale vir die inheemse bevolking van Suid-Afrika, asook vir die Afrikaners na die Groot Trek?
28. Verduidelik die verskil tussen Johannesburg en Pretoria ten opsigte van die gevoel vir land tydens die moderne beweging.
29. Verduidelik die derde volksboukuns volgens UP.
30. Hoe is die Voortrekkers verteenwoordigend van die simbiotiese paradigma?
31. Hoe is die Voortrekkermonument verteenwoordigend van die kosmiese paradigma?